# DIE IDENTIFISERING VAN ADOLESSENTE WAT GROEPDRUK MOEILIK HANTEER

deur

**JACOB ANDRIES CORNELIS FOURIE**

voorgelê luidens die vereistes
vir die graad

**DOCTOR EDUCATIONIS**

in die vak

**SIELKUNDIGE OPVOEDKUNDE**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**PROMOTOR: PROF G BESTER**

**JANUARIE 2001**

Studentenommer: 377-033-8

Ek verklaar hiermee dat **DIE IDENTIFISERING VAN ADOLESSENTE WAT GROEPDRUK MOEILIK HANTEER** my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

| | |
|---|---|
| ........................................ | 26-01-01 |
| **HANDTEKENING** | ........................................ |
| **(J A C FOURIE)** | **DATUM** |

# DANKBETUIGING

Graag spreek ek my opregte dank teenoor die volgende persone uit vir hul aandeel in die daarstelling van hierdie proefskrif:

- Prof Garfield Bester vir sy besielende leiding, geduld en gewaardeerde steungewing.
- Rita Kempenaars en Tia du Toit vir die tik van die proefskrif.
- Anita Engelbrecht wat die taalversorging behartig het.
- My vader vir sy ondersteuning en aanmoediging.
- My kinders, Etienne en Izandi, wat my teenwoordigheid en betrokkenheid dikwels moes ontbeer.
- My vrou, Hannelié, vir haar hulp, begrip, morele ondersteuning, aanmoediging, liefdevolle bystand en al die opofferinge wat sy moes maak ter wille van die voltooiing van die proefskrif.
- SOLI DEO GLORIA.

**JAC FOURIE**

Krugersdorp

Januarie 2001

OPGEDRA AAN HANNELIÉ, ETIENNE EN IZANDI

*Julle is die boë waaruit julle kinders soos*
*lewende pyle geskiet word.*
*Die boogskutter sien die doelwit op die pad*
*van die oneindigheid, en Hy buig julle*
*met Sy mag sodat Sy pyle vinnig*
*en ver mag trek.*
*Laat julle tot blydskap in die hand*
*van die Boogskutter gebuig word;*
*Want, net soos Hy die pyl in vlug*
*liefhet, so het Hy ook die boog lief*
*wat bestendig is.*

*- Kahlil Gibran -*

# DIE IDENTIFISERING VAN ADOLESSENTE WAT GROEPDRUK MOEILIK HANTEER

| | | |
|---|---|---|
| DEUR | : | J A C Fourie |
| GRAAD | : | Doctor Educationis |
| VAK | : | Sielkundige Opvoedkunde |
| UNIVERSITEIT | : | Universiteit van Suid-Afrika |
| PROMOTOR | : | Professor G Bester |

## OPSOMMING

Die doel van opvoeding is om die kind tot volwassenheid te lei. 'n Volwasse persoon is iemand wat homself ken, 'n inherente sin vir waardes navolg, sedelik selfstandige besluite kan neem en verantwoordelikheid kan aanvaar. Groepdruk belemmer die verwerwing van bogenoemde eienskappe by die adolessent en bemoeilik gevolglik sy opvoeding. Daarom stel opvoedkundiges toenemend meer in groepdruk as fenomeen belang.

Die doel van die ondersoek was om 'n meetinstrument te ontwikkel waarmee adolessente geïdentifiseer kan word wat groepdruk moeilik hanteer. Daarbenewens was dit ook die doel om die belangrikste veranderlikes wat verband hou met groepdruk te identifiseer.

'n Literatuurstudie is onderneem met die doel om die fenomeen groepdruk te analiseer, ondersoek in te stel na die meetbaarheid van groepdruk en vas te stel watter faktore met groepdruk verband hou.

'n Meetinstrument is ontwikkel met die doel om groepdruk te meet (betroubaarheidskoëffisiënt : 0,86).

'n Empiriese ondersoek is uitgevoer waarby 452 hoërskool adolessente (234 seuns en 228 dogters) betrek is. Benewens groepdruk is verskeie veranderlikes soos verhouding met ouers, verhouding met maats, selfbeeld, waardes, intelligensie en persoonlikheid ook gemeet. Biografiese gegewens soos geslag, ouderdom, demerietes, buitemuurse aktiwiteite en posisie in gesin is ingesluit.

Uit die empiriese ondersoek blyk dit dat :

- groepdruk 'n afname toon en verander vanaf graad 8 na graad 12;
- selfbeeld, ouderdom, populariteit en verhouding met maats as die vernaamste veranderlikes wat met groepdruk verband hou, beskou kan word.

Die implikasies van die bevindinge in die literatuurstudie en in die empiriese ondersoek is bespreek met die doel om ouers en onderwysers met riglyne te voorsien wat hulle kan aanwend om adolessente minder kwesbaar vir groepdruk te maak.

SLEUTELTERME

Adolessente

Adolessensie

Verhoudings

Sosiale gedrag

Sosiale aanvaarding

Sosiale druk

Populariteit

Selfbeeld

Konformiteit

Portuurgroepe

Portuurgroepdruk

Groepdruk

Portuurgroep status

Portuurgroep interaksie

Portuurgroep verhoudings

Portuurgroep aanvaarding

Portuurgroep verwerping

# THE IDENTIFICATION OF ADOLESCENTS WHO HAVE DIFFICULTY IN DEALING WITH GROUP PRESSURE



| | | |
|---|---|---|
| **BY** | **:** | **J A C Fourie** |
| **DEGREE** | **:** | **Doctor Educationis** |
| **SUBJECT** | **:** | **Psychology of Education** |
| **UNIVERSITY** | **:** | **University of South Africa** |
| **PROMOTER** | **:** | **Professor G Bester** |



**SUMMARY**


The aim of education is to guide the child towards adulthood. An adult is expected to know himself, follow an inherent sense of values, make moral decisions independently and accept responsibility. Group pressure hampers the attainment of the above characteristics during adolescence and therefore makes education problematic. For this reason educationists are taking a growing interest in group pressure as a phenomenon.

The aim of this study was to develop a measuring instrument to identify adolescents who find it difficult to deal with group pressure. In addition it was also the aim to determine the most important variables which relate to group pressure.

A literature study was undertaken in order to analyse group pressure as a phenomenon, to analyse the measurability of group pressure and to determine which factors relate to group pressure.

An instrument was developed to measure group pressure (reliability coefficient: 0,86).

An empirical investigation was carried out involving 452 high school adolescents (234 boys and 228 girls). In addition to group pressure, several variables were measured such as the individual's relationship with parents and friends, his self-concept, values, intelligence and personality. Biographical information such as gender, age, number of demerits, extra mural activities and birth order was collated.

From the empirical investigation it seems that

- group pressure shows a decline from Grade 8 to 12;
- self concept, age, popularity and relationship with friends can be considered the most important variables relating to group pressure.

The implications of the findings in the literature study and empirical investigation were discussed with the aim to provide parents and teachers with guidelines which they can apply to make adolescents less vulnerable to group pressure.

KEY TERMS

Adolescents

Adolescence

Relationships

Social behaviour/behavior

Social acceptance

Social pressure

Popularity

Self-esteem

Conformity

Peer groups

Peer rejection

Peer pressure

Peer status

Peer interaction

Peer relations

Peer acceptance

# HOOFSTUK 1

# PROBLEEMSTELLING EN NAVORSINGSVERLOOP


1.1 BEWUSWORDING VAN DIE PROBLEEM .......... 1

1.2 FORMELE PROBLEEMSTELLING .......... 7

1.3 DOEL VAN DIE ONDERSOEK .......... 8

1.4 DIE NAVORSINGSPROGRAM .......... 8

# HOOFSTUK 2

# GROEPDRUK AS FENOMEEN


2.1 INLEIDING .......... 10

2.2 DIE PORTUURGROEP .......... 11

2.2.1 OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP "PORTUURGROEP" .......... 11
2.2.2 DIE VORMING VAN PORTUURGROEPE .......... 12
2.2.3 PORTUURGROEPLIDMAATSKAP TYDENS ADOLESSENSIE .......... 13
2.2.4 DIE INVLOED VAN DIE PORTUURGROEP .......... 15

2.3 FAKTORE WAT PORTUURGROEPVORMING BEÏNVLOED .......... 16

2.3.1 OUERS .......... 16

2.3.1.1 Intimiteit en individualisering .......... 17
2.3.1.2 Die afwesige ouer .......... 18
2.3.1.3 Die ontwikkelingsbehoeftes van die kinders en ouerhoudings .......... 18
2.3.1.4 Ouer-kindverhoudings in vergelyking met portuurgroepverhoudings .......... 19
2.3.1.5 Ouers se invloed op hul kinders se vriendskappe .......... 19
2.3.1.6 Ouers se affiliasie met kinders .......... 19
2.3.1.7 Die invloed van ouers se sosio-ekonomiese status .......... 20

2.3.1.8 Ouerlike permisiwiteit .......... 21
2.3.1.9 Ouerlike vertroue .......... 21
2.3.1.10 Ouers en portuurgroepwaardes .......... 22

2.3.2 GESLAG .......... 22
2.3.3 SKOOL .......... 23

2.3.3.1 Klasindeling .......... 23
2.3.3.2 Skolastiese probleme .......... 24
2.3.3.3 Prestasiemotivering .......... 26

2.3.4 SOSIALE AANVAARDING .......... 26
2.3.4.1 Portuurgroepaanvaarding en sosiale status .......... 27
2.3.4.2 Sosiale isolering en verwerping .......... 32
2.3.4.3 Vriendskappe .......... 34
2.3.4.4 Fisieke voorkoms .......... 36
2.3.4.5 Die invloed van selfbeeld op sosiale aanvaarding .......... 38

2.3.5 ETNISITEIT EN DIE INVLOED DAARVAN OP PORTUURGROEPVERHOUDINGE .......... 39

2.4 PORTUURGROEPDRUK .......... 42

2.4.1 DIE OORSAKE VAN GROEPDRUK .......... 42
2.4.2 BELEWING VAN GROEPDRUK .......... 44
2.4.3 PORTUURGROEPDRUK EN KONFORMITEIT .......... 45

2.4.3.1 Vlakke van konformiteit .......... 45
2.4.3.2 Faktore wat konformiteit beïnvloed .......... 46

2.4.3.3 Die adolessent se strewe na konformiteit weens portuurgroepdruk........ 47

2.4.4 DIE INVLOED VAN PORTUURGROEPDRUK OP VRIENDE WAT DELINKWENTE GEDRAG OPENBAAR........ 49

2.4.4.1 Portuurgroepdruk en risiko's........ 50
2.4.4.2 Portuurgroepdruk en die rookgewoonte........ 51
2.4.4.3 Die verband tussen portuurgroepdruk en die gebruik van drank en verdowingsmiddels by adolessente........ 53

2.5 SAMEVATTING........ 56

# HOOFSTUK 3

# ONTWIKKELINGSASPEKTE TYDENS ADOLESSENSIE


3.1 INLEIDING .......... 58

3.2 BEGRIPSVERKLARING .......... 59

3.2.1 ADOLESSENSIE .......... 59
3.2.2 PUBERTEIT .......... 61
3.2.3 JEUGDIGE .......... 61
3.2.4 VOLWASSENHEID .......... 62

3.3 ONTWIKKELINGSASPEKTE TYDENS ADOLESSENSIE .......... 62

3.3.1 INLEIDING .......... 62
3.3.2 FISIEKE ONTWIKKELING .......... 65

3.3.2.1 Fisieke veranderinge .......... 65
(a) *Fisieke veranderinge - seuns* .......... 66
(b) *Fisieke veranderinge - dogters* .......... 66
(c) *Implikasies van fisieke veranderinge by seuns* .......... 67
(d) *Implikasies van fisieke veranderinge by dogters* .......... 67
(e) *Gevolgtrekking* .......... 67

3.3.2.2 Die vroeë rypwordingsproses by adolessente dogters .......... 69
3.3.2.3 Die vroeë rypwordingsproses by adolessente seuns .......... 71
3.3.2.4 Die invloed van fisieke ontwikkeling op groepdruk tydens adolessensie .......... 72

3.3.3 KOGNITIEWE ONTWIKKELING .......... 73

3.3.3.1 Piaget se siening .......... 73
3.3.3.2 Die formeel operasionele stadium .......... 75
3.3.3.3 Die implikasies van kognitiewe ontwikkeling vir groepdruk .......... 75

3.3.4 PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING .......... 76

3.3.4.1 Albert Bandura (1925 - )- Die Behavioristiese teorie .......... 79
3.3.4.2 Erik H Erikson (1902 - )- Psigo-analitiese benadering .......... 80
3.3.4.3 George Kelly (1905 - 1967) - Kognitiewe perspektief .......... 88
3.3.4.4 Abraham Maslow (1908 - 1970) - Humanistiese perspektief .......... 90

3.3.5 EMOSIONELE ONTWIKKELING .......... 94

3.3.5.1 Algemene emosionele patrone by adolessensie en die implikasies wat dit vir groepdruk inhou .......... 95

(a) *Angs en vrees* .......... 95
(b) *Depressie* .......... 97
(c) *Woede* .......... 98
(d) *Irritasies* .......... 99
(e) *Frustrasies* .......... 99
(f) *Bekommernis* .......... 99
(g) *Jaloesie* .......... 99
(h) *Affeksie* .......... 100
(i) *Droefheid* .......... 100
(j) *Geluk* .......... 101

3.3.6 SOSIALE ONTWIKKELING ........ 102

3.3.6.1 Faktore wat sosiale aanvaarding beïnvloed ........ 104
3.3.6.2 Ouer-kindverhouding gedurende adolessensie ........ 107
(a) *Adolessent-vaderverhouding* ........ 110
(b) *Adolessent-moederverhouding* ........ 112

3.3.6.3 Die adolessente en romantiese verhoudings ........ 113
3.3.6.4 Die adolessent-portuurgroepverhouding ........ 115
3.3.6.5 Die implikasies van die adolessent-portuurgroepverhouding op groepdruk ........ 119

3.3.7 MORELE ONTWIKKELING ........ 120

3.3.7.1 Die begrip moraliteit ........ 120
3.3.7.2 Ontwikkeling van morele denke ........ 121
(a) *Vóór adolessensie* ........ 121
(b) *Tydens adolessensie* ........ 122
(c) *Benaderings tot morele ontwikkeling* ........ 123

3.3.7.3 Die implikasies van morele ontwikkeling vir groepdruk ........ 125

3.3.8 RELIGIEUSE ONTWIKKELING ........ 128

3.3.8.1 Variasies in die adolessent se behoefte vir godsdiens ........ 128
3.3.8.2 Stadiums van geloofsontwikkeling ........ 130
3.3.8.3 Geloofskrisis tydens adolessensie ........ 131
3.3.8.4 Implikasies van die adolessent se religieuse ontwikkeling vir groepdruk ........ 133
3.4 SAMEVATTING ........ 134

# HOOFSTUK 4

# DIE METODE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK


4.1 INLEIDING.......... 136

4.2 AANNAMES UIT DIE LITERATUURSTUDIE.......... 136

4.2.1 Daar is belangrike veranderlikes wat met groepdruk verband hou wat tydens die identifisering van sodanige adolessente in gedagte gehou moet word.......... 137

4.2.2 Daar bestaan veranderlikes wat sterker met groepdruk verband hou as ander.......... 138

4.2.3 Daar is 'n ontwikkelingstendens met betrekking tot groepdruk in die sekondêre skool teenwoordig.......... 139

4.2.4 'n Vraelys kan ontwikkel word om adolessente vroegtydig te identifiseer wat onder groepdruk verkeer.......... 139

4.3 HIPOTESES.......... 139

4.3.1 HIPOTESE 1 - Verskil in groepdruk tussen seuns en dogters.......... 140

4.3.2 HIPOTESE 2 - Verskil in groepdruk tussen verskillende ouderdomme.......... 140

4.3.3 HIPOTESE 3 - Verband tussen groepdruk en akademiese prestasie.......... 141

4.3.4 HIPOTESE 4 - Verband tussen aantal kinders in 'n gesin en groepdruk ........ 141
4.3.5 HIPOTESE 5 - Verskil tussen posisie in die gesin en groepdruk ........ 142
4.3.6 HIPOTESE 6 - Verskil in groepdruk van kinders in verskillende gesinsituasies ........ 142
4.3.7 HIPOTESE 7 - Verskil in groepdruk van kinders wat aan buitemuurse aktiwiteite deelneem ........ 143
4.3.8 HIPOTESE 8 - Verskil tussen groepdruk en heteroseksuele verhoudings ........ 143
4.3.9 HIPOTESE 9 - Verskil tussen groepdruk en demerietes ........ 143
4.3.10 HIPOTESE 10 - Verband tussen groepdruk en ouerkindverhouding ........ 144
4.3.11 HIPOTESE 11 - Verband tussen groepdruk en selfbeeld ........ 145
4.3.12 HIPOTESE 12 - Verband tussen groepdruk en waardes ........ 145
4.3.13 HIPOTESE 13 - Verskil tussen persoonlikheidseienskappe van adolessente wat hoë en lae groepdruk ervaar ........ 146
4.3.14 HIPOTESE 14 - Verband tussen groepdruk en verhouding met maats ........ 147
4.3.15 HIPOTESE 15 - Die proporsie van die variansie wat groepdruk beïnvloed ........ 147

4.4 NAVORSINGSONTWERP ........ 147

4.4.1 STEEKPROEF ........ 148
4.4.2 MEETINSTRUMENTE ........ 150

4.4.2.1 Inleiding ........ 150
4.4.2.2 Die ontwikkeling van items vir die vraelys wat groepdruk meet ........ 151

*4.4.2.2.1 Groepdruk* ........ 151
*4.4.2.2.2 Selfkonsep* ........ 152
*4.4.2.2.3 Relasie met maats / ander mense* ........ 154
*4.4.2.2.4 Die ouer-kindverhouding* ........ 156

*Afdeling (a) Gesagsverhouding* ........ 156
*Afdeling (b) Kenverhouding* ........ 157
*Afdeling (c) Vertrouensverhouding* ........ 158

4.4.2.3 Die meting van veranderlikes ........ 160

*4.4.2.3.1 Die Hoërskool Persoonlikheidsvraelys* ........ 160
*4.4.2.3.2 Intelligensie* ........ 160
*4.4.2.3.3 Prestasie* ........ 161
*4.4.2.3.4 Waardes met betrekking tot moraliteit* ........ 161

4.4.2.4 Opsomming van die veranderlikes wat gemeet is ........ 161
4.4.2.5 Die struktuur van die die vraelyste ........ 162
4.4.2.6 Skaal tot die vraelyste ........ 163

4.4.3 PROSEDURE WAT TYDENS DIE EMPIRIESE ONDERSOEK GEVOLG IS ........ 164

# HOOFSTUK 5

# RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK


| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | INLEIDING | 166 |
| 5.2 | ITEM-ANALISE | 167 |
| 5.3 | GELDIGHEID VAN VRAELYSTE | 173 |
| 5.3.1 | GROEPDRUKVRAELYS | 174 |
| 5.3.2 | SELFKONSEPVRAELYS | 175 |
| 5.3.3 | RELASIE-MET-MAATS-VRAELYS | 175 |
| 5.3.4 | OUER-KINDVERHOUDING VRAELYS | 175 |
| 5.3.4.1 | Gesagsverhouding | 176 |
| 5.3.4.2 | Vertrouensverhouding | 176 |
| 5.3.4.3 | Kenverhouding | 177 |
| 5.4 | BETROUBAARHEID VAN DIE ONDERSKEIE VRAELYSTE | 177 |
| 5.5 | BEPALING VAN NORME VIR DIE ONDERSKEIE VRAELYSTE | 179 |
| 5.6 | TOETSING VAN HIPOTESES | 183 |
| 5.6.1 | HIPOTESE 1 | 183 |
| 5.6.2 | HIPOTESE 2 | 184 |
| 5.6.3 | HIPOTESE 3 | 187 |
| 5.6.4 | HIPOTESE 4 | 189 |
| 5.6.5 | HIPOTESE 5 | 189 |

5.6.6 HIPOTESE 6 .......... 190
5.6.7 HIPOTESE 7 .......... 193
5.6.8 HIPOTESE 8 .......... 196
5.6.9 HIPOTESE 9 .......... 197
5.6.10 HIPOTESE 10 .......... 198
5.6.11 HIPOTESE 11 .......... 200
5.6.12 HIPOTESE 12 .......... 201
5.6.13 HIPOTESE 13 .......... 203
5.6.14 HIPOTESE 14 .......... 207
5.6.15 HIPOTESE 15 .......... 208

5.7 SAMEVATTING VAN DIE RESULTATE .......... 210

# HOOFSTUK 6

# OPVOEDKUNDIGE IMPLIKASIES VAN DIE NAVORSING EN AANBEVELINGS


6.1 INLEIDING ........ 214

6.2 OPVOEDKUNDIGE IMPLIKASIES VAN DIE FAKTORE WAT VERANTWOORDELIK IS VIR DIE GROOTSTE PROPORSIE VAN DIE VARIANSIE IN GROEPDRUK ONDER ADOLESSENTE ........ 215

6.2.1 SELFBEELD ........ 215

6.2.2 OUDERDOM ........ 218

6.2.3 POPULARITEIT ........ 220

6.2.4 VERHOUDING MET MAATS ........ 221

6.2.5 DEURSETTINGSVERMOË EN SELFBEHEERSING ........ 223

6.2.6 GESLAG ........ 225

6.2.7 VERTROUENSVERHOUDING MET OUERS ........ 227

6.3 EVALUERING VAN DIE ONDERSOEK ........ 229

6.4 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING ........ 230

BIBLIOGRAFIE.......................................................................................... 232

AANHANGSEL A.......................................................................................... 253

PERSOONLIKE VRAELYS VIR HOËRSKOOLLEERLINGE

# LYS VAN TABELLE

Tabel 4.1 Getal proefpersone (geslag by graad)........................................ 149
Tabel 4.2 Ouderdom by graad........................................................................ 149
Tabel 4.3 Vraelyste....................................................................................... 162
Tabel 4.4 Itemnommers vir elke afdeling..................................................... 163
Tabel 5.1 Item-analise van die vraelys wat groepdruk meet........................... 167
Tabel 5.2 Item-analise van die selfkonsepvraelys........................................... 169
Tabel 5.3 Item-analise van die vraelys "relasie met maats"............................ 170
Tabel 5.4 Item-analise van die ouer-kindverhoudingvraelys (gesags-verhouding.............................................................................................. 171
Tabel 5.5 Item-analise van die ouer-kindverhoudingvraelys (kenverhouding).. 172
Tabel 5.6 Item-analise van die ouer-kindverhoudingvraelys (vertrouensver-houding)............................................................................................... 173
Tabel 5.7 Finale betroubaarheid...................................................................... 178
Tabel 5.8 Groepdruk: routellinggrense van staneges...................................... 179
Tabel 5.9 Selfkonsep: routellinggrense van staneges...................................... 179
Tabel 5.10 Relasie met maats: routellinggrense van staneges........................ 180
Tabel 5.11 Ouer-kindgesagsverhouding: routellinggrense van staneges.......... 180
Tabel 5.12 Ouer-kindkenverhouding: routellinggrense van staneges................ 181
Tabel 5.13 Ouer-kindvertrouensverhouding: routellinggrense van staneges..... 181
Tabel 5.14 Totale ouer-kindverhouding............................................................ 182
Tabel 5.15 Indeling van roupunte in kategorieë............................................... 182
Tabel 5.16 Gemiddelde groepdruk wat seuns en dogters ervaar....................... 183
Tabel 5.17 Groepdruk wat adolessente in verskillende grade ervaar................ 184
Tabel 5.18 t-Toets-analise van die veranderlike graad en groepdruk................ 185
Tabel 5.19 Verband tussen groepdruk en akademiese prestasie....................... 188
Tabel 5.20 Die verskil in groepdruk wat adolessente ervaar wat in verskillende posisies in die gesin is......................................................................... 190
Tabel 5.21 Groepdruk wat adolessente in verskillende gesinsituasies ervaar... 191

Tabel 5.22 t-Toets-analise van die veranderlikes groepdruk en verskillende gesinsituasies ........ 192
Tabel 523 Groepdruk wat adolessente ervaar wat aan buitemuurse aktiwiteite deelneem ........ 194
Tabel 5.24 Groepdruk wat adolessente ervaar en hul graad van buitemuurse betrokkenheid ........ 195
Tabel 5.25 Groepdruk van adolessente in verskillende heteroseksuele verhoudings ........ 196
Tabel 5.26 Groepdruk wat adolessente ervaar en verskillende kategorieë demerietes ........ 198
Tabel 5.27 Verband tussen groepdruk en ouer-kindverhouding ........ 199
Tabel 5.28 Verband tussen groepdruk en selfbeeld ........ 201
Tabel 5.29 Verband tussen groepdruk en waarde-oordele ........ 202
Tabel 5.30 Die HSPV vir adolessente wat hoë en lae groepdruk ervaar ........ 205
Tabel 5.31 Verband tussen groepdruk en maats ........ 207
Tabel 5.32 Proporsie van die variansie in groepdruk as veranderlike deur onafhanklike veranderlikes ........ 209

# HOOFSTUK 1

# PROBLEEMSTELLING EN NAVORSINGSVERLOOP

## 1.1 BEWUSWORDING VAN DIE PROBLEEM

Dit gebeur dikwels dat adolessente in groepverband oortredings begaan of wangedrag openbaar wat nie ooreenstem met hul optrede in een-tot-een situasies met volwassenes of maats nie. Baie adolessente besef dat hulle gedrag in 'n groep vreemd aan hulleself is, maar kan dit nogtans nie verhelp om aan groepdruk toe te gee nie.

Om groepdruk te voorkom, kan adolessente nie van groepe weerhou word nie. Die mens is 'n sosiale wese wat 'n behoefte aan interaksie met ander het. In stede daarvan dat die adolessent van groepe weerhou word, moet hy eerder gehelp word om moontlike druk wat uit sy* sosiale interaksie met ander kan ontstaan, korrek te hanteer. Nie alle adolessente het egter die vermoë om groepdruk korrek te hanteer nie. Dit maak opvoedingshulp noodsaaklik en dit is juis om dié rede dat groepdruk 'n belangrike opvoedingsaangeleentheid geword het.

Die doel van opvoeding is om die kind / adolessent tot volwassenheid te lei. Volgens Landman (1982:53) is 'n volwasse persoon iemand wat onder andere oor selfbeoordeling en selfbegrip beskik, 'n inherente sin vir waardes navolg, sedelik-selfstandige besluite kan neem en verantwoordelikhede kan aanvaar.

Indien 'n persoon in sy volwassewording die vermoë tot kritiese **selfbeoordeling** ontwikkel het, sal so 'n persoon homself ken en van sy moontlikhede en beperkinge bewus wees. Die werklik volwasse persoon is dus realisties oor homself en beskik oor 'n realistiese selfbeeld. Vir die persoon wat onder groepdruk verkeer, is dit nie altyd moontlik om 'n realistiese selfbeeld te vorm nie aangesien hy homself nie krities kan beoordeel nie. Hy laat dit aan die groep oor om dit te doen. Navorsing deur Bishop en Inderbitzen (1995:485) toon onder andere dat die adolessent wat onseker is oor

homself, makliker portuurgroepbeïnvloeding ervaar. Dié adolessent laat ook toe dat die portuurgroep besluite namens hom neem.

'n Tweede aspek wat Landman met volwassenheid in verband bring, is optrede volgens 'n inherente stel **waardes**. Die persoon wat onder groepdruk verkeer, beskik nie oor sodanige waardes nie en tree nie daarvolgens op nie. Die groep se waardes word sy eie waardes, hoe teenstrydig dit ook al met sy opvoeding is.

Benewens selfbeoordeling en 'n inherente waardesisteem, beskik die volwassene ook oor **sedelik-selfstandige besluitneming** en is hy in staat om **verantwoordelikhede** te aanvaar. Weereens is dit vir die adolessent wat onder groepdruk verkeer, moeilik om dié take te bemeester. In stede van sy eie besluite te neem, word die groep se besluite nagevolg. Sy afhanklikheid van groepaanvaarding verhoed 'n eie standpunt en verantwoordelike besluitneming.

Uit voorafgaande kan die afleiding gemaak word dat groepdruk volwassewording belemmer en sodoende opvoeding bemoeilik, aangesien opvoeding volwassenheid ten doel het. Dit is om hierdie rede dat opvoedkundiges toenemend meer van groepdruk as fenomeen bewus is en meer inligting hieroor verlang. Wat die beskikbare inligting betref is daar egter gebreke soos vervolgens uitgewys sal word.

Daar moet aanvaar word dat verskeie veranderlikes soos fisieke, kognitiewe, persoonlikheids-, emosionele en sosiale ontwikkeling, groepdruk beïnvloed. Verder kan aangeneem word dat daar 'n onderlinge verband tussen hierdie faktore bestaan en dat sekeres sterker met groepdruk verband hou as ander. In dié opsig is daar 'n gebrek aan navorsingsbevindinge aangesien die meeste ondersoeke nie al die veranderlikes gelyktydig betrek nie.

In Conger (1991:103) se navorsing is daar slegs gefokus op fisieke ontwikkeling as veranderlike. Daar is bevind dat aantreklike en/of vroeg volwasse adolessente, wisselende grade van gewildheid én groepdruk ervaar. Veranderlikes soos

persoonlikheid en emosionele ontwikkeling wat óók groepdruk kan beïnvloed, is nie in aanmerking geneem nie. Dieselfde geld vir die ondersoek van Rice (1992:206). In sý navorsing toon hy aan dat kognitiewe vermoë 'n belangrike identifiseringsfaktor vir groepdruk is. Veranderlikes soos sosiale en morele ontwikkeling wat groepdruk kan beïnvloed, is egter nie in aanmerking geneem nie. In nog 'n ondersoek toon Sadker en Sadker (1994:71) dat dogters in die sekondêre skoolstadium 'n aansienlike agteruitgang in hul selfbeeld beleef. Hulle bring selfbeeld as veranderlike in verband met sosiale ontwikkeling en toon aan dat adolessente wat oor 'n gebrekkige selfbeeld en sosiale vaardighede beskik, onder groepdruk kan verkeer aangesien hulle voortdurend vir aanvaarding deur die groep moet wedywer. Alhoewel Sadker en Sadker in hul navorsing erkenning gee aan die rol wat selfbeeld en sosiale ontwikkeling op groepdruk uitoefen, is hier egter steeds 'n behoefte aan 'n algemeen geïntegreerde benadering met betrekking tot die invloed wat ander veranderlikes, tesame met selfbeeld, op groepdruk uitoefen.

In Vaughn, McIntosh en Spencer-Rowe (1993:82) se navorsing is daar hoofsaaklik gefokus op leerlinge wat kognitief gerem is en gevolglik leerprobleme ervaar. Daar is bevind dat ongeveer 50% van die leerlinge wat leerprobleme ervaar óók geïdentifiseer kan word as leerlinge wat nie deur hul portuurgroep aanvaar word nie. Vaughn *et al* skryf hierdie gebrek aan aanvaarding deur die portuurgroep toe aan swak sosiale gedrag wat adolessente ongewild maak as vriende. In Vaughn se navorsing word veranderlikes soos fisieke groei en persoonlikheidsontwikkeling wat groepdruk kan beïnvloed, egter nie in ag geneem nie.

In nog 'n ondersoek het Dishion (1990:880) gefokus op die gedrag van seuns wat nie deur die portuurgroep aanvaar word nie wat terselfdertyd 'n swak verhouding met hul ouers het. Sy bevinding is dat die optrede van ouers indirek verbind kan word met die verwerping deur die portuurgroep. Dishion neem egter nie veranderlikes soos fisieke en kognitiewe ontwikkeling wat ook groepdruk beïnvloed in ag nie. In 'n verdere ondersoek fokus Feldman en Wentzel (1990:445) op die sosiale veranderlike en beweer dat die ouer- kindverhouding 'n beduidende voorspeller is van die sosiale impak

wat die portuurgroep op 'n kind uitoefen. Die afleiding word gemaak dat, waar daar gebrekkige gesinsbande bestaan, seuns in 'n groter mate op ondersteuning van hul portuurgroep sal staatmaak en selfs die risiko loop om te identifiseer met die negatiewe gedrag van die portuurgroep. Veranderlikes soos die invloed van kognitiewe en morele ontwikkeling op groepdruk word nie deur Feldman en Wentzel in ag geneem nie.

Eschel en Kurman (1990:717) het bevind dat adolessente met 'n lae etniese status meer geredelik deur die groep aanvaar word én onder minder groepdruk gebuk gaan indien hulle sosiale en akademiese vermoëns op 'n hoë peil is. Fisieke voorkoms en ouer kindverhouding is voorbeelde van veranderlikes wat in dié konteks invloed op groepdruk sou kon uitoefen, maar nie deur Eschel en Kurman in aanmerking geneem is nie.

Uit voorafgaande kan die afleiding gemaak word dat die meeste ondersoeke slegs enkele veranderlikes wat groepdruk beïnvloed in aanmerking neem. 'n Behoefte ontstaan dus aan 'n meer omvattende ondersoek sodat :

- onderlinge verbande tussen verskeie veranderlikes bepaal kan word, en
- die belangrikste veranderlikes bepaal kan word.

Benewens dié tekortkominge dat nie al die veranderlikes ondersoek word nie, bestaan daar nie eenstemmigheid oor die invloed van individuele veranderlikes ten opsigte van groepdruk nie.

Gresham (1986:23) en Axelrod (1982:144) se navorsing toon aan dat leerlinge met leerprobleme in 'n groter mate probleme rondom portuurgroepaanvaarding ervaar as leerlinge wat nie leerprobleme ervaar nie. Portuurgroepaanvaarding beïnvloed later groepdruk en kan daartoe lei dat leerlinge met leerprobleme in 'n groter mate deur die groep druk ervaar. McIntosh, Vaughn en Zaragoza (1991:451) en Vaughn (1991:83) het in húl navorsing die teendeel bevind. Leerlinge met leerprobleme word wél deur die groep aanvaar. In gevalle waar wederkerige vriendskapsbande bestaan dien dit as

teenvoeter vir portuurgroep-verwerping en ervaar hierdie leerlinge nie noodwendig groepdruk nie.

Alhoewel Morelock (1980:541) aandui dat daar nie 'n verskil in die groepdruk is wat seuns en dogters ervaar nie, toon Youniss en Smollar (1985:104) se navorsing besliste verskille. Omdat seuns in hul vriendskappe op die groter groep konsentreer (in teenstelling met dogters wat tevrede is met een, twee of drie maats) is portuurgroepaanvaarding by seuns belangriker en het dit groter groepdruk tot gevolg.

Evans en Eder (1993:139) het in hulle navorsing bevind dat vroeë-adolessente seuns geneig is om ander se gevoelens te minag, aggresief te wees en uitdagend teenoor skoolreëls en gesag te staan omdat daar van hulle weens groepdruk verwag word om hierdie gedrag te openbaar. Die implikasie is dat adolessente wat nie meedoen aan bogenoemde gedrag nie, deur die groep verwerp kan word. French (1988:981) het in teenstelling hiermee bevind dat baie seuns wat deur die portuurgroep verwerp word en onder groepdruk gebuk gaan, nie agressiewe neigings toon nie. French weerlê ook vroeëre bevindings dat verwerping en agressiewe gedrag die uitsluitlike gevolg is van groepdruk.

Rowlinson en Felner (1988:432) beklemtoon in hul navorsing dat vriendskappe beter gedrag én skoolprestasie tot gevolg het. Cause, *et al* (1982:417) het egter in een van hul ondersoeke bevind dat daar 'n negatiewe korrelasie tussen akademiese prestasie en vriendskappe bestaan. Dit blyk dus dat daar ook nie in hierdie geval eenstemmigheid by navorsers bestaan oor die invloed wat vriendskappe op akademiese prestasie uitoefen nie.

Die verskillende bevindings en opinies van navorsers met betrekking tot veranderlikes wat met groepdruk verband hou, beklemtoon die behoefte aan 'n meer omvattende ondersoek waarby die meeste van hierdie veranderlikes betrek is.

Om adolessente te identifiseer wat maklik beïnvloedbaar is deur groepdruk, is dit wenslik dat 'n objektiewe identifisering so vroegtydig moontlik gedoen word.

'n Geskikte meetinstrument wat die adolessent se kwesbaarheid vir portuurgroepdruk kan bepaal, sal in dié opsig van groot hulp wees. 'n Verskeidenheid vraelyste is bestudeer, maar geen geskikte meetinstrument om groepdruk te meet kon gevind word nie. Pearl *et al* (1970:37) het 'n vraelys saamgestel vir adolessente in sy navorsing oor die invloed van groepdruk op delinkwente gedrag. Dié vraelys het scenario's geskets waarop die proefpersone moes reageer. Veranderlikes soos kognitiewe vermoëns en morele beginsels wat groepdruk kan beïnvloed is in aanmerking geneem. Dié vraelys bepaal egter slegs hoe maklik adolessente oorreed kan word om betrokke te raak by delinkwente gedrag en identifiseer nie groepdruk oor die algemeen nie.

Die Pupil Evaluation Inventory (PET) lê slegs klem op leerlinge wat ontwrigtende gedrag openbaar en verwys geensins na groepdruk nie. So ook is Helmreich *et al* (1974:3) se "Texas Social Behavior Inventory" 'n vraelys wat die individu se selfkonsep met betrekking tot sy vlak van sosiale vermoëns toets. In hierdie geval word daar slegs op die sosiale sy van die individu gefokus en nie voldoende op groepdruk nie.

Omdat eensaamheid kan meebring dat adolessente meer geredelik kan toegee aan die groep se eise, is die "Social Satisfaction Questionnaire" (gewysig deur Asher *et al*, 1984) ook bestudeer. Dié vraelys is egter óók ontoereikend omdat daar nie pertinent na die moontlikheid van groepdruk verwys word nie.

Genoemde toetse en vraelyste is meestal in die VSA ontwikkel en is nie noodwendig versoenbaar met Suid-Afrikaanse omstandighede nie. Dit sou wetenskaplik ook nie korrek wees om instrumente wat in die buiteland ontwikkel is, sonder meer in die Suid-Afrikaanse konteks toe te pas nie. Die PHSF vraelys (Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele verhoudingsvraelys) is 'n plaaslike vraelys en is vir moontlike gebruik bestudeer . Hierdie vraelys bestaan uit komponente wat die persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudings van onder andere hoërskoolleerlinge toets. Dié betrokke vraelys beskik egter nie oor 'n komponent wat groepdruk meet nie.

Daar bestaan gevolglik 'n behoefte aan 'n meetinstrument waarmee adolessente wat moontlik groepdruk kan ervaar, geïdentifiseer kan word. Die behoefte bestaan ook om groepdruktellings te verkry wat met ander veranderlikes in verband gebring kan word. Op dié wyse kan empiriese gegewens oor groepdruk ingewin word. Die gebrek aan 'n meetinstrument van dié aard het daartoe gelei dat die adolessent wat onder groepdruk verkeer, nie altyd begryp word nie.

## 1.2 FORMELE PROBLEEMSTELLING

Uit die vorige onderafdeling het dit geblyk dat nie alle veranderlikes wat groepdruk beïnvloed altyd by empiriese ondersoeke in aanmerking geneem is nie. Verder bestaan daar onsekerheid oor die verband tussen sekere veranderlikes en groepdruk. Derdens is daar ook uitgewys dat instrumente wat groepdruk meet, sekere tekortkominge het. In die lig van bogenoemde kan die probleem van die ondersoek formeel soos volg gestel word :

1.2.1 Watter tipe meetinstrument kan gebruik word om adolessente wat onder groepdruk verkeer, vroegtydig en objektief te identifiseer?

1.2.2 Watter veranderlikes wat verband hou met groepdruk moet tydens die identifisering van sodanige adolessente in gedagte gehou word?

1.2.3 Watter veranderlikes wat groepdruk beïnvloed kan as die vernaamste beskou word?

1.2.4 Is daar 'n ontwikkelingstendens met betrekking tot groepdruk gedurende die sekondêre skoolstadium teenwoordig?

## 1.3 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van hierdie ondersoek is om adolessente wat groepdruk moeilik hanteer, te identifiseer. Die moontlike identifisering van sodanige adolessente deur middel van meting kan vir die onderwyser van groot hulp wees. Om egter so 'n meetinstrument te ontwikkel is dit belangrik dat daar duidelikheid oor die begrip groepdruk, sowel as die faktore wat dit beïnvloed, moet wees.

'n **Literatuurstudie** sal gevolglik onderneem word met die doel om:

- die fenomeen groepdruk te analiseer;
- ondersoek in te stel na die meetbaarheid van groepdruk, en
- vas te stel watter faktore met groepdruk verband hou.

'n **Empiriese ondersoek** sal uitgevoer word in 'n poging om:

- 'n meetinstrument te ontwikkel waarmee adolessente wat groepdruk moeilik hanteer, geïdentifiseer kan word;
- die verband tussen sekere faktore en groepdruk te ondersoek;
- vas te stel watter faktore wat met groepdruk verband hou, as die belangrikste beskou kan word en die identifisering van groepdruk kan vergemaklik, en
- vas te stel of groepdruk 'n ontwikkelingstendens tussen graad 8 en 12 toon.

## 1.4 DIE NAVORSINGSPROGRAM

Omdat daar onduidelikheid bestaan oor die term groepdruk, sal daar in Hoofstuk 2 'n

literatuurstudie onderneem word om groepdruk as fenomeen te ondersoek. Die term portuurgroep sal bespreek word, sowel as die vorming, lidmaatskap en mag van die portuurgroep. Omdat faktore soos ouers, geslag, skool, sosiale aanvaarding en etnisiteit moontlik portuurgroepvorming kan beïnvloed, word dit óók ondersoek. Portuurgroepdruk word geanaliseer met spesifieke verwysing na die oorsake en belewing daarvan asook die rol wat konformiteit daarin speel. Laastens word die verband tussen portuurgroepdruk en delinkwente gedrag ondersoek.

In Hoofstuk 3 word daar spesifiek gefokus op die ontwikkelingsaspekte van die adolessent. Ten einde eenduidige betekenis te verkry sal begrippe soos adolessensie, puberteit, jeugdigheid en volwassenheid kortliks beskryf word. Ontwikkelingsaspekte tydens adolessensie wat in die besonder bestudeer sal word, is die fisieke, kognitiewe persoonlikheids-, emosionele, sosiale en religieuse ontwikkeling. Dít blyk nodig te wees omdat dié ontwikkelingsaspekte waarskynlik ook in 'n groot mate die adolessent se optrede in groepverband beïnvloed.

In Hoofstuk 4 word die metode van die empiriese ondersoek uiteengesit. Aannames uit die literatuurstudie sal gemaak word en die wyse waarop die meetinstrument ontwikkel gaan word, sal verduidelik word. 'n Aantal hipoteses wat oor groepdruk handel, sal ook gestel word. Verdere aspekte van die empiriese ondersoek soos die keuse van proefpersone en die navorsingsprosedure sal ook in hoofstuk vier verduidelik word.

In Hoofstuk 5 sal die resultate van die empiriese ondersoek bespreek word.

In Hoofstuk 6 sal aanbevelings gemaak word met betrekking tot die identifisering en hantering van adolessente wat groepdruk moeilik hanteer. Tekortkominge en beperkings van die studie sal bespreek word en daar sal ten slotte aanbevelings vir verdere navorsing gemaak word.

# HOOFSTUK 2

# GROEPDRUK AS FENOMEEN

## 2.1 INLEIDING

Adolessensie word onder andere gekenmerk as die tydperk waartydens ouers se invloed op hul kinders verminder om plek te maak vir die invloed van die portuurgroep. Die portuurgroep oefen druk uit op die adolessent om só op te tree dat daar aan hulle eise gehoor gegee word. Om die invloed van groepdruk op die adolessent ten volle te begryp, is dit nodig om spesifieke komponente van groepdruk te bestudeer. In hierdie hoofstuk val die klem dus op groepdruk en die aard daarvan tydens die ontwikkeling van die adolessent. Die adolessent se wording is van só 'n aard dat beïnvloeding van buite op toenemende wyse plaasvind. Dit kan trouens 'n oorheersende rol in die lewe van die adolessent speel. Dit is daarom ook noodsaaklik om die mate van beïnvloeding deur die groep op die individu te ondersoek. Daar sal in hierdie studie op drie aspekte gefokus word:

- Die portuurgroep
- Faktore wat portuurgroepvorming beïnvloed
- Portuurgroepdruk

Wanneer ondersoek ingestel word na portuurgroepvorming sal dit eerstens raadsaam wees om duidelikheid te kry oor die begrip "portuurgroep".

Tweedens behoort daar vasgestel te word hoe die portuurgroep saamgestel word en lidmaatskap verkry word. Omdat die portuurgroep beskou kan word as die belangrikste beïnvloedingsfaktor naas die gesin, moet die sterkte van die portuurgroep in dié opsig ook nagevors word.

Die vorming van die portuurgroep word beïnvloed deur faktore soos ouers, geslag, skool, sosiale aanvaarding en die etniese groep waartoe adolessente onderskeidelik behoort. Elkeen van hierdie faktore sal bespreek word. Verbande tussen die faktore sal ook ondersoek word.

Laastens gaan daar gepoog word om vas te stel wat die oorsaak van groepdruk is. Persepsies rondom groepdruk behoort bygelê te word en die rol wat konformiteit by portuurgroepdruk speel sal ook aandag geniet. Die mate van delinkwente gedrag en die invloed wat dit op groepdruk uitoefen, sal ook bestudeer word.

## 2.2 DIE PORTUURGROEP

Klieks is die een verskynsel wat deur jong volwassenes uitgesonder word as dit waarvan hulle die minste op hoërskool gehou het. Die feit dat die individu geëttiketteer word met betrekking tot die geselskap waarin hy hom bevind is vir baie 'n steen des aanstoots (Hartup 1983:103). Hartup is van mening dat portuurgroepverhoudings 'n baie groot faktor is in die ontwikkeling van adolessente, trouens dit is dikwels die spil waarom baie adolessente se lewens draai. Verder het adolessente portuurgroepe 'n diepgaande impak op die akademiese en sosiale ontwikkeling van baie, indien nie alle hoërskoolleerlinge nie.

### 2.2.1 OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP "PORTUURGROEP"

Baie verwarring bestaan oor die term portuurgroep. 'n Adolessent se verhouding met 'n enkele ouderdomsmaat word deur sommiges as portuurgroepvorming gesien. Ander beskou weer die individu se vriendekring as die portuurgroep, terwyl daar diegene is wat na die totale ouderdomsgroep of leerlinge in dieselfde graad van 'n betrokke skool as die portuurgroep verwys.

In die bestudering van die adolessente portuurgroep beveel Brown (1988:189) aan dat daar tussen drie vlakke van portuurgroepinteraksies onderskei word: 'n tweetal, klieks en 'n groot groep. Die tweetal verwys na pare vriende of verliefdes en kan nie werklik as 'n portuurgroep beskou word nie. Klieks is interaksiegebaseerde portuurgroepe en bestaan uit 'n klein groepie (5-10) adolessente wat baie in mekaar se geselskap is en mettertyd baie nou verhoudings met mekaar stig. Hierdie adolessente kan 'n baie nou verweefde en geslote groep wees wat uit 'n aantal "vaste" lede bestaan maar wat ook per geleentheid as 'n groter groep figureer wanneer ander adolessente by die kliek se interaksies betrokke raak. Oor die algemeen gesien verstaan en waardeer die lede van adolessente klieks mekaar meer as ander persone van buite. Hierteenoor is die sogenaamde groot groep eintlik 'n reputasiegebaseerde portuurgroep waarvan die lede los en vas met mekaar tyd spandeer. Waar die norme van klieks van binne ontwikkel, ontstaan die groter groep se norme van buite die groep. Die groter groep vertoon ook 'n stereotiepe beeld na buite. Waar 'n kliek verwys na 'n adolessent se vriendekring (gebaseer op sosiale interaksie) staan die groter groep as die adolessent se verwysingsgroep of portuurgroep (gebaseer op persoonlike houdings, belange en vermoëns) bekend.

### 2.2.2 DIE VORMING VAN PORTUURGROEPE

Dit is veral die ouderdom van lede in 'n portuurgroep wat een portuurgroep van 'n ander onderskei. Hughes en Noppe (1991:73) onderskei 'n ontwikkelingsgebaseerde hiërargie van portuurgroepe gedurende adolessensie. Tydens vroeë adolessensie bestaan groepe normaalweg uit dieselfde geslag individue. Tydens middel-adolessensie verander die portuurgroepe gaandeweg na heteroseksuele groepe. In die laat adolessensiestadium bereik die heteroseksuele groepe 'n stadium waar die groepe tot niet gaan en die meeste adolessente hetroseksuele pare vorm.

In die tydperk tussen die middel-kinderjare en vroeë adolessensie bestee jeugdiges 'n groot hoeveelheid tyd met hul portuurgroepe. Tyd wat saam met hul ouers bestee

word, verminder gaandeweg tydens adolessensie. Namate adolessente daarna strewe om onafhanklik van hul ouers te raak, raak hul portuurgroepe 'n belangrike bron van ondersteuning vir identiteitsvestiging (Morelock 1980:539).

Klieks in die primêre skool word hoofsaaklik volgens klasgroepe gevorm in teenstelling met klieks in die sekondêre skole wat uit 'n meer kompleks georganiseerde netwerk van groepe bestaan. In die oorgang van primêre skool na sekondêre skool, verander die aard en samestelling van adolessente se groepstruktuur: in die primêre skool is die groepstruktuur grootliks klaskamer gebaseer; in die sekondêre skool word die groepstruktuur gekenmerk deur onderlinge interaksie van 'n groot aantal adolessente. Dit is dan ook vir die adolessent moeilik om almal wat in dieselfde ouderdom val, of in dieselfde graad is, op persoonlike vlak te ken. Om sake verder te bemoeilik is die bekende kring van klasmaats nou versprei tussen verskillende klasgroepe, wat die kans op oorlewing van die vriendskap verminder (Eder 1985:154).

In hierdie nuwe omgewing (die sekondêre skool) is dit vir die adolessent belangrik om na nuwe portuurgroepverhoudings te soek. Indien 'n plek in die kliek verseker kan word is dit nie nodig om die see van nuwe gesigte alleen tegemoet te gaan nie. Die dilemma waarmee individuele lede nou worstel, is wie buite die nuutgevormde kliek vermy behoort te word om op 'n goeie voet met die nuwe vriende in die groep te bly (Brown 1988:194).

### 2.2.3 PORTUURGROEPLIDMAATSKAP TYDENS ADOLESSENSIE

Soos reeds in die vorige paragraaf aangedui, het portuurgroepe 'n kragtige invloed op adolessente. Hierdie groepe verleen aan die adolessent die gevoel dat hy tot 'n groep behoort en nie in isolasie leef nie. Om hierdie rede is die tipe portuurgroep (akademies en/of sport) waaraan die adolessent behoort 'n essensiële deel van sy volwassewording. Adolessente kan nie soseer die groep kies by wie hulle wil inskakel nie, maar word eerder uitgekies vanweë hul persoonlikhede of gedrag. Wanneer 'n

adolessent van een groep na 'n ander wil skuif, moet hy soms 'n persoonlikheidsverandering én 'n gedragsverandering ondergaan (soos waargeneem deur die groep) voordat hy deur die groep aanvaar word omdat portuurgroepe reputasiegebaseerd is. 'n Gerehabiliteerde dwelmverslaafde sal byvoorbeeld nie sonder meer deur ander groepe aanvaar word nie, ten spyte van die verandering in gedrag en houding. Hy sal eers aanvaar word indien die groep minder skepties is en daarvan oortuig is dat die verandering nie slegs tydelik is nie (Eder 1985:157). Brown en Lohr (1987:47) het bevind dat groepe hul eie rangorde wil beskerm, en daarom nie té ontvanklik is vir uitgewekenes uit ander groepe met 'n laer status nie. By groepe kan vrees ontstaan dat die sogenaamde uitgewekenes die rangorde en status van die bestaande groep in die gedrang kan bring.

Brown, Lohr en McClenahan (1986:73) is van mening dat 'n lid van 'n groep in die pre-adolessente stadium (senior primêre skoolfase) wat byvoorbeeld deel was van die akademies presterende groep, op hoërskool tot die besef kan kom dat sodanige groep nie eens bestaan nie. Hierdie situasie kan ook ter sprake wees wanneer 'n leerling van een hoërskool na 'n volgende hoërskool moet skuif. Toegang en lidmaatskap tot spesifieke groepe word eerder gebaseer op kognitiewe persepsies as reële feite. Navorsers wat gepoog het om leerlinge in groepe te klassifiseer (Brown & Clasen 1986:14) het bevind dat slegs 'n fraksie van die leerlinge uitsluitlik tot een groep behoort. Baie leerlinge beskou hulself as behorende tot meer as een groep. Sommige groeplede skuif weer maklik rond van een groep na 'n ander en word oënskynlik maklik aanvaar. Brown *et al* (1986:73) is van mening dat dit in die vroeë adolessensiejare vir adolessente baie belangrik is om tot 'n portuurgroep te behoort; aan die einde van die hoërskooljare neem dit geleidelik af in belangrikheid.

Dit wil dus voorkom dat aanvaarding in die groep die oorheersende motief is vir die adolessent. Die adolessent se moontlike verskuiwing van een groep na 'n volgende geskied op grond van sy belangstelling of die verandering wat kan intree in die samebindende krag van die betrokke portuurgroep.

### 2.2.4 DIE INVLOED VAN DIE PORTUURGROEP

Soos reeds in par. 3.1 vermeld word die portuurgroep as die belangrikste beïnvloedingsfaktor naas die gesin beskou. Namate die invloed van die gesin afneem, word die invloed van die portuurgroep belangriker en tydens adolessensie kan dit 'n belangrike normatiewe faktor wees wat gedrag rig. Terwyl die agt- of negejarige dinge wil doen "soos wat ander kinders doen" kan hierdie begeerte by die sestienjarige adolessent 'n obsessie word. Die solidariteit wat binne die portuurgroep bestaan, forseer die individu letterlik om die norme van die groep te aanvaar om so beloon te word (aanvaarding van die individu as lid deur die groep) of om straf te vermy (verwerping van die individu as lid van die groep) (Cilliers 1978:1).

Die portuurgroep het 'n belangrike invloed op die adolessent se houdings, gedrag en psigologiese welsyn (Brown 1988:206). Vorrath en Brendtro (1974:72) se navorsing oor die positiewe invloed van portuurgroepe, toon dat die portuurgroep 'n kragtige bron van versterking kan wees. Navorsing het getoon dat die portuurgroep leerlinge se akademiese prestasies kan bevorder (Greenwood, Dinwiddie & Terry 1984:521), sosiale opheffing kan bewerkstellig (Mathur & Rutherford 1991:227) en ook die adolessent se gedrag op 'n positiewe wyse beïnvloed (Sugai & Chanter 1989:134). Druk kan op adolessente geplaas word om negatiewe gedrag by portuurgroeplede te verander. Adolessente wat in die versoeking kom om betrokke te raak by delinkwente gedrag mag hulself bedink indien hulle die boodskap van die portuurgroep kry om meer aanvaarbare gedrag te openbaar (Bellafoire & Salend 1983:274). Insiggewend is dat Gable *et al* (1994:267) bevind het dat adolessente 'n voorkeur openbaar vir portuurgroepbetrokkenheid bo volwassebeheerde tussenkoms.

Groepdruk hoef dus nie altyd in 'n negatiewe lig beskou te word nie. Die invloed wat die portuurgroep uitoefen kan positiewe sowel as negatiewe gedrag tot gevolg hê.

## 2.3 FAKTORE WAT PORTUURGROEPVORMING BEÏNVLOED

Verskeie faktore het 'n invloed op sowel die tipe groepe wat in die sekondêre skool ontstaan as die onderlinge verhoudings tussen hierdie groepe. Van die belangrikste faktore is sosiale aanvaarding, skoolprestasie, ouers en geslag. In Brittanje het Willis (1977:24) bevind dat klieks en groter groepe streng volgens sosiale klasgroeperings ontwikkel, veral omdat Britse adolessente se verhoudings meer woonbuurt as skoolverwant gebaseer is.

Skoolprestasies op akademiese en buitemuurse terrein kan, afhangende van wat vir die groep aanvaarbaar is, óók portuurgroepvorming beïnvloed. Waar 'n skool byvoorbeeld sterk fokus op akademiese of atletiekprestasies, is deelname aan hierdie aktiwiteite 'n faktor wat die status en lidmaatskap van adolessente in die portuurgroep bepaal (Brown 1988:196).

Benewens die invloed van sosio-ekonomiese status in die skool kan ouers ook die vriendskapsgroepering van hul kinders manipuleer. Bogenoemde faktore asook ander faktore sal vervolgens in meer detail ontleed word.

### 2.3.1 OUERS

Vroeë adolessensie verteenwoordig belangrike veranderinge in die adolessent se verhoudings met sy portuurgroep en ouers en kan beskou word as 'n oorgangsperiode in die kind se ontwikkeling. Die bevindinge van Coleman en Hendry (1989:131) toon dat adolessente tussen 13 en 19 jaar hul ouers se outoriteit as redelik en toepaslik beleef. Hulle is van mening dat hul ouers hulle as individue aanvaar. Dié adolessente respekteer hul ouers en beskou nie hul vriende as opposisie van hul ouers nie. Adolessente begin tydens dié stadium om minder tyd saam met hul ouers te spandeer

en distansieer hulleself emosioneel van hul ouers (Larson & Richards 1991:284). Vir die vroeë adolessent is dit nodig dat hierdie ouer-kindverhouding aan hom die geleentheid bied om deel te hê aan besluitneming (Baumrind 1991:111). Dit wil voorkom asof die wyse waarop die gesin hierdie oorgangsperiode hanteer belangrike implikasies kan inhou vir die rol wat ouers en maats tydens adolessensie vervul. Spesifieke terreine van betrokkenheid van ouers geniet vervolgens aandag.

#### 2.3.1.1 Intimiteit en individualisering

In sommige gevalle kan adolessente se toenemende inskakeling by die portuurgroep die verhouding met hul ouers negatief beïnvloed. Collins (1990:85) wys daarop dat die afnemende intimiteit van die adolessent-ouerverhouding tydelik van aard is. Die tydelike afname bied waardevolle stimulering vir die ontwikkeling van wedersydse, interafhanklike verhoudings. Steinberg en Silverberg (1986:841) is van mening dat adolessente se beïnvloeding deur hul portuurgroep, 'n toename toon vanaf pre-adolessensie tot en met ongeveer 13 of 14 jaar oud. Hierna word daar weer 'n afname in die beïnvloeding bespeur gedurende die hoërskooljare. Hierdie tendens is tekenend van 'n tydperk van eksperimentering. Gedurende dié tydperk beweeg die adolessent in baie gevalle weg van die waardes van die ouers. Dit is egter 'n kort fase en kan gesien word as noodsaaklik vir die heropbou van die ouer-adolessentverhouding. Die meeste vroeë adolessente wil self nie ten volle losgemaak wees van hul ouers nie, maar wil net meer ruimte hê om hul eie lewens te beheer en persoonlike besluite te neem. Hierdie proses, waar daar gestreef word na 'n balans tussen onafhanklikheid en afhanklikheid van ouers, staan bekend as individualisasie (Grotevant & Cooper 1983:82).

### 2.3.1.2 Die afwesige ouer

Die betrokkenheid en invloed van die portuurgroep vergroot in die meeste gevalle waar ouers 'n hoë mate van afwesigheid toon. Materiële welvaart wat vanaf 1960 algemeen onder die Suid-Afrikaanse blanke gemeenskap begin voorkom het, het veroorsaak dat die geslag tieners van daardie jare en daarna eintlik die eerste geslag was wat nooit werklike armoede leer ken het nie. Materiële welvaart het gerief en gemak sowel as die strewe na luukshede teweeggebring wat uiteindelik tot verveling en frustrasie onder die jeug gelei het (Duvenage 1973:63). Persoonlike welvaart het egter sy tol geëis met betrekking tot ouers se betrokkenheid by hul kinders. Hulle het nie meer genoeg erns gemaak van die psigiese behoeftes van hulle kinders nie. Hierdie situasie duur tans nog voort. Vaders is vir lang ure weg van die huis af wat daartoe lei dat hulle hul tradisionele plek as vaderfiguur begin inboet (tans is dit ook met die moeders die geval). Dit bring mee dat die gesinslede later as individue begin saamleef en dat daar nie meer sprake van gesinskohesie is nie. Hierdie toedrag van sake veroorsaak met verloop van tyd 'n gevoel van ongeborgenheid en onsekerheid in die ouerhuis. Om aanvaar te word en aanvaarbaar te wees fokus die jeugdige gevolglik meer op die portuurgroep vir leiding en sekuriteit.

### 2.3.1.3 Die ontwikkelingsbehoeftes van die kinders en ouerhoudings

White, Speisman en Costas (1983:61) is van mening dat ouers hulle van hul kinders se vaardighede en vermoëns, asook hul ontwikkelingsbehoeftes moet vergewis en dat vroeëre beperkings verslap behoort te word om kinders die geleentheid te gee om onafhanklik op te tree en eie besluite te neem. Anders as in die geval met die afwesige ouer, dra die natuurlike ontwikkelingsbehoefte van die kind daartoe by dat 'n verandering in die ouer-adolessentverhouding plaasvind. Ouers vervul egter steeds belangrike rolle as bronne van begrip, ondersteuning en advies. Aanpassings in die ouer- adolessentverhouding is soms moeilik en die hele gesin word hierdeur geraak. In die gesin kan die vroeë-adolessent belangrike vaardighede aanleer wat baie waardevol vir suksesvolle portuurgroepverhoudings kan wees. Aspekte soos konflikhantering, beskikbaarheid, betrokkenheid en hulpvaardigheid, en die besef dat

verhoudings van twee kante af gestig word, kan binne die gesin geleer word (MacDonald & Parke 1984:1265). Ouers wat nie oortuig is dat hulle kinders outonoom kan optree nie, sal noodwendig minder toegeeflik wees en min geleenthede vir hulle kinders skep om eie besluite te neem en onafhanklik op te tree.

#### 2.1.3.4 Ouer-kindverhoudings in vergelyking met portuurgroepverhoudings

Navorsing wat deur Fuligni en Eccles (1993:628) onderneem is, toon dat die aard van die ouer- kindverhouding gedurende vroeë adolessensie, verband hou met kinders se verhouding met hul portuurgroep. Vroeë adolessente wat min geleentheid kry tot besluitneming, neig om minder advies van hul ouers te vra en meer hul vriende te betrek by persoonlike aangeleenthede. Wanneer adolessente tot die besef kom dat hul portuurgroep die enigste verhoudingstruktuur is wat aan hulle geleentheid bied om hul eie opinies en voorkeure te ontwikkel, sal hulle alles in hul vermoë doen om hulle verhouding met die portuurgroep nie te laat skeefloop nie - al sou dit impliseer dat hulle verhouding met hulle ouers daardeur vertroebel word of dat hulle skoolprestasie agteruit gaan.

#### 2.1.3.5 Ouers se invloed op hul kinders se vriendskappe

Ouers laat soms hul kinders toe om betrokke te wees by aktiwiteite wat nie noodwendig hulle goedkeuring wegdra nie. Ouers sal in só geval tussenbeide tree, die aktiwiteit monitor, en spesifieke verhoudings ondersteun of afkeur (Bhavnagri & Parke 1985:29). Ouers kan dus die ontwikkeling van hul kinders se vriendskappe fasiliteer deur hulle te leer hoe om vriendskappe te vestig volgens die besondere styl van die ouers. Ouers se manipulering van hul kinders se vriendskappe, en beheer oor hul sosiale lewe neem af namate die kinders die adolessente jare betree (Steinberg & Silverberg 1986:841).

#### 2.1.3.6 Ouers se affiliasie met kinders

In teenstelling met die ouers se manipulering en beheer oor die doen en late van die

adolessent, blyk dit vanuit 'n ander perspektief dat adolessente neig om hul vriende en groepe te ontmoet by geleenthede weg van die ouers (Pombeni, Kichler & Palmonri 1990:351). Hulle verkies ook om nie betrokke te raak by volwasse-geïnisieerde aktiwiteite nie (Coleman & Hendry 1989:78). Vanselfsprekend sal adolessente se affiliasie met sommige portuurgroepe aanleiding gee tot groter konflik met hul ouers (Dielman, Shape & Butchart 1990:10), terwyl die moontlikheid ook bestaan dat adolessente hulself verbind tot spesifieke portuurgroepe as kompensasie vir gebrekkige aanvaarding deur hul ouers (Collins 1990:85).

### 2.3.1.7 Die invloed van die ouers se sosio-ekonomiese status

Die verhouding tussen adolessente en hul ouers is deur Fasick (1984:145) in sy navorsing benader vanuit verskeie sosio-ekonomiese statusvlakke. Adolessente in ouerhuise met 'n hoë sosio-ekonomiese vlak word meer deur hul ouers blootgestel aan die ouers se belange en vryetydsbesteding. Hierdie adolessente ontvang onderrig in die beste privaatskole wat in lyn is met die waardes van die ouers. Vir hierdie jeugdiges is die portuurgroepinvloed nie so sterk nie. Ouers met 'n swak akademiese opleiding en wat hulle in 'n lae sosio-ekonomiese klas bevind, kan meehelp om 'n ontoereikende omgewing vir die opvoeding van hul kinders te skep. Ouers soos dié bied min geleentheid tot selfverrykende gedrag vir hul kinders se opvoeding en kan trouens bydra tot 'n lae selfbeeld by die adolessent. Dit kan op sy beurt tot vyandigheid jeens die ouers en die omgewing in die algemeen lei. Daar is egter 'n positiewe kant ook. Adolessente wat deel is van die laer sosio-ekonomiese klas ervaar minder konflik met hul ouers as dié uit die hoë groep. Die rede hiervoor is waarskynlik dat die ouers van hierdie kinders, reeds vroeg volwasse gedrag van hulle verwag en om hiedie rede ook vroeg redelike vryhede aan hul kinders gun. Genoemde situasie het tot gevolg dat adolessente in die lae sosio-ekonomiese statusvlak baie gou arbeids- en huweliksrolle moet vertolk sonder ouerlike leiding.

#### 2.3.1.8 Ouerlike permissiwiteit

Steinberg (1987:269) het bevind dat ouerlike permissiwiteit (ouers wat hul kinders baie vryhede toelaat ten opsigte van beweging, drankgebruik, die rookgewoonte, ensovoorts) verband hou met negatiewe portuurgroepdruk wat antisosiale gedrag by adolessente tot gevolg het. Dornbush, Carlsmith, Bushwall, Ritter en Leiderman (1985:326) se navorsing toon dieselfde verband tussen ouerlike permissiwiteit en adolessente.

#### 2.3.1.9 Ouerlike vertroue

Daar is heelwat ondersteuning in die literatuur vir die gedagte dat adolessente aan hul ouers verbind bly terwyl hulle terselfdertyd poog om hulle as individue van hul ouers los te maak. Marcoen en Brumagne (1985:1025) het bevind dat ouers persone is na wie hul adolessente kinders sal gaan "om mee te praat" indien hulle ongelukkig of depressief voel. O'Donnell (1979:684) voer aan dat sowel manlike as vroulike adolessente in 'n ondersoek aangevoer het dat hulle "naby" hulle ouers is en dat hulle netso naby aan hulle moeders is as wat hulle aan hulle beste vriende is. Youniss en Ketterlinus (1987:265) het ook bevind dat manlike en vroulike adolessente baie naby aan hul ouers is. Volgens Hunter (1984:1093) se navorsing meen adolessente dat hul vaders en moeders, sowel as hul beste vriende, geskikte persone is om vrae en antwoorde te verskaf ten opsigte van onderlinge verhoudings. Hierdie navorsingsresultate moet egter nie geïnterpreteer word dat die ouer-adolessentverhouding konflikvry is nie. Heelwat konflik kom voor maar dit kan as meganismes dien vir verandering en rekonstruksie eerder as wat dit die verhouding vernietig. Die ouer-adolessentverhouding kan terselfdertyd gesien word as beweging na skeiding wat volwassenheid voorafgaan en ook 'n strewe om verbind te bly aan geliefdes op wie hulle kan staatmaak en wat hulle kan vertrou. Dit beteken dat daar gedurende adolessensie 'n beduidende hoeveelheid tyd aan komplekse onderhandelinge bestee moet word sodat adolessente hul eie opinies kan vorm wat tog in ooreenstemming met dié van hulle ouers is (Youniss & Smollar 1988:303).

### 2.3.1.10 Ouers en portuurgroepwaardes

Coleman (1980:408) se portuurgroepnavorsing toon aan dat ouers en die portuurgroep se waardes heelwat oorvleuel. Hierbenewens is adolessente geneig om vriende te kies wie se waardes baie ooreenstem met dié van hul ouers.

Uit die voorafgaande gedeelte oor ouerbetrokkenheid gedurende adolessensie blyk dit dat daar sprake is van 'n tydelike, afnemende intimiteit in die adolessent-ouerverhouding. Die proses van individualisering moet deurloop word sodat die adolessent ook geleenthed kan kry om onafhanklik van die ouer op te tree. Die wyse waarop adolessente outonoom optree, word egter bepaal deur die mate van vryheid wat ouers hul toelaat. Ouers manipuleer aanvanklik tot 'n groot mate hul kinders se portuurgroepe; dié tendens neem egter af met adolessensie. Hoewel adolessente hulle van ouerlike gesag wil losmaak, toon navorsing dat die ouer-kindverhouding steeds betekenisvol bly. Die invloed van die ouers bly deur al die fases baie belangrik.

### 2.3.2 GESLAG

Heelwat navorsing is gedoen wat gefokus het op geslagsverskille met betrekking tot leerlinge se sosiale aktiwiteite. Vroeë-adolessenteseuns plaas 'n hoër premie op sportprestasies en agressiwiteit terwyl kompetisie by hulle voorrang geniet (Eder & Parker 1987:200). Kenmerkend van portuurgroepe wat uit so 'n groep vroeë adolessenteseuns ontstaan, is dat hulle leer om hul gevoelens te beheer en om meer stoïsyns te wees wanneer pyn hulle in die gesig staar. Hulle is ook geneig om ander se gevoelens te minag ten einde hul eie doelwitte te verwesenlik. Seuns op dié stadium is ook meer uitdagend teenoor skoolreëls en gesag. In teenstelling met vroeë-adolessenteseuns toon meisies op dieselfde stadium groot empatie vir die gevoelens van ander (Evans & Eder 1993:139).

In 'n studie wat Youniss en Smollar (1985:104) onderneem het, is bevind dat adolessente dogters tussen die ouderdom van 14 en 16 jaar na sekuriteit in vriendskap

streef. Hulle verlang ook van hul vriende om lojaal en 'n getroue bron van ondersteuning in 'n emosionele krisis te wees. Seuns plaas weer nie so 'n hoë premie op intieme vriendskappe en wedersydse verstandhoudings soos dogters nie. Seuns voer ook nie sekuriteit, sensitiwiteit of empatie aan as ondersteuningwyses nie. Hierteenoor is konkrete kwaliteite soos ondersteunende vriende wat terselfdertyd min eise stel, vir seuns van belang. Dogters het aangetoon dat dit vir hulle baie belangrik is om noue bande te hê met een twee of drie maats. Seuns is meer op die groep gefokus en vriendskappe word slegs beïnvloed deur faktore soos die portuurgroep se ondersteuning en aanvaarding.

Dit wil dus voorkom asof seuns tevrede is met 'n oppervlakkige vriendskap gedurende hulle adolessentejare. Dogters is meer sensitief en emosioneel ingestel met betrekking tot vriendskappe; hulle streef na intense vriendskappe. Vriendskappe word later in meer detail onder paragraaf 2.3.4.3 bespreek.

### 2.3.3 SKOOL

Omdat 'n baie groot deel van die adolessent se dag in beslag geneem word deur die skool en verwante aspekte, is dit nodig om in die besonder hierop te fokus. Veral klasindeling, skolastiese probleme en prestasiemotivering kan met portuurgroepvorming verband hou en sal vervolgens bespreek word.

#### 2.3.3.1 Klasindeling

Leerlinge word normaalweg in klasse gedeel volgens ouderdom, akademiese prestasie en gemeenskaplike belangstellings (wat lei tot gemeenskaplike vakke). Omstandighede is dus verantwoordelik vir hul onderlinge gemeenskaplikheid en empatie. As gevolg van leerlingindeling, ontwikkel elke klas 'n eie portuurgroep met eie karaktertrekke en ideale. Die klas is egter steeds deel van die hele skool. Tydens pouses, sosiale aktiwiteite en ná skool tydens buitemuurse aktiwiteite, is daar ook

verder geleentheid vir die hele skool om te ontwikkel in 'n "groter portuurgroep". Elke skool en elke klas ontwikkel dan uiteindelik 'n eie groepskohesie met 'n eie kultuur, ooreengekome waardes, houdings en gedragsnorme. 'n Gesonde portuurgroep kan baie voordelig wees vir 'n potensieel delinkwente kind in soverre hierdie kinders gedwing word tot aanvaarbare gedrag. Die portuurgroep kan ook 'n "ouerhuis" wees vir die kind wat onwelkom is in sy eie ouerhuis of vir die "verlore" kind wat deel is van 'n gebroke ouerhuis (Cilliers 1978:5).

#### 2.3.3.2 Skolastiese probleme

In verslae van Brown en Steinberg (1989:4) oor die kwaliteit van onderrig in sekondêre skole in die VSA, is kommer uitgespeek omdat leerlinge nie veel weet nie, trouens dat hulle nie veel wíl weet nie. 'n Doelbewuste weerstand teen akademiese prestasie is by sommige leerlinge bespeur. Daar word geargumenteer dat die portuurgroep moontlik die oorsaak van hierdie situasie kan wees.

Navorsing deur Clasen en Brown (1985:451) het bevind dat portuurgroepdruk dikwels daartoe lei dat adolessente akademies doelbewus swakker as hul vermoëns presteer. Fox (1981:198) meld dat meisies somtyds verkies om nie goed in wiskunde te presteer nie weens die vrees vir sosiale verwerping. Leerlinge wat hoë punte in hul vraestelle behaal, hou dit geheim uit vrees vir verbale en/of selfs fisiese vergelding deur medeskoliere. In 'n studie van Fordham en Ogbu (1986:177) in die VSA, is bevind dat swart leerlinge blootgestel word aan sowel verbale as fisiese vergelding sou hulle akademies goed presteer. Hierdie leerlinge word daarvan beskuldig dat hulle hul etniese wortels verguis en dat hulle wit probeer wees. Goeie prestasies word gekoppel aan "acting white" en kan lei tot uitskakeling uit die portuurgroep (vergelyk par. 3.3.5). Fordham en Ogbu (1986:205) het in dié verband bevind dat begaafde swart leerlinge 'n beduidende hoër angsvlak reflekteer as begaafde wit medeleerlinge. Swart leerlinge wat in skole uitgeplaas is waar hoë akademiese prestasies deur almal nagestreef word, se angsvlakke het dramaties afgeneem. Hierdie probleem is nie nuut of geïsoleer nie

en ook nie beperk tot minderheidsgroepe nie. Baie leerlinge word geëttiketteer as die sogenaamde "brein-nerd". Hierdie etiket word deur die begaafde adolessent, wat ook streef na portuurgroepaanvaarding, sover moontlik vermy (Brown & Steinberg 1989). Hierdie bevinding beteken egter nie dat alle adolessente swak wil vaar op skool nie - vir die meerderheid is goeie simbole en die voltooiing van hul skoolloopbaan belangrik. Uitstaande akademiese prestasie is egter 'n ander saak. Volgens Brown & Steinberg (1990:57) wil dit voorkom asof die presteerders op skool teen die ontwikkelingsgety van adolessensie moet swem. Hoë presteerders word verantwoordelik gehou en verkwalik omdat hulle akademiese standaarde stel wat ander swak laat vertoon. As antwoord hierop sorg die akademiese "verloorders" dat die presteerders verloorders in die sosiale sisteem word.

Alle adolessente is egter nie akademiese presteerders nie. Adolessente wat leerprobleme ervaar, ervaar dikwels ook probleme om op sosiale gebied aanvaar te word weens beperkte kognitiewe vermoëns (Perlmutter, Crocker & Cordray 1983:24 en Axelrod 1982:614). Navorsing toon dat jeugoortreders in baie gevalle leerprobleme ondervind (Sawicki & Schaeffer 1979:12) waaruit die afleiding gemaak kan word dat leerlinge met leerprobleme soms nie die gevolge van hulle gedrag kan antisipeer nie.

Pearl, Bryan en Herzog (1990:47) het onderhoude met 'n groep adolessente gevoer nadat 'n aantal scenarios aan hulle voorgehou is waarin een jeugdige 'n ander versoek om deel te neem aan delinkwente gedrag. Leerlinge met en sonder leerprobleme is gevra op welke wyse hierdie versoeke gestel behoort te word, en om te voorspel wat sou gebeur as versoeke aanvaar of afgewys sou word. Hulle moes ook motiveer waarom hulle versoeke van hierdie aard sou aanvaar of van die hand wys. Die ondersoek het bevind dat terugvoering van adolessente met leerprobleme ten opsigte van 'n hele aantal aspekte verskil het van dié leerlinge wat geen leerprobleme ervaar nie. 'n Algemene verduideliking deur die groep wat leerprobleme ervaar, waarom hulle nie sou wou skuldig wees aan delinkwente gedrag nie, is dat hulle bang is hul misdryf

kom op die lappe. Leerlinge wat nie leerprobleme ervaar nie het morele en etiese beginsels voorgehou as rede vir nie-deelname aan delinkwente gedrag. Dít dui daarop dat adolessente met leerprobleme op 'n laer/konkrete morele vlak funksioneer en eerder die prooi van groepdruk kan wees.

#### 2.3.3.3 Prestasiemotivering

Die invloed van die portuurgroep op adolessente se motivering om op skool te presteer is 'n kontroversiële onderwerp. Sommige opvoeders en opvoedkundige sielkundiges redeneer dat die portuurgroep bydra tot 'n gebrek aan belangstelling in skoolwerk. Aan die ander kant is daar adolessente wat beweer dat hul onderskeie portuurgroepe meer druk op hulle uitoefen om beter resultate in hul skoolwerk te behaal. Die houdings en waardes van die portuurgroep by wie die adolessent die meeste van sy tyd deurbring bly egter steeds die bepalende faktor. Indien lede van die portuurgroep oorwegend nie prestasie gerig is nie sal die betrokke adolessent se motivering mettertyd ook begin afneem. Die teendeel is egter ook waar - indien 'n hoë vlak van prestasiemotivering aanwesig is, sal die adolessent se motivering ook sodanig toeneem (Epstein 1983:180).

Dit blyk dus dat elke groep binne klasverband 'n eie karakter ontwikkel en dat dít groepskohesie met spesifieke eienskappe tot gevolg het. 'n Gesonde portuurgroep kan benewens die eis tot aanvaarbare gedrag, groeplede aanmoedig om akademies beter te presteer. Leerlinge wat akademies buitengewoon presteer (veral swart leerlinge in Westerse skole) loop egter die gevaar om deur die groep verwerp te word. Leerlinge met beperkte kognitiewe vaardighede kan maklik deur die portuurgroep beïnvloed word, hetsy positief of negatief.

### 2.3.4 SOSIALE AANVAARDING

Portuurgroepvorming wentel rondom sosiale aanvaarding. Die kind wat sosiaal aanvaar word geniet hoë sosiale status in teenstelling met die kind wat nie aanvaar word nie. Baie kinders word tot 'n geringe mate aanvaar, terwyl ander doelbewus

geïsoleer en verwerp word. Wanneer daar gefokus word op sosiale aanvaarding moet daar dus ook gelet word op sosiale isolasie en verwerping.

Die mate waarin die individu sosiaal aanvaar word, bepaal die vlak van sy sosiale status. Hieruit vloei vriendskappe voort wat bepalend kan wees vir die adolessent se selfbeeld. Genoemde aspekte geniet vervolgens aandag.

#### 2.3.4.1 Portuurgroepaanvaarding en sosiale status

'n Persoon se populariteit word bepaal deur die mate waarin hy deur die portuurgroep aanvaar word. Portuurgroepaanpassing verwys na 'n groep se mening oor 'n individu. Indien hierdie mening positief is, en hy in die groep aanvaar word, verhoog dit sy populariteit (Bukowski & Hoza 1989:15). Omdat dit inherent in die mens se wese is om na hoër ideale te streef, gebeur dit dat adolessente in die skoolopset daarna streef om 'n hoër sosiale status te bereik (selfs deur delinkwente gedrag). Hoër status kan ook bereik word deur akademiese suksesse of deur suksesse op sportgebied of ander buitekurrikulêre aktiwiteite. Hierdeur hoop die adolessent om meer aanvaarbaar vir die groter groep te word. Asher & Parker (1989:5) het in hul navorsing oor portuurgroepaanvaarding en vriendskap bevind dat meer as 50% van die leerlinge wat nie ten volle aanvaar word nie, ten minste een vriend gehad het. In teenstelling daarmee het sommige gewilde leerlinge nie oor onderlinge vriendskappe beskik nie (Parker & Asher 1993:611). Hieruit kan die afleiding gemaak word dat daar nie noodwendig 'n verband bestaan tussen populariteit en vriendskappe nie. 'n Verskeidenheid aspekte wat portuurgroepaanvaarding en sosiale status beïnvloed, word vervolgens bespreek.

***(a) Die invloed van die skool***

Ten spyte daarvan dat akademie by skole voorrang behoort te geniet, het navorsing getoon dat 'n groot groep adolessente die sosiale sy van skoolgaan van meer belang ag. Cusick (1973:91) het vroeër reeds bevind dat hoërskoolleerlinge meer belang

gestel het in portuurgroepstatus en sosiale aanvaarding as in akademiese prestasie. Adolessente is veel eerder begaan om deel van die "in" groep te wees. Dít word verkry deur adolessente wat oor die nodige sport en sosiale vaardighede beskik, en nie soseer weens akademiese prestasie nie. Cusick (1973:91) meld dat baie leerlinge primêr skool toe gaan om by hulle vriende te wees. Om nie vriende te hê nie is by verre meer traumaties as om akademies te misluk. Willis (1977:78) wys ook daarop dat portuurgroepaktiwiteite die mees oorwegende rede is vir die bywoning van skool. Leerlinge wat deel was van sy ondersoek het skool bygewoon om te verseker dat hulle nie portuurgroepaktiwiteite misloop nie. Parker en Asher (1987:357) het voorts bevind dat leerlinge wat min geleentheid gehad het om deel te kon wees van 'n positiewe portuurgroep eerder geneig was om nie volgens hul vermoë te presteer nie. Hierdie groep was ook meer geneig om betrokke te wees by anti-sosiale gedrag.

***(b) Karaktereienskappe van die adolessent***

Vriendelikheid, die inisieer van sosiale aktiwiteite, 'n sin vir humor, 'n opgewekte geaardheid, en entoesiasme is karaktereienskappe wat adolessente as voorvereiste stel om geassosieer te word met hoë sosiale status en portuurgroepaanvaarding. Ander eienskappe wat geassosieer word met hoë sosiale status is sportprestasies, hoë intelligensie, eerlikheid, opregtheid, hulpvaardigheid, goedgemanierdheid en iemand wat goeie geselskap is. Laestatuslede van die portuurgroep word beskryf as verwaand, kinderagtig, ontwrigtend, gemeen, reëloortreders, oorsensitief of sosiaal onaanvaarbaar omdat hulle vuil is of sleg ruik, of voortdurend in bakleiery betrokke is (Coie, Dodge & Kupersmidt 1990:119).

***(c) Delinkwente gedrag***

In 'n studie wat Pearl *et al* (1990:47) in die VSA onderneem het, is met behulp van 'n vraelys vasgestel in watter mate adolessente sal deelneem aan delinkwente aktiwiteite in ruil vir portuurgroepaanvaarding. Vrae is ook gestel om die reaksies te antisipeer wanneer genoemde versoeke van die hand gewys sou word. Die reaksies van die deelnemers het grootliks verskil volgens hul geslag (vergelyk ook die rol van geslag by

portuurgroepvorming paragraaf 3.3.2), sosiale omgewing en akademiese vermoëns. Beide geslagte keur delinkwente gedrag af - dogters in 'n hoër mate as seuns. Dogters was minder geneig om deel te neem aan delinkwente gedrag. Dogters ervaar meer emosionele ontwrigting indien vriendskappe misluk en toon sterker negatiewe gevoelens, ongeag of die versoek tot delinkwente gedrag aanvaar of geweier is. Seuns het meer pragmatiese redes in hul verklarings aangevoer waarom hulle nie deel sou wou hê aan delinkwente gedrag nie. Seuns was oor die algemeen meer bekommerd dat hulle uitgevang sou word terwyl dogters geneig was om morele en reëlgebonde verduidelikings te gee waarom hulle nie aan delinkwente gedrag sou wou deelneem nie.

***(d) Sosiale omgewing***

Vir wit stedelike leerlinge in die VSA is die gevolge van weiering ten opsigte van voorgestelde delinkwente gedrag minder negatief as in die geval van leerlinge uit stedelike Spaanse agtergronde. Leerlinge uit swart stedelike gemeenskappe in die VSA was minder bekommerd dat hulle dalk betrap kan word tydens delinkwente gedrag. Die rede hiervoor kan wees dat swart stedelike gemeenskappe outoritêre instansies as relatief oneffektief ervaar en daarom die moontlikheid om betrap te word as redelik onwaarskynlik afmaak (Pearl *et al* 1990:53).

***(e) Agtergrond***

Adolessente van verskillende gesinne leef in verskillende omgewings in verskillende voorstede. Elke gesin beskik oor sy eie waardesisteem en belange. Adolessente kom uit sowel welgestelde as behoeftige gesinne, ouers wat wit- sowel as blouboortjiebe-roepe beklee, gesinne waar ouers spandabelrig of minder spandabelrig is. Uiteenlopende waardestelsels van die onderskeie gesinne sal noodwendig die fokus en belangstelling van die adolessent raak, soos byvoorbeeld dié wat 'n hoë premie op sport plaas. Die verskeidenheid agtergronde speel egter skynbaar nie 'n prominente rol by die aanvaarding van 'n adolessent in portuurgroepe nie. Adolessente vorm wel groepe na aanleiding van hul gemeenskaplike agtergrond en belangstellings. Tog word

'n groot aantal adolessente van die sogenaamde "laer klas" in portuurgroepe aanvaar wat bestaan uit adolessente van oorwegend hoër sosio-ekonomiese statusgroepe. Dié aanvaarding gaan gepaard met sosiale prestige in die adolessentegroep en is op sigself 'n vorm van prestasie-erkenning (Connor 1994:208).

### *(f) Leerprobleme*

Die sosiale status van leerlinge met leerprobleme (vergelyk paragraaf 2.3.3.2) het aanleiding gegee tot heelwat navorsing. Dit blyk dat die mate van portuurgroepaanvaarding van leerlinge met leerprobleme swakker is as dié van hul klasmaats wat nie hierdie probleem het nie (Gresham & Reschley 1986:23). Desnieteenstaande word baie leerlinge met leerprobleme steeds deur hul portuurgroep aanvaar en loop hulle nie 'n hoë risiko van verwerping deur die portuurgroep nie (McIntosh, Vaughn & Zaragoza 1991:451). Waar leerlinge met leerprobleme oor wederkerige vriendskappe beskik (gevalle waar beide partye mekaar as beste vriende uitsonder), dien dít as buffer teen negatiewe gevolge van portuurgroepverwerping en ervaar diesulkes ook minder aanpassingsprobleme (Vaughn, McIntosh & Spencer-Rowe 1991:83). Vaughn, McIntosh, Shumm en Spencer-Rowe (1993:86) het bevind dat leerlinge met leerprobleme in klasse waar hulle aanvaar word deur hul onderwysers, ewe gewild en bekend by hul portuurgroep is as leerlinge wat gemiddelde en selfs buitengewone presteerders is. 'n Beduidende verband is aangetoon tussen die bekendheid van 'n leerling en sy gewildheid. Daar is bevind dat die graad van gewildheid en bekendheid die laagste was by swak presterende leerlinge. Vaughn deel voorts die bevindinge van vorige navorsers dat onderwysers se persepsies van sekere leerlinge 'n beduidende invloed het op hulle sosiale status en aanvaarding deur die res van die klas.

### *(g) Die bepalende faktore vir sosiale sukses*

In 'n studie wat Jarvinen en Nicholls (1996:437) onderneem het, is bevind dat adolessente van mening is dat die volgende ses faktore sosiale sukses bepaal:

- ***Opregtheid***

Adolessente wat oor baie vriende beskik met wie hulle goed oor die weg kom, word as opreg ervaar. Opregte adolessente toon begrip vir ander se gevoelens, staan hulle vriende by, ruim tyd in om na ander se idees te luister, is eerlik, gee nooit voor dat hulle is wat hulle nie is nie, hou daarvan om ander te help en hou ook daarvan om iets vir ander te doen.

- ***Status***

Adolessente met 'n hoë status se voorkoms is opvallend gunstig. Hulle is goed in sport, kom uit welgestelde huise, dra pragtige klere en is "in" by die regte groep.

- ***Verantwoordelikheid***

Adolessente met verantwoordelikheid doen hul huiswerk pligsgetrou, gehoorsaam opdragte van hul onderwysers, gehoorsaam onderwysers se reëls, praat nie terug met hul ouers nie en is hulpvaardig teenoor hul onderwysers.

- ***Vermaak***

Dit blyk dat sommige adolessente van mening is dat sosiale sukses bewerkstellig kan word deur hul klasmaats in die klasse te vermaak. Hulle is nou en dan uitdagend teenoor die onderwysers, vertel voortdurend grappe en is uitnemende kletsers.

- ***Die fisieke of ruwe persone***

Adolessente wat fisiek buitengewoon kragtig is, kan ander forseer om opdragte uit te voer. Hulle hou ook daarvan om mense te manipuleer.

### *(h) Sportprestasies*

Navorsing in die VSA toon dat die meeste seuns eerder as sportsterre van hulle skool bekend sou wou wees (Snyder & MacKillop 1990:193), terwyl sportaktiwiteite nie so belangrik vir die populariteit van dogters is nie. Dogters het nie 'n behoefte om as

sportsterre bekend te wees nie (Kane 1988:253), maar waar sport wel ter sprake is, sou hulle graag hoër status wou verwerf deur uit te blink in sportsoorte wat tradisioneel nie deur seuns beoefen word nie soos tennis (Kane 1988:253). Daar is aanduidings dat deelname aan meer as een aktiwiteit essensieel is vir portuurgroepstatus by seuns én meisies (Karweit 1983:131).

Eder en Kinney (1995:316) se navorsing in die VSA het aangetoon dat "cheerleaders" (rasieleiers) onder meisies, veral in die sewende graad, 'n baie gesogde aktiwiteit is wat populariteit verseker. Hierdie dogters glo dat almal met hulle vriendskapsbande sal wil aanknoop indien hierdie eer hulle te beurt sou val. Die aanname word gemaak dat 'n vriendskap met een van hierdie dogters ook die eie status sal verhoog. In die agste graad neem hierdie persepsie geleidelik af en is dit nie meer só belangrik om 'n rasieleier as maat te hê nie.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat baie hoërskoolleerlinge portuurgroepaanvaarding en sosiale aanvaarding belangriker ag as akademiese prestasie. Leerlinge sal in sommige gevalle selfs deelneem aan delinkwente gedrag om die groep te beïndruk en lede se guns te wen. Die mate van portuurgroepaanvaarding by leerlinge met leerprobleme is wel swakker maar dit blyk tog dat diesulkes nie sonder meer uit die groep geskuif word nie. Dit blyk voorts ook dat sportprestasies (veral by seuns) populariteit by die groep verseker ongeag faktore soos swak akademiese prestasie, delinkwente gedrag of agtergrondfaktore.

### 2.3.4.2 Sosiale isolering en verwerping

In teenstelling met portuurgroepaanvaarding en die verkryging van sosiale status, is daar diegene wat werklik probleme ondervind om sosiaal suksesvol te wees.

Die mate van aanvaarbaarheid by die portuurgroep kan gemeet word deur die ooreenkoms te bepaal tussen die kind se eie persepsie van sy aanvaarbaarheid en die portuurgroep se opinie met betrekking tot sy aanvaarbaarheid. Harter (1982:87) het bevind dat die akkurate beoordeling van portuurgroepaanvaarding met 'n toename in ouderdom vergroot het. 'n Aspek wat sosiale sukses by kinders voortdurend in die wiele ry is negatiewe persepsies oor hulleself. Die akkuraatheid of geldigheid van kinders se persepsies oor hulself is egter nie van deurslaggewende belang nie (Meichenbaum, Bream & Cohen 1984:56). Wat belangrik is, is die mate waartoe kinders se persepsies van hulleself interpersoonlike gedrag beïnvloed. Kinders se sosiale persepsies oor hulself kan lei tot beter begrip van hul eie sosiale rol of die sosiale probleme wat hulle ondervind. Shure en Spivack (1980:29) noem dat leerlinge se oplossings van hipotetiese dilemmas getoon het dat leerlinge wat normaal goed aanpas en deur die portuurgroep aanvaar word minder aggressiewe en meer normatiewe oplossings voorgestel het in vergelyking met leerlinge wat sosiaal gebrekkig aangepas is én ongewild is by hul portuurgroep.

Hymel en Franke (1985:79) het navorsing onderneem wat gefokus het op leerlinge se gevoel en persepsies van eensaamheid én sosiale angs. Die UCLA eensaamheidskaal is gebruik en daar is bevind dat 'n beduidende aantal leerlinge wat met hul eie portuurgroepverhouding ontevrede was ook uiterste vorme van eensaamheid ervaar het. Ongewilde leerlinge het in sosiometriese ondersoeke getoon dat hulle 'n groter mate van eensaamheid en sosiale dissatisfaksie ervaar as gewilde leerlinge (Asher, Hymel & Renshaw 1984:1456). Selfaangemelde gevalle van eensaamheid word ook geassosieer met 'n algemene negatiewe patroon van selfpersepsie. Eensame leerlinge toon laer sosiale vaardighede, ervaar sosiale situasies as moeilik, en openbaar minder positiewe verwagtings vir sosiale situasies en sosiometriese evaluasie. Dit is duidelik dat 'n leerling wat soveel negatiewe verwagtinge en persepsies koester, redelik afgetakel voel jeens sy sosiale gedrag en vermoëns.

Quay en Werry (1979:77) beweer dat angs in sosiale situasies 'n skadelike uitwerking het op persoonlike verhoudinge. Verdere navorsing in dié verband (Asher *et al* 1984:1460) toon dat seuns en meisies verskil ten opsigte van sosiale angs, veral self-aangemelde sosiale angs. Meisies toon 'n groter mate van sosiale angs en dié wat sosiale angs openbaar is ook minder populêr. Sosiale angs is egter nie totaal by seuns afwesig nie. Die afleiding kan gemaak word dat sosiale angs op 'n gedifferensieerde wyse die sosiale persepsies en interaksies van seuns en meisies beïnvloed.

### 2.3.4.3 Vriendskappe

Schneider, Rubin en Ledingham (1985:43) onderskei sewe funksies wat aan vriendskap en portuurgroepverhoudings gekoppel kan word. Uiteraard hou hierdie sewe funksies met portuurgroepaanvaarding verband.

- ***Affeksie***

Die behoefte aan liefde en affeksie bestaan by die mens deur sy hele lewensiklus, maar is uitsonderlik sterk gedurende die kinderjare. Affektiewe bande in portuurgroepverhoudings is veral sterk in pre-adolessente en adolessente vriendskappe. Tydens hierdie stadium van ontwikkeling van die adolessent is daar 'n duidelike verskil tussen "om iemand lief te hê" en "om van iemand te hou". Die afwesigheid van 'n sterk affektiewe band kan lei tot 'n gevoel van emosionele eensaamheid. Adolessente sonder hegte vriende sal waarskynlik hierdie gevoelens van emosionele eensaamheid intenser ervaar as dié wat 'n uitgebreide vriendekring het bestaande uit lede wat "van hulle hou".

- ***Intimiteit***

Soos in die geval van volwassenes, het adolessente 'n behoefte om geheime en persoonlike sake met hegte vriende te deel. Adolessente kan ook persoonlike inligting oor hulself met hul portuurgroep deel. Die vlak van openheid sal egter minder intiem wees as wat die geval is met hegte vriende. Die ervaring van 'n vriend wat in vertroue

geneem kan word, stimuleer gevoelens van wedersydse vertroue, aanvaarding en begrip.

- ***Vertroue en alliansie***

Lojaliteit en die voortgesette beskikbaarheid van vriende, soos ervaar deur die adolessent, is hier van belang. Hegte vriende vereis groter lojaliteit en beskikbaarheid aan mekaar as wat gewone lede in die portuurgroep van mekaar vereis. Lojaliteit en beskikbaarheid stimuleer gevoelens van sekuriteit; 'n gebrek daaraan kan gevoelens van angs en kwesbaarheid tot gevolg hê. Die ervaring van getrouheid tussen vriende laat die adolessent die waarde van onderlinge lojaliteit besef. Terselfdertyd behoort eie strewes plek te maak vir die behoeftes van vriende. Omdat tieners in die algemeen meer op vriende staatmaak as op die portuurgroep, kan die verlies van 'n vriend 'n groter impak hê as in die geval van 'n gewone portuurgroeplid.

- ***Versorgingsaspek***

Die versorgingsaspek verwys na vertroosting of hulp aan ander. Hulp en ondersteuning aan ander tieners kan 'n gevoel van bruikbaarheid en eiewaarde by die individu stimuleer (Newcomb, Brady & Hartup 1979:878).

- ***Kameraadskap***

Kameraadskap of sosiale integrasie dui daarop dat aktiwiteite onderling gedeel word. Hegte vriende is dikwels kamerade terwyl 'n verskeidenheid kameraadskappe in die portuurgroep aanwesig kan wees. Newcomb *et al* (1979:878) stel dit dat kameraadskap kenmerkend meer positiewe en sosiale reaksies ontlont as wat die geval is by ander verhoudings (bv. wanneer 'n taak gemeenskaplik aangepak word, sal vriende meer gesels en kommentaar lewer as wat kennisse sou doen).

- ***Versterking van eiewaarde***

Versterking van eiewaarde stimuleer 'n gevoel van trots en selfaanvaarding. Kinders se eiewaarde word beïnvloed deur die kwaliteit van hegte vriendskappe en ander portuurgroepverhoudings. Terugvoering wat van vriende ontvang word, versterk die eiewaarde in hoër mate as terugvoering van die portuurgroep (Hartup 1983:103).

- ***Gevoel van aanvaarding***

Hier word verwys na 'n gevoel van ingeslotenheid en aanvaarding - dat die individu tot 'n groep behoort wat groter is as hyself. Die groep is nou belangriker, en om deel te wees van so 'n groep ondersteun die individu se eiewaarde. Dit is belangrik dat die individu 'n gevoel kry dat hy deel is van 'n klub, groep, of portuurgroep want dit bevorder 'n gevoel van insluiting. Groepe verskaf ook geleenthede om nuwe verhoudings te stig (Hartup 1983:103).

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat daar 'n sterk verband tussen vriendskap en portuurgroepverhoudings bestaan en dat genoemde aspekte verhoudings en portuurgroepaanvaarding in hoë mate beïnvloed. Adolessente word emosioneel negatief beïnvloed indien portuurgroepverhoudings ontbreek. Lojaliteit tussen vriende onderling, en beskikbaarheid vir mekaar dien vir die individu as 'n bron van sekuriteit. Vriende en kennisse kan vir die individu van hulp wees en waar die individu hulp en ondersteuning aan die portuurgroep en vriende bied, verleen dit aan hom 'n gevoel van eiewaarde.

### 2.3.4.4 Fisieke voorkoms

Met die aanbreek van adolessensie begin die onvermydelike fisieke veranderinge plaasvind. Dit verklaar daarom ook waarom adolessente soveel waarde aan hul fisieke voorkoms heg - 'n voorkoms waarmee hulle moet saamleef. Krantz (1987:723) se navorsing toon dat die gevolge van fisieke aantreklikheid vir meisies heelwat meer inhou as vir seuns. Dit wil ook voorkom asof daar 'n sterker verband bestaan tussen fisiese aantreklikheid en selfbeeld by dogters, as wat die geval is by seuns. Dit verklaar ook die verhoogde selfbewustheid wat algemeen is by die jong adolessent, veral dogters (Simmons & Rosenberg 1975:229). Dogters in die ouderdomsgroep 14 tot 15 jaar toon 'n beduidende afname in hulle selfbeeld. Dít kom op 'n tyd waar hulle baie begaan is oor gewildheid en sosiale aanvaarding en heelwat minder begaan is oor akademiese prestasie (Rosenberg & Simmons 1975:147). Meisies begin ook op die

stadium meer krities raak oor hulle eie voorkoms - juis omdat voorkoms so 'n prominente plek in hulle lewe inneem.

Aantreklike individue is in meer positiewe (goeie gedrag) sosiale portuurgroepverhoudings betrokke. Hierdie leerlinge beleef minder aggressiewe onderonsies met hul klasmaats as wat die geval met minder aantreklike persone is (Spence 1987:347). Fisiek aantreklike adolessente is ook meer betrokke in vaste verhoudings as hul minder aantreklike maats (Chess, Thomas & Cameron 1976:689).

In skole waar daar nie 'n voorgeskrewe skooluniform bestaan nie, is die keuse van 'n skooluitrusting problematies. Leerlinge ervaar druk om die "regte" klere skool toe aan te trek. Die behoefte om aan 'n groep te behoort is hoog en leerlinge is van mening dat 'n persoon se kleredrag 'n bepalende rol speel by aanvaarding deur die groep. Nuwe klere waaroor 'n negatiewe opmerking deur 'n groeplid gemaak word, beland in die hangkas. Verder wil leerlinge nie in die "verkeerde" klerewinkel opgemerk word nie. Hoewel soos Rosenberg (1989:17) dit stel, die vermoë om 'n goeie vriend te wees niks te doen het met die klere wat die persoon dra nie, is die beheptheid met klere en voorkoms tipies van adolessent wees.

Gesprekke en argumente met ouers oor nuwe klere vind veral tydens adolessensie plaas. Rosenberg (1989:19) doen heelwat voorstelle aan die hand hoe hierdie aspek hanteer kan word. Van belang egter vir hierdie studie is dat ouers die realiteite van portuurgroepdruk moet besef. Die belangrikheid van die versoek (ten opsigte van die aankoop van 'n bepaalde kledingstuk) behoort in perspektief gesien te word omdat dit tog die moeite werd kan wees indien dit 'n kind beter oor homself kan laat voel - veral as die kind onseker van homself is en dit dalk net kan veroorsaak dat die vertroue wat ontbreek, weer gevind sal word.

### 2.3.4.5 Die invloed van selfbeeld op sosiale aanvaarding

Kinders se portuurgroepverhoudings lewer 'n unieke bydrae tot hul sosiale en emosionele ontwikkeling. Die konstrukte portuurgroepaanvaarding en vriendskap is twee aspekte van portuurgroepverhoudings wat baie intensief bestudeer is. Daar word aanvaar dat beide hierdie aspekte 'n belangrike rol in die samestelling en ontwikkeling van die selfbeeld speel (Bukowski & Hoza 1989:15).

Sullivan (1953:94) het reeds dekades gelede bevind dat intieme vriendskappe adolessente se gevoel van eiewaarde ondersteun. Adolessente se swak selfbeeld kan hul vermoë om hegte en ondersteunende vriendskappe te stig, benadeel. Waar adolessente se frekwensie van interaksie met vriende hoog is, sal hulle selfbeeld ook hoër wees (Larson & Richards 1991:284). Adolessente met meer stabiele vriendskappe blyk meer aanpasbaar te wees. Adolessente wat in hegte en meer ondersteunende vriendskappe betrokke is beskik oor 'n meer stabiele selfbeeld (Berndt, *et al* 1986:1284).

Bishop en Inderbitzen (1995:485) se navorsing toon dat leerlinge wat in ten minste een wederkerige vriendskap betrokke is, 'n beduidende hoër selfbeeldtelling behaal het as leerlinge wat nie in so vriendskap betrokke is nie. Tellings van portuurgroepaanvaarding en van vriendskapsbetrokkenheid is gebruik om die graad van selfbeeld te bepaal. Die resultate toon verder dat vriendskapstellings die beste voorspeller vir selfbeeld was. Kinders wat nie vriende het nie is dus meer geneig om 'n lae selfbeeld te hê, terwyl swak aanvaarde kinders wat ten minste een wederkerige vriend het, hierdie vriendskap as buffer gebruik teen die negatiewe effekte van swak portuurgroepaanvaarding.

Adolessente word negatief beïnvloed as 'n positiewe portuurgroepverhouding ontbreek. Lojale vriende dien as 'n bron van sekuriteit en verhoog die gevoel van eiewaarde. Die afleiding kan gemaak word dat adolessente wat nie vriende het nie, meer geneig is om 'n lae selfbeeld te hê. By dogters word eiewaarde (selfbeeld) voorts in 'n groot mate geassosieer met fisieke aantreklikheid. Dít lei tot 'n verhoogde selfbewustheid by dogters.

Portuurgroepnorme kan dus adolessente positief of negatief beïnvloed ten opsigte van sosiaal aanvaarbare gedrag want die versterking van die selfbeeld hou verband met konformering met die groep se waardes. Dit is ook belangrik om te beklemtoon dat adolessente se sosiale persepsies oor hulself, hul interpersoonlike gedrag beïnvloed.

### 2.3.5 ETNISITEIT EN DIE INVLOED WAT DIT UITOEFEN OP PORTUURGROEPVERHOUDINGE

Heelwat artikels is gepubliseer wat handel oor etnisiteit en portuurgroepverhoudings in die VSA (Afrika-Amerikaners, Spanjaarde, Meksikane) asook Griekse Sipriote in Londen. Min navorsing oor etnisiteit en portuurgroepverhoudings in Suid-Afrika is egter beskikbaar. Vervolgens word daar kortliks 'n oorsig gegee oor die sosiale aanpassing en portuurgroepverhoudings van etniese minderhede (veral Afrika-Amerikaners in die VSA). Hierdie leerlinge se akademiese aanpassing en die rol wat dit in portuurgroepverhoudings speel, word ook bespreek.

Sosiale aanpasbaarheid en akademiese prestasie kan meehelp om 'n adolessent se aanpassing by 'n andersoortige omgewing te vergemaklik. Die akademiese prestasies van Afrika-Amerikaanse adolessente hang egter nie slegs af van hul akademiese ingesteldheid (intellektuele vermoëns, aspirasies, prestasiemotivering, en persoonlike en sosiale identiteit) nie, maar ook van die sosiale stand van die skool en die beskikbare ondersteuningsdienste. Indien sosiale interaksies egter negatief deur die adolessent ervaar word, kan die skool 'n negatiewe omgewing wees wat remmend op die leerling inwerk. Sommige Afrika-Amerikaners in oorwegend wit skole in die VSA ervaar volgens navorsing in dié verband ernstige rolkonflik (Clark 1991:41). Soos in paragraaf 3.3.3.2 reeds bespreek is, het Fordham (1988:54) bevind dat Afrika-Amerikaanse leerlinge wat akademies goed presteer, die blanke hoofstroom se gedrag en waardes aanvaar het. Hierdie leerlinge word deur hul portuurgroep beskuldig van "acting White" (sien paragraaf 3.3.3.2). Volgens Fordham (1988:54) sal swart studente eerder onderpresteer as om deur hulle portuurgroep geëttiketteer te word as "brainiacs".

Ander Afrika-Amerikaners wat rassisme ervaar, leer effektiewe wyses aan om dit te hanteer en ontwikkel sodoende 'n bikulturele identiteit. Dié leerlinge word sosiaal aanvaar in die hoofstroom van die gemeenskap, doen goed op skool, en handhaaf steeds 'n sterk identifikasie met hul kultuurgroep. Bikulturele leerlinge is aktief in beide kulture, handhaaf interaksie in beide kulture, en openbaar gedrag wat hulle toelaat om aan te pas by die verskeidenheid omgewingseise (Clark 1991:41).

Volgens Ogbu (1988:11) beskou Afrika-Amerikaners hulself as uitgeworpe minderhede wat oorspronklik na die VSA gebring is as slawe, wat diskriminerende behandeling ontvang het, en sedertdien 'n lank gekoesterde wantroue jeens blankes ervaar, asook 'n afkeer het in die diskriminerende gedrag van blankes. Obgu het verder bevind dat Afrika-Amerikaners weens hierdie persepsies oor blanke Amerikaners hulself nie met die hoofstroom se sosiale identiteit kan identifiseer nie. Selfs akademiese sukses word geassosieer met die blanke kultuur. Sommige Afrika-Amerikaanse adolessente het 'n baie lae selfbeeld en voel uitgesluit uit sowel portuurgroepe van hul eie rasgroep as dié van die hoofstroomgemeenskap. Boonop word daar van hierdie leerlinge verwag om sosiale gedragswyses aan te leer waarvoor hulle nog nie gereed is nie. Die skool vereis 'n hoë graad van hoofstroomsosialisering van sy leerlinge wat nie voorsiening maak vir die onderliggende Afrika-Amerikaanse kultuur nie. Hierdie adolessente moet hoofstroomvaardighede baas raak en kontak behou met hul eie kultuur.

Volgens Graham, Barker en Wapner (1985:1146) is 'n vriendekring vir die Afrika-Amerikaanse adolessent die belangrikste determinant wat hul aanpassing in oorwegend wit skole verseker. Afrika-Amerikaanse adolessente met rasgemengde vriendskappe op hoërskool het beter akademiese uitslae behaal en het ook beter sosiaal aangepas as hul Afrika-Amerikaanse medeskoliere wat slegs bevriend was met leerlinge van hul eie ras. Braddock,Crain en McPartland (1984:259) is van mening dat Afrika-Amerikaners wat rasgemengde skole bygewoon het en daarna aan oorwegend Blanke kolleges gestudeer het, meer geneig was om in rasgemengde firmas werk te kry. Die individue het ook positiewe gevoelens jeens hul blanke medekollegas gekoester, het blanke vriende gehad en het gewoon in gemengde woonbuurtes.

Min ondersoeke wat etnisiteit ondersoek is tot dusver onder adolessente gedoen om die invloed van ouers en portuurgroepe te ondersoek. Newcomb en Bentler (1983:83) het 'n ondersoek geloods ten opsigte van die gebruik van sterk drank, sigarette en dwelmmiddels. Vier etniese adolessente-groepe: Afrika-Amerikaners, Blankes, Asiërs en Spanjaarde sowel as hul ouers is in die ondersoek betrek. Die groepe se gebruik van bier en wyn, sterk drank, dagga en verdowingsmiddels is nagevors en daar is bevind dat die Afrika-Amerikaners die minste deur hul portuurgroep beïnvloed word. Blankes en Spanjaarde het in Hu, Flay, Hedeker en Siddequi (1995:2041) se ondersoek uitgestaan as die groep wat die meeste sigarette gebruik. Afrika-Amerikaners het die minste gerook en het ook die minste vriende gehad wat as rokers geïdentifiseer was alhoewel die grootste getal ouers by hulle wel rokers was. Spanjaarde en Asiërs se ouers het die minste gerook. Dit blyk dus dat Afrika-Amerikaners, ongeag van die feit dat sommige 'n selfbeeldprobleem het, hulle steeds nie na sigarette wend om aanvaarbaarheid by hul portuurgroep te bewerkstellig nie.

Vriende het die funksie dat hulle geleentheid bied vir sosiale interaksie, dat hulle kulturele oordrag bevorder en mekaar se selfbeeld help vorm. Volgens Berscheid en Walster (1983:324) beïnvloed karaktereienskappe, houdings, persoonlikheid, en akademiese vermoëns, adolessente vriendskappe. Afrika-Amerikaners en Blanke adolessente verkies oor die algemeen vriende uit dieselfde rasgroep. Hierdie tendens word versterk in die hoërskool as gevolg van studierigtings, klasindelings, romanses en ander aktiwiteite. Patchen (1982:23) het bevind dat vriendskappe met blanke portuurgroepe die akademiese standaarde van die Afrika-Amerikaanse adolessente positief beïnvloed het, wat 'n verdere bewys is dat hierdie sosialisering 'n gunstige uitwerking op Afrika-Amerikaners kan hê.

Navorsing oor rasgemengde skole in Suid-Afrika ontbreek maar uit die navorsing in die VSA kan afgelei word dat Afrika-Amerikaanse leerlinge wat akademies goed presteer in die blanke skole, ook die hoofstroom se gedrag en waardes aanvaar het. Dié leerlinge word sosiaal in die hoofstroom aanvaar maar ondervind teenkanting uit die geledere van hul mede Afrika-Amerikaners. Om aanvaar te word in die Afrika-

Amerikaanse portuurgroep is hul enigste uitweg om 'n sogenaamde bikulturele identiteit aan te neem. Die Afrika-Amerikaanse adolessent wat oor rasgemengde vriendskappe beskik, is deurgaans sosiaal beter aangepas.

## 2.4 PORTUURGROEPDRUK

In hierdie gedeelte wat oor portuurgroepdruk handel, sal dit raadsaam wees om te fokus op spesifieke komponente van groepdruk soos die oorsake van groepdruk en die belewing van groepdruk. 'n Ander belangrike aspek van portuurgroepdruk is die adolessent se strewe na konformiteit en word benewens die oorsake en belewing kortliks bespreek. Laastens sal die verband tussen portuurgroepdruk en delinkwente gedrag ontleed word.

### 2.4.1 DIE OORSAKE VAN PORTUURGROEPDRUK

Portuurgroepdruk impliseer normaalweg verandering. Die individu moet sekere gedragsaanpassings maak om vir die groep meer aanvaarbaar te wees. Lau, Quadrel en Hartman (1990:241) maak gebruik van die "windows of vulnerabilty"-model om te beklemtoon dat ouerbeïnvloeding deurgaans die kind se lewe plaasvind (tensy die kind tydens kritieke tye in sy lewe blootgestel word aan sosiale modelle waarvan die oortuigings en gedrag drasties van dié van sy ouers verskil). Adolessensie word dan uitgesonder as een van hierdie "periods of vulnerability".

Die "Containment Theory", soos onder andere beskryf deur Reckless (1961:42), stel dit dat 'n samevloeiing van sosiologiese en sielkundige aspekte gedrag kan beïnvloed. Gedrag kan beïnvloed word deur omstandighede soos gebrekkige gesinsbande, swak vordering op skool, en woongebiede waar delinkwensie algemeen voorkom.

Volgens Clasen & Brown (1985:451) toon adolessente aan dat hulle druk ervaar in vyf gedragsareas:

- ***Sosiale aktiwiteite van die portuurgroep***
- ***Skoolaktiwiteite (akademies en buitekurrikulêr)***
- ***Gesinsbetrokkenheid***
- ***Onderwerping aan die groepsnorme (bv kleredrag, haarstyle, musikale voorkeure)***
- ***Delinkwente gedrag (bv die gebruik van alkohol en dwelms - ook diefstal en vandalisme).***

Friedman, Lichtenstein en Biglan (1985:2) beskou portuurgroepdruk as primêr sosiaal van aard, terwyl Krohn, Skinner, Massey en Akers (1985:455) dit as normatiewe beïnvloeding sien. Genoemde faktore kan ook as oorsake vir groepdruk voorgehou word.

Sosiale druk deur die portuurgroep wat aanleiding gee tot antisosiale gedrag kom veral in die negende graad voor waarna 'n afname waargeneem kan word. Die afname in anti-sosiale gedrag word veroorsaak deur die volwassewordingsproses waartydens outonomiteit en selfverwesenliking ontwikkel. Dit impliseer dat onvolwassenheid in der waarheid as oorsaak vir die ervaring van groepdruk geïdentifiseer kan word. In die tydperk ná middeladolessensie heers 'n atmosfeer van wedersydse respek tussen die portuurgroep en die adolessent self, en is laasgenoemde meer geneë om die ander se standpunt te verdra. Die portuurgroep se invloed vervang dan ook mettertyd ouerinvloede - veral op sosiale terrein. Die normatiewe komponent van die adolessent se gedrag word grootliks bepaal deur wat ander van hom dink. Dit beïnvloed ook die wyse waarop die adolessent optree.

Die konsep van normatiewe beïnvloeding is gebaseer op Ajzen en Fishbein (1970:466) se Gedragsintensiemodel (Behavioral Intention Model). In hierdie model word die intensie om betrokke te raak by spesifieke gedrag gesien as die beste aanduiding van die tipe gedrag wat verwag kan word. Die model beklemtoon twee komponente: die houding teenoor die gedrag en die normatiewe invloed van ander persone. Die normatiewe komponent behels die individu se oortuigings van wat ander van hom dink, wat ander van sy optrede dink, sowel as sy motivering daartoe (Wentzel & Erdley

### 2.4.2 BELEWING VAN GROEPDRUK

Omdat adolessente blootgestel is aan groepdruk, is dit sinvol om van dié groep self te verneem hoe hulle hierdie druk in die praktyk beleef. Brown, Clasen en Eicher (1986:525) het in hulle ondersoek oor adolessente se belewing van groepdruk, hoërskoolleerlinge gevra om 'n ranglys saam te stel van die tipe druk wat hulle van hul vriende ervaar. Drie afleidings kan uit die leerlinge se respons gemaak word:

- ***Groepdruk is multidimensioneel***

Adolessente het gerapporteer dat druk uit hul portuurgroep op 'n verskeidenheid areas in hul lewens uitgeoefen word en dat druk nie net met antisosiale gedrag, (waarop volwassenes gewoonlik klem lê) te doen het nie. Sommige leerlinge het druk ervaar om dwelms te gebruik, ander weer om hard te studeer en om nie betrokke te raak in delinkwente aktiwiteite nie.

- ***Groepdruk word in verskillende (soms teenoorgestelde) rigtings uitgeoefen***

Sommige leerlinge het druk ervaar om dwelms te gebruik, ander weer om hard te studeer en om nie betrokke te raak in delinkwente aktiwiteite nie. Groepdruk kan positiewe gedrag bewerkstellig. Aanvaarbare gedrag is deur 'n groot groep uitgesonder as die mees prominente aspek van druk wat hulle van die groep ervaar. Druk om iets beter te doen as die volgende persoon het verassende hoë punte behaal sowel as druk om 'n skoolloopbaan te voltooi. Groepdruk kan van so aard wees dat die adolessent dit as 'n krag ervaar wat hom aanspoor om sterker, meer volwasse en meer na buite op te tree.

- ***Groepdruk word verskillend ervaar deur adolessente van verskillende ouderdomme***

Die aard van die betrokke portuurgroep speel ook 'n bepalende rol. Ouer adolessente ervaar minder druk om betrokke te wees by die gesin, meer druk rakende skoolbetrokkenheid en baie druk ten opsigte van delinkwente gedrag (seks en drankgebruik).

Dit blyk dus dat groepdruk sowel positief as negatief kan wees en as sodanig deur die adolessente ervaar word. Groepdruk word ook verskillend beleef deur die verskillende ouderdomsgroepe. Hierdie verskille tussen die ouderdomsgroepe dui daarop dat groepdruk veral die ouer adolessent tot meer volwasse optrede kan aanspoor.

### 2.4.3 PORTUURGROEPDRUK EN KONFORMITEIT

Konformiteit verwys na die soort eendersheid of gelykvormigheid wat ontwikkel wanneer 'n persoon toegee aan werklike of waarneembare groepdruk om soos ander te wees. Dit kan 'n verandering in die individu se gedrag of waarde-oordeel meebring (Burger 1987:28).

#### 2.4.3.1 Vlakke van konformiteit

Verskillende stadiums in die ontwikkeling van die mens kan vanaf geboorte tot volwassenheid onderskei word. Op ongeveer twaalfjarige ouderdom ontwikkel 'n mens die vermoë om abstrak te dink en wetenskaplike eksperimente uit te voer. Hierdie ouderdom word ook gekenmerk deur 'n verdieping in die mens se geloofsbelewing. Sterk ouerbande van die verlede begin effens verslap terwyl maats belangriker begin raak. Die vriendekring is nou baie belangrik en daar word ingeskakel by 'n groep wat bestaan uit verskillende maats met verskillende agtergronde, persoonlikhede en idees met betrekking tot aspekte van die lewe. Een belangrike gevolg van inskakeling by so 'n groep is konformering met die groep. Volgens Burger (1987:288) kan konformering op verskillende wyses tot uiting kom :

- ***Onderworpenheid***

Dit kom voor wanneer die adolessent homself aan groepdruk oorgee om straf te vermy. Daar word nie noodwendig saamgestem met wat die groep doen nie, maar daar word tog opgetree soos wat die groep verlang. Die individu wil aanvaar word en ander moet met hom beïndruk wees. Hierdie onderworpenheid is dikwels gekoppel aan die

selfbeeld van 'n persoon tesame met die begeerte om homself te sien as 'n aangename en hulpvaardige persoon.

- ***Identifikasie***

Die adolessent identifiseer homself met die groep omdat die groep sekere eienskappe, kwaliteite en houdings het wat hom aantrek.

- ***Internalisering***

Hierdie term verwys na die oortuiging by 'n individu dat die groep korrek optree. Om hierdie rede word die voorkeure en opinies van die groep aangeneem.

#### 2.4.3.2 Faktore wat konformiteit beïnvloed

Burger (1987:28) onderskei vier faktore wat konformiteit beïnvloed:

- ***Aantrekkingskrag***

Die adolessent konformeer nie met die waardevoorkeure en gedragseise van enige groep nie, maar eerder met daardie groep waarmee hy wil identifiseer en waarby hy betrokke wil wees. Wanneer 'n groep as 'n sogenaamde verwysingsgroep aangeneem is, kan die individu onder druk verkeer om die groep se norme en standaarde te aanvaar.

- ***Die grootte van die groep***

'n Groep bestaan selde uit meer as vier lede.

- ***Vertroue***

Hoe meer vertroue die individu in die groeplede stel, hoe minder vertroue het die individu in homself en in sy eie standpunte en hoe makliker sal hy konformeer. Indien die individu die groep waaraan hy behoort as onfeilbaar beskou, sal hy sterker met die groep konformeer, veral met die groep wat dieselfde uitgangspunte as hyself huldig.

- ***Selfvertroue***

Hoe minder selfvertroue die individu het, hoe moeiliker raak dit om 'n mening binne die groep te gee, en hoe makliker konformeer hy.

Volgens Morelock (1980:539), blyk dit dat daar drie aspekte is wat in gedagte gehou moet word in 'n studie van portuurgroepdruk en konformiteit by adolessente se gedrag:

- Die eerste aspek behels die identifisering van 'n persoonstipe wat maklik deur die gedrag en opinies van ander beïnvloed word. Die onderliggende teorie is dat konformiteit, of die weerstand teen druk, 'n persoonlike eienskap is.

- 'n Tweede aspek van belang behels situasies wat konformiteit vererger of verminder omdat dit blyk dat konformiteit eerder bepaal word deur die gesitueerdheid van die persoon.

- 'n Derde aspek wat in ag geneem moet word is die interaksie tussen persone en hul omstandighede. Dit blyk so uniek te wees dat die soeke na 'n algemene tendens by die persoon of die situasie baie moeilik is.

#### 2.4.3.3 Die adolessent se strewe na konformiteit weens portuurgroepdruk

Portuurgroepdruk en die individu se strewe na konformiteit hou noú verband met mekaar. Groepdruk by adolessente is netso sterk as die behoefte om deur die groep aanvaar te word. Groepdruk raak adolessente se sosiale gedrag, hulle voor- en afkeure en hul persoonlike besluite betreffende hul eie waardesisteem. Groepdruk het egter nie net negatiewe invloede op die portuurgroep nie. Wenar (1990:61) het in sy navorsing bevind dat portuurgroepdruk ook oor positiewe elemente kan beskik. Druk kan byvoorbeeld deur die portuurgroep op die adolessent toegepas word om akademies te presteer.

Die portuurgroep dien as die adolessent se brug na die toekoms - dit voorsien 'n mate van geborgenheid wat uiters belangrik is in die oorgangstyd van kindwees na volwassenheid. Konformiteit tot die groep se gedrag, kleresmaak, musieksmaak én taalgebruik, dra daartoe by dat die adolessent makliker aanvaar word deur die portuurgroep. Konformiteit verskaf uitdaging sowel as beskerming en dra by tot die adolessent se identiteitsvorming, veral waar hy hom in 'n tussenstadium tussen kindwees en volwassenheid bevind. Omdat sosiale aanvaarbaarheid vir die adolessent van deurslaggewende belang is, is dit verstaanbaar dat hy sal konformeer met die eise van die groep.

Konformiteit beskik egter oor duidelike negatiewe ondertone. Die negatiewe aspekte van portuurgroepdruk manifesteer onder meer in die oormatige regiditeit en eise om te konformeer wat aan die adolessent gestel word. Wenar (1990:61) meld dat portuurgroepdruk 'n baie belangrike rol speel by adolessente se delinkwente gedrag en dwelmmisbruik. Wanneer aanvaarding en status by die portuurgroep deur die adolessent verabsoluteer word, kan dit daartoe lei dat die adolessent nie 'n verantwoordelike eie keuse ten opsigte van delinkwente gedrag kan maak nie. Die adolessent swig voor die druk van die portuurgroep en beland dikwels op hierdie wyse in aktiwiteite wat kenmerkend is van delinkwente gedrag.

Volgens Hurlock (1992:231) wil dit voorkom asof die adolessent se strewe na aanvaarding en goedkeuring netso kragtig is as die biologiese behoefte wat by die mens bestaan. Die onvermoë om aan hierdie behoeftes te voldoen, lei tot 'n emosionele wanbalans. Indien daar nie wettiglik aan die betrokke behoefte voldoen kan word nie, kan ander onwettige wyses soos bendelidmaatskap oorweeg word. In hierdie konteks is gedrag, soos dit in 'n groep voorkom, verskillend indien dit vergelyk word met die gedrag van individue alleen. Dit wil ook voorkom asof die vrees om uitgeskuif te word deur die groep, die adolessent kan noop om enigiets te doen. Konformering met die groep se gedrag blyk dus 'n gerieflike alternatief te wees om aanvaarding tot die portuurgroep te verseker.

### 2.4.4 DIE INVLOED VAN PORTUURGROEPDRUK OP VRIENDE WAT DELINKWENTE GEDRAG OPENBAAR

Die term "delinkwensie" word gedefinieer as 'n patroon van "onwettige gedrag deur minderjariges" en kom daarop neer dat die adolessent gesagsfigure opponeer (Shaw 1983:889). Daar is bevind dat delinkwente kinders groter konflik en minder kohesie in hul gesinne ervaar in teenstelling met nie-delinkwente kinders. Hierdie konflik is egter nie beperk tot die gesinstruktuur alleen nie, maar kring wyd uit na vriendskappe. By delinkwente adolessente is daar in hulle vriendekring meer konflik as by nie-delinkwente adolessente (Simons, Whitbeck & Conger 1991:645). In dié verband het Claes en Simard (1992:287) bevind dat delinkwente adolessente se vriendskappe slegs 2.5 jaar duur teenoor nie-delinkwente adolessente se vriendskappe wat 3.17 jaar duur. Die aanname word soms gemaak dat delinkwente adolessente, vanweë hul konfliksituasie en gebrekkige emosionele ondersteuning tuis, uitreik na die portuurgroep. Dit blyk egter dat daar weinig verskil is tussen die emosionele klimaat van die gesin en die klimaat van die portuurgroep. Die delinkwente adolessent vind dus nie werklik emosionele heenkome in sy portuurgroep nie.

Die individu gee toe aan groepdruk wanneer hy beloning (guns) van lede in die groep of die groep in geheel ontvang. Terwyl daar enersyds die moontlikheid van 'n beloning bestaan, is daar ook 'n persepsie by die individu dat die portuurgroep (enkele lede of die hele groep) by magte is om straf uit te deel (afknouery of spot) (Connor 1994:209). Navorsing wat deur Brownfield en Thompson (1991:45) onderneem is, toon dat die mate van betrokkenheid van die portuurgroep by oortredings, ooreengestem het met die lede se selferkende frekwensie van delinkwente gedrag. Betrokkenheid by groepe (bendes) wat delinkwente gedrag openbaar, kan die strewe reflekteer om aanvaar te word in die groep en om groepstatus te verseker. Om dus skuldig te wees aan delinkwente gedrag is in werklikheid 'n behoefte om sosiaal aanvaar te word, eerder as om anti-sosiaal op te tree.

Ten slotte kan die invloed van portuurgroepdruk op delinkwente gedrag by adolessente nie beskryf word sonder om aandag te gee aan die treffende verskille tussen seuns en dogters nie. Pearl *et al* (1990:43) het bevind dat dogters oor die algemeen minder geneig is tot delinkwente gedrag as seuns. Dogters is ook minder geneig om toe te gee aan portuurgroepdruk. Dogters se voorspelling van die gevolge van hulle delinkwente gedrag was meer negatief. Dit blyk ook dat dogters wat delinkwente gedrag openbaar (selfs nie-delinkwente dogters) méér skuld oor hul gedrag ervaar as seuns. Die besluit om nie deel te neem aan delinkwente gedrag nie was vir seuns sowel as vir dogters ewe moeilik. Dogters was meer as seuns oortuig dat vriendskappe en portuurgroep-aanvaarding negatief beïnvloed sou word indien hulle nie meedoen aan delinkwente aktiwiteite nie. Dogters het ook meer gebruik gemaak van verduidelikings wat morele en regsgronde as uitgangspunt gehad het as seuns. Delinkwente dogters plaas 'n hoë premie op lojaliteit, vertroulikheid en geheimhouding. Hierdie aspekte was ook vir die delinkwente seuns belangrik, maar hou spesifiek verband met hul delinkwente aktiwiteite (Marcus 1996:145). Normale adolessente seuns se sosialisering is van so aard dat hulle nie graag intimiteit met hul maats wys nie. In teenstelling hiermee blyk die teenoorgestelde waar te wees by delinkwente seuns.

Portuurgroepdruk by die adolessent speel 'n belangrike rol by die neem van risiko's, die rookgewoonte, en by die gebruik van drank en dwelmmiddels. Vervolgens word elkeen van hierdie aspekte ondersoek.

#### 2.4.4.1 Portuurgroepdruk en risiko's

Benthin, Slovic en Seversen (1993:165) het in 'n studie oor risiko's bevind dat adolessente bereid is om risiko's te neem om goedkeuring of aanvaarding deur die portuurgroep te bewerkstellig. Voorbeelde van aktiwiteite wat deur die adolessente as hoërisiko-situasies uitgewys is, is ryloop en die gebruik van kokaïen of LSD. Jessor en Jessor (1975:27) is van mening dat adolessente wat hulle verbind tot hoërisiko-aktiwiteite groot ondersteuning van hul portuurgroep ontvang. Baumrind (1987:93) wys daarop dat die adolessent se betrokkenheid by riskante gedrag 'n verskeidenheid

voordele inhou wat wissel van die verkryging van sosiale volwassenheid tot die verkryging van 'n eie identiteit. Sommige adolessente gryp risiko-aktiwiteite aan om op so 'n wyse doelwitte te bereik wat andersins nie moontlik sou wees nie (bv die verkryging van onafhanklikheid jeens ouerbeheer) (Jessor 1984:69). Biglan, Wendler en Wirt (1990:245) het bevind dat adolessente wat hul skuldig maak aan een vorm van gedrag met 'n risiko (die rook van sigarette), in alle waarskynlikheid ook betrokke sal raak in 'n volgende risikoverbonde gedragswyse (die rook van dagga of drankmisbruik).

### 2.4.4.2 Portuurgroepdruk en die rookgewoonte

Navorsing deur Flay, Hu en Siddiqui (1983:21) toon dat die invloed van die portuurgroep die enkele grootste rede is vir adolessente se rookgewoonte. Jessor & Jessor (1975:34) meld ook dat adolessente wat sigarette rook, in vergelyking met die ander adolessente, eerder sterk drank sal gebruik en seksueel aktief sal wees. Wanneer die graad en geslag van adolessente wat maklik beïnvloedbaar is deur hul portuurgroep in aanmerking geneem word wil dit voorkom of seuns in graad agt meer as in die ander grade ten opsigte van rook deur hul portuurgroep te beïnvloed (Urberg, Cheng & Shyu 1991:25).

Waldron Lye en Brandon (1991:66) beweer dat die assosiasie tussen vriende wat rook sterker is by dogters as by seuns. Hierdie bevindinge suggereer dat meisies meer ontvanklik is vir sosiale beïnvloeding as wat by seuns die geval is. 'n Ander hipotese is dat dogters meer portuurgroep-georiënteer is as seuns, wat daartoe lei dat dogters 'n hoër vlak van blootstelling aan sosiale invloede ervaar as seuns. Dogters spandeer ook meer tyd in die geselskap van die teenoorgestelde geslag en is meer by sosiale aktiwiteite betrokke, soos dans en jeugklubs. Hu, Flay, Hedeker en Siddiqui (1995:2041) se ondersoek het getoon dat dogters wat rook meer vriende kan aantoon wat óók rook, as wat by die seuns die geval is.

Programme is geloods om adolessente sosiale vaardighede te laat bemeester wat hulle in staat sal stel om nie toe te gee aan druk om te rook nie (Flay *et al* 1983:97). Die

resultaat van die programme toon dat 'n groot groep adolessente rokers nie wil ophou rook nie (onder andere as gevolg van portuurgroepdruk). Volgens Urberg en Shyu (1990:248) het adolessente rokers in 'n ander ondersoek laat blyk dat hul portuurgroep nie druk op hulle uitgeoefen het om ook te rook nie. Sy bevindinge toon dat die portuurgroep ook nie maats onderling ontmoedig om te rook nie. Evans (1982:11) se navorsing oor die adolessente se persepsies van hul vriende wat rook dui daarop dat hulle (die adolessente) deurgaans die aantal rokers sowel as die omvang van die rookgewoontes onder die adolessentegroep, hul beste vriende, sowel as onder volwassenes oorskat.

Die invloed van die groep is van deurslaggewende belang by adolessente wat begin rook. Urberg *et al* (1991:21) meld dat adolessente meer waarskynlik in die rookgewoonte verval wanneer 'n groot deel van die portuurgroep rokers is - eerder as deur die invloed van 'n enkele maat. Dit is insiggewend dat daar wel nie-rokers in 'n groep teenwoordig kan wees. Navorsingsresultate van Aloise-Young, Graham en Hansen (1994:284) toon dat adolesente nie-rokers wat deel is van 'n groep rokers, minder geneig is om te begin rook as adolessente wat nie deel is van 'n groep nie maar wie se beste vriende reeds rokers is. Urberg en Shyu (1990:253) se navorsing aangaande adolessenterokers toon aan dat daar 'n onwilligheid by adolessente bestaan om te erken dat daar druk op hulle uitgeoefen word om te rook. Dit lei daartoe dat navorsingsgegewens in dié verband onbetroubaar is.

Sosiale druk soos geïdentifiseer deur Friedman *et al* (1985:2) blyk heterogeen van aard te wees. In 'n analise van die aanvanklike rookervaring by 'n groep adolessente is bevind dat sosiale druk vir 30% van rookinsidente verantwoordelik was. Van hierdie 30% was die navolg van 'n voorbeeld verantwoordelik vir 'n kwart van die insidente en die adolessent se motivering dat rook vir hulle noodsaaklik is om deur die groep aanvaar te word, verantwoordelik vir nog 'n kwart van die gevalle. Die oorblywende persentasie het begin rook as gevolg van druk deur tergery en verkleinering.

Die gebruik van een gewoontevormende middel lei dikwels tot die gebruik van meer van hierdie middels. Adolessente begin normaalweg met die gebruik van sigarette en

alkohol en gaan dan voort met dagga, depressante en stimulante (Botvin 1986:369) (Vergelyk ook paragraaf 2.4.4.1).

Opsommenderwys kan beweer word dat portuurgroepdruk die enkele grootste rede vir adolessente se rookgewoontes blyk te wees. Dit wil voorkom of dogters meer ontvanklik is vir sosiale druk. Adolessente kan egter maklik in die rookgewoonte verval indien 'n groot groep van die betrokke portuurgroep wel rokers is.

Vervolgens word die invloed van die portuurgroep ten opsigte van drankmisbruik en ander gewoontevormende middels onder adolessente ondersoek.

#### 2.4.4.3 Die verband tussen portuurgroepdruk en die gebruik van drank en dwelmmiddels by adolessente

Alkohol en dwelmgebruik, en die verslawing daaraan, is van die mees ernstige probleme wat adolessente vandag in die gesig staar. Omdat alkohol en dwelmgebruik so 'n omvattende impak op die lewens van adolessente en hul latere volwasse lewe het, is dit belangrik om die invloed wat groepdruk daarop het, te ondersoek. Alkohol en dwelms beïnvloed direk waarneming, oordeel, gemoedstoestand en interpersoonlike verhoudinge. Die gebruik van alkohol en dwelms deur adolessente beïnvloed ook die verwerwing van sosiale vaardighede en interpersoonlike verhoudings. Adolessente wat verslaaf is aan alkohol en dwelmmiddels word dikwels uit die hoofstroom verwyder. Hierdie jongmense word dan verhoed om deel te hê aan normale aktiwiteite van adolessente. Dit sluit aktiwiteite in soos die maak van afsprake met dogters, die vorming van vriendskapsgroepe en die deelname aan verenigings en aktiwiteite wat sosiale volwassenheid bewerkstellig (Kandel, Raveis & Davies 1991:289). Newcomb en Bentler (1989:242) merk in dié verband op dat adolessente dwelmgebruikers wie se kognitiewe en interpersoonlike vaardighede verswak is, swak toegerus is om stresvolle gebeure te hanteer.

Ouers en die portuurgroep se houding jeens die gebruik van verdowingsmiddels het 'n beduidende invloed op die adolessent se gebruik van genoemde middels. Die ouers en die portuurgroeplede se reaksie wissel na gelang van die ontwikkelingstadium van die adolesssent, en die verskillende stadiums van gebruik van verdowingsmiddels. Ouers en portuurgroepe oefen dieselfde negatiewe invloed uit op adolessente wat alkohol gebruik, terwyl die portuurgroep die dominante negatiewe invloed uitoefen by die gebruik van dagga (Chassin, Presson & Sherman 1986:327). Burnside, Baer en McLaughlin (1986:274) se omvattende ondersoek onder graad sewe en graad tien leerlinge toon dat daar 'n beduidende korrelasie bestaan tussen die ouers se alkoholgebruik en dié van hul kinders. Die studie toon aan dat adolessente uit gebroke huise (enkelouers of stiefouers) heelwat meer drank gebruik as hul maats in normale gesinne.

Die feit dat groepdruk onder portuurgroepe voorkom veroorsaak dat sosiale probleme (soos drank- of tabakgebruik, en ander vorme van dwelmmiddels wat gebruik word) dikwels verklaar word as voortspruitend uit genoemde druk. Die mate van beïnvloeding deur leerlinge, vriende, en hegte vriende bly egter moeilik bepaalbaar. Morgan en Grube (1991:160) voer aan dat sosiale invloede bepaal kan word deur die graad van die vriendskap. Reid (1989:140) het bevind dat die portuurgroep hul ingesteldheid jeens die gebruik van dwelmmiddels oorgedra het op die individuele lede van die groep. Die moontlikheid om by dwelmgebruikers betrokke te raak, verminder in gevalle waar die adolessent 'n goeie verhouding met sy ouers het, sowel as hegte vriende wat dwelmgebruik afkeur.

Die negatiewe invloed van die portuurgroep op die adolessent met betrekking tot dwelmverslawing en die gepaardgaande antisosiale en kriminele gedragspatrone, word dikwels in resente literatuur bespreek. Navorsing dui telkens daarop dat portuurgroepdruk in die sosiale ontwikkelingspatroon van die adolessent nie geïgnoreer kan word nie (Naginey & Swisher 1990:80). Adolessente wat alkohol en dwelms misbruik, het in alle waarskynlikheid vriende wat ook misbruikers is. In sulke gevalle word wedersydse goedkeuring vir hul optrede gevind en wedersydse druk kan uitgeoefen word om voort te gaan met die betrokke misbruik. Daarom is dit belangrik

om hierdie adolessente wat maklik voor groepdruk swig, vroegtydig te identifiseer. Adolessente behoort gunstig te reageer indien daar met hulle bemoeienis gemaak word om hulle met hul onderskeie probleme te help. Ongelukkig is dit egter so dat baie adolessente wat verwys word vir behandeling die terapeute se pogings in die wiele probeer ry en dan ook nie verder aanmeld vir dié tipe behandeling nie. Sommige adolessente beskou hierdie behandeling as 'n grap en probeer hul betrokkenheid in sulke programme vir die portuurgroep wegsteek omdat hulle daaroor skaam is (Raniseski en Sigelman 1992:185).

Dupre, Millar en Gold (1995:367) het in die VSA 'n ondersoek geloods deur telefonies data te versamel onder adolessente wat kokaïen gebruik. Dit blyk dat hierdie adolessente ook van alkohol en ander dwelmmiddels gebruik maak. By 55% van die deelnemers was alkohol of dwelms vir hulle die eerste keer aangebied deur 'n vriend. Redes wat aangevoer word vir die gebruik van die middels was dat dit "cool" is (30%), "pret" (19%), "al die ander doen dit" (9%), as gevolg van groepdruk (16%), nuuskierigheid (5%) terwyl 13% nie redes kon verskaf vir hul optrede nie. Slegs 25% van die deelnemers het gewerk vir die geld waarmee drank en dwelms aangekoop is terwyl 47% van gesteelde geld gebruik gemaak het. Die afleiding kan hier gemaak word dat die adolessente ter sprake bereid is om in ander hoërisiko-aktiwiteite betrokke te raak benewens hul alkohol- en dwelmmisbruik. (Vergelyk paragraaf 2.4.4.1). Dupre *et al* (1995:367) is van mening dat die adolessente wat redes aangevoer het soos "almal doen dit" en "groepdruk" só opgetree het as gevolg van 'n lae selfbeeld, depressie of ander psigologiese faktore. Johnston, O'Malley en Bachman (1986:26) het bevind dat adolessente op die eenvoudige "waarom"-vraag (hulle by dwelms betrokke geraak het) deurgaans die antwoord gegee het dat hulle 'n lekker tyd saam met hul vriende wou deurbring.

Gedurende die adolessensiejare beweeg die adolessent uit sy beskermde omgewing van die ouerhuis na 'n meer riskante, maar ook meer gewaardeerde interaksie met sy portuurgroep. Die portuurgroepinteraksie is aan die een kant 'n gesonde verwikkeling, maar aan die ander kant kan dit die welsyn van die adolessent bedreig (Pruit, Kingery & Mirzaee 1991:9).

## 2.5 SAMEVATTING

Adolessente is onder die invloed van hul portuurgroep veral kwesbaar. In hul strewe om deur die groep aanvaar te word, kan hulle konformeer tot delinkwente gedrag. Alhoewel groepdruk maar net een van baie oorsake is vir delinkwente gedrag, is dit egter 'n logiese afleiding dat die meeste adolessente op die een of ander stadium gekonfronteer gaan word met druk deur die portuurgroep om riskant op te tree. Omdat die individu voortdurend gedragsaanpassings moet maak om aanvaarbaar te wees vir die groep, kan die afleiding gemaak word dat groepdruk verandering teweegbring. Uit die literatuurstudie blyk dit dat die vernaamste faktore wat portuurgroepvorming beïnvloed soos volg saamgevat kan word.

- ***Ouers*** - 'n Tydelike afnemende intimiteit in die adolessent-ouerverhouding word bespeur. Die adolessent toon ook 'n afname in die tyd wat hy aan sy ouers afstaan.

- ***Geslag*** - In vergelyking met seuns is dogters baie meer sensitief en emosioneel ingestel ten opsigte van vriendskappe. Dogters streef na intense vriendskappe teenoor seuns wat met oppervlakkige vriendskappe tevrede is.

- ***Klas*** - Elke klas in 'n skool ontwikkel 'n eie groepkohesie met 'n eie kultuur, waarde- en normesisteem en gedragsnome.

- ***Prestasie*** - By die portuurgroep waar prestasiemotivering onder lede ontbreek sal dit waarskynlik lei tot 'n afname in prestasiemotivering by die adolessent. Die teendeel is egter ook waar. Die portuurgroep kan ook positiewe druk op die lede uitoefen om te presteer. Aanvaarding deur die portuurgroep en die verkryging van status is egter vir sommige adolessente meer belangrik as om akademies te presteer.

- ***Sosiale aanvaarding*** - Die adolessent openbaar voortdurend 'n strewe om op sosiale gebied meer aanvaarbaar te wees. Kinders wat min geleenthede gehad het om deel te wees van 'n positiewe portuurgroep, neig om op skool nie volgens vermoë te presteer nie. Sukses op die een of ander terrein dra by tot populariteit. Adolessente wat populêr is beskik egter nie sonder meer oor baie vriendskappe nie; hulle vorm groepe na aanleiding van hul gemeenskaplike agtergrond en belangstellings. Sosio-ekonomiese klasse bepaal skynbaar nie in 'n hoë mate die aanvaarbaarheid van die adolessent in 'n portuurgroep nie. Die graad van gewildheid en bekendheid is die laagste by swak presterende leerlinge.

- ***Sosiale isolasie*** - Sosiale angs en portuurgroepaanvaarding beïnvloed mekaar wedersyds. Adolessente wat sosiale isolasie ervaar, ervaar ook sosiale angs en beskik oor minder sosiale vaardighede. Gewoonlik verwag hulle om sosiaal nie goed aan te pas nie. Sosiale angs differensieer tussen seuns en dogters in dié opsig dat dogters eerder angs sal ervaar as seuns. In die geheel gesien word adolessente effektief negatief beïnvloed deur gebrekkige portuurgroepverhoudings. Dít beïnvloed ook hul eiewaarde op 'n negatiewe wyse.

- ***Selfbeeld*** - Adolessente wat hegte vriendskappe sluit en makliker deur die portuurgroep aanvaar word, ervaar groter stabiliteit ten opsigte van hul selfbeeld. Vriendskapsbetrokkenheid en portuurgroep-aanvaarding blyk positiewe ondersteuning vir die adolessent se selfbeeld te wees en die risiko om sosiale aanpassingsprobleme te ervaar, is skraal.

In 'n ondersoek oor portuurgroepdruk sal dit belangrik wees om die wisselwerking tussen groepdruk, selfkonsep, die adolessent se relasie met maats en ander mense, die ouer-kindverhouding, en die waardes van die adolessent na te vors. Bogenoemde veranderlikes behoort verband te hou met groepdruk tydens adolessensie asook die wyse waarop die adolessent groepdruk hanteer. Om uiteindelik adolessente te identifiseer wat groepdruk moeilik hanteer, kan bogenoemde veranderlikes van hulp wees en sal dit nodig wees om 'n meetinstrument te gebruik wat primêr op die identifisering van hierdie adolessente van toepassing is.

# HOOFSTUK 3

# ONTWIKKELINGSASPEKTE TYDENS ADOLESSENSIE

## 3.1 INLEIDING

Adolessensie is 'n tydperk wat begrens word deur die middel-kinderjare aan die een kant en die jong volwasse-jare aan die ander kant. Ontwikkelings gedurende die middel-kinderjare met betrekking tot sosialisering, kognitiewe veranderings, persoonlikheid, emosionaliteit, moraliteit en religieusiteit, berei individue voor vir veranderinge wat tydens adolessensie gaan plaasvind. Die beperkings van die kinderjare word in die adolessentejare omgeskakel na uitdagings vir die toekoms. Adolessensie is die stadium wat Nielsen (1987:5) beskryf as "the awkward age when a child is too old to say something cute and too young to say something sensible".

Dit is veral nodig dat volwassenes en die gemeenskap waarin die adolessent hom bevind begrip het vir die turbulente tye wat die adolessensiejare vir die adolessent inhou. Bykans al die verskillende ontwikkelingstake waaraan die adolessent onderwerp word, kan sy selfbeeld beïnvloed. Selfbeeld beïnvloed die adolessent se optrede op ingrypende wyse omdat hy voortdurend daarvan bewus is dat sy portuurgroep sy optrede evalueer en monitor. Die adolessent moet dus, benewens sy eie oortuiginge, in 'n mindere of meerdere mate voortdurend die opinie van sy portuurgroep in ag neem wanneer hy sy eie optrede evalueer.

Die tema van hierdie ondersoek is die identifisering van adolessente wat groepdruk moeilik hanteer. Dit is daarom nodig om vas te stel hoe die verskillende ontwikkelingstake van adolessensie met portuurgroepvorming verband hou. In hierdie hoofstuk sal daar vervolgens aandag gegee word aan die algemene kenmerke van

ontwikkeling tydens adolessensie en die moontlike implikasies daarvan op portuurgroepvorming en groepdruk.

## 3.2 BEGRIPSVERKLARING

### 3.2.1 ADOLESSENSIE

Die woord "adolessent" is ontleen van die Latynse woord "adolescere" wat "om te groei" of "groei tot volwassenheid" beteken. Adolessensie kan omskryf word as die tydperk waartydens 'n individu fisiologies en psigologies van 'n kind na 'n volwassene groei (Rice 1992:69).

Schelton (1983:2) haal 'n definisie van adolessensie aan uit die American Psychiatric Association se "Psychiatric Glossary" wat die periode soos volg definieer:

> *Adolessensie is 'n chronologiese tydperk wat begin met fisieke en emosionele prosesse. Hierdie prosesse loop uit op seksuele en psigososiale volwassenheid en eindig in 'n swak gedefinieerde tydperk waar die individu vir homself onafhanklikheid en sosiale produktiwiteit verkry het. Hierdie tydperk word gekenmerk deur fisieke, psigologiese en sosiale veranderinge.*

Adolessensie is 'n stadium van versnelde fisiese, psigologiese en kognitiewe ontwikkeling. Dit is ook 'n stadium wat nuwe en veranderende sosiale eise aan die adolessent stel. In hul pogings om aan al die sosiale eise te voldoen, word adolessensie deur verskeie tipes gedrag gekenmerk naamlik: opstandigheid; veranderinge in gemoedstoestand; benoudheid; angs; onvoorspelbare denke; die aanwend van oordrewe verdedigingsmeganismes om angs te hanteer; en impulsiwiteit. By volwassenes sou hierdie gedrag as psigologiese wanbalanse tipeer gewees het (Conger 1991:19).

Volgens Dacey (1986:31-32) is die adolessent enige persoon, gewoonlik tussen die ouderdom van elf en negentien, by wie die soeke na persoonlike identiteit reeds 'n aanvang geneem het. In hierdie proses word die filosofiese-, psigologiese-, sosiale- en fisieke terreine ondersoek. Die adolessent toets 'n verskeidenheid selfbeelde en gedragsvorme - aanvaar sommiges en verwerp ander. Alvorens die einde van adolessensie aanbreek moet daar die een of ander vorm van selfaanvaarding by die adolessent wees. Hierdie selfaanvaarding gee aanleiding tot die aanvaarding van ander individue waaruit interne verhoudings ontwikkel.

Abbott (in Dacey 1986:32) beskou adolessensie as 'n tydperk van vinnige persoonlike ontwikkeling wat 'n aanvang neem met puberteit (kyk 3.2.2) en eindig met volwassenheid (kyk 3.2.4) ('n fase waartydens die meeste mense in 'n beroep staan, en in 'n relatief permanente verhouding betrokke is met 'n ander persoon). Geleerdes stem nie saam wanneer dié tydperk begin en wanneer dit eindig nie. Die oorgang van een fase na 'n ander is geleidelik en wissel van persoon tot persoon (Rice 1992:70). Die einde van adolessensie en die begin van volwassenheid is moeilik om aan te dui aangesien dit van 'n kombinasie van verskeie faktore afhang. Vier tipes volwassenheid word onderskei:

- ***Kognitiewe volwassenheid*** - wanneer die persoon in staat is tot abstrakte denke.
- ***Sosiale volwassenheid*** - wanneer 'n persoon selfonderhoudend is.
- ***Wetlike volwassenheid*** - wanneer 'n persoon stemgeregtig is of 'n bestuurslisensie mag bekom (18 jaar) en wanneer hy sonder toestemming mag trou en kontrakte mag aangaan (21 jaar).
- ***Psigologiese volwassenheid*** - wanneer die persoon sy eie identiteit verwerf het en wanneer hy sy norme in algemeen aanvaarbare waardes geïnternaliseer het. (Dit is ook duidelik dat sommige persone nooit volwasse word nie, ongeag hul ouderdom).

Met betrekking tot groepdruk behoort kognitief volwasse adolessente rasioneel beter toegerus te wees om portuurgroepdruk te hanteer. In die adolessent se strewe na sosiale en psigologiese volwassenheid, beweeg hy op 'n terrein waar groepdruk aktief is. Die adolessent oorweeg verskeie gedragsvorme teen die agtergrond van wat die groep se opinie in die verband sal wees.

### 3.2.2 PUBERTEIT

Puberteit is nie sinoniem met adolessensie nie omdat adolessensie álle fases van rypwording omvat en nie slegs die seksuele faset nie. Dié fase neem 'n aanvang wanneer die individu seksuele rypwording beleef. Puberteit word gekenmerk deur die teenwoordigheid van sterk "Oedipal" gevoelens in die onderbewussyn ('n stadium waartydens kinders fisieke belangstelling toon en liefde en toenadering begin soek by 'n ouer van die teenoorgestelde geslag. Seuns is in hierdie stadium meer geneig om na dogters uit te reik wat hul onbewustelik aan hul moeders herinner (Freud, in Dacey 1986:15)).

Puberteit duur normaalweg ongeveer vier jaar en kan as 'n oorvleuelingsperiode beskou word aangesien die eerste twee jaar daarvan die liggaam voorberei vir reproduksie en die oorblywende twee jaar gebruik word vir voltooiing van die proses. In 'n breër perspektief, en vir die doeleindes van hierdie studie word puberteit beskou as die tydperk van fisiese veranderinge wat verband hou met seksuele volwassenheid. Die eerste gedeelte van puberteit oorvleuel met die kinderjare en adolessensie, en die laaste deel is gelyklopend met die res van die adolessente jare (Louw 1990:222).

### 3.2.3 JEUGDIGE

Dié term word normaalweg in die werklike sin gebruik vir iemand wat nie in die oë van die gereg of wet as volwassene beskou kan word nie. Die term lei egter tot verwarring in sommige lande. In sommige state van die VSA mag jeugdiges eers op 21 jarige

ouderdom alkoholiese drank aankoop, op 18-jarige ouderdom sonder toestemming van hul ouers trou en op 16-jarige ouderdom die huis wettig verlaat.

Omdat daar skynbaar wêreldwyd geen vasgestelde ouderdom bestaan vir wetlike volwassenheid nie, sal die term "jeugdige" vir die doeleindes van hierdie studie tot verwarring lei. Die term sal dus vermy word en daar sal van die term "adolossent" gebruik gemaak word.

### 3.2.4 VOLWASSENHEID

Volwassenheid kan omskryf word as die stadium wanneer 'n persoon fisiek, emosioneel, sosiaal, kognitief en geestelik op 'n gevorderde vlak ontwikkel het. 'n Balans in genoemde ontwikkelingsaspekte word egter nie altyd bereik nie. 'n Persoon kan byvoorbeeld fisiek volwasse wees maar nie emosioneel volwasse nie. Daar is ook individue wat intellektueel volwasse is maar wat nog nie ten volle geestelik en moreel ontwikkel het nie (Rice 1992:70, Louw 1990:230).

## 3.3 ONTWIKKELINGSASPEKTE TYDENS ADOLESSENSIE

### 3.3.1 INLEIDING

Adolessensie word gekenmerk as 'n tydperk waartydens dramatiese fisiologiese en psigologiese veranderings intree. Volgens Hurlock (1992:223) is alle tydperke in die mens se lewensiklus belangrik. Sommiges is belangriker as ander omdat dit 'n onmiddellike effek uitoefen op houdings en gedrag; ander is van belang vanweë hul langtermyn invloede. Adolessensie is een van dié tydperke waar sowel die onmiddellike as die langtermyn invloede van belang is. Tanner (in Hurlock 1992:223) is van mening dat:

> *For the majority of young persons, the years from twelve to sixteen are the most eventful ones of their lives so far as their growth and development is concerned. Admittedly, during fetal life and the first year or two after birth developments occurred still faster, and a sympathetic environment was probably even more crucial, but the subject himself was not the fascinated, charmed, or horrified spectator that watches the developments, or lack of developments, of adolescence.*

Die adolessent beleef in sy ontwikkeling 'n fase van onduidelik gekwalifiseerde individuele status en onsekerheid oor die rol wat hy moet speel. Die adolessent is nóg volwassene nóg kind. Tree hy soos 'n kind op, word hy aangesê om "volgens sy ouderdom op te tree". As hy volwasse probeer optree, word hy beskou as "te groot vir sy skoene". Dit is juis vanweë sy "misplaastheid" dat die adolessent in hierdie ontwikkelingsfase hoofsaaklik by sy portuurgroep aanklank vind.

Adolessensie word gekenmerk as 'n sogenaamde "probleemfase". In sy kinderjare word die meeste van die kind se probleme opgelos deur die tussenkoms van ouers en onderwysers. Die adolossent toon 'n onvermoë om self probleme suksesvol op te los en hy wend hom in hierdie verband toenemend na die portuurgroep vir hulp. Hy kry nou te doen met probleme wat in aard en omvang meer kompleks is as wat hy ooit verwag het. Hierdie probleme lê veral op die volgende terreine :

- verhoogde emosionaliteit - vrees, bekommernis, angs en woede
- seksuele volwassenheid - heteroseksuele verhoudings ontstaan en 'n sterk begeerte na goedkeuring deur die teenoorgestelde geslag ten opsigte van sy eie gedrag word openbaar
- fisiologiese veranderings - lei tot psigologiese veranderings

- belangstellings en sosiale rolle - belangstellings word gewysig om by die veranderde sosiale rolle te pas (heteroseksuele verhoudings word belangrik - soms ten koste van vroeëre verhoudings met maats van dieselfde geslag). Belangstellings ontwikkel om by die nuwe sosiale rolle te pas

- waardes - dit wat belangrik was in hul kinderdae ('n groot groep maats) maak nou plek vir 'n meer volwasse uitgangspunt ('n vriend wat respek afdwing in hul portuurgroep)

- onafhanklikheid - laasgenoemde word gepropageer maar daar word terselfdertyd weggeskram van die verantwoordelikhede wat dit meebring (Tanner, in Hurlock 1992:223 & Louw 1990:226).

Psigologiese probleme, waaronder die soeke na 'n eie identiteit, is aspekte wat deurlopend teenwoordig is in bogenoemde probleemareas. Gedurende die ontwikkeling van die adolessent is die fokus sterk op die vraag: "Wie is ek?" Om 'n bevredigende antwoord op dié vraag te verskaf, moet die adolessent die fisiologiese veranderinge wat in hom plaasvind verstaan. Die adolessent moet sowel sy eksterne omgewing definieer as sy eie rol binne daardie omgewing. Die adolessent moet ook sy eie persoonlike standpunt ten opsigte van die waardes van die gemeenskap formuleer - alleen dan is die aanvaarding van verantwoordelikheid vir sy eie gedrag moontlik. Indien die adolessent oor genoegsame en realistiese selfkennis beskik, sal hy groter insig in homself toon (Louw 1990:225 & Bester 1985:68). Die ouers van die adolessent is prominente rolspelers in die adolessent se soeke na identiteit. Positiewe en fasiliterende interaksies met ouers lei gewoonlik tot positiewe identiteit (Mussen, Conger, Kagan & Geiwitz 1979:51). Die portuurgroep is ook 'n rolspeler by die verwerwing van 'n eie identiteit by die adolessent. In 'n stadium van moeilike besluite en keuses is die portuurgroep se ondersteuning van groot belang vir identiteitsvorming. Die rol van die portuurgroep in identiteitsvorming word nog belangriker wanneer die adolessent voel dat sy gesinslede hom nie meer verstaan nie of wanneer hy poog om meer onafhanklik van sy ouers te word. Wanneer die portuurgroep 'n meer prominente

rol in die lewe van die adolessent begin vertolk, word die identiteitsvorming van die adolessent noodwendig beïnvloed (Louw 1990:226).

Fisieke en liggaamsveranderinge is belangrike terreine van verandering waarmee die adolessent gekonfronteer word. Hierdie terreine word vervolgens bespreek.

### 3.3.2 FISIEKE ONTWIKKELING

#### 3.3.2.1 Fisieke veranderinge

Gedurende adolessensie vind ingrypende biologiese veranderinge plaas wat onvermydelik, onomkeerbaar en dramaties van aard is. Dit sluit in vinnige toename in lengte en gewig, 'n verandering in liggaamlike proporsies, die ontwikkeling van sekondêre seksuele eienskappe, rypwording van reproduktiewe vermoëns en verdere groei en differensiasie van kognitiewe vermoëns. Die biologiese veranderinge en die jongmens se strewe om daarby aan te pas onderskei adolessensie van die ander stadiums in die ontwikkeling van die mens (Conger 1991:70).

In teenstelling met die biologiese veranderinge wat natuurlik voorkom, bepaal verskillende kulture sowel die duur van adolessensie as die aard (drasties of geleidelik) van die verandering waaraan die adolessent onderwerp word. Die tempo van geslagsrypwording verskil by verskillende persone, geslagte en kulture. Die kultuur van 'n gemeenskap vergemaklik of strem die jongmens se aanpassing ten opsigte van die biologiese veranderinge in die puberiteitsjare. Sommige gemeenskappe laat adolessente 'n inisiasieproses deurloop waarna volwassenheid eensklaps betree word. Adolessente wat op so 'n wyse volwasse verklaar is, mag huwelike sluit ongeag van hul geslags- of emosionele rypheid. Kultuur kan dus 'n ingrypende rol speel op emosionele, sosiale en biologiese terreine; dit kan enersyds as 'n uitdaging ervaar word en andersyds angs en verwarring tot gevolg hê. Biologiese veranderinge tydens adolessensie maak dit vir die jongmens moontlik, ongeag sy kultuur, om te voldoen aan eise van akademiese bekwaamheid, fisiese- en beroepsvaardighede, heteroseksuele verhoudings, binding in die eg en ouerskap (Conger 1991:70).

In die vroeëre stadium van adolessensie bereik die individu geslagtelike rypwording en die onderskeidende kenmerke van die volwasse liggaam (borste, baard, liggaamshare) tree na vore. Die opvallendste uiterlike veranderinge is dié ten opsigte van lengte, massa en liggaamsafmetings. Dit is dan ook hierdie liggaamsafmetings en ander fisiese veranderinge wat dikwels by adolessente aanleiding gee tot die persepsie dat hy die wêreld van die volwassene betree het. Dramatiese veranderings vind in feitlik elke liggaamsdeel plaas. Hierdie ontwikkeling is verskillend vir seuns en dogters. Die vernaamste fisieke veranderinge is soos volg:

*(a)* ***Fisieke veranderinge - seuns***

- Algemene versnelling van die groeitempo en van die geslagsorgane.
- Verandering (breek) van die stem - soms skaars opmerkbaar en soms dramaties.
- Baard en hare op skaamdele.
- Ongekontroleerde ereksie en spontane ejakulasie.
- Aknee en velprobleme.

*(b)* ***Fisieke veranderinge - dogters***

- Ontwikkeling van borste.
- Lengte- en gewigstoename.
- Verbreding van die heupe.
- Hare op skaamdele.
- Menstruasie.
- Aknee en velprobleme.

(Conger 1991:84; Hurlock 1992:228; Louw 1990:223)

### *(c) Fisieke veranderinge - seuns*

Die algemene versnelling in die groeitempo van die adolessent veroorsaak dat hy soms tot lompheid geneig is. Die verandering in die stem (soms skielik en dramaties) is vir die adolessent 'n bron van verleentheid. Die vermoë by seuns om in staat te wees tot 'n ereksie kan soms aanleiding gee tot trots, maar die onvermoë om spontane ejakulasie te beheer, gee aanleiding tot kommer. Spontane ejakulasie kan verwarring by seuns veroorsaak en tot onnodige vrese lei. Aknee en velprobleme tesame met 'n kombinasie van al die fisieke veranderinge by seuns lei soms tot selfbewustheid en 'n gebrek aan selfvertroue. In die meeste gevalle word genoemde aspekte oorkom nadat die fisieke veranderinge ten einde geloop het (Conger 1991:84).

### *(d) Die implikasies van fisieke veranderings by dogters*

Min adolessente dogters is tevrede met die veranderinge wat hul liggame tydens adolessensie ondergaan. Fisieke voorkoms sowel as seksuele identiteit blyk vir die adolessente dogter die mees bepalende faktor te wees vir suksesvolle sosiale interaksies. Kleredrag en kosmetiese middels kan van hulp wees om fisieke "gebreke" (onder andere aknee en velprobleme en liggaamsbou) te verberg. Al hierdie hulpmiddels is egter steeds nie 'n waarborg vir 'n beter selfbeeld nie (Hurlock 1992:228). Die ontwikkeling van borste is gewoonlik die eerste sigbare teken van fisieke veranderings wat by die dogter plaasvind en gaan aanvanklik gepaard met selfbewustheid. Menstruasie is vir die adolessente dogter vèèl meer as 'n verandering op die fisieke terrein. Dit is simbolies van haar toekomstige status as vrou. Navorsing het getoon dat die meeste adolessente dogters negatief reageer by 'n eerste gedagte aan menstruasie - 'n gevolg van 'n negatiewe houding deur ouers en vriende wat dit as 'n "lot" beskou of deur eufemismes beskryf word as 'n vloek wat op alle vroue rus. 'n Ander rede vir dié negatiwiteit kan gevind word in die gebrek aan voldoende voorbereiding deur die moeder. 'n Meer intieme ondersteunende gesins- en portuurgroepverhouding kan daartoe bydra dat die menstruasiesiklus makliker aanvaar en beleef word deur die adolessente dogter (Rice 1992:168). Houdings teenoor menstruasie word ook bepaal deur die ouderdom waarop dit 'n aanvang neem. Studies

van Brooks-Gunn (Conger 1991:92) het getoon dat daar 'n verband is tussen vroeë menstruasie en negatiewe persepsies. Dogters wat op 'n vroeë ouderdom menstrueer ervaar hulself as "abnormaal" terwyl dié wat gelyktydig met hul portuurgroep begin menstrueer verseker is van hul "normaliteit". Dogters ervaar hul menstruasie verskillend ten opsigte van die mate van ongerief wat dit teweegbring. Menstruasie kan gereeld en sonder baie pyn voorkom of ongereeld tesame met hoofpyn, krampe, naarheid en waterretensie. Hiermee saam kan irritasie, kortgebondenheid, depressiwiteit, fluktuasie in gemoedstoestand, huilerigheid ensovoorts ook ervaar word (Rice 1992:168; Hurlock 1992:228).

*(e)* ***Gevolgtrekking***

Die ontwikkeling van die geslagskenmerke by die adolessent asook die algemene fisieke veranderinge het 'n belangrike invloed op die selfbeeld van die adolessent. Fisieke veranderings tydens puberteit kan ook emosionele en sosiale veranderings tot gevolg hê (vergelyk par 3.3.4 en 3.3.5).

Dit blyk dat seuns en dogters se kommer jeens hul voorkoms toegeskryf kan word aan die groot rol wat fisieke aantreklikheid in verhoudinge speel. Adolessente besef dat fisiek aantreklike persone deur die samelewing anders behandel word as dié wat minder aantreklik is. Hulle is ook bewus van die belangrike rol wat fisieke aantreklikheid speel in die portuurgroep se keuse vir leierskap en dat aantreklike persone makliker toegang tot portuurgroepe verkry. As adolessente van mening is dat hulle nie aantreklik is nie, begin hulle met pogings om hul voorkoms te verbeter. Min adolessente is nie op een of ander stadium "voorkomsbewus" nie - sommige in so 'n mate dat hulle uitermate baie tyd spandeer om hul voorkoms te verbeter (Hurlock 1992:229). Adolessente met 'n gebrekkige selfbeeld vanweë hul voorkoms staan die gevaar om hulself sodanig sosiaal te onttrek dat hulle geïsoleer word. Diesulkes behoort maklik te swig voor portuurgroepdruk in 'n poging om guns en aanvaarding te bewerkstellig.

Vervolgens word die gevolge van die vroeë rypwordingsproses by seuns en dogters onderskeidelik bespreek.

#### 3.3.2.2 Die vroeë rypwordingsproses by adolessente dogters

Vroeg volwasse dogters neig om minder ingenome met hul voorkoms te wees, raak makliker gedisorganiseerd en gespanne, is meer rusteloos, meer buierig, kla makliker oor hulle omstandighede en is minder populêr by hul eie geslag (Rice 1992:194). Hierdie groep presteer meestal swakker op skool en in aanlegtoetse. Hulle ervaar meer dikwels gedragsprobleme op skool en beskik oor laer akademiese aspirasies. Ten spyte van bogenoemde eienskappe is hierdie dogters meer selfstandig, meer gewild by die teenoorgestelde geslag en meer geïnteresseerd om uit te gaan (Simmons, Blyth & Van Cleave 1979:948). Vroeg volwasse dogters neig om groter, swaarder en meer geset te wees as die meer petite laat ontwikkelaars (Crockett & Petersen 1987:173-188). In kontras is laat volwasse dogters meer selfversekerd, meer selfgeldend, meer aktief, meer populêr by hul portuurgroep, en meer tevrede met hul liggaamsvoorkoms. Hulle presteer akademies beter, openbaar minder gedragsprobleme op skool en beskik oor hoë akademiese aspirasies (Simmons, Blyth & McKenney 1983:229). Die afleiding kan gemaak word dat die vroeg volwasse dogter vanweë haar swakker sosiale gesitueerdheid makliker aan groepdruk sal toegee in ruil vir moontlike gunste van die portuurgroep.

Conger (1991:103) onderskei die volgende kenmerke by die vroeg volwasse dogters:

- Sy verwerf soms 'n ongunstige reputasie wat sinspeel op domheid vanweë liggaamsgrootte en vrypostigheid.
- Ander dogters beny haar vir haar volwasse voorkoms en kleredrag.
- Sy tree soms aggressief op teenoor seuns vanweë haar eie vroeë belangstelling om uit te gaan.
- Sosiale verwagtinge by ouer persone (veral lede van die teenoorgestelde geslag) kan te hoog wees vanweë haar volwasse voorkoms.

Die vroeg volwasse dogter leef ietwat geïsoleerd van haar portuurgroep weens die belangstelling wat lede van die teenoorgestelde geslag in haar toon. Die meer "volwasse" verhoudings ontneem die vroeg volwasse dogter van haar normale sosiale ontwikkeling in die seuns- en dogters-portuurgroep omdat sy in verhoudings betrokke raak waarvoor sy moontlik nie emosioneel ryp is nie. Die ouers van so 'n dogter is gewoonlik ook bekommerd omdat sy hoofsaaklik aandag trek as seksobjek en nie as persoon in totaliteit nie (Mussen, Conger & Kagan 1990 in Conger 1991:104).

Die vroeg volwasse dogter ervaar groepdruk uit twee oorde. Die meer volwasse lede van die teenoorgestelde geslag kan bepaalde eise aan haar stel vir inskakeling in hul betrokke portuurgroep. Die portuurgroep van haar ouderdoms- en emosionele vlak sal waarskynlik ook (ander) eise aan haar stel.

- ***Kenmerke van die dogter wat laat volwassenheid bereik***
  - Sy is gewild by haar portuurgroep - word telkens gekies as leier.
  - Sy voel soms gegrief omdat sy "soos 'n kind behandel word".
  - Vanweë haar gebrek aan sosiale en seksuele aggressiwiteit kom sy as "oulik" voor.
  - Sy is in pas met die seuns van haar ouderdom.
  - Sy worstel dikwels met die gedagte dat sy nie normaal is nie/nie normaal ontwikkel nie.
  - Sy vermy groot gemengde groepe seuns en dogters. Die grootste nadeel kom egter by dogters voor op die ouderdom van 17 jaar: hulle ervaar 'n tydelike verlies aan sosiale status vanweë hul fisieke onvolwassenheid (Rice 1992:194).

Dogters wat laat volwassenheid bereik, is gewild by hul portuurgroep: hulle sal dus nie noodwendig pogings hoef aan te wend om deur die groep aanvaar te word nie, en kan druk beter weerstaan.

### 3.3.2.3 Die vroeë rypwordingsproses by adolessente seuns

Puberteit breek nie vir adolessente op dieselfde tydstip aan nie; dit lei daartoe dat sommige seuns vroeër en ander later volwassenheid bereik. Seuns wat vroeg volwassenheid bereik, word skynbaar hierdeur bevoordeel. Hulle kom meer gereserveerd voor, lag makliker vir hulself, is meer selfversekerd en kan hulle makliker verbind tot sosiaal aanvaarbare gedrag. Hulle kan hulself ook makliker handhaaf weens hul meer volwasse fisieke voorkoms (Conger 1991:102).

Die uitstaande kenmerke van die vroeg volwasse seun kan soos volg saamgevat word:

- Hy verwerf 'n gunstige reputasie weens sy atletiese vermoëns.
- Hy word dikwels gekies vir leierskaprolle.
- Hy is gewild by dogters vanweë sy sosiale vaardighede en meer volwasse belangstellings.
- Hy openbaar baie selfvertroue en het 'n gunstige selfbeeld (die resultaat van gunstige sosiale behandeling) (Rice 1992:192).

Die afleiding kan gemaak word dat seuns wat vroeër volwassenheid bereik oor die algemeen meer gewild is en waarskynlik makliker by bestaande groepe sal inskakel. Weens hul gewildheid onder die portuurgroep, hoef hulle nie met die eise van die groep te konformeer om toegang te verkry nie.

Seuns wat later volwassenheid bereik, word dikwels meer soos kinders behandel, knoop moeilik verhoudings met dogters aan, is meer selfbewus, neig om rusteloos, oorangstig, impulsief, baasspelerig en aandagsoekend op te tree. Hulle bekommer hulself ook oor die vraag of hulle ooit fisiese en seksuele volwassenheid gaan bereik. Met enkele uitsonderings is die laat volwasse seuns gewoonlik ook minder geneig om as leiers uit te staan en is hulle ook minder gewild by hul portuurgroep.

- ***Kenmerke van die seun wat later seksuele volwassenheid bereik***
  - Hy word selde gekies in leierskaprolle.
  - Hy is selfbewus en skaam vanweë sy onderontwikkelde of klein liggaamsbou.
  - Weens sy sosiale ongesofistikeerdheid word hy deur dogters vermy of verwerp.
  - Die seun openbaar 'n afkeer in homself vanweë sy ongunstige sosiale verhoudings (Conger 1991:103).

Laatontwikkelaars oorkompenseer vir hul situasie deur té afhanklik van ander te raak of deur 'n oordrewe strewe na status en aandag (veral vanuit die portuurgroep). In hul strewe na aanvaarding en erkenning sal die laat ontwikkelaars makliker toegee aan groepdruk in 'n poging om guns by die groep te bewerkstellig en een van die groep te word.

#### 3.3.2.4 Die invloed van fisieke ontwikkeling op groepdruk tydens adolessensie

Portuurgroepe is normaalweg reeds grootliks gevestig wanneer liggaamsveranderinge by die adolessent intree en hoef dus daarom nie hersaamgestel te word wanneer lede fisiek verskillend ontwikkel nie. Met betrekking tot die tempo van ontwikkeling blyk dit dat adolessente oor die algemeen besef dat hulle 'n tydperk van veranderinge tegemoet gaan en dat, indien hulle nie so vinnig soos hul maats ontwikkel nie, hulle liggame wel een of ander tyd die nodige veranderinge sal ondergaan. Die vroeë en laat ontwikkelaar is egter sensitief vir die feit dat hy uit pas is met die res van die groep. Alhoewel fisieke ontwikkeling 'n private aangeleentheid is, blyk dit uit navorsing dat die ontwikkeling 'n gevoel van trots en volwassenheid (manlikheid en vroulikheid) by sommige adolessente tot gevolg het terwyl ander verras en/of verleë is en nie hul ontwikkeling (of gebrek daaraan) met hul maats of groepe bespreek nie.

Vroeg volwasse dogters sal vanweë hul ongunstige reputasie by hul portuurgroep in die algemeen, waarskynlik 'n groter poging as hul laat ontwikkelende maats moet aanwend om deur die groep aanvaar te word ('n poging wat noodgedwonge tot groter konformiteit tot die groep se eise kan lei). Dogters in hierdie situasie sal waarskynlik

makliker aan groepdruk toegee as hul laat ontwikkelende maats. Dogters wat vroeg volwasse is, ontwikkel nie gewone heteroseksuele verhoudings met hul portuurgroep nie omdat hulle baie gewild is by ouer seuns. Hierdie gewildheid kan bydra tot status onder 'n sekere deel van hul portuurgroep. Die gevaar bestaan egter dat die dogters slegs seksueel aantreklik gevind word; dit kan aanleiding gee tot gebrekkige sosiale ontwikkeling en groepsaanvaarding van so 'n dogter.

Seuns wat vroeër volwassenheid bereik, blyk die enigste groep te wees wat werklik bevoordeel word: hulle geniet oor die algemeen vanweë hul atletiese vermoëns 'n hoë status in die portuurgroep. Hul beter ontwikkelde sosiale vaardighede en wyer belangstellings kan ook bydra tot hul gewildheid (veral onder dogters). Hulle word dikwels deur hul portuurgroep in leierskaprolle verkies en ervaar dus minder druk.

Seuns wat later volwassenheid bereik, skakel moeiliker in by groepe omdat hulle onseker is oor hulself en oor min selfvertroue beskik. Hulle swakker sosiale vermoëns maak hulle uiteraard ook minder gewild by portuurgroepe. Laat ontwikkelde seuns kan dus meer geneig wees om aan portuurgroepdruk toe te gee. Hierdie seuns kan nie selfstandig genoeg optree nie en sal moontlik toegee aan groepdruk net om aanvaar te word.

### 3.3.3 KOGNITIEWE ONTWIKKELING

Adolessensie is 'n komplekse proses van groei en verandering. Fisieke en sosiale veranderinge is die fokus van baie navorsers. Veranderinge in die adolessent se denkstyl (kognitiewe vermoëns) geniet ook baie prominensie omdat die adolessent se denkvermoë nou die hoogste vlak bereik, naamlik dié van abstrakte denke (Dacey 1986:159, Louw 1990:228).

#### 3.3.3.1 Piaget se siening

Die werk van Jean Piaget geniet wye belangstelling in die opvoedkunde. Sy uitgangspunt met betrekking tot kognitiewe ontwikkeling is dat die kind se vermoë om

konsepte te gebruik nie alleen berus op dit wat vroeër aan die kind onderrig is nie, maar ook die mate waarin hy verstandelik ontwikkel het om die konsepte kognitief te kan hanteer.

Die disekwilibrium (wanbalans) is 'n belangrike aspek van Piaget se teorie. Dit is 'n staat van spanning en versteuring waarin die elemente van 'n persoon se wêreld blyk nie meer in te pas in die werklikheid wat hy geskep het nie. Hierdie wanbalans kan sy oorsprong hê in die omgewing self. Blootstelling aan nuwe ervarings, nuwe inligting en nuwe konsepte geskied terwyl die individu met aspekte gekonfronteer word wat nie meer in sy ou wêreld inpas nie. Hy word nou geforseer om sy persepsie van die realiteit te rekonstrueer. Piaget noem dié inskakeling van nuwe ervarings by bestaande ervarings *"adaptasie"*. Adaptasie vind plaas deur middel van twee komplimentêre prosesse, naamlik *assimilasie* en *akkommodasie.* Assimilasie vind plaas wanneer 'n nuwe ervaring by bestaande inligting geïnkorporeer word. Wanneer bestaande inligting egter aangepas moet word om voorsiening te maak vir ervarings wat nie by die betrokke inligting inpas nie, noem Piaget dit akkommodasie (Louw 1990:205).

Piaget (Conger 1991:140) onderskei vier stadiums in kognitiewe ontwikkeling, naamlik die sensories motoriese stadium (geboorte tot 18 maande), die pre-operasionele stadium (18 maande tot 7 jaar), die konkreet-operasionele stadium (7 tot 12 jaar) en die formeel-operasionele stadium (vanaf 12 jaar en ouer). Volgens Piaget begin die adolessent in die formeel-operasionele stadium 'n hele aantal belangrike vaardighede bemeester. Die mees basiese verandering is 'n klemverskuiwing van die werklike na die moontlike: van wat ís na wat kán wees. Die adolessent is dus in hierdie stadium in staat om 'n hipotetiese benadering te openbaar (Flavell 1985:98) en hy kan oorweging skenk aan 'n reeks alternatiewe hipoteses. Die formeel operasionele fase gaan vervolgens meer aandag geniet omdat dit die stadium is wat tydens adolessensie ter sprake is.

### 3.3.3.2 Die formeel operasionele stadium

Gedurende die vroeë puberteit (12 - 15 jaar) verskuif die denke van die konkrete na die abstrakte. Die adolessent begin vra na die sin van dinge. Hy stel belang en openbaar 'n weetgierigheid ten opsigte van 'n verskeidenheid aspekte. Die probleme wat die adolessent baasraak is kompleks van aard. Hy eksperimenteer graag met hipoteses wat hy self gevorm het. In hierdie stadium kan hy die resultate van sy eksperimente akkuraat waarneem en geldige afleidings maak. Die adolessent redeneer dus hipoteties en deduktief. Dié denke stel hom in staat om algemene reëls te formuleer. Die adolessent kan dus sistematies en wetenskaplik dink (Rice 1992:206 en Louw 1990:229).

Weens die kognitiewe veranderings begin die adolessent nou ook meer belangstel in die gemeenskap as geheel. Die adolessent dink nie nou net meer oor sy eie denke en gevoelens nie, maar ook oor die denke van ander persone. Die vermoë om ander persone se denke te verreken ten opsigte van sy eie verwysingsraamwerk, verteenwoordig 'n nuwe dimensie in die adolessent se denke. Die adolessent wil vry wees om self sy bestemming te bepaal. Sy nuwe manier van dink veroorsaak botsings met ouers en onderwysers; hy is nou meer krities ingestel teenoor gesag (hy aanvaar nie meer sonder meer gesag soos tydens sy kinderjare nie). Hy verwerp voorts almal en alles wat nie die toets van sy kritiese denke kan deurstaan nie. Omdat die adolessent leer om formeel te dink, dit wil sê om objektief oor sy eie gedagtes te redeneer en om 'n verskeidenheid alternatiewe as oplossing van 'n probleem te oorweeg, is hy nou vir die eerste keer in staat tot formeel-operasionele denke (Conger 1991:149).

### 3.3.3.3 Die implikasies van kognitiewe ontwikkeling vir groepdruk

Die adolessent wat oor die vermoë beskik om formeel operasioneel te dink is iemand wat kan onderskei tussen dit wat werklik en dit wat moontlik is. Hy is ondersoekend, verbeeldingryk en oorspronklik in sy denke; dit wat moontlik is domineer die werklikheid.

'n Adolessent wat op hierdie vlak dink en redeneer behoort nie net akademies goed te vaar nie maar behoort ook 'n gewilde en gerespekteerde lid van 'n portuurgroep te wees. Dit is ook moontlik dat hierdie adolessent as leier in 'n groep, groepdruk kan inisieer wat óf 'n positewe óf 'n negatiewe impak op die groep se aktiwiteite kan hê. Dit kan positief wees omdat hy alles beredeneer en die gevolge van optrede kan antisipeer. Dit kan ook negatief wees omdat sy oorspronklikheid en verbeeldingrykheid op negatiewe wyse in sy beïnvloeding van die groep aangewend kan word. Hierdie negatiewe invloed kan uitloop op delinkwente gedrag deur lede van die groep.

### 3.3.4 PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING

Namate die mens ouer word, vind daar voortdurend veranderinge plaas met betrekking tot sy fisieke voorkoms, intellektuele vermoëns, emosionele ervarings, emosionele reaksies asook die mate waarin selfstandige besluite geneem en daarvolgens gehandel word.

Belangstelling in die ontwikkeling van die kind is geensins 'n moderne verskynsel nie. Deur die eeue het filosowe, fisioloë en opvoedkundiges oor die kind en menslike ontwikkeling bespiegel en dit bestudeer. Van ongeveer die begin van hierdie eeu af het die psigologie van persoonlikheidsontwikkeling as 'n wetenskap tot stand gekom. Dit het tot gevolg gehad dat verskeie teoretiese modelle ontstaan het wat gepoog het om menslike gedrag en persoonlikheidsontwikkeling te verklaar. Persoonlikheidsteorieë het vanuit sekere teoretiese benaderings ontstaan. Hieronder tel die psigoanaliste, behavioriste, kognitiewe teorieë en die humanistiese mensbeskouing (Louw 1990:193). 'n Verteenwoordiger van elke benadering word vervolgens bespreek sodat die teoretiese hoofstrome van die persoonlikheidsteorië daarin duidelik blyk.

- ***Die behavioristiese benadering***

Die meeste behavioriste beskou die ervarings en die kennis en vermoëns wat deur die jare vanuit die omgewing opgedoen is, as van primêre belang by die opvoeding van die mens. Hierdie kennis word hoofsaaklik deur kondisionering, nabootsing en waarneming opgedoen. Behavioriste beskou menslike gedrag as die resultaat van omgewingsinvloede, die ervarings en leerprosesse wat deurgemaak is en die vermoë om hierdie ervarings te veralgemeen en in nuwe situasies toe te pas.

**Albert Bandura** se behavioristiese benadering word bespreek omdat sy leerbeginsels sterk op nabootsing van modelle steun. Die portuurgroep kan dien as model en sal waarskynlik in 'n hoë mate die individu se optrede beïnvloed.

- ***Die psigoanalitiese benadering***

Sigmund Freud, wat as die vader van die psigoanalise beskou kan word, se siening is in 'n sin netso deterministies soos díe van die behavioriste. Anders as om eksterne invloede te beklemtoon, laat Freud die klem val op innerlike dryfvere wat in hoofsaak buite die mens se beheer is. Die waarde van die Freudiaanse beskouing is onder andere dat dit die belangrikheid van ervarings tydens die kinderjare vir volwasse gedrag erken. Freud beklemtoon die psigoseksuele sy van persoonlikheidsontwikkeling en Erikson, 'n navolger van Freud, die psigososiale. Die interaksie tussen individuele biologiese groeiprosesse en sosiale omgewingsinvloede is vir Erikson belangrik in die ontwikkeling van die individu.

**Erikson** word uitgesonder vir die doel van hierdie studie omdat hy klem lê op adolessensie. Identiteitsvorming is 'n sentrale fase in sy persoonlikheidsontwikkeling. Volgens Erikson is die ontwikkeling van 'n identiteit die hooftaak van die kind gedurende adolessensie en is dit ook die belangrikste faset van sy persoonlikheidsontwikkeling.

- ***Die kognitiewe teorieë***

Hierdie teoretici is hoofsaaklik geïnteresseerd in mense se intellektuele ontwikkeling. Mense word as konstruktiewe en rasionele wesens beskou. Mense ontvang, absorbeer en prosesseer inligting. As denkers skep hulle hul eie realiteite en los ook hul eie probleme op.

**Kelly** was die eerste sielkundige wat gepoog het om navorsers se aandag op die kognitiewe determinante van gedrag te fokus. Sy teorie toon geen invloed van Freud nie en is daarom dan ook uitgesonder vir die doel van hierdie studie om ander perspektiewe op persoonsontwikkeling uit te lig.

- ***Die humanistiewe mensbeskouing***

Hierdie beskouing het onder meer ontwikkel as 'n reaksie teen die deterministiese mensbeskouing van die psigoanaliste en behaviorisme. Volgens hierdie benadering beskik die mens oor 'n unieke vermoë om volgens eie goeddunke sy potensiaal te ontwikkel en selfverwesenliking en hoër waardes na te streef. Die mens se ontwikkeling word dus nie slegs bepaal deur ingebore instinkte en omgewingsinvloede nie, maar deur die unieke wyse waarop hy dit wat hy ervaar, internaliseer en verwerk, asook sy vermoë om toekomsgerigte doelstellings vir homself te stel.

As toonaangewende denker van die humanistiese revolusie in die sielkunde het **Maslow** hom onderskei as persoonlikheidsteoretikus in eie reg. Vir die doel van hierdie studie is daar op Maslow gekonsentreer omdat hy 'n optimistiese mensbeskouing huldig wat nie net die sielkunde positief stimuleer nie, maar ook 'n belangrike invloed op die onderwys uitoefen. Sy bekende behoefte-hiërargie is gebaseer op die waarneem van normale mense se gedrag. Dit is in teenstelling met die werkwyse van sommige van sy voorgangers wie se teorieë berus op die waarneming van die gedrag van disfunksionele en neurotiese mense. Dit het nuwe dimensies van die mens se persoonlikheid na vore gebring - in so 'n mate dat sy teorie oor menslike behoeftes vandag nog wyd erkenning geniet (Möller 1996:224).

Vervolgens word daar meer breedvoerig gelet op die genoemde teorieë wat in die besonder klem lê op die adolessent se persoonlikheidsontwikkeling en sy ontwikkeling tot volwassenheid.

### 3.3.4.1 Albert Bandura (1925 - ) Die behavioristiese teorie

Albert Bandura (1925- ) word beskou as een van die belangrikste moderne psigoloë wie se leerbeginsels op dié van die behavioriste gegrond is. Bandura beklemtoon die rol van nabootsing en demonstreer dit deur eksperimente. Hy toon aan dat kinders nuwe gedragswyses aanleer eenvoudig deur 'n model waar te neem sonder dat hulle eie gedrag noodwendig versterk word. Verder beweer hy dat die effek wat die gedrag vir die model inhou 'n belangrike invloed op die aanleer van die gedrag het. Wanneer die kind waarneem dat die model vir die gedrag beloon word, word die gedrag baie makliker nageboots as wanneer die model gestraf word (Louw 1990:122; Balk 1995:26).

In die meeste gevalle is ouers en broers en susters die rolmodelle wat deur adolessente nageboots word. Wanneer die invloed van die gesin egter begin afneem, begin die invloed van vermaaklikheidsterre en die portuurgroep baie belangrik raak. Taalgebruik, haarmodes, kleredrag, musieksmaak en basiese sosiale waardes word nageboots. Bandura het in sy navorsing getoon dat kinders wat blootgestel word aan buitgengewone aggressiewe gedrag op televisie, soortgelyke gedrag in werklikheid openbaar. Bandura se navorsing toon ook dat aggressiewe seuns minder afhanklik is van hul vaders, meer verwerp is deur hul vaders en dat hul vaders baie minder tyd saam met hulle spandeer het as in die geval van minder aggressiewe seuns. Fisiese straf deur ouers kan volgens Bandura 'n negatiewe uitwerking op kinders hê omdat hulle hul ouers as voorbeeld kan navolg. Ouers se optrede en die rolmodelle wat hulle verteenwoordig is by verre meer belangrik in die beïnvloeding van adolessente se gedrag as dit wat hulle predik (Rice 1992:83; Muuss 1996:308).

Dit is dus moontlik dat bepaalde gedrag by kinders kan voorkom waar die groep as model voorgehou word en op die een of ander wyse beloon word vir hul optrede (erkenning, agting deur ander). Individuele lede sal makliker die groep se gedrag naboots wanneer die groep volgens hulle beloon word. Soos reeds in hoofstuk twee aangedui, kan die adolessent toegee aan groepdruk wanneer lede van die groep of die groep in geheel beloning van die een of ander aard bied (Connor 1994:209). Dit blyk voorts uit hoofstuk twee dat adolessente selfs by groepe betrokke raak wat delinkwente gedrag openbaar in 'n poging om deur die betrokke groep aanvaar te word én om te deel in hulle status. Om dus skuldig te wees aan delinkwente gedrag openbaar in werklikheid 'n strewe om sosiaal aanvaar te word (Marcus 1996:145).

As verteenwoordiger van die psigoanalitiese benadering, word Erikson bespreek omdat hy in sy teorie identiteitsvorming beklemtoon wat 'n krisis tydens adolessensie bereik.

**3.3.4.2 Erik H Erikson (1902 - ) - Psigo-analitiese benadering**

Alhoewel Erikson, Sigmund Freud (1856-1939) se teorieë as vertrekpunt gebruik vir sy teoretiese formulering met betrekking tot die ontwikkeling van persoonlikheid, is daar wesenlike verskille tussen die teoretiese uitgangspunte van Erikson en dié van Freud.

Erikson glo dat dit die ego en nie die id is nie wat die stukrag in die mens se lewe is. Freud bedoel met die id dat dit 'n reservoir van instinkte is waarvan die mens nie altyd bewus is nie. Instinkte verwys na die psigiese energie wat sy oorsprong in die liggaam het en die motivering vir 'n persoon se optrede is. Instinkte soos onder andere honger, dors, aggressie en seks beïnvloed die optrede van die mens.

Die ego versoen die instinkte van die mens met sy leefwêreld en oefen kontrole uit op sowel die sosiale en kulturele aanvaarbaarheid daarvan. Die ego besluit hoe en

wanneer instinkte bevredig word. Erikson plaas meer klem op die ego maar erken steeds die rol wat onbewuste motivering vervul. Vir Erikson is die basis van menslike gedrag in die ego geleë. Erikson kom tot die slotsom dat 'n persoon se gedrag eerder bewustelik deur homself bepaal word as deur instinkte waarvan hy nie altyd bewus is nie (Rice 1992:76).

Volgens Freud vorm die seksuele instink die belangrikste instink van die mens en is dit hoofsaaklik die basis van die psige. Die mate waarin die mens daarin slaag om sy seksuele instinkte te beheer, bevredig en te ontwikkel, is bepalend vir sy gesonde psigiese ontwikkeling (Rice 1992:74). Omdat Erikson meer klem op die ego lê, is die seksuele instink nie so prominent in sy teorie oor die ontwikkeling van die persoonlikheid nie. Die klem in sy teorie word eerder geplaas op die sosiale aspek van 'n persoon se lewe. Die sosiale en kulturele omstandighede van 'n persoon beïnvloed die werking van die ego en bepaal gevolglik die psigiese vorming van die persoon. As gevolg van die tema van hierdie ondersoek wat oor groepdruk handel, is dit nodig om Erikson se teorie waarin die sosiale beklemtoon word, in meer detail te analiseer.

Volgens Möller (1996:47 en Rice 1992:73) sien Freud die lewe as 'n reeks ontwikkelingstadia wat tot in volwassenheid voortduur. Erikson daarenteen onderskei agt stadia van die mens se ontwikkeling. Elke stadium toon spesifieke eienskappe. Die fases wat Erikson onderskei is opeenvolgend van aard en elkeen is verbind tot 'n spesifieke tydstip wanneer dit tot volle ontplooiing moet kom. Dit is gedurende hierdie tyd dat die betrokke aspek 'n krisis of keerpunt ondergaan. Die wyse waarop hierdie krisis hanteer en opgelos word, bepaal die gesonde ontwikkeling van die persoonlikheid. Elkeen van hierdie krisisse het 'n positiewe en negatiewe komponent en 'n krisis word bevredigend opgelos wanneer die positiewe komponent in hoër mate as die negatiewe komponent in die persoonlikheidstruktuur ingesluit word. Die krisis in een fase moet eers opgelos word alvorens die volgende krisis hanteer kan word. Krisisse wat reeds opgelos is, kan egter weer opduik (Möller 1996:48; Rice 1992:76, Maddi 1980:317).

Erikson (1974:93; Balk 1995:21; Maddi 1980:317) onderskei agt fases in die lewensiklus van die mens waartydens 'n bepaalde aspek van die persoonlikheid telkens aktualiseer.

- ***Fase 1 - Vertroue teenoor wantroue***

'n Kind in hierdie stadium is meer afhanklik en hulpeloos as wat hy ooit weer in sy lewe sal wees. Ander mense moet hom versorg, beskerm en geborge laat voel. Indien die basiese behoeftes van die kind nagekom word, sal hy die lewe ingaan met vertroue - iets wat 'n groot verskil sal maak met betrekking tot die aard en kwaliteit van sy lewe. Vertroue impliseer 'n gesonde vertrouensverhouding met ander mense. Die kind leer om mense te vertrou en is positief ingestel op die mense in sy wêreld. Wantroue daarenteen impliseer 'n onsekere en twyfelagtige lewenswyse, 'n gevoel van onsekerheid of behoeftes ooit bevredig sal word, en 'n vrees vir mislukking. Die wêreld word dan gesien as 'n gevaarlike en onvoorspelbare plek.

Dit is dus duidelik dat dit baie belangrik is dat die krisis rondom vertroue en wantroue eers opgelos moet wees voordat 'n persoon in staat is om die volgende krisis, naamlik outonomie teenoor skaamte en twyfel, die hoof te bied.

- ***Fase 2 - Outonomie teenoor skaamte en twyfel***

'n Outonome persoon is iemand wat sy eie optrede kan beplan, 'n wil van sy eie het en dit kan uitoefen. So 'n persoon kan op sy eie voete staan en homself beheer. Die outonome persoon beskik oor die vermoë om 'n keuse te kan uitoefen en behoort dus nie maklik deur die groep beïnvloed te word nie. Waar outonomie by 'n persoon ontbreek, ontstaan twyfel en skaamte. Dit word dan moeilik om selfstandig op te tree en daar word eerder gereageer volgens die eise wat ander mense aan hom stel. Wanneer 'n persoon aan sy eie optrede twyfel, boots hy liewer iemand anders se optrede na (identifisering). Die proses van identifisering kan in so 'n mate plaasvind dat 'n eie unieke identiteit nooit gevorm word nie (Bester 1985:43). Erikson (1968:69) interpreteer skaamte as 'n gevoel van selfbewustheid. Skaamte en twyfel kom voor

wanneer 'n persoon bang is dat hy ontmasker sal word as hulpeloos, swak en nie bevoeg om dinge gedoen te kry nie. In 'n poging om sy wanhopige posisie en waardeloosheid te verbloem, vermy hy ander mense. Die vermyding van ander mense kan algemene onttrekking uit groepe tot gevolg hê, met die gevolg dat die kind later moeilik aanvaar word as lid van 'n portuurgroep.

Ware outonomie impliseer dat die kind sy outonome optrede sal inisieer. Die kind moet naas sy outonomie ook inisiatief toon. Dit kan as die essensie van Erikson se derde psigososiale fase beskou word.

- ***Fase 3 - Inisiatief teenoor skuld***

'n Persoon wat inisiatief aan die dag lê, is aktief besig met die beplanning en uitbouing van sy eie lewe. Inisiatief voeg by outonomie die kwaliteit van ondernemingsgees en beplanning. 'n Persoon met inisiatief gebruik geleenthede in sy lewe en vergeet vorige mislukkings. Hy geniet kompetisie en is daarop ingestel om dinge in sy leefwêreld doelgerig te bemeester (Erikson 1968:75). Daar bestaan 'n noue verband tussen inisiatief en ambisie. Dit wat 'n persoon inisieer in sy lewe, bepaal in 'n groot mate wie en wat hy is.

Waar inisiatief gebrekkig is, lei dit tot skuldgevoelens. Optrede vind slegs binne tradisionele grense plaas wat uiteindelik aanleiding gee tot 'n passiewe gedragspatroon. 'n Passiewe persoon toon 'n gebrek aan ambisie en is nie georiënteerd om dinge tot stand te bring nie. Hierdie vermoë om iets tot stand te bring, is die sentrale beginsel in Erikson se vierde fase.

- ***Fase 4 - Arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid***

Volgens Erikson (1968:86) ontwikkel arbeidsaamheid by 'n persoon wanneer hy homself as bruikbaar beskou en daarom in staat is om iets tot stand te bring. 'n Persoon moet produktief wees want hierdeur ontvang hy erkenning en uiteindelik ook 'n gevoel van bevoegdheid as persoon. Arbeidsaamheid impliseer dat pligsbesef by 'n persoon sal realiseer.

Die onvermoë om arbeidsaam te wees en sodoende iets tot stand te bring, lei tot 'n minderwaardigheidsgevoel. 'n Persoon wat minderwaardig voel, beskou homself as gebrekkig toegerus en daarom is alles wat hy aanpak, bestem om te misluk (Erikson 1968:87). Dit wat 'n persoon aanpak en waarmee hy hom besig hou, vorm 'n belangrike deel van sy identiteit. Gedurende fase vyf van Erikson se model is dit juis die identiteit van 'n persoon wat 'n krisis beleef.

- ***Fase 5 - Identiteit teenoor identiteitsdiffusie (adolessente stadium)***

Volgens Erikson (1968:118) is 'n bevredigende antwoord op die vraag: "Wie is ek?", baie kompleks en 'n voorvereiste vir volwassenheid. Om 'n bevredigende antwoord op hierdie vraag te verskaf, moet die mens homself ken. Adolessente moet die fisiologiese veranderinge wat by hulle plaasvind verstaan en moet sowel hul eksterne omgewing kan definieer as hul eie rol binne daardie omgewing. Adolessente moet ook hul eie persoonlike standpunt ten opsigte van die waardes van die gemeenskap kan formuleer. Dit bring noodwendig die aanvaarding van verantwoordelikheid vir sy eie gedrag mee.

Gelyktydig met die formulering van sy eie waardesisteem definieer die adolessent gewoonlik sy eie rol in sy omgewing. Die omgewing van die adolessent is vol teenoorgestelde en konflikterende moontlikhede. Innerlik is die adolesssent nog onseker oor wie hy werklik is, wat hy wil wees, watter indruk hy op ander wil maak en of hy in staat is om besluite oor belangrike aangeleenthede te neem. Die oplossing van hierdie strydvrae lei tot die verwerwing van 'n eie identiteit. Identiteit impliseer vir Erikson (1974:208) uniekheid. 'n Mens kan homself alleenlik ken indien hy van sy uniekheid en individualiteit as persoon bewus is.

Gedurende die vyfde fase moet die krisis rondom identiteit en identiteitsdiffusie egter opgelos word. Erikson (1968:91) bedoel met identiteitsdiffusie dat daar 'n onvermoë by die adolessent bestaan om 'n greep op die lewe te kry. Daar bestaan 'n diskrepansie by 'n diffuse persoon tussen dit wat hy hom voordoen hy is en dit wat hy werklik is.

Gedurende die vyfde fase moet getrouheid volgens Erikson (1968:91) by die adolessent realiseer. Getrouheid dui op lojaliteit en gebondenheid. Getrouheid dui ook op die waarborg dat daar standvastigheid in die adolessent se identiteit aanwesig is. Wanneer 'n identiteit by 'n persoon gevorm het, impliseer dit dat hy nie alleen getrou teenoor homself sal wees nie, maar ook teenoor ander mense, dinge en instansies. Getrouheid stel die mens onder meer in staat om intieme verhoudings met ander mense te ontwikkel. Die krisis intimiteit teenoor isolasie kom in Erikson se sesde fase voor.

- ***Fase 6 - Intimiteit teenoor isolasie***

Liefde sal by 'n persoon realiseer indien hy die krisis intimiteit teenoor isolasie suksesvol oplos. Intimiteit in hierdie verband is nie bloot die liefde tussen twee persone nie, maar ook die liefde wat 'n persoon vir 'n saak kan hê. Hierdie intimiteit stel 'n persoon in staat om homself vir 'n saak of 'n ander persoon beskikbaar te stel sonder om bang te wees dat hy iets van homself sal prysgee. 'n Persoon kan homself dus nie beskikbaar stel aan 'n saak of iemand anders voordat hy nie 'n greep oor sy eie self verkry het nie.

Intimiteit veronderstel dus binding (Erikson 1968:98). 'n Gebrek aan intimiteit lei daartoe dat 'n persoon homself isoleer. Hierdie persoon is bang dat hy iets van homself sal moet prysgee as hy by 'n saak betrokke raak. Hy vermy ook die uitoefening van keuses omdat hy nie seker van homself is nie en alle moontlikhede wil oophou. Hy wil ongebonde wees en nie verantwoordelikhede aanvaar nie. Volgehoue isolasie het met verloop van tyd stagnasie tot gevolg, wat in Erikson se sewende fase ter sprake kom.

- ***Fase 7 - Generatiwiteit teenoor stagnasie***

'n Generatiewe persoon is iemand wat 'n aktiewe lid van die samelewing is en op die een of ander wyse iets wil voortbring of oordra aan ander. Die persoon wat hierdie krisis suksesvol oplos, wil dit wat in sy identiteit aanwesig is, nie vir homself hou nie, maar uitdra aan ander mense en dit met hulle deel.

Persone by wie daar nie generatiwiteit aanwesig is nie, toon tekens van stagnasie. So 'n persoon is net in sy eie behoeftes geïnteresseerd en wil nie dit waaroor hy beskik uitbou of met ander deel nie. 'n Persoon wat generatief is, is besorg oor ander mense en poog om op onbaatsugtige wyse iets vir hulle te doen wat binne sy potensiële vermoë is.

- ***Fase 8 - Integriteit teenoor wanhoop en afkeur***

Erikson (1968:98) bedoel met integriteit dat 'n persoon die verloop van sake in sy lewe moet aanvaar as sy eie verantwoordelikheid. 'n Persoon met integriteit besit wysheid wat kennis, begrip en rype oordeelsvermoë insluit.

'n Persoon by wie integriteit ontbreek verkeer in 'n toestand van wanhoop. Indien so 'n persoon sy lewe evalueer, kom hy te staan voor onbenutte geleenthede wat onherroeplik verby is. Vir hom is die tyd te kort om van voor af te begin om alternatiewe keuses uit te oefen. Hierdie gevoel van wanhoop gaan dikwels gepaard met 'n afkeurende houding in die algemeen. Hierdie persoon is voortdurend ontevrede met instansies of persone in sy lewe en keur dit wat in die samelewing gebeur aanhoudend af. Hierdeur weerspieël hy in werklikheid sy ontevredenheid met homself.

- ***Die implikasies van Erikson se teorie met betrekking tot groepdruk***

Uit die vertroue-teenoor-wantroue-krisis blyk dit dat 'n kind angs ervaar wanneer hy onseker is oor sy toekoms. Dit is moontlik dat die kind hom op sy portuurgroep kan verlaat om die vertrouenskrisis die hoof te bied. Die kind kan, in ruil vir die groep se vertroue, gedwing word om die eise en voorwaardes van die groep te aanvaar. Die krisis rondom outonomie en skaamte en twyfel ontstaan wanneer 'n persoon nie oor die outonomiteit beskik om 'n keuse te kan uitoefen nie. So 'n persoon kan deur 'n groep gemanipuleer word om op te tree volgens die eise wat húlle stel. Sodra 'n persoon daarvan bewus word dat hy 'n eie wil het, moet die korrekte wyse bepaal word hoe om hierdie wil te gebruik. Dít verg egter ondernemingsgees en inisiatief. Groepdruk kan daartoe lei dat 'n adolessent se ondernemingsgees en inisiatief gedemp word omdat die groep die inisiatief en ondernemingsgees uit sy hande neem.

Die mate waarin 'n persoon beïnvloed word met betrekking tot arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid, beïnvloed hoofsaaklik die individu (adolessent). Produktiwiteit lei tot erkenning en 'n gevoel van bevoegdheid. Indien groepdruk 'n negatiewe invloed uitoefen op die lede se produktiwiteit, kan dit tot die ontwikkeling van 'n minderwaardigheidsgevoel lei.

Gedurende die vyfde fase word identiteit teenoor identiteitsdiffusie as krisis ervaar. 'n Diffuse persoon hou 'n front voor ten opsigte van wie hy werklik is. Hy vermy die uitoefening van keuses en sal daarom tuis wees in 'n situasie waar die groep keuses namens hom kan uitoefen.

Daar kan dus met redelike sekerheid aanvaar word dat die identiteitsdiffuse persoon 'n groter behoefte sal hê om met 'n groep te identifiseer en gevolglik makliker onder groepdruk sal verkeer. Wanneer 'n identiteit by die adolessent gevorm het, impliseer dit dat die adolessent, buiten getrouheid aan homself, ook getrouheid jeens ander persone (lede van die portuurgroep, sonder om negatief deur hulle beïnvloed te word) sal openbaar. In die adolessent se pogings om sy eie waardesisteem te begryp én om sy rol in die omgewing te definieer, is dit duidelik dat hy baie onseker is. Hy weet nie wie en wat hy is nie, wie en wat hy wil wees nie en is onseker wanneer besluite geneem moet word. Indien die portuurgroep op hierdie stadium tussenbeide tree, kan sodanige beïnvloeding die adolessent se pogings in sy soeke na 'n eie identiteit belemmer.

Intimiteit teenoor isolasie behels dat die adolessent homself moet vind alvorens hy betrokke kan raak in 'n liefdesverhouding. 'n Gebrek aan intimiteit lei tot isolasie. 'n Mate van intimiteit is in hierdie fase skynbaar nodig voordat die adolessent in 'n groep opgeneem kan word. Kinders wat geïsoleerd is, kan onder portuurgroepduk kom in 'n poging om uit die isolasie weg te breek. Volgehoue isolasie het egter later stagnasie tot gevolg. Adolessente wat stagneer voer 'n selfgesentreerde bestaan en kan

moontlik by portuurgroepe inskakel om hul gevoel van betekenisloosheid en ontoereikendheid die hoof te bied. Die generatiewe persoon poog om almal te help en kan moontlik minder afhanklik wees van groepdruk en terselfdertyd ook minder ontvanklik daarvoor wees. In die laaste fase (integriteit teenoor wanhoop) blyk dit dat waar integriteit afwesig is, 'n gevoel van ontevredenheid *met alles* by die betrokke persoon manifesteer. 'n Persoon met integriteit besit wysheid, ook kennis, begrip en gesonde oordeel en behoort nie maklik onder druk van die portuurgroep te swig nie.

Vervolgens word daar vanuit Kelley se perspektief aandag geskenk aan persoonlikheidsontwikkeling.

**3.3.4.3 George Kelly (1905-1967) - Kognitiewe perspektief**

Kelly benader menslike gedrag op 'n unieke wetenskaplike manier. Die wetenskaplike model van hipotesevorming en toetsing het 'n sterk invloed uitgeoefen op die formulering van sy teorie. Sy waarneming dat mense voortudrend poog om gebeurtenisse in hul omgewing te voorspel, te beheer en te begryp, het daartoe gelei dat hy die individu beskou het asof laasgenoemde 'n wetenskaplike is. Die individu soek, nes die wetenskaplike, voortdurend na helderheid en begrip in sy lewe. Om onsekerheid omtrent sy omgewing te verminder, bou die individu voortdurend kognitiewe voorstellings of hipoteses daaroor op. Alleen op hierdie wyse is dit vir hom moontlik om gebeurtenisse, situasies en verskynsels te voorspel en te beheer (Kelly 1955:49). Wanneer 'n individu 'n gebeurtenis interpreteer, of soos Kelly dit noem, konstrueer, gaan hy van die veronderstelling uit dat 'n bepaalde persoonlike konstruk 'n toekomstige gebeurtenis afdoende sal voorspel. In die individu se daaropvolgende ervaring, word hierdie veronderstelling of hipotese getoets (Möller 1996:156). Dit is dus nie vorige of huidige ervarings of gebeurtenisse wat die individu se gedrag bepaal nie, maar dié van die toekoms. Die verlede word slegs gebruik om 'n hipotese te toets en op dié wyse 'n betrokke gebeurtenis korrek te voorspel (Kelly 1955:49). Volgens Kelly se persoonlikheidsteorie is dit duidelik dat die mens se denke en gedrag bepaal en gerig word deur sy persoonlike konstrukte. Die wyse waarop hy gebeurtenisse in sy

omgewing antisipeer, bepaal sy gedrag. Elke mens beleef die wêreld as 'n warboel van situasies en feite. Om 'n mate van struktuur te skep en die kompleksiteit van hierdie wêreld te verminder, ontwikkel die mens bepaalde idees of abstraksies. Daarmee kan hy sy persoonlike ervaring verstaan en verklaar. Kelly beskryf hierdie situasies of belewenisse as gebeurtenisse en die kognitiewe voorstellings van gebeurtenisse in die individu se omgewing as persoonlike konstrukte.

Volgens Kelly bestaan 'n konstruk altyd uit twee teenoorgestelde pole, byvoorbeeld "swart - wit", "goed - sleg" of "ek hou daarvan - ek hou nie daarvan nie". Die individu se konstrukte is in hiërargiese orde met mekaar geskakel sodat die keuse van een pool sy verdere keuse van konstrukte beïnvloed (Maddi 1980:156). Persoonlike konstrukte is bipolêr en digotoom van aard. Hierdie eienskap impliseer dat die individu neig om mense en gebeurtenisse in twee uiterste klasse of pole te kategoriseer. Voordat 'n persoonlike konstruk egter gekonstrueer kan word, is daar minstens drie elemente nodig, naamlik twee elemente om die gelyksoortige pool en een element om die kontrasterende pool te vorm. 'n Voorbeeld van die bipolêre aard van 'n konstruk is die konstruering van twee persone as fluks teenoor lui. Dit lei tot die persoonlike konstruk "fluks" teenoor "lui" met "lui" dus as die kontrasterende pool.

Bipolariteit, soos waargeneem in persoonlike konstrukte, impliseer geensins dat hulle dimensioneel van aard is nie - bedoelende dat daar verskeie indelings of waarnemings tussen die twee pole bestaan nie. Vir Kelly is dit juis die essensie van menslike denke dat gebeurtenisse in terme van uiterstes gekonstrueer word. 'n Betrokke konstruk kan egter ook ander konstrukte insluit. As voorbeeld kan die konstruk, "fluks" teenoor "lui", konstrukte byvoeg. Flukse mense kan as pligsgetrou en verantwoordelik beskou word terwyl lui mense as laks en onverantwoordelik gekonstrueer word (Möller 1996:158). Nuutgevonde ervaring lei nie net tot die ontstaan van nuwe konstrukte nie, maar dra ook daartoe by dat bestaande konstrukte verander, uitgebou en selfs verwerp word (Möller 1996:161).

Volgens Kelly sal 'n persoon met gebrekkige konstrukte moeilik toekomstige gedrag kan voorspel. Dit geld ook vir groepdruk. So 'n persoon sal moeilik die toekomstige implikasies van groepdruk voorsien.

### 3.3.4.4 Abraham Maslow (1908 - 1970): humanistiese perspektief

Die humanistiese sielkunde kan beter omlyn word deur kortliks die volgende vier uitgangspunte uit te lig: (Louw 1990:128; Möller 1996:224)

- Die mens, in sy mensheid, is meer as die som van sy dele. Hiermee word bedoel dat 'n wetenskaplike studie van afsonderlike funksies van die mens tot geen begrip van die mens in sy geheel sal lei nie.

- Die mens is slegs mens vanuit sy menslike konteks gesien. Dit impliseer dat die interpersoonlike ervaringe van die mens nie geïgnoreer kan word as daar tot begrip van die mens gekom wil word nie.

- Die mens het keuses. Die mens is 'n kreatiewe beeldbouer van sy lewe en nie net 'n toeskouer van sy eie bestaan nie. Hy het vryheid van keuses om op 'n selfstandige wyse sy eie potensiaal te kan verwesenlik.

- Die mens is 'n intensionele wese. Hy is voortdurend aktief besig om betekenis te heg aan sy omgewing en doelstellings te stel. Die mens is dus 'n betekenisgewende wese.

Volgens Maslow is daar twee tipes motiewe by die mens, naamlik gebreksbehoeftes en groeibehoeftes. Gebreksmotiewe sluit fisiologiese behoeftes (voedsel ensovoorts) en sosiale behoeftes (liefde en sekuriteit) in. Hierdie behoeftes funksioneer volgens die drangverminderingsmodel. Wanneer 'n persoon se gebreksbehoeftes bevredig is en hy die sekerheid het dat hulle gereeld bevredig sal word, kom die groeibehoefte na

vore, naamlik die behoefte tot selfverwesenliking en verbetering van jouself. Die groeibehoefte verminder nie volgens die spanningsverminderingsbeginsel nie. Trouens, dit laat die persoon na geleenthede soek om sy potensiaal te ontwikkel en om sy belangstelling uit te bou. Groeibehoeftes word nooit bevredig nie, want die persoon soek voortdurend na verdere groei (Louw 1990:128; Möller 1996:227).

Motivering is die kern van Maslow se persoonlikheidsteorie. Die mens is in wese, groei-georiënteerd en streef nie na 'n spanninglose, homeostatiese toestand nie. Die mens ervaar selde 'n toestand van volkome bevrediging en wanneer so 'n toestand bereik word is dit in elk geval slegs tydelik van aard. Sodra die een behoefte bevredig is, tree 'n ander weer op die voorgrond en verskuif die bevredigde behoefte in die agtergrond. Aan die hand van hierdie sisteem het Maslow sy bekende behoeftehiërargie opgestel. Hiervolgens word behoeftes in vyf groepe verdeel en volgens die mate van dringendheid vir die bevrediging daarvan gerangskik (Möller 1996:226):

- fisiologiese behoeftes
- veiligheidsbehoeftes
- behoeftes aan affiliasie en liefde
- behoeftes aan selfagting en waardering
- selfaktualiseringsbehoeftes.

Onderliggend aan hierdie struktuur is die aanname dat die laerorde-behoeftes eers bevredig moet word, voordat die mens van die hoërorde-behoeftes bewus sal word. 'n Belangrike beginsel wat hier in gedagte gehou moet word, is dat die dringendheid van die laerorde behoeftes afneem, soos wat die mens ontwikkel vanaf geboorte tot volwassenheid.

Die mens se ontwikkeling vanaf babajare tot volwassenheid, moet in die konteks van Maslow se behoeftehiërargie afgelei en geïnterpreteer word. Gebreksmotiewe speel 'n geweldige belangrike rol by die ontwikkeling van die kind. Die kind in wie se fisiologiese en veiligheidsbehoeftes nie voorsien is nie, gaan moeilik beweeg na die

vlakke van liefde gee en ander ag. Die kind wat voldoende bevrediging van sy fisiologiese en veiligheidsbehoeftes ervaar het, maar by wie die liefdesbehoeftes nie bevredig is nie, se selfagtingsbehoeftes sal moeilik op die voorgrond tree. Maslow is van mening dat geestesgesonde ontwikkeling plaasvind namate die mens op 'n suksesvolle en bevredigde wyse deur verskillende vlakke van behoeftes beweeg met die oog op selfaktualisering. Die bereiking van selfaktualisering is vir Maslow sinoniem met geestesgesondheid en is ook die hoogste vlak van ontwikkeling. Soos die dominerende invloed van die basiese behoeftes afneem, neem die invloed van die dinamiese groeimotiewe van die ontwikkelende mens toe (Möller 1996:228).

Dit blyk dus dat behoeftes wat reeds bevredig is, op die agtergrond geskuif word om plek te maak vir die volgende orde funksies. Enige van die behoeftes wat reeds in die agtergrond geskuif het, kan op 'n latere stadium weer op die voorgrond tree na gelang van die dringendheid daarvan. Fisiologiese en veiligheidsbehoeftes by die kind word normaalweg deur ouers bevredig. Die behoefte aan liefde en affiliasie word normaalweg ook deur ouers en die gesin bevredig. Liefde en affiliasie kan egter vir die adolessent problematies wees omdat groepaffiliasie gedurende hierdie fase van hul lewens 'n belangrike behoefte is. Indien daar nie aan hierdie bykomende behoefte aan affiliasie by die groep voldoen kan word nie, kan selfvervreemding en alleenheid voorkom. Behoeftes aan selfagting en waardering figureer ook prominent by adolessente. Selfagtingsbehoeftes sluit selfvertroue, bevoegdheid, prestasie, onafhanklikheid en vryheid in. Waarderingsbehoeftes behels behoeftes soos status, aandag, roem, reputasie en aanvaarding. Waar daar nie aan die behoeftes voldoen word nie, lei dit by die individu tot gevoelens van minderwaardigheid, swakheid en hulpeloosheid. Die belangrikheid van genoemde behoeftes word beklemtoon in die adolessentestadium vanweë die oorgang en veranderinge waaraan die adolessent blootgestel is. In die adolessent se strewe na identiteit is dit veral meer belangrik dat daar aan hierdie behoeftes voldoen moet word.

Die belangrikheid van selfbeeld vir emosionele ontwikkeling word deur Rice (1992:248) beklemtoon. 'n Goeie selfbeeld is vir Rice die sleutel tot "the survival of the soul". Dit verleen waardigheid aan die menslike bestaan en groei uit menslike interaksies; die individu "spieël" homself voortdurend deur middel van interaksie met ander mense en ontwikkel sodoende 'n beeld van die "self". By individue met 'n swak selfbeeld manifesteer simptone van emosionele tekortkoming - 'n swak selfbeeld gee onder andere aanleiding tot 'n gevoel van angs, dwelmmisbruik en buite-egtelike swangerskappe (laasgenoemde word dikwels gesien as 'n poging van jongmeisies om hul selfbeeld te bevorder.) 'n Lae selfbeeld word ook geassosieer met abnormale eetgewoontes wat lei tot anorexia nervosa en bulimie. Dit is ook 'n bydraende faktor tot depressie by adolessente.

Dit gebeur soms dat 'n adolessent met 'n swak selfbeeld poog om 'n front vir die wêreld voor te hou. Om so 'n front egter konstant voor te hou is stremmend. Om met vertroue, vriendelikheid en 'n joviale vertoon voort te gaan wanneer daar in werklikheid die teenoorgestelde gevoelens gekoester word, gee aanleiding tot angstigheid om nie per ongeluk ontmasker te word nie.

Persone met 'n lae selfbeeld is baie fyngevoelig vir kritiek, verwerping en die optrede van ander wat daarop dui dat hulle onbevoeg is. Hulle reageer heftig as daar vir hulle gelag word, wanneer hulle beskuldig word of wanneer dit blyk dat ander 'n swak opinie van hulle het. Hoe groter hul kwesbaarheid, hoe groter hul angs (Louw 1990:127, Lackovic-Grgin & Dekovic 1990:839).

Adolessente met 'n swak selfbeeld word dikwels deur hul portuurgroep verwerp. Selfaanvaarding van die adolessent word egter positief verbind met die aanvaarding deur die portuurgroep of sosiale aanvaarding. 'n Adolessent met 'n swak selfbeeld handhaaf 'n lae sosiale profiel, word nie raakgesien of verkies as 'n leier nie en neem nie aan klas- of sosiale aktiwiteite deel nie. Hulle ontwikkel dikwels gevoelens van alleenheid en isolasie en kommunikeer moeilik met ander. Navorsing toon voorts dat daar 'n korrelasie is tussen selfbeeld en prestasie op skool. Suksesvolle leerlinge toon

geen tekort aan 'n positiewe selfbeeld nie. Hoe hoër die punte, hoe beter is die selfbeeld (Rice 1992:249, Lackovic-Grgin & Dekovic 1990:839).

Aolessente met 'n lae selfbeeld sal doelbewuste pogings aanwend om onder hul portuurgroep gewild te wees. Vanweë hulle gebrek aan selfvertroue word hulle baie maklik deur hulle portuurgroep beïnvloed. Hierdie adolessente laat ook toe dat die portuurgroep besluite neem wat hulle raak. Hul negatiewe persepsies met betrekking tot hulself plaas beperkings op hul eie moontlikhede en prestasies. Adolessente met 'n swak selfbeeld vermy in hulle optrede enige inisiatief wat kan lei tot beloning, komplimente of sukses - aspekte wat uiters belangrik is vir die mense se ego. Daarbenewens sal 'n swak selfbeeld en 'n gebrek aan selfvertroue ontwikkel indien die adolessent 'n gebrek aan vertroue van ander ervaar.

### 3.3.5 EMOSIONELE ONTWIKKELING

Tradisioneel word na adolessensie verwys as die "storm en drang"-tydperk - 'n tydperk van verhoogde emosionaliteit wat voortspruit uit die verskeidenheid veranderinge wat met adolessensie gepaardgaan. Die emosionele ontwikkeling van die adolessent behels die oorgang van die relatief eenvoudige emosionele lewe van die kind na die komplekse emosionele lewe van die volwassene. Die algemene emosionele (affektiewe) aspekte van die adolessent sluit onder meer in: vrees, bekommernis, angs, woede, ergernis, frustrasies, jaloesie, nuuskierigheid, affeksie, hartseer en vreugde. Genoemde emosionele aspekte verklaar dan waarom adolessensie bekendstaan as die verhoogde-emosionaliteitstadium (Rice 1992:127). Daar word vervolgens kortliks aandag gegee aan die algemene emosionele patrone by adolessensie:

### 3.3.5.1 Algemene emosionele patrone by adolessensie

In die beginjare van adolessensie is dit kenmerkend dat gunstige emosies soos vreugde, affeksie, blydskap en nuuskierigheid minder voorkom en minder intens is. Die emosies wat vervolgens bespreek gaan word, kan as die belangrikste adolessente emosies beskou word (Hurlock 1992:123).

*(a) **Angs en vrees***

Die jongmens wat reeds adolessensie bereik het besef dat baie van sy vrese as kind eintlik ongegrond was (byvoorbeeld vrees vir diere). Vrese wat verband hou met sosiale situasies word nou meer algemeen. In sy verbeelding is hy ook meer geneig om situasies te antisipeer wat aanleiding kan gee tot vrese.

Angs is meer gegrond in die verbeelding as wat dit verband hou met die werklikheid self. Die adolessent antisipeer meer probleme as waarmee hy eintlik gekonfronteer word (Hymel & Franke 1985:79). Angs gee aanleiding tot 'n algemene emosionele gevoel eerder as dat daar angstigheid ervaar word oor iets spesifieks. Kenmerkende eienskappe van die angstige persoon sluit die volgende in: ongelukkigheid, rusteloosheid, onverantwoordbare buierigheid, oorreaksie, apaties in situasies waar die teenoorgestelde gedrag verwag word, wisseling in gemoedstoestand, irriteerbaarheid en ontevredenheid met homself en met ander, senuagtigheid en slaapversteurings (Rice 1992:278, Wearne 1990:43).

Die mees tipiese vrese van adolessente is:

- Natuurlike fenomene en materiële objekte (bv. insekte, slange, kieme, honde, storms, hoë plekke, vuur en vliegtuie).

- Vrese vir sosiale verhoudings. Die adolessent ervaar verleentheid en skaamheid wat voortspruit uit gevoelens van sosiale onvermoë. Die adolessent is

byvoorbeeld ongemaklik en skaam in die teenwoordigheid van 'n persoon op wie hy 'n goeie indruk wil maak, of hy voel verleë as hy vrees dat sy optrede tot ongunstige sosiale oordele sal lei.

- Vrese wat aan die ego gekoppel is. In hierdie kategorie val vrese vir ernstige siekte, onbevoegdheid, populariteit, persoonlike onvermoë in beroeps- of sosiale situasies en mislukkings op skool.

- Die onbekende. Adolessente het 'n vrees om alleen in 'n huis te bly, of om op 'n vreemde plek tussen vreemde mense te wees, om operasies te ondergaan en om in enige moontlike situasie homself dalk nie te kan handhaaf nie.

- Vrees in verhoudings by die adolessent. Holland (1985:34) se navorsing toon dat die meerderheid leerlinge in graad 7 tot 12 aangetoon het dat hulle daagliks op een of ander stadium in 'n situasie kom waar vrees ter sprake is. Ander navorsing (Hurlock 1992:329) het getoon dat baie van die vrese hul oorsprong in die kinderdae het en dat hierdie vrese teenwoordig is regdeur die kinderjare tot in die volwasse jare. Moracco en Camilleri (1983:82) is van mening dat kinders se vrese dikwels afgemaak word as 'n stadium wat ontgroei sal word. Adolessente benodig egter vaardighede (kognitief, aktief en sosiaal) om die situasies wat tot twyfel en stres kan lei, te hanteer kan lei. Die volgende faktore is deur meer as 50% van die hoërskoolleerlinge wat Wearne en Powell (in Wearne 1990:47) getoets het, aangedui as faktore wat aanleiding gee tot vrese in daaglikse verhoudings:

  - om gekritiseer te word;
  - om geïgnoreer te word;
  - om in 'n swak lig gestel te word;
  - om ongewild te wees;
  - om in 'n geveg betrokke te wees;
  - om iemand se gevoelens seer te maak;

- ouers wat argumenteer;
- om kwaad te wees;
- om in 'n argument met 'n vriend betrokke te wees ;
- om te weet 'n onderwyser is vir jou kwaad;
- om te weet dat jou ouers is vir jou kwaad.

Die meeste van die genoemde vrese se impak verhoog wanneer dit aanvaarding deur die portuurgroep in die gedrang bring.

Adolessente se vrese met betrekking tot natuurlike fenomene en materiële objekte beïnvloed nie noodwendig groepvorming nie. Vrese wat sosiale verhoudings raak, kan egter aanleiding gee tot isolasie uit groepe. So ook kan sommige aspekte van die ego veral 'n belangrike rol speel by aanvaarding in groepe (onder andere populariteit). Dit blyk laastens dat die belangrikste vrese by adolessente rondom menseverhoudings sentreer.

***(b) Depressie***

Depressie word gekenmerk deur gevoelens van terneergedruktheid, wanhoop, swaarmoedigheid, lusteloosheid en 'n afname in geestesgesteldheid en fisiese dryfvere. Navorsing toon aan dat depressie wat die adolessent ervaar nie die enigste veranderlike is wat sy funksionering beïnvloed nie. Ontevrede ouers, swak gesinsverhoudinge en swak portuurgroepverhoudinge kan ook 'n bydraende invloed hê op probleme wat tienderjariges ervaar (McConville & Bruce 1985:119).

In 'n Kanadese studie van Baron en MacGillivray (Rice 1992:277) is bevind dat verwerping deur die vader en die psigologiese kontrole deur die moeder die twee mees prominente voorspellers van depressiewe simptone by adolessente is.

Depressiewe adolessente is gedurig moeg, ervaar gevoelens van leegheid, isolasie en vervreemding en het swak eetgewoontes. Hulle funksioneer gebrekkig op kognitiewe en sosiale vlak. Hulle selfbeeld is swak, hulle konsentreer moeilik en toon

selfs selfmoordneigings (Sprinthall & Collins 1995:448).

Adolessente by wie van die bogenoemde kenmerke teenwoordig is, reageer normaalweg op twee maniere. Enersyds vind onttrekking uit alle sosiale situasies (ook in die gesinsopset) plaas. Andersins kom verbloemde depressie voor waar die adolessent doelbewus poog om van dié depressie te ontsnap of om dit te ontken. Die adolessent raak toenemend betrokke in 'n verskeidenheid gedragsvorme soos aggressie, stokkiesdraaiery en delinkwensie, en slaag daarin om die aandag van die gemeenskap weg van die oorspronklike probleem (depressie) te lei. Seksuele promiskuïteit en 'n sosiaal aktiewe lewe word nagevolg om van die depressie te ontsnap. In hierdie proses word die adolessent waarskynlik in 'n groep geakkommodeer wat meer neig tot delinkwente en sosiaal onaanvaarbare gedrag. Adolessente wat onder groepdruk verkeer sal waarskynlik ook depressief raak as hul pogings om uit groepdruk te ontsnap, misluk. Depressiewe addolessente vind dit moeilik om alle mense te vertrou en is daarom sinies om met hulle te assosieer. Dit lei noodwendig tot 'n gebrek aan sosiale kontak en intimiteit (Rice 1992:429 en McConville & Bruce 1985:121).

### *(c) Woede*

In die meeste gevalle ontstaan woede by die adolessent as gevolg van die negatiewe gedrag van mense. Dit ontstaan veral in situasies waar die adolessent geterg word, onregverdig behandel word, waar iemand baasspelerig teenoor hom is, waar hy met leuens bedrieg word en wanneer hy aan sarkastiese opmerkings onderwerp word. Woedebuie by die adolessent is algemeen en die volgende kenmerkende reaksies kan as voorbeelde dien: die skop en gooi van voorwerpe, stamp van voete, toeslaan van deure, die uitbars in trane (hoofsaaklik dogters), weier om te praat en/of hulself in hul kamers toesluit totdat die woede-uitbarsting bedaar het. Adolessente is egter daarvan bewus dat hierdie gedrag van hulle onaanvaarbaar is (ook vir die groep) en poog om in hul reaksies na meer volwasse oplossingswyses te soek (soos 'n woorde-oorlog) sodat hulle later nie so skaam en verleë oor hul optrede hoef te wees nie (Hurlock 1992:230).

*(d) Irritasies*

Die meeste irritasies is sosiaal van aard. Mense, hul gedrag, spraak, gewoontes en so meer is die belangrikste oorsake van irritasies by adolessente. Adolessente reageer gewoonlik op irritasies deur dit te probeer vermy of deur hulle aan situasies te onttrek wat aanleiding kan gee tot verdere blootstelling. In die adolessent se eie gedrag poog hy om hom nie skuldig te maak aan dieselfde irriterende gewoontes nie (Hurlock 1973:53). Onder groepdruk kan 'n adolessent egter sekere gedrag as irriterend beskou alhoewel hy andersins nie só daaroor sou gevoel het nie.

*(e) Frustrasies*

Die mees algemene frustrasies manifesteer as gevolg van 'n onaantreklike fisieke voorkoms, swak gesondheid wat deelname aan die aktiwiteite van die portuurgroep beperk, onvoldoende fondse om aan die portuurgroep se aktiwiteite deel te kan hê, persoonlike eienskappe wat 'n belemmerende invloed uitoefen op sosiale aanvaarbaarheid en onvermoë om selfneergelegde doelstellings te bereik. Omdat die portuurgroep druk op die adolessent sal uitoefen om aan die groep se aktiwiteite mee te doen, kan dit vir 'n adolessent frustrerend wees as hy byvoorbeeld volgens eie oordeel nie aantreklik genoeg is nie of nie genoeg geld het vir 'n groepaktiwiteit nie.

*(f) Bekommernis*

Bekommernis is verwant aan vrees en die oorsprong daarvan is merendeels in die verbeelding geleë. Bekommernis oor iets sluit gewoonlik 'n element van die werklikheid in maar word dan in die verbeelding vergroot. Bekommernis kan gekoppel word aan iets spesifieks soos 'n persoon of 'n situasie (byvoorbeeld 'n toespraak wat voor 'n groep gelewer moet word, 'n eksamen wat op hande is, of onsekerheid of hy deur sy optrede die groep se goedkeuring geniet).

*(g) Jaloesie*

Jaloesie kom voor waar die adolessent onseker of bang voel met betrekking tot sy status in die groep of waar die affeksies van iemand in die besonder van belang raak.

Die stimulus vir jaloesie is altyd sosiaal van oorsprong en kan in enige situasie ontstaan waar mense of 'n persoon betrokke is van wie affeksie of aandag verlang word. Jaloesie tussen broers en susters tuis kom gewoonlik voor wanneer daar geglo word dat een ten koste van ander bevoordeel word. Jaloesie by die skool ontstaan teenoor klasmaats wat sosiaal meer aanvaarbaar is, wat akademies beter presteer, dogters wat vroeër as ander met vaste verhoudings begin en leerlinge wat in sport presteer. Jaloesie kan onderling onder groeplede voorkom waar wedywering om die groep se guns te wen, kan voorkom. Jaloesie vanuit die geledere van die groep kan ook voorkom. Reaksies van die jaloerse adolessente is gewoonlik verbaal waarvan sarkasme die gewildste vorm is. Neerhalende opmerkings oor prestasies word ook gemaak in 'n proses om die ander persoon se sogenaamde sterk punt te elimineer (Hurlock 1973:56).

***(h) Affeksie***

Affeksie verskil van liefde in dié opsig dat liefde 'n sterker emosionele komponent bevat. Liefde is ook normaalweg gerig teenoor iemand van die teenoorgestelde geslag en het dikwels 'n onderliggende komponent van seksuele begeerte. Die adolessent weerhou hom van fisieke kontak met die persoon vir wie hy affeksie het, maar toon tog sy affeksie deur baie in die persoon se geselskap te wil wees en lojaal en verdraagsaam op te tree. Die terughouding is bloot 'n veiligheidsmeganisme om verleentheid te voorkom indien hy dalk deur ander (die groep) gesien word.

***(i) Droefheid***

Droefheid is een van die mees onaangename emosies wat ervaar kan word en sal waarskynlik ook die meeste psigiese en psigologiese skade kan veroorsaak. Die adolessent, met sy breër insig en intellek, toon meer begrip teenoor dit wat die droefheid veroorsaak het en ervaar so 'n situasie meer intens (byvoorbeeld die finaliteit van die dood). Anders as jong kinders is adolessente minder geneig om as gevolg van hul droefheid in die teenwoordigheid van ander te huil. Die adolessent (veral seuns) glo dat hulle, deur te huil, 'n swakheid openbaar. Om hierdie rede bevind hulle hulself

somtyds in 'n staat van apatie, belangeloosheid, selfgesentreerdheid, lusteloosheid, slapeloosheid, vermy hulle sosialiseringsgeleenthede en konsentreer hulle moeilik by die skool (Hurlock 1973:58, Balk 1995:408).

### *(j)* ***Geluk***

Geluk is bykans die teenoorgestelde van al die emosies wat alreeds bespreek is. Hierdie staat van vreugde word in 'n groot mate beïnvloed deur die individu se algemene fisieke toestand. Faktore wat 'n definitiewe rol speel by die geluk wat 'n adolessent ervaar is:

- Voldoende aanpassing in 'n spesifieke situasie. Die adolessent se vaardighede en opleiding maak dit vir hom moontlik om by 'n situasie aan te pas wat uiteindelik lei tot 'n gevoel van suksesbelewing.

- Die superieure gevoel. Sukses in aktiwiteite wat 'n hoë premie by die sosiale groep dra, kan lei tot 'n gevoel van superioriteit.

- Die uiting van emosionele energie. Deur te ontspan of te lag kan daar ontslae geraak word van opgekropte emosionele gevoelens. Hierdie handeling lei tot 'n algemene gevoel van lewenslus.

- Komiese elemente in situasies. Die vermoë om humor in situasies wat verleentheid skep raak te lei daartoe dat wanneer die adolessent self in 'n soortgelyke situasie betrokke raak, dit selde tot verleentheid sal aanleiding gee (Louw 1990:438).

Adolessente wat in die een of ander emosionele negatiewe toestand verkeer sal normaalweg tydelik deur die portuurgroep vermy word. ('n Adolessent wat geïrriteerd is of depressief is, is uiteraard slegte geselskap) Die meeste emosionele patrone blyk egter nie 'n langdurige toestand te wees nie (met die moontlike uitsondering van vrees, jaloesie en depressie) en behoort nie 'n blywende invloed te hê op adolessente-

verhoudings nie.

### 3.3.6 SOSIALE ONTWIKKELING

Een van die moeilikste ontwikkelingstake waarby die adolessent betrokke is, is die stig van sosiale verhoudings. Adolessente begin nou (gedurende adolessensie) verhoudings stig met die teenoorgestelde geslag - verhoudings wat tot dusver glad nie bestaan het nie. Verhoudings word ook gestig met volwassenes buite die gesin en die skoolgemeenskap. Die grootste en moeilikste aanpassings moet egter ten opsigte van die portuurgroep (wat al hoe meer op die voorgrond tree) gemaak word. Hierdie groep kan die adolessent akkommodeer en aan hom in so 'n mate 'n tuiste bied dat hy nie geïsoleerd voel nie. Die tipe portuurgroep waaraan die adolessent behoort is 'n essensiële deel van sy volwassewording omdat dit die veranderinge in die sosiale gedrag, sosiale groeperings en waardes grootliks tesame met enkele ander verhoudings wat gestig is, beheer (Hurlock 1992:230, Hartup 1983:103).

Die verhoogde invloed van die portuurgroep op adolessente word deur Hurlock (1992:231) soos volg neergestip:

> *The peer group is the adolescent's real world, providing him a stage upon which to try out himself and others. It is in the peer group that he continues to formulate and revise his concept of self; it is here that he is evaluated by others who are presumably his equals and who are unable to impose upon him the adult world sanctions from which he is typically struggling to free himself. The peer group offers the adolescent a world in which he may socialize in a climate where the values that count are those that are set, not by adults, but by others of his own age.*

As daar gefokus word op die behoeftes wat adolessente op die sosiale terrein ervaar, kan dit tot beter begrip lei vir adolessente se optrede. Ten opsigte van heteroseksuele verhoudings ondergaan die adolessent sowel houdings- as gedragsveranderinge. Die

verskillende sosiale verhoudings (ouers, vader, moeder, portuurgroep en romantiese verhoudings) word bespreek en daar word deurgaans gepoog om aandag te gee aan die verband tussen genoemde aspekte en portuurgroepdruk. Adolessente ervaar ses belangrike behoeftes in hul sosiale ontwikkeling:

- Die behoefte om 'n betekenisvolle, besorgde en bevredigende verhouding met individue daar te stel.

- Die behoefte om kindervriendskappe te koester en in stand te hou. Daar is ook 'n behoefte om betrokke te raak by mense met verskillende agtergronde, ervarings en idees.

- Die behoefte om aanvaar te word, tot 'n groep te behoort, erkenning te geniet en status in sosiale groepe te geniet.

- Die behoefte om belange te verskuif vanaf homososiale maats na heterososiale belange en vriendskappe.

- Die behoefte om meer te leer van afsprake en vaardighede wat kan bydra tot persoonlike en sosiale ontwikkeling, intelligente maatseleksie en suksesvolle huwelike.

- Die behoefte om 'n aanvaarbare manlike of vroulike seksrol te vind en om seksueel betaamlike gedrag aan te leer (Rice 1992:428, Bukowski & Hoza 1989:15).

Die houdings en gedragswyses van die adolessent met betrekking tot heteroseksuele verhoudings (bogenoemde manlike of vroulike seksrol) gee aanleiding tot 'n radikale ommeswaai in verhoudings oor 'n baie kort tydperk. Aanvanklik kan adolessente nie lede van die teenoorgestelde geslag verduur nie en verkies hulle die geselskap van hul eie geslag. Dit maak later plek vir heteroseksuele vriendskappe wat die status van adolessente wat in sulke verhoudings suksesvol is, verhoog (Schneider, Rubin &

Volgens Hurlock (1992:233) volstaan adolessente ook nie meer net met vriendskappe wat gerieflikheidshalwe by die skool of in die buurt bestaan het nie. Vriende wat hul belange en waardes deel én wat hulle geborge laat voel, word nou uitgesoek. Hierdie vriende maak normaalweg deel uit van die portuurgroep (Hurlock 1992:233).

Die sosiale ontwikkeling van die adolessent gaan altyd gepaard met, en geskied teen die agtergrond van die sosiale strukture waarin hy hom bevind en daagliks beweeg. Onder die sosiale strukture waarin die adolessent hom bevind, word onder andere ingesluit sy ouerhuis, die skool, sy portuurgroep en klieke, sportklubs en die kerk. Die wyse waarop die adolessent in sosiale strukture omgaan, bepaal sy sosiale bevoegdheid. Sosiale bevoegdheid impliseer vaardigheid om met mense in sosiale situasies te kan omgaan. Sosiale bevoegdheid impliseer voorts dat die adolessent die aanvaarbare gedragspatrone in verskillende sosiale situasies moet kan toepas. Soos die sosiale horisonne van kleiner bekende groepe na groter en grootliks onbekende groepe verbreed, word nuwe eise aan die individu gestel (Jarvinen en Nicholls 1996:437).

Vervolgens word daar aandag gegee aan faktore wat sosiale aanvaarding kan beïnvloed.

### 3.3.6.1 Faktore wat sosiale aanvaarding beïnvloed

Geen enkele karaktertrek kan verseker dat 'n adolessent in 'n groep sosiaal aanvaarbaar gaan wees of nie. 'n Verskeidenheid kenmerke en gedragspatrone bepaal of ander hom as aangenaam en lojaal sal ervaar. Snyder en MacKillop (1990:193) is van mening dat sosiale aanvaarding in die portuurgroep op skool by Amerikaanse seuns oorwegend oorheers word deur een kenmerk, naamlik die goeie sportman. Ander eienskappe van belang vir sosiale aanvaarding by seuns is hul graad van sosiale aktiwiteit, goeie akademiese vordering en leidinggewing op die een of ander terrein. Mooi klere het die hoogste prioriteit by die dogters geniet. Ander faktore wat sosiale aanvaarding beïnvloed is: eerste indrukke, aantreklikheid, reputasie, sosiale deelname, vermoë om te kommunikeer, gesondheid, die geografiese ligging waar die

grootte en die aard van die groep, die adolessent se sosio-ekonomiese status, die vaardighede waaroor die adolessent beskik, sy intelligensie, sy akademiese sukses, (vergelyk die navorsing van Brown paragraaf 2.3.3.2 asook dié van Cusick in paragraaf 2.3.4.1) aanvaarding van die groep se belange en waardes, verhouding met sy gesinslede en laastens, maar die belangrikste, die adolesssent se persoonseienskappe. Persoonlike kwaliteite is die mees bepalende faktor by gewildheid onder adolessente. Persoonlikheidsfaktore was selfs belangriker as prestasies vir die vorming van vrienskapsbande.

Een manier om deur die groep aanvaar te word is deur die aanleer en ontwikkeling van persoonlike kwaliteite wat deur die groep waardeer word sowel as die bemeestering van sosiale vaardighede. Persoonlike karaktertrekke wat gewildheid verseker is netheid, opvoeding, aantreklikheid en vriendelikheid. Adolessente wat deur die groep aanvaar word, beskik oor 'n goeie reputasie en morele kwaliteite. Hierdie adolessente beskik oor 'n positiewe selfbeeld en is ewe gewild by dieselfde én die teenoorgestelde geslag (Eder & Kinney 1995:316 en Jarvinen & Nicholls 1996:437).

Buitekurrikulêre betrokkenheid kan die sosiale aanvaarding van die adolessent verhoog en moet daarom uitgesonder word as 'n belangrike faktor. Betrokkenheid by sport beïnvloed die aanvaarbaarheid van adolessente seuns (in die VSA) sodanig dat hulle vinnig in die mees populêre kliek opgeneem word (Snyder & MacKillop 1990:193). Die rol wat buitekurrikulêre betrokkenheid speel by die gewildheid van adolessente dogters is ook duidelik. Die meeste dogters verkies om nie as "sportsterre" onthou te word nie (Kane 1988:253). Eder en Kinney (1995:316) se navorsing toon dat "cheerleading" (rasieleiers) by dogters in die Amerikaanse skole, veral in die sewende graad, 'n baie sterk aanbeveling is vir die verkryging van portuurgroepstatus. Dit skyn asof ander dogters graag met diesulkes bevriend wil wees omdat hulle glo dié vriendskap ook hul eie status sal verhoog (vergelyk ook par 2.3.4.1).

Heelwat navorsing het gefokus op die rol wat geslag speel in verband met die sosiale ervarings van hoërskoolleerlinge. Navorsing toon dat manlike portuurgroepe wat rondom sport gesentreer is 'n hoë premie plaas op aggressiwiteit en kompetisie (Eder & Parker 1997:200). Die portuurgroep leer die seuns om hul eie gevoelens te beheer deur meer stoïsyns te wees ten opsigte van pyn, terwyl hulle ook geleer word om die gevoelens van ander te ignoreer om sodoende hul kompeterende doelstellings te bereik. In kontras hiermee is dit vir adolessente dogters belangrik om empatie te hê vir ander se gevoelens (Evans & Eder 1993:139). Gedurende dogters se middelhoërskooljare ervaar hulle 'n aansienlike agteruitgang in hul selfbeeld (Sadker & Sadker 1994:71). Hierdie agteruitgang kom op 'n tydstip wanneer dit belangriker is vir die dogters om aanvaar te word deur ander as om akademies te presteer. 'n Groter premie word ook nou op hul voorkoms geplaas en 'n groter onvergenoegdheid word jeens hul eie voorkoms ervaar (Simmons & Rosenberg 1975:229).

Sosiale verhoudinge bestaan meestal slegs met vriende, broers en susters, ouers, onderwysers en dies meer - nooit met vreemdelinge nie. Baie probleme wat met sosiale gedrag ontstaan, hou verband met die vestiging en handhawing van genoemde verhoudings. Die sosiale verhoudinge met vriende en familielede word gesien as redelik intiem, sosio-emosioneel en informeel. Verhoudinge met ouers neig om minder intiem en meer intens te wees (Argyle 1985:215). Argyle het 'n studie onderneem om die bronne van satisfaksie en konflik in verskillende verhoudinge te bepaal. Dit dui daarop dat volwassenes se verhouding met adolessente tot groot bevrediging kan lei maar dit kan terselfdertyd 'n bron van konflik wees as gevolg van kritiek. Vir die jonger adolessente was verhoudinge met broers en susters en vriende meer intens en is hoër vlakke van konflik en satisfaksie ervaar met volwassenes.

Sosiale aanvaarding word beïnvloed deur groepdruk. Aangesien sosiale aktiwiteite, sportprestasies, akademiese vordering en leidinggewing op die een of ander terrein uitgesonder word as faktore wat in die adolessente seun se guns kan tel by sosiale aanvaarding, kan die portuurgroep ook druk op hulle uitoefen om op hierdie terreine hulself te onderskei. Kleredrag blyk die aspek by dogters te wees wat die meeste

beïnvloed sal word deur groepdruk. Voorkoms, reputasie, sosiale deelname en kommunikasievermoë blyk ook aspekte te wees waar dogters groepdruk sal ervaar. Sosiale betrokkenheid impliseer onder andere heteroseksuele verhoudings. Druk vanuit die groep sal in hierdie situasie sodanig wees dat vriende en vriendinne in platoniese sowel as romantiese vriendskappe die goedkeuring van die groep sal moet wegdra betrokkenes blootstel aan die risiko om uit die groep gesluit te word.

### 3.3.6.2 Ouer-kindverhouding gedurende adolessensie

Wanneer 'n ouer-kindverhouding skeefloop, kan die oorsaak daarvan by beide partye lê. Ouers is byvoorbeeld geneig om opvattings met betrekking tot die opvoeding van hulle adolessente kinders té min aan te pas en in baie gevalle word hulle steeds deur hul ouers behandel soos in hul kinderdae. As ouers in gebreke bly om hul houdings en gesindhede met betrekking tot hulle adolessente kinders aan te pas kan dit aanleiding gee tot die sogenaamde generasiegaping. Ouers kan egter nie ten volle blameer word vir die wrywing wat ontwikkel tussen hulle en hul adolessente kinders nie. Adolessente is dikwels onverantwoordelik, moeilik om mee saam te lewe en onvoorspelbaar. Hul onwilligheid om met hul ouers te kommunikeer vergroot die gaping tussen hulle. Baie adolessente is ook van mening dat hul ouers hulle nie verstaan nie en dat hulle oud-modiese standaarde handhaaf (Youniss & Smollar 1988:303).

Ondersoeke toon dat die grootste probleme tussen ouers en adolessente voorkom as gevolg van gebrekkige kommunikasie en botsende waardes tussen ouer en adolessent. Gesinne met hoë vlakke van kommunikasie ervaar groter kohesie, aanpasbaarheid en satisfaksie (Heaven 1994:57).

Ouers se verhoudinge met kinders in hul adolessentejare ondergaan groot veranderinge wat soms op 'n algehele ineenstorting uitloop. Die adolessent het 'n behoefte om uit die greep van die ouers los te kom en dan weg te beweeg na groter onafhanklikheid. Vir die meeste adolessente gaan hierdie losmakingsproses gepaard met 'n sekere mate van rebelsheid as gevolg van die generasiegaping. Vir sommige

adolessente neem hierdie rebelsheid ernstige afmetings aan, soos wanneer dit verwerping deur die ouers tot gevolg het - soms gelukkig net tydelik van aard. Omdat adolessente fisiek groter word, ontstaan die neiging nou om hulself as die portuur van die volwassene te beskou. Dit bring mee dat adolessente begin om aan te dring op die regte en voorregte wat volwassenes geniet. Voorts neig hulle om openlik met ouers of onderwysers oor reëls, waardes en norme te argumenteer (Hurlock 1992:350). Rebelsheid is kenmerkend van adolessente wat sosiaal mobiel is of wat hulself in 'n spesifieke portuurgroep bevind wat negatiewe gedrag openbaar (Argyle 1985:219). Dit dien vermeld te word dat Nielsen (1987:369) bevind het dat dogters makliker hul ouers se waardes en houdings sal navolg as seuns.

Rice en Mulkeen (1995:339) se navorsing fokus op die stabiliteit en die verandering in emosionele intimiteit of nabyheid van die adolessent-vader-, adolessent-moeder- en adolesssent-vriendverhoudings. Intimiteit in sy navorsing kan gedefinieer word as die waarneembare emosionele betrokkenheid in 'n verhouding en kan bepaal word na aanleiding van die mate van begrip, aanvaarding, empatie, ondersteuning en tevredenheid wat ervaar word (Hartup 1989:120). Collins (1990:85) meld dat jong adolessente verkies om hul emosionele gevoelens met hul ouers te bespreek alhoewel dit afhang van die mate van openheid wat in die gesin se kommunikasie bestaan. Namate adolessente ouer word begin hulle hul emosionele gevoelens met mekaar deel. Adolessente wat hulle ouers as ondersteunend en beskermend ervaar, toon 'n beduidend groter openheid teenoor hulle ouers met betrekking tot verskeie onderwerpe. Daar is bevind dat adolessente uit meer ontvanklike ouerhuise, 'n meer "oop" verhouding met sowel hul ouers as met hul portuurgroep toon. Dogters van alle ouderdomme deel egter in 'n groter mate hul emosionele gevoelens met hul ouers (en portuurgroepe) as wat die geval is by seuns. Waar oopheid vir en die aanvaarding van ander se standpunte sowel as sensitiwiteit en respek vir ander se opinies in 'n gesin voorkom, kan dit lei tot 'n adolessent met 'n goed gevormde identiteit (Youniss & Ketterlinus 1987:265).

Ouer-kindverhoudings verbeter egter sodra ouers begin besef dat hul seuns en dogters nie meer anders is nie. Die gevolg hiervan is dat die adolessente meer voorregte van hul ouers ontvang terwyl ouers meer van hul kinders verwag ten opsigte van die aanvaarding van verantwoordelikhede. Tweedens verbeter die betrokke verhoudings wanneer ouers poog om die adolessente se nuwe kulturele waardes (soos bepaal deur die betrokke portuurgroep) te erken én om sodoende te besef dat die hedendaagse adolessente in ander omstandighede opgroei as wat die geval met hulle was.

Tourville en Bowen (1994:267) se navorsing toon dat adolessente seuns meer kwesbaar is vir verhoudingsisolasie en die gebrek aan sosiale ondersteuning van hul vriende. Hierteenoor is daar 'n geneigdheid by adolessente dogters om hul portuurgroep te nader vir ondersteuning, en hulle ouers heeltemal uit die prentjie te laat. Adolessente seuns ervaar hul ouers as frustrerend en inperkend. Dogters blyk 'n stadium te betree waar hulle nie hulself kan wees in die teenwoordigheid van hulle ouers nie.

Heelwat navorsers het ondersoeke geloods om die voorkeurouer te bepaal met betrekking tot adolessente se openheid. Balk (1995:261) het bevind dat die moeder normaalweg die gewildste keuse is. Ouderdom en geslag by die adolessente kan genoemde voorkeure beïnvloed. Waar seuns nie regtig 'n voorkeur aandui ten opsigte van die vader en die moeder nie, is daar 'n defnitiewe voorkeur by dogters ten gunste van die moeder. Waar hierdie verhoudings egter gebrekkig is, sal die adolessent hom heel waarskynlik na sy portuurgroep wend. Adolessente in Australië het aangetoon dat 27% van die seuns persoonlike vrae vir hul vaders sal vra en 44% vir hul moeders.

Slegs 17% sou hul vriende geraadpleeg het. Slegs 3% dogters sou hul vaders met persoonlike vrae geraadpleeg het en 62% hul moeders. Vriende sou moes instaan by persoonlike vrae vir 24% van die dogters (Balk 1995:262).

Ten spyte daarvan dat ouers en hulle adolessente kinders in konflik betrokke raak oor té harde musiek, haarstyle, kleredrag en hul algemene gedrag, is die meerderheid adolessente en ouers van mening dat hulle van mekaar hou én mekaar geniet (Nielsen 1987:357).

Vervolgens word die adolessente se verhoudings met hul vaders en moeders onderskeidelik bespreek.

**3.3.6.2 (a) Adolessent-vaderverhouding**

Dit blyk dat vaders in die tradisionele gesinsopset die verantwoordelikheid om intieme verhoudings te skep, aan die moeders oorlaat. Die gevolg hiervan is dat die meeste adolessente in vergelyking met hul moeders relatief min tyd saam met hul vaders deurbring. Adolessente toon in navorsing dat hul vaders teenoor hulle min empatie toon, min kommunikeer en nie baie belangstel in hul dag-tot-dag probleme nie (Nielsen 1987:363).

Adolessente (seuns en dogters) beskryf dikwels hul vaders op emosionele vlak as gesagsfigure wat ietwat verwyderd van hulle is (Youniss & Smollar 1985:142). Balk (1995:26) meld dat adolessente dogters hul vaders as ondersteunend maar emosioneel verwyderd ervaar en beskou hul verhouding as gebrekkig. Baie min dogters het aangedui dat hulle 'n negatiewe verhouding met hul vaders het. Min vaders besef egter die impak wat hulle kan hê op die intellektuele sowel as die sosiale ontwikkeling van hul dogters (Nielsen 1987:371).

Seuns toon oor die algemeen meer hegte verhoudings met hul vaders. Dit is moontlik die gevolg van aktiwiteite en belangstellings wat oorvleuel én die wedersydse kennis van die een oor die ander. Seuns beskou egter steeds nie hierdie verhouding as intiem nie (Blyth & Foster-Clark 1987:690). Konflik in hulle verhoudings kom voor waar vaders en adolessente seuns mekaar nie met respek behandel nie. Adolessente is meer van hul vaders afhanklik vir praktiese raad (waar om aansoek te doen om betrekkings, of hoe te werk gegaan moet word om 'n motor te laat herstel) (Balk 1995:26).

Seuns se respek en agting vir hul vaders bly dieselfde vanaf hul kinderdae tot by hul adolessensiejare (moeders se invloed neem af namate konflik met hul kinders ontstaan - vergelyk die slotgedagte van paragraaf 3.3.5.2). Dit dui dus daarop dat die seun-vaderverhouding in die besonder gedurende adolessensie baie belangrik is as in ag geneem word dat die moeder se invloed gedurende die tyd afneem (Nielsen 1987:368).

Dit blyk dat adolessente wat hulself skuldig maak aan delinkwente gedrag, deurgaans 'n swak verhouding met hul vaders toon. Die aard van verhoudings tussen delinkwente adolessente dogters en hul vaders en 'n moontlike verband met antisosiale gedrag is ondersoek en toon dat delinkwente dogters nie baie geheg is aan hulle vaders nie. Die vaders toon 'n gebrek aan belangstelling en begrip en is ook nie liefdevol en besorg oor hul dogters nie. Delinkwente adolessente (seuns en dogters) beleef hul vaders as streng, koud, afsydig en vol wantroue. Aggressiewe gedrag van die vader sowel as sy verwerping word in verband gebring met 'n toename in die gebruik van dwelmmiddels deur adolessente in graad 9 en 10 (Norem-Hebeisen *et al* 1984:43).

Gesinstrukture raak toenemend vaderloos - 'n kenmerk van die kontemporêre gesin veral gedurende die laaste generasie. Afwesigheid van moeders in die gesin bestaan wel (en sal in alle waarskynlikheid 'n negatiewe invloed hê op die ontwikkeling van die kind) maar kom nie so gereeld voor as wat die geval is met die vader nie (Duvenhage 1973:63). Volgens die tradisionele rol van die vader, blyk dit in elk geval dat die stig van verhoudings aan die moeder oorgelaat word en dat die vader, as gesagsfiguur, oor die algemeen, 'n lae profiel handhaaf.

Die afleiding kan dus gemaak word dat waar die adolessent-vaderverhouding gebrekkig is of waar die vader afwesig is, adolessente hulle toenemend verlaat op die ondersteuning van hul moeders én portuurgroepe. Uiteraard sal hulle dan ook meer vatbaar wees vir druk van die portuurgroep.

### 3.3.6.2 (b) Adolessent-moederverhouding

Volgens 'n ou Joodse gesegde is 'n moeder "iemand wat kan instaan vir enigiemand anders, maar in wie se plek niemand kan instaan nie" (Nielsen 1987:362). Dat moeders 'n prominente rol speel in intieme verhoudings by seuns en dogters is duidelik en word ook bevestig met die Australiese navorsingstatistiek in paragraaf 3.3.5.2.

Konflik tussen die moeder en die adolessent wentel normaalweg om huishoudelike sake. Ten spyte hiervan bly positiewe gevoelens soos warmte, vertroue en emosionele nabyheid van die verhouding bykans onaangetas (Clark-Lempers, Lempers & Ho 1991:296). Adolessente dogters ontwikkel verhoudings met hul moeders wat intimiteit en konflik insluit. Hulle beskou hul moeders as outoriteitsfigure op wie hulle kan vertrou. Tóg was hulle meer met hul moeders as vaders in argumente betrokke (Balk 1995:262).

Clark-Lempers *et al* (1991:296) het bevind dat intimiteit in die moeder-kindverhouding groter is gedurende die pre-adolessente jare as in die middel- of laat adolessente jare. Sommige navorsers is dit eens dat daar 'n verskil is tussen seuns en dogters se vlak van intimiteit (dogters is meer intiem met moeders). Ander navorsers het geen beduidende verskil tussen die intimiteit wat seuns en dogters teenoor hul moeders openbaar gevind nie (Blyth & Foster-Clark 1987:689). Rice en Mulkeen (1995:352) se navorsing het aan die lig gebring dat moeder-dogter-intimiteit konsekwent bly toeneem het, met die grootste toename ná die twaalfde graad.

Kommunikasie tussen moeders en dogters blyk nie 'n probleem te wees nie. Moeders en dogtgers kommunikeer oor 'n wye reeks onderwerpe. Dogters neem die vrymoedigheid om selfs advies aan hul moeders te verleen benewens die feit dat hulself baie raad van hul moeders kry (Balk 1995:262). Konflik word openlik bespreek tussen moeder en dogter en beide beskou die vermoë om probleme op te los as 'n deug.

Adolessente seuns ontwikkel volgens Balk (1995:262) wel intieme verhoudings met hul moeders. Moeders word in vertroue geneem met persoonlike sake. Adolessente seuns aanvaar oor die algemeen die dissipline en reëls wat moeders daarstel en weet dat hulle moeders oor hulle besorg is (Balk 1995:262).

Soos in die geval by seuns, kan dogters wat 'n gebrekkige verhouding met hul moeder het, wel swaarder steun op hulp vanuit die portuurgroep.

### 3.3.6.3 Adolessente en romantiese verhoudings

Tydens adolessensie is daar 'n definitiewe fokusverskuiwing in die sosiale lewe van die adolessent. Aanvanklik het die vriendekring slegs uit lede van dieselfde geslag bestaan. Tydens adolessensie verskuif die fokus na 'n gemengde vriendekring waar afparing én meer intieme seksuele aktiwiteite 'n prominente rol begin speel in hul sosiale lewe. Sommige adolessente betree hierdie stadium vroeër, ander later en ander betree hierdie stadium nooit nie. Soos wat paartjies beweeg van informele verhoudings na meer ernstige verhoudings, speel liefde 'n belangriker rol. Daar is 'n toename in konflik en negatiwiteit by adolessente, onder andere as gevolg van jaloesie en besitlikheid met betrekking tot ernstige verhoudings tussen seuns en dogters. Soos wat daar 'n toename is in konflik tussen paartjies wat met die veranderende verhouding gepaardgaan, tree nuwe reëls by die verhouding in om die potensiële konflikareas die hoof te bied. Argyle (1985:219) se studie met betrekking tot dogters wat op 'n gereelde basis afsprake met dieselfde persoon het, het getoon dat dit vir dié dogters baie belangrik is om hulself onvoorwaardelik te verbind tot positiewe ondersteuning in hul maat se daaglikse aktiwiteite. Adolessente wat hulle in sodanige verhoudings bevind was meer geneig om teenoor mekaar getrou te wees. Hulle het wedersyds vir persoonlike advies gevra en het hul kommer en angs makliker teenoor mekaar uitgespreek.

Twee belangrike redes vir heteroseksuele romantiese verhoudings onder adolessente blyk volgens Hurlock (1992:247) sosialisering en status te wees.

- ***Sosialisering***

Portuurgroeplede verdeel aanvanklik in paartjies waaruit vaste verhoudings later kan ontwikkel. Portuurgroeplede wat betrokke is in hierdie verhouding moet bereid wees om deel te hê aan die groep se sosiale aktiwiteite, hulle moet oor sosiale vaardighede beskik, en hulle moet oor tyd, geld en 'n sekere mate van onafhanklikheid beskik voordat hulle deur die groep aanvaar word (Jarvinen & Nicholls 1996:437).

- ***Status***

Paartjies wat in vaste verhoudings betrokke is, ontvang erkenning en status vanuit die geledere van die portuurgroep. Hoe gewilder die betrokke paartjie by hul portuurgroep is en hoe hoër die prestige-waarde en sosio-ekonomiese status van hul gesinne in die gemeenskap is, hoe gunstiger is die moontlikheid om hoër status in die portuurgroep te verwerf.

Hoër status onder die portuurgroeplede sal noodwendig lei tot 'n positiewe selfbeeld by die adolessent. Die streef na status binne die portuurgroep deur middel van heteroseksuele verhoudings, kan egter daartoe lei dat verhoudings nie spontaan en vanweë egte romanse ontwikkel nie maar gedwonge plaasvind ten einde guns by die portuurgroep te verwerf. Indien die motiewe vir sommige heteroseksuele verhoudings in oënskou geneem word, blyk dit dus dat adolessente soms verhoudings aangaan met sekere lede van die teenoorgestelde geslag wat deel is van portuurgroepe wat hoë sosiale status geniet. In hierdie gevalle kan die verhouding beskou word as 'n middel om status te verkry of om status te bevestig (Schneider *et al* 1985:43).

Daar bestaan nie 'n stel reëls wat in totaliteit die kuns van hofmakery vergemaklik nie. Heelwat strategieë word deur die adolessent gebruik om lede van die teenoorgestelde geslag na mekaar te trek. Die indruk word byvoorbeeld geskep dat daar 'n hoë dunk jeens die ander party bestaan. Opofferings vir die ander persoon word gemaak en daar

word saamgestem met die ander party se opinies. Dit blyk dat seuns wat suksesvol is in die hofmaakproses, meer vlot is in die kuns om vinnig die regte opmerking op die regte tydstip te maak. Hulle het meer saamgestem met die dogters se opinies, meer met hulle geglimlag en meer kere die kop instemmend geknik in hul gesprekke. Ander nie-verbale tekens wat met vrug deur bedrewe hofmakers gebruik is, is die starende blik, nabyheid, aanraking en liggaamshouding. Aantreklike adolessente seuns kry meer afsprake en het 'n aktiewer sosiale lewe, hoofsaaklik omdat hulle oor meer selfvertroue beskik en sosiaal meer vaardig is. Aantreklike dogters daarenteen is nié méér vaardig op hierdie terrein as hul minder aantreklike eweknieë nie. Dit is vir die aantreklike groep nie baie nodig om sosiale vaardighede aan die dag te lê nie omdat die inisiatief altyd deur die mansgeslag geneem word (Reis, Wheeler & Spiegel 1982:979, Jarvinen & Nicholls 1996:437).

Rice (1992:441) wys op die negatiewe sy van sommige intense heteroseksuele verhoudings wat veroorsaak dat adolessente hulself van die portuurgroep isoleer en uiteindelik slegs in oppervlakkige verhoudings met maats in die portuurgroep betrokke raak. Sodanige adolessente is gepreokkupeer met mekaar en ontwikkel nie normale verhoudings met ander lede van die portuurgroep nie. Indien langdurige verhoudings van hierdie aard tot 'n einde kom, kan dit daartoe lei dat die betrokke adolessent geïsoleerd voel en dit moeilik vind om in normale gevestigde portuurgroepe in te skakel. Daarbenewens hou die verbrokkeling van verhoudings ernstige implikasies in vir sommige adolessente se selfbeeld veral waar die verhouding grootliks tot sy/haar selfbeeldvorming bygedra het. Verhoudings wat verbrokkel tussen adolessente wat nog steeds deel van die portuurgroep gebly het, hou egter minder negatiewe gevolge vir die betrokke adolessente in. Trouens, die portuurgroep bied dikwels ondersteuning om oor die trauma van die verbrokkeling te kom.

### 3.3.6.4 Die adolessent-portuurgroepverhouding

Daar is min ervarings wat meer ego-afbrekend vir 'n adolessent kan wees as om deur sy portuurgroep verwerp te word. Daarteenoor is daar ewemin ervarings wat die

adolessent se ego so kan versterk as om deur die portuurgroep as hul leier aanvaar te word. Sosiale status word bepaal deur die graad van aanvaarding van die adolessent deur die groeplede sowel as die rol wat hy in die groep speel (leier of volgeling) (Hurlock 1992:258, Harter 1982:87).

Balk (1995:282) bring vyf eienskappe in verband met portuurgroep-aanvaarding en verwerping van adolesssente.

- ***Naam***

Gewildheid kan beïnvloed word deur 'n naam. Navorsing toon 'n positiewe verband tussen portuurgroepgewildheid en die aantreklikheid van 'n naam. Adolessente is ook selfbewus en sensitief wanneer 'n noemnaam/doopnaam vreemd is. Daarbenewens kan byname ook 'n krenkende invloed hê.

- ***Fisieke voorkoms***

Om fisies anders te wees as die meeste ander adolessente lei tot selfbewustheid. Fisiese aantreklikheid lei tot gunstige reaksies en sosiale aanvaarding deur maats, onderwysers en ander volwassenes (Krantz 1987:723).

- ***Selfbeeld***

Selfbeeld korreleer volgens Simmons en Rosenberg (1975:229) positief met portuurgroepaanvaarding. Adolessente met 'n gemiddelde selfbeeld word méér deur die portuurgroep aanvaar as dié met 'n baie hoë of baie lae selfbeeld. Dit blyk dat 'n adolessent met 'n (te) hoë selfbeeld maklik as arrogant, superieur en taktloos deur die portuurgroep beleef word.

- ***Sosiale vaardighede***

Volgens Jarvinen en Nicholls (1996:437) beskik gewilde adolessente oor interpersoonlike intelligensie (sosiale intelligensie) wat aanleiding gee tot hul sosiale vaardighede. Gewilde adolessente beskik oor sosiale intelligensie. Gewilde adolessente word deur hul portuurgroep as hulpvaardig, vriendelik en tegemoetkomend beskou.

- ***Persepsies van intelligensie***

Uitstaande akademiese prestasies word positief met status geassosieer wat 'n positiewe invloed op portuurgroepaanvaarding uitoefen.

Adolessente wat nie vriende het nie, beskik nie oor geleenthede om hul sosiale behoeftes te bevredig nie. Tydens krisistye kan verwerpte adolessente nie ondersteuning van hul portuurgroepe verwag nie. Hulle verskaf nie, en ontvang ook nie stimulasie in informele sosiale interaksies met hul portuurgroep nie. Volgens Balk (1995:286) kan daar reeds in die derde graad akkuraat voorspel word watter kinders in graad 8 interpersoonlike probleme met vriendskappe gaan ondervind. Hierdie kinders toon gedrag wat ontwrigtend en aggressief van aard is en is ook lae presteerders.

Vanaf twaalfjarige ouderdom begin kinders 'n behoefte ontwikkel aan 'n hegte of boesemvriend en is hulle ook gereed om 'n mate van vryheid in die vriendskap toe te laat. Op dié stadium word daar na 'n baie belangrike fase in die vriendskap beweeg waar vriende die adolessente help om onafhanklik te raak van hul ouers, sowel as om verdere sosiale vaardighede te bemeester (Fuligni & Eccles 1993:628). Gedurende hiérdie ouderdom is vriendskappe met dieselfde geslag baie belangrik.

In Rice en Mulkeen (1995:353) se navorsing is bevind dat adolessente seuns 'n dramatiese toename in die intimiteit met hul vriende toon tussen graad 8 en 12. Hulle het ook bevind dat intieme vriendskappe vir seuns netso belangrik is as vir dogters. Vir adolessente is vriendskappe die mees belangrike verhouding omdat 'n groot deel van elke dag in die geselskap van vriende deurgebring word. Dogters ontwikkel 'n behoefte vir 'n beste vriend op 'n jonger ouderdom as seuns en begin ook met heteroseksuele vriendskappe op 'n vroeër stadium as seuns. Dogters het 'n paar hegte vriende terwyl seuns in groepe omgaan. Die belangrikste eienskap van adolessente vriendskappe is egter die intensiteit daarvan. Wanneer heteroseksuele verhoudings ter sprake begin kom, neem die intensiteit van verhoudings tussen lede van dieselfde geslag af (Kon 1981:91).

Volgens Argyle en Henderson (1984:234) vind sommige adolessente dit moeilik om vriendskappe te smee of om vriendskappe te behou. 'n Rede hiervoor is dat hulle soms 'n gebrekkige idee het van wat vriendskap veronderstel is om te wees. Dit behels nie noodwendig om altyd as vriend aanvaar te word nie, maar vereis ook lojaliteit, verbondenheid en besorgdheid oor ander. Adolessente kies as beste vriende dié wat hulle admireer, wat hulle beskou as die naaste aan hul ideale self (die persoon wat hulle graag self sal wil wees), persone van dieselfde ouderdom en persone wat soortgelyke probleme as hulself ervaar. Op ouderdom 15 tot 16 jaar is vriendskappe eksklusief. 'n Belangrike kriterium gedurende die tyd is die betroubaarheid van die vriend. Vriende wil sekerheid hê dat hulle op mekaar kan staat maak.

Argyle en Henderson (1984:234) onderskei drie hoofkomponente by adolessente se reëls vir vriendskap:

- ***Wisselwerking***
  - Deel sukses met ander.
  - Toon emosionele ondersteuning.
  - Bied hulp aan in tye van nood.
  - Streef daarna om die ander party gelukkig te maak wanneer in mekaar se geselskap.
  - Betaal gunsies en gawes terug.

- ***Intimiteit***
  - Vertrou en neem die ander in vertroue.

- ***Derde party***
  - Kom op vir die ander persoon in sy afwesigheid.
  - Verdra ander vriende.
  - Moenie kritiek in die openbaar uitspreek nie.

- Behou vertroue.
- Moenie jaloers of krities wees jeens ander vriendskappe nie.

Bogenoemde vriendskapsreëls het verreikende implikasies vir groepdruk. Groepe wat tot delinkwente optrede neig, verwag van die groeplid emosionele ondersteuning, hulp in krisistye en ook om die groep gelukkig en tevrede te hou met sy optrede. Groepdruk kan normale vriendskappe (indien dit buite die groep bestaan) ontmoedig aangesien 'n derde party (wat buite die groep is) waarskynlik nie geduld sal word nie. Omdat adolessente onseker is van hulself, skaar hulle hul by hul portuurgroep waar hulle aan die nodige persoonlike en sosiale vaardighede blootgestel word wat hulle uiteindelik help om deel te wees van die groter volwasse wêreld (Rice 1992:429).

#### 3.3.6.5 Die implikasie van die adolessent-portuurgroepverhouding op groepdruk

Die sosiale ontwikkeling van die adolessent en die rol wat die portuurgroep hierin vertolk, het besondere raakvlakke. Sommige adolessente ontbeer die emosionele band wat tussen hulle en hul ouers behoort te bestaan. 'n Verskeidenheid redes kan hiervoor angevoer word. Wat egter duidelik blyk in hierdie studie is dat die portuurgroep 'n prominente ondersteuningsrol in sodanige gevalle vertolk. Adolessente se keuse van vriende en daarmee saam die portuurgroep waarvan hy lid wil wees, word beïnvloed deur dié adolessente wat hulle admireer en met wie hulle graag sou wou identifiseer. Die mate van aanvaarding wat die adolessent vanuit die betrokke portuurgroep ontvang, versterk sy ego en selfbeeld. Romantiese heteroseksuele vriendskappe kan soms statusgebonde wees en dien as 'n middel tot 'n doel. Romantiese vriendskap kan vir die betrokke adolessent, prestigewaarde inhou wat sy sosiale status by die portuurgroep begunstig. Indien romantiese verhoudings (wat die goedkeuring van die portuurgroep geniet) verbrokkel, bied die portuurgroep ondersteuning aan die adolessent om dié trauma die hoof te bied. Sosiale aanvaarding kan deur die portuurgroep bewerkstellig word deur algehele lojaliteit teenoor die portuurgroeplede en hul optrede - selfs indien dit die goedkeuring van, of meedoen

aan, delinkwente optrede vereis. Opofferings van hierdie aard moet noodwendig gemaak word om verwerping deur die portuurgroep te voorkom. Indien 'n adolesssent nie deur die groep aanvaar word ly sy selfbeeld, ego, selfvertroue en uiteindelik ook sy sosiale aanpassing daaronder.

### 3.3.7 MORELE ONTWIKKELING

Moraliteit is 'n komplekse fenomeen. Om hierdie rede sal die begrip eers ontleed word waarna die ontwikkeling van morele denke tydens adolessensie bespreek sal word. Laastens sal daar gelet word op die verband tussen groepdruk en morele denke by die adolessent.

#### 3.3.7.1 Die begrip moraliteit

Volgens Conger (1991:466) vind die woord "moraliteit" sy oorsprong in die Latynse woord "moralis" en dui dit op sedelike gedrag wat deur die sosiale groep bepaal word. Indien die adolessent in ooreenstemming met die gemeenskap se reëls en wette optree, word hy as 'n morele persoon beskou. Selfs al sou die adolessent nie saamstem met van hierdie reëls en wette nie, pas hy daarby aan omdat hy besef dat dit die beste gevolge sal bewerkstellig. Moraliteit hou dus implikasies in vir die gedragskode van die groep waaraan die individu behoort.

In geen stadium van 'n mens se lewe is die bewuswording van morele waardes so belangrik as juis gedurende adolessensie nie. Dit is te verwagte aangesien kognitiewe ontwikkeling gedurende hierdie stadium veroorsaak dat adolessente meer bewus is van morele vraagstukke en waardes en dat hulle op 'n meer gesofistikeerde wyse daarby betrokke raak. Die sosiale verwagtings en eise waarmee hierdie jongmense gekonfronteer word sowel as die gewaarwordinge wat hulle ervaar, is veranderinge wat teen 'n geweldige versnelling plaasvind. Die gevolg hiervan is dat die ontwikkelende adolessent blootgestel is aan veelvoudige, veranderende en soms konflikterende waardes (Malmquist 1985:406).

Om tussen waardes te kies word bemoeilik omdat daar 'n konflik ontstaan by die adolessent tussen sy verhoogde vermoëns om oor morele vraagstukke te redeneer, en sy beperkte ondervinding/ervaring om daagliks met morele vraagstukke en die gevolge daarvan om te gaan (Conger 1991:466).

Die kompleksiteit van moraliteit as fenomeen kom aan die lig as daar gelet word op die vermoëns waaroor 'n individu volgens Conger (1991:467) behoort te beskik om moreel as ontwikkeld beskou te word:

- erkenning van en sensitiwiteit vir 'n sosiale probleem;
- morele oordeel vir korrekte optrede in 'n gegewe situasie;
- suksesvolle uitvoering en implementering van morele aksies.

### 3.3.7.2 Ontwikkeling van morele denke

***(a) Vóór adolessensie***

Volgens Louw (1990:229) begin morele ontwikkeling by die kind deur te konformeer aan die reëls van 'n eksterne gesagsbron soos sy ouers. Die kognitiewe ontwikkeling én die morele ontwikkeling van die kind is baie egosentries. Elke kind formuleer sy eie reëls en dít is al wat geld.

Op 11-jarige ouderdom begin die adolessent met die kodifisering van morele reëls in 'n poging om algemene morele reëls te formuleer. Morele kwessies word in detail bespreek en oordink. Morele reëls is nie meer onveranderbaar nie en kan ná beredenering en oorlegpleging verander word. As gevolg van die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent dink hy soos 'n volwassene en het hy 'n eie morele stelsel ontwikkel wat as riglyn vir sy gedrag kan dien.

***(b) Tydens adolessensie***

Tydens adolessensie bereik die persoon 'n stadium in sy lewe waar hy nie meer ongevoelig kan staan teenoor die morele kode van die gemeenskap waarin hy hom bevind nie. Die ontwikkeling van 'n eie kode van morele gedrag word vir hom baie belangrik omdat dit bepalend is vir die res van sy lewe. Die morele kode van die adolessent het gewoonlik betrekking op die ideale verband tussen eerlikheid, lojaliteit, morele moed en verantwoordelikheid. Morele ontwikkeling is tweeledig van aard. Aan die een kant verwag die samelewing dat die adolessent sal ontwikkel en in staat sal wees tot eie morele beheer. Aan die ander kant lei die groeiende kennis en ondervinding van die adolessent self daartoe dat hy duidelik omskrewe reëls en eise aan homself stel. Hy streef daarna om te groei en te ontwikkel tot so 'n lewe van morele beheer dat hy deur volwassenes sowel as sy ouderdomsgroep aanvaar en gerespekteer sal word. Die adolessent aanvaar dus in toenemende mate persoonlike verantwoordelikheid vir sy gedrag (Fuhrmann 1986:324).

Een van die belangrike ontwikkelingstake wat adolessente moet bemeester is om te besef dat die groep van hulle verwag om hul gedrag te wysig sonder die deurlopende toesig, voorligting, motivering, dreigemente en straf wat hulle as kinders ervaar het. Daar word van hulle verwag om spesifieke morele kodes van die kinderjare te vervang met algemene morele beginsels wat rigtinggewend moet wees vir hul gedrag. Daar word ook van die adolessent verwag om sy gedrag te beheer, 'n funksie wat voorheen deur ouers en onderwysers uitgevoer was. Vyf fundamentele veranderinge in die adolessent se benadering tot moraliteit word onderskei (Hurlock 1992:242):

- Die adolessent se morele uitkyk raak progressief meer abstrak en minder konkreet.

- Morele veroordeling beklemtoon nou "dit wat reg is" en is minder begaan oor dit wat "verkeerd" is. Reg en geregtigheid seëvier as dominante morele krag.

- Morele oordeel hou toenemend met kognitiewe denke verband.

- Morele oordeel is minder egosentries.

- Morele oordeel betrek emosies wat aanleiding gee tot psigologiese spanning.

***(c) Benaderings tot morele ontwikkeling***

Teoretici plaas die klem by morele ontwikkeling hoofsaaklik op drie komponente:

- Moraliteit veronderstel die vermoë om te kan dink en redeneer oor 'n morele situasie.

- Moraliteit kom hoofsaaklik ter sprake waar waardes betrokke is.

- Moraliteit is hoofsaaklik 'n kwessie van wat mense doen, eerder as wat hulle dink of glo (Rice 1992:468).

Volgens Fuhrmann (1986:325) kan morele ontwikkeling vanuit drie perspektiewe benader word:

- ***Psigodinamiese perspektief***

Gedurende die kinderjare ontwikkel die gewete en skuldgevoelens. Morele gedrag word beheer deur die superego en skuldgevoelens met betrekking tot foutiewe oprede en denke.

- ***Behavioristiese perspektief***

Hiervolgens word kinders nie gegroepeer as moreel of immoreel nie, maar ontwikkel hul morele denke na gelang van hul interaksie met die omgewing.

- ***Kognitiewe perspektief***

Die individu is in staat tot hipotesevorming in sy denke en beweeg weg van stereotiepe denke by morele kwessies (Fuhrmann 1986:340). Dit is nou vir adolessente moontlik om verskillende moontlikhede te oorweeg wanneer hulle 'n probleem oplos. Probleme kan uit verskeie hoeke beskou word en verskeie faktore kan in ag geneem word by die

oplossing daarvan. Piaget noem hierdie kognitiewe vermoë die formeel operasionele stadium.

Kohlberg se navorsing oor die morele ontwikkeling en morele opvoeding van die adolessent word as die mees gesaghebbendste beskou (Fuhrmann 1986:354). Kohlberg se teorie van morele redenering is 'n poging om te verduidelik hoe 'n persoon se begrip van wat reg en verkeerd is verander vanaf kindwees tot volwassenheid (Kohlberg 1969:399). Omdat die portuurgroep die adolessent se begrip van reg en verkeerd kan beïnvloed (vergelyk die navorsingsbevindinge van hoofstuk 3.4) is dit nodig om kortliks op die drie ontwikkelingsvlakke en die betrokke fases wat hy onderskei, te fokus. In die **prekonvensionele vlak** poog die adolessent om persoonlike belange te dien én om persoonlike behoeftes te bevredig. Tydens fase 1 gehoorsaam die adolessent reëls alleenlik om straf te vermy (oriëntasie met betrekking tot straf en gehoorsaamheid). Tydens fase 2 (naïewe instrumentele hedonisme) konformeer die adolessent in 'n poging om beloon te word.

Tydens die **konvensionele vlak** word die egosentriese behoeftes van die adolessent vervang deur die behoeftes en verwagtings van die portuurgroep.

Konformiteit, lojaliteit en identifikasie met die portuurgroep vorm die basis vir morele oordeel. Fase 3 word beskryf as die goeie seun-/,oulike dogter-stadium waar die adolessent konformeer om goedkeuring te kry en aanvaar te word. Tydens fase 4 poog die adolessent om te voldoen aan die behoefte om wet en orde te handhaaf ter wille van die groter gemeenskap.

Gedurende die **postkonvensionele vlak** word universeel etiese beginsels gehandhaaf en 'n moraliteit word nagestreef wat bo die wet verhewe is. Fase 5 lê klem op individuele regte en demokrasie. In fase 6 steun die adolessent se moraliteit op individuele beginsels en die gewete (Fuhrmann 1985:355, Malmquist 1985:423, Balk 1995:199, Hurlock 1992:243 en Rice 1992:468).

Kohlberg (Rice 1992:470) beklemtoon dat elke kind deur elke opeenvolgende vlak van morele oordeel ontwikkel voordat hy na die volgende vlak kan beweeg. Sy bevindinge toon ook aan dat die volgorde van ontwikkeling dieselfde is vir alle kulture, behalwe dat die laaste twee fases nie in ontwikkelende gemeenskappe voorkom nie. Hiervolgens word die "goue" reël streng toegepas: "Doen aan ander wat jy graag aan jouself gedoen wil hê" (Balk 1995:188).

Volgens Kohlberg (Hurlock 1992:243) behoort adolessente tot die derde vlak van moraliteit, naamlik postkonvensionele moraliteit, te ontwikkel. Baie adolessente bly egter in gebreke om gedurende adolessensie die skuif na volwasse moraliteit (postkonvensionele moraliteit) af te handel. Volwasse moraliteit word soms eers in die vroeë volwasse jare bereik. Kohlberg (in Muuss 1996:184) is van mening dat die meerderheid Amerikaners steeds nie op 24-jarige ouderdom die vlak van postkonvensionalisme in moraliteit bereik het nie. Hy het voorts bevind dat Amerikaanse middelklas-kinders vinniger van een vlak na die volgende beweeg as werkersklas-kinders en beweer dat hierdie verskille aan kognitiewe ontwikkeling toegeskryf kan word. Omdat die werkersklas-kinders 'n swakker begrip het van die breë sosiale orde, word hulle morele ontwikkeling daarom vertraag.

### 3.3.7.3 Die implikasies van morele ontwikkeling vir groepdruk

Adolessensie vereis dat die individu 'n morele standpunt moet inneem. Dié standpunt word onder andere beïnvloed deur -

- die gemeenskap waarin die adolessent hom bevind;
- die portuurgroep waarvan hy deel is, en
- sy eie beginsels en gewete.

Benewens genoemde aspekte wat die adolessent se morele standpunt beïnvloed, poog hy steeds om volwassenes sowel as sy portuurgroep se aanvaarding te bewerkstellig. Die portuurgroep kan egter voortdurend van die adolessent verwag om sy gedrag te wysig - iets wat voorheen slegs deur volwassenes (onder andere ouers en

onderwysers) bewerkstellig is. Die graad van betrokkenheid van die individu by 'n portuurgroep bepaal die mate waarin sy opinie rondom moraliteit beïnvloed word. Adolessente wat deel is van die portuurgroep is in 'n mate onder 'n verpligting om te konformeer met die groep se morele beginsels.

Volgens Kohlberg (Rice 1992:470) korreleer morele oordeel met IK. Dit beteken egter nie dat adolessente met hoë IK's beter mense is nie. Hulle gedrag is voortreflik en dit word bepaal deur emosionele en sosiale invloede in hul agtergrond en verhoudings met adolessente en gesagsfigure. 'n Baie belangrike implikasie vir portuurgroepdruk is Kohlberg se bevinding dat kinders met uitgebreide portuurgroepverbintenisse, opmerklik vinniger deur opeenvolgende stadiums van morele denke vorder. Die afleiding kan gemaak word dat hierdie kinders op grond van hul meerdere kennis druk kan weerstaan van die portuurgroep wat nog nie tot hierdie vlak van morele denke gevorder het nie. Eersgenoemde groep (leerlinge met meerdere kennis) kan dus 'n invloed uitoefen op die res van die kinders wat moreel stadiger ontwikkel met betrekking tot morele dilemmas.

Kohlberg (in Schonert-Reichl 1994:22) het bevind dat portuurgroepgeïsoleerde kinders 'n meer onvolwasse vlak van morele redenering toon as die sogenaamde gewilde kinders. Dit impliseer dat kinders wat deel vorm van portuurgroepe meer volwasse is in hul morele redenering.

Dit blyk uit Kohlberg se teorie dat persone in fase 1 sekere gedragspatrone openbaar om straf te vermy. Dit is dus moontlik dat die invloed van groepdruk tot konformiteit of delinkwente gedrag wel hier kan voorkom. Daarbenewens kan adolessente wat onseker oor hulself voel, in 'n poging om deur die portuurgroep aanvaar te word, doelbewus poog om gunste aan die groep te verleen (fase 2). By fase 3 streef die individu veral na aanvaarding en goedkeuring by ander - ook hier sal die groep se wense prioriteit geniet. Vanaf fase vier blyk dit dat die individu meer gemeenskapsgeoriënteerd begin raak en dat sodanige belange voorkeur begin geniet. By fase 5 oorheers konsensus met betrekking tot besluite en dit wat goed is vir die groep kry voorkeur. Groepdruk behoort hier nie 'n faktor by die individu te wees nie.

Fase 6 is eweneens ook 'n stadium waar die groep se invloed beperk behoort te wees. Die individu se diepgewortelde beginsels sal hier bó die invloed in die groep seëvier (vergelyk paragraaf 3.3.6.2(c)).

Wanneer kinders adolessensie bereik, is hulle nie meer geneë om morele kodes wat deur ouers en onderwysers aan hulle oorgedra en voorgehou word, sonder meer te aanvaar nie. Adolessente poog om hul eie morele kodes (wat beïnvloed kan wees deur portuurgroepdruk) daar te stel op grond van wat reg en verkeerd is. Hul morele kodes word soms aangevul deur reëls van ouers en onderwysers, én kennis wat opgedoen is met religieuse onderrig.

Die inkonsekwentheid van die standaarde van reg en verkeerd in die daaglikse lewe, bemoeilik die morele denke van die adolessent. Die probleem vererger wanneer adolessente besef dat portuurgroeplede wat verskillende sosio-ekonomiese-, religieuse of ras gebaseerde agtergronde verteenwoordig, in hul opinies verskil van dít wat reg en verkeerd is (Hurlock 1992:244).

Omdat die portuurgroep so 'n belangrike rol speel in die lewe van die adolessent, behoort hy nie af te wyk van hulle morele kode nie. Indien die adolessent moet kies, sal hy liewer iets doen wat nie die goedkeuring van sy ouers wegdra nie as om teen die oortuigings van sy portuurgroep te handel. Hy betoon simpatie én empatie teenoor die portuurgroep en ervaar skuldgevoelens teenoor die groep indien hy in die een of ander opsig met betrekking tot lojaliteit teenoor hulle faal. Indien die leier van 'n groep 'n spesifieke morele denkrigting navolg, is dit waarskynlik dat die res van die groep hom gewoonlik volg. Benewens die adolessent se beginsels met betrekking tot moraliteit blyk dit dat die portuurgroep 'n bepalende faktor bly wanneer hierdie beginsels in die praktyk beproef word. Tóg staan die adolessent nie meer ongevoelig teenoor die morele denke van sy gemeenskap nie en begin hy om persoonlike verantwoordelikheid vir sy gedrag te aanvaar.

## 3.3.8 RELIGIEUSE ONTWIKKELING

Om te besin oor die bydrae van geestelike rigtinggewing in die lewe van 'n adolessent is dit noodsaaklik om na die psigologiese en ontwikkelingsaspekte van die adolessent se lewe te kyk (Davis 1986:268). Verskeie studies die afgelope twintig jaar het getoon dat, anders as wat algemeen aanvaar word deur volwassenes, adolessente baie begaan is oor hul verhouding met God. Hulle is ook intens begaan oor aspekte soos twyfel en ongeloof (Davis 1986:269). Nielsen (1987:603) dui daarop dat navorsing in die VSA onder adolessente bevind het dat:

- 95% van alle respondente in God glo;
- 50% van die respondente het in dieselfde ondersoek beweer dat hulle besorg is oor hul verhouding met God, dat hulle geïsoleer voel sonder 'n begrip van die lewe se doel en dieper betekenis;
- 70% was lid van kerkgenootskapppe;
- 40% het op 'n gereelde basis kerkdienste bygewoon;
- 12% lees die Bybel daagliks (52% lees die koerant daagliks);
- 20% het geen idee gehad waaroor die Paasfees gaan nie;
- 90% het aangetoon dat hulle wel bid;
- 43% van 'n groep adolessente 'n behoefte getoon het aan 'n dieper geloof in God met 'n gepaardgaande gevoel van nood omdat hulle nie naby genoeg aan Christus voel nie.

### 3.3.8.1 Variasies in die adolessent se behoefte vir godsdiens

Geen enkele godsdiens sal noodwendig aan al die behoeftes van adolessente in die algemeen of een adolessent in die besonder, voldoen nie. Volgens Hurlock (1992:240) sal verskillende godsdienste op verskillende wyses by die adolessent aanklank vind. Hy kan geboei word deur die praalvertoon, eenvoud of militantheid van verskillende godsdienste. Die natuur en bestaan van God sowel as lewe na die dood is normaalweg vir alle adolessente 'n besprekingspunt. Daar is 'n verskeidenheid oorwegings waarom

adolessente 'n behoefte vir godsdiens (en selfs kerkbywoning) openbaar. Die volgende faktore speel 'n rol:

- Die godsdienstige atmosfeer tuis - die adolessent wat in 'n godsdienstige huis (tafelgebede en persoonlike gebed) opgegroei het, se drang na godsdiens is groter.

- Godsdienstige affiliasie - adolessente wat godsdienstig geaffilieer is, toon 'n groter behoefte aan godsdiens.

- Die portuurgroep se houding - adolessente wat met 'n portuurgroep assosieer wat aktief is in die kerk, toon ook 'n groter behoefte vir godsdiens.

- Geslag - omdat dogters meer aktief is in kerkaktiwiteite, toon hulle meer belangstelling en 'n groter behoefte aan godsdiens.

- Omgewing - godsdiens en die kerk se aktiwiteite speel 'n meer prominente rol in die plattelandse gebiede.

- Sosio-ekonomiese status - adolessente van die middel- en laerinkomste groep se strewe na godsdiens is meer dringend as dié van die hoër sosio-ekonomiese groep.

- Persoonlikhede - adolessente met 'n outoritêre persoonlikheid het 'n behoefte aan godsdiens omdat dit 'n versterkende invloed uitoefen en vir hulle 'n gevoel van sekuriteit bied. Adolessente wat onseker voel en hulself as ontoereikend ervaar het 'n groter behoefte aan godsdiens en sal daarom ook meer gereeld kerk bywoon (Megargee, Parker & Levine 1971:76; Nielsen 1987:594-603).

### 3.3.8.2 Stadiums van geloofsontwikkeling

Fowler (Muuss 1996:270; Balk 1995:225; Fuhrmann 1986:346) bied 'n teoretiese raamwerk vir geloofsontwikkeling, gebaseer op die idees van Piaget, Erikson en Kohlberg. Hy glo sterk daaraan dat kognitiewe en emosionele behoeftes onafskeidbaar is wanneer die ontwikkeling van die geestelike lewe ter sprake kom. Fowler onderskei ses stappe in geloofsontwikkeling en wys daarop dat 'n persoon 'n sekere minimum ouderdom moet bereik alvorens daar na die volgende stadium gevorder kan word. Al Fowler se stadiums is nie van toepassing op die adolessent nie. Dié wat adolessensie voorafgaan sowel as die stadiums tydens adolessensie word kortliks bespreek:

- ***Intuïtiewe-geprojekteerde geloof***

Die minimum ouderdom op hierdie stadium is 4 jaar en daar word hoofsaaklik gesteun op fantasie. 'n Begrip van God of 'n opperwese reflekteer 'n basiese geloof in die magiese.

- ***Mities-literêre geloof***

Gedurende hierdie stadium waar die minimum ouderdom tussen 5 en 6 jaar is, begin fantasie faal en verifiëring van feite word tot 'n sekere mate belangrik. Verifiëring kan geskied deur onderwysers, ouers, boeke en tradisies. Geloof in hierdie stadium is hoofsaaklik konkreet en leun swaar op die kredietwaardigheid van die verteller.

- ***Poëties-konvensionele geloof***

Die minimum ouderdom in hierdie fase is 12 - 13 jaar. Geloof berus steeds op die konvensionele en is afhanklik van die opinie van ander wat meer gesaghebbend is. Die adolessent beweeg weg van die invloed van sy gesin na nuwe verhoudings (onder andere portuurgroepe). Simboliek word al hoe meer begryp en daar bestaan heelwat wyses om te bepaal wat die waarheid is. By adolessente in hierdie stadium is daar ook 'n afname te bespeur in hul afhanklikheid van konkrete aspekte van geloof. Aangeleerde feite is steeds hul bron van inligting, maar die individu begin sy eie oordeel asook geselekteerde outoriteite se oordeel staat maak. Tog vertrou die adolessent laasgenoemde outoriteite nog nie ten volle nie.

- ***Geïndividualiseerde-reflektiewe geloof***

Op die ouderdom tusen 18 - 19 jaar begin individue om verantwoordelikheid te aanvaar vir hul eie oortuiginge, houdings, waardes en lewenstyl. Inligting met betrekking tot geloof tydens die ander stadiums word nou geringskat en meer aandag word aan eie ondervinding gegee. Sommige individue wat 'n onvermoë toon om sonder outoritêre figure en charismatiese persoonlikhede ten opsigte van hul geloofsbelewing te funksioneer, neig om by klubs en kultusgroepe aan te sluit.

### 3.3.8.3 Geloofskrisis tydens adolessensie

Sommige adolessente beleef 'n geloofskrisis, wat op 'n algehele breuk uitloop met betrekking tot hul tradisionele waardesisteme, wanneer hulle poog om die betekenis van die lewe te begryp. Ander adolessente reageer op 'n geloofskrisis deur godsdienstige tradisies wat met hulle godsdiens geassosieer word, te verwerp. Dit is nie altyd moontlik om gedrag tydens die adolessent se ontwikkelingsjare te voorspel nie. Die volgende redes kan aangevoer word as moontlike verduideliking waarom sommige adolessente 'n geloofskrisis beleef tydens hul adolessente jare.

- ***Groepdruk***

Die belangrikheid van die portuurgroep by die adolessent kan nie genoeg beklemtoon word nie. Die verwerwing van identiteit kry dikwels ondersteuning in die portuurgroep of in hegte interpersoonlike verhoudings.

- ***Verwydering van ouers***

Ouers verbind hulself dikwels tot institusionele waardes en houdings. Om hierdie rede distansieer die adolessent homself van tradisionele houdings en praktyke en poog hy om homself te skei van sy ouerlike toesig en uit te vind wat Jesus Christus vir hom as mens beteken. Daar is 'n werklike behoefte by die adolesssent om geloof persoonlik en losstaande van sy ouers se invloed en oortuigings te ervaar. Dit is veral die geval met adolessente uit outoritêre ouerhuise; hulle word nie aangemoedig om onafhanklik

te dink nie en sal waarskynlik eers reageer wanneer portuurgroepdruk ervaar word en wanneer besluite namens hulle deur die portuurgroeplede geneem word.

- ***Rebelsheid***

Houdings wat 'n negatiewe ingesteldheid teenoor godsdiens openbaar (weiering om kerk by te woon, die bevraagtekening van geloof, en die twyfel oor God se bestaan) is eintlik net 'n wyse om ouergesag teë te gaan of die gevolg van portuurgroepdruk. Die negatiewe reaksie wat hierdie gedrag van die adolessent uitlok, is deel van die gedragsiklus waar die adolessent uiteindelik hardkoppig sy eie wil sal nastreef (Hurlock 1992:239).

- ***Soeke na betekenis***

Gedurende die adolessent se ontwikkeling soek hy na die werklike betekenis van die lewe deur sy eie persoonlike waardesisteem daar te stel (Shelton 1983:144). In hierdie tyd ervaar die adolessent ook 'n nuwe intellektuele krag wat neig om antwoorde te soek vir die belangrike vrae van die lewe. Vrae soos: waarom is die bose daar? Wat is die doel van die lewe? Waarheen is ek op pad? Wat is vir my belangrik? Wat glo ek regtig? Nordberg (1971:379) meld dat, indien die adolessent nie die waarde van godsdiens in die praktiese probleme van die lewe kan sien in sy gesin of werk nie, hy die leerstellinge begin bevraagteken. Hy ontwikkel ook 'n negatiewe houding aangaande die waarde van godsdiens.

- ***Ontnugtering***

Twyfel begin gewoonlik reeds by die breek van die Kersvader-mite wat daartoe meehelp dat vroeë godsdiensoortuigings vernietig word terwyl kennisvermeerdering intree. Die adolessent se konfrontasie met relatiwisme kan die sneller wees vir ontnugtering wat om herwaardering van godsdiensoortuigings vra voordat enige verdere verbintenis aangegaan word. 'n Bydraende faktor tot geloofstwyfel is die besef dat baie volwassenes self nie leef volgens Christelike waardes, ideale en praktyke nie. In die lig hiervan kan 'n mens verklaar dat die vrae, twyfel, frustrasies, woede en vervreemding wat voorkom, moontlik die adolessent se reaksie kan wees ten opsigte

van die teleurstellende volwassewêreld. Terselfdertyd ervaar hy groepdruk om met hulle denke en beginsels te konformeer.

- ***Omgewing***

Kulturele- en omgewingsfaktore het ook 'n invloed op die adolessent. Kulturele invloede soos die kunste en die media kan die adolessent se strewe na Christelike verbintenisse verduister. Omdat daar nie in afsondering van bogenoemde invloede geleef kan word nie, behoort die adolessent reeds gedurende die adolessente jare 'n kritiese perspektief op te bou wat omgewingsinvloede kan teenstaan. In aansluiting by omgewingsfaktore kan die adolessent, veral in 'n gesin met 'n gemengde huwelik, (ouers wat aan verskillende kerklike denominasies behoort) blootgestel wees aan twee stelle oortuigings en nie altyd weet watter een die korrekte is nie (Nordberg 1971:379). Laasgenoemde is ook waar met betrekking tot groeplede wat verskillende oortuigings handhaaf.

### 3.3.8.4 Implikasies van die adolessent se religieuse ontwikkeling vir groepdruk

Hurlock (1992:240) onderskei in die ontwikkeling van geloof by die adolessent 'n stadium van religieuse rekonstruksie. Dit vind plaas wanneer die adolessent se geloof uit sy kinderjare nie meer aan sy dieper verwagtings voldoen nie. Op hierdie stadium word 'n nuwe geloof gesoek - die geloof in 'n intieme vriend van dieselfde of teenoorgestelde geslag, of geloof in 'n nuwe religieuse kultusgroep. Laasgenoemde groepe is baie gewild by die ouer adolessente en jong volwassenes wat oor gebrekkige godsdiensbande beskik. Dit spreek vanself dat die adolessent maklik beïnvloed kan word. As die adolessent steeds soekend is na antwoorde kan hy deur groepdruk met bogenoemde denominasies in aanraking kom (Fuhrmann 1986:348). Alhoewel adolessente baie kwesbaar vir beïnvloeding is, is hulle intens besorg oor aspekte soos twyfel, ongeloof en die oorsprong en sin van die mens.

Die adolessent betree die stadium van "Poeties-konvensionele" geloof (vergelyk Fowler se stadiums van religieuse ontwikkeling in die vorige paragrawe) waar die gesin se invloed oor geloof begin afneem en nuwe verhoudings met die portuurgroep gestig word. Dit blyk dat adolessente wat met 'n portuurgroep assosieer wat aktief is in die kerk, 'n groter behoefte aan godsdiens toon. Adolessente het egter nie altyd die vrymoedigheid om hul twyfel in verband met geloof uit te spreek nie, want hulle vrees 'n moontlike verwerping deur die portuurgroep.

Met betrekking tot groepdruk blyk dit dat adolessente tydens die poëties-konvensionele stadium baie afhanklik is van ander (groeplede) se opinies, trouens hulle word as gesaghebbend beskou. Geselekteerde outoriteite (groeplede) se oordeel begin meer gesaghebbend raak. Die adolessent kan dus veral in hierdie stadium groepdruk ervaar. Gedurende die Geïndividualiseerde-reflektiewe geloofstadium blyk dit dat sommige adolessente steeds 'n hunkering het na outoritêre figure (individue, klubs en kultuurgroepe) en dat hierdie adolessente steeds in gebreke bly om nie uiting te gee aan hul eie oortuigings nie, maar die groep of ander individue se oortuigings aanhang.

## 3.4 SAMEVATTING

In die bespreking van die algemene kenmerke van die ontwikkeling van die adolessent, is daar deurlopend verwys na die terreine waarop ontwikkeling plaasvind. Die persoonlikheidsontwikkeling van die adolessent is bespreek aan die hand van 'n verskeidenheid benaderings wat almal in verband gebring is met die implikasies wat dit vir groepdruk inhou. Die volgende gevolgtrekkings is gemaak:

- Benewens die feit dat alle adolessente fisieke veranderinge ondergaan en dat min individue ten volle tevrede is met die omvang van die veranderinge, blyk dit dat alle adolessente nie op dieselfde stadium die rypwordingsproses betree nie. Vroeë volwassenheid by seuns hou vir hulle oor die algemeen net voordele in terwyl vroeë volwassenheid by dogters meestal negatiewe implikasies het.

- Emosionele, fisieke en sosiale ontwikkeling is onder andere kenmerke van die adolessent se ontwikkeling wat die komplekse struktuur daarvan beklemtoon. Hoewel al hierdie aspekte afsonderlik bestudeer kan word, oefen hulle ook 'n invloed uit op ander terreine van die adolessent se ontwikkeling. Die emosionele, fisieke en sosiale ontwikkeling van adolessente is uiteraard dit wat die dinamika van groepvorming en groepdruk bepaal.

- Die sosiale verhouding wat die adolessent met sy ouers het, beïnvloed uiteindelik sy sosiale houdings met sy portuurgroep asook die mate waarin hy inskiklik is om hom aan portuurgroepdruk te laat onderwerp.

- Vanweë die uiteenlopende aard van morele norme in die gemeenskap word die daarstel van 'n vaste morele kode bemoeilik. Portuurgroeplede met verskillende sosio-ekonomiese-, religieuse- en rasgebaseerde agtergronde se opinies met betrekking tot die aanvaarbaarheid van hul morele norme verskil ook.

Daar bestaan tans geen meetinstrument om adolessente te identifiseer wat moontlik deur die portuurgroep beïnvloed kan word nie. Die metode waarvolgens die meetinstrument ontwikkel is, sal in die volgende hoofstuk bespreek word.

# HOOFSTUK 4

# DIE METODE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

## 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die navorsingsverloop van die empiriese ondersoek uiteengesit. Die doel van die empiriese ondersoek is om adolessente wat groepdruk moeilik hanteer, deur meting te identifiseer. Ten einde dié doel te bereik moes nuwe toetse ontwikkel word wat in hierdie hoofstuk bespreek sal word. Veranderlikes soos graad, geslag, ouer-kindverhouding, verhouding met maats/ander mense, selfbeeld en waardes is in die literatuurstudie geïdentifiseer as faktore wat groepdruk kan beïnvloed. Die verband tussen groepdruk en hierdie veranderlikes sal in die hoofstuk ondersoek word.

Voordat daar tot die stel van hipoteses oorgegaan word, sal 'n uiteensetting gegee word van die vernaamste aspekte wat as aannames uit die literatuur na vore gekom het. Die steekproef sal bespreek word sowel as die ontwikkeling van die vraelys, items vir die vraelys, die struktuur van die vraelys, instruksies wat die vraelys vergesel, die meting van veranderlikes en die prosedures wat tydens die empiriese ondersoek gevolg is.

## 4.2 AANNAMES UIT DIE LITERATUURSTUDIE

Vanuit die literatuurstudie wat onderneem is kan die volgende aannames gemaak word:

### 4.2.1 DAAR IS BELANGRIKE VERANDERLIKES WAT MET GROEPDRUK VERBAND HOU WAT TYDENS DIE IDENTIFISERING VAN SODANIGE ADOLESSENTE IN GEDAGTE GEHOU MOET WORD

Geslag is een so 'n veranderlike. Dit wil voorkom asof **seuns en dogters** portuurgroepdruk nie op dieselfde wyse ervaar nie en dat portuurgroepaanvaarding vir seuns belangriker is as vir dogters. Dit blyk ook dat seuns wat vroeër volwassenheid bereik, minder groepdruk ervaar as dogters wat vroeër volwassenheid bereik.

Met betrekking tot die **fisieke ontwikkeling** van dogters wat laat volwassenheid bereik, blyk dit dat hulle normaalweg gewild is by hulle portuurgroep en dat hulle daarom nie noodwendig pogings hoef aan te wend om deur die groep aanvaar te word nie. Hulle weerstaan gevolglik groepdruk makliker (vergelyk paragraaf 3.3.2.2). Daarenteen is seuns wat laat volwassenheid bereik onseker oor hulself en beskik oor min selfvertroue. Hulle is geneig om makliker toe te gee aan groepdruk ter wille van groepaanvaarding.

Dit blyk uit paragraaf 3.3.2.1 (e) dat groepdruk beïnvloed word deur uiterlike voorkoms. Adolessente kan vanweë hulle voorkoms hulself sosiaal onttrek en op dié wyse sosiaal geïsoleerd raak. Hulle kan só desperaat raak in hul poging om deur die groep aanvaar te word dat hulle onder groepdruk sal konformeer om goedgesindheid en aanvaarding te bewerkstellig.

Dit wil voorkom asof **morele ontwikkeling** elke adolessent se optrede op 'n eiesoortige wyse beïnvloed. Kohlberg se teorie aangaande morele redenering dui daarop dat 'n persoon se morele ontwikkeling en redenering vanaf kindwees na volwassenheid veranderinge ondergaan. Dít impliseer dat die morele denkontwikkeling van die adolessent die mate waarin hy groepdruk sal weerstaan, beïnvloed (adolessente wie se morele denkontwikkeling byvoorbeeld tot en met fase 5 en 6 ontwikkel is, is minder beïnvloedbaar deur groepdruk omdat groter klem geplaas word op individuele regte, demokrasie, individuele beginsels en die gewete).

Genoemde veranderlikes dien slegs as voorbeelde aangesien daar nie nou gepoog word om alle veranderlikes uit te lig nie.

### 4.2.2 DAAR BESTAAN VERANDERLIKES WAT STERKER MET GROEPDRUK VERBAND HOU AS ANDER

Dit blyk dat navorsers onderling verskil met betrekking tot die belangrikste beïnvloedingsfaktore vir groepdruk. Friedman *et al* (1985:2) beskou groepdruk primêr as 'n sosiale beïnvloedingsfaktor. Vir Krohn, Skinner, Massey en Akers (1985:455) is die belangrikste beïnvloedingsfaktore normatief van aard.

Kognitiewe ontwikkeling, as veranderlike wat verband hou met groepdruk, kan uitgesonder word as 'n belangrike beïnvloedingsfaktor. In paragraaf 3.3.3.3 blyk dit dat kognitiewe ontwikkeling 'n belangrike veranderlike is vir groepdruk omdat adolessente wat kognitief goed onderlê is, alles beredeneer, die gevolge van hul optrede beter antisipeer en daarom nie maklik onder groepdruk sal swig nie. Kohlberg (vergelyk paragraaf 3.3.4.3) wys egter daarop dat portuurgroepgeïsoleerde kinders (ongeag van hul kognitiewe vermoëns) 'n meer volwasse vlak van morele redenering toon as kinders wat deel is van portuurgroepe.

Met betrekking tot sosiale ontwikkeling wat as veranderlike met groepdruk in verband gebring kan word, het Hurlock (1992:229) bevind dat adolessente hulle sosiaal kan onttrek as gevolg van hul voorkomsbewustheid. Indien dié onttrekking isolasie tot gevolg het, sal die adolessent hom waarskynlik laat beïnvloed deur die groep ten einde aanvaarding te bewerkstellig. Dit wil dus voorkom asof die belangrikste veranderlikes wat met groepdruk verband hou, wél bepaal kan word.

### 4.2.3 DAAR IS 'N ONTWIKKELINGSTENDENS MET BETREKKING TOT GROEPDRUK IN DIE SEKONDÊRE SKOOL TEENWOORDIG

Adolessente in die laat adolessensiestadium is volgens Eaton, Mitchell en Jolley (1991:567) minder afhanklik van groepaanvaarding en sosiale affiliasie as vroeë-adolessente. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat adolessente in die laat adolessensiestadium minder aan groepdruk onderworpe is. Dit blyk dat die adolessent tydens die laat-volwasse stadium sy eie oortuigings, waardes en houdings respekteer - ongeag van die groep se invloed en sentimente. In teenstelling hiermee blyk dit dat ouer adolessente in 'n hoër mate onder groepdruk verkeer om mee te doen aan rook- en drankgebruik (Urberg *et al* 1991:27). Daar bestaan gevolglik 'n behoefte om meer oor die ontwikkelingstendens met betrekking tot groepdruk in die sekondêre skool te wete te kom.

### 4.2.4 'N VRAELYS KAN ONTWIKKEL WORD OM ADOLESSENTE VROEGTYDIGTE IDENTIFISEER WAT ONDER GROEPDRUK VERKEER

Verskeie meetinstrumente bestaan wat onder meer op eensaamheid, delinkwente gedrag en gesinsverhoudings fokus. Dié meetinstrumente se leemtes word later in die hoofstuk (vergelyk paragraaf 4.4.2.1) bespreek. Die feit dat daar meetinstrumente bestaan (hoewel hulle gebreke het), dui daarop dat groepdruk wél 'n veranderlike is wat meetbaar is. Daar is tipiese kenmerke van die persoon wat onder groepdruk verkeer wat geoperasionaliseer kan word en die meting daarvan moontlik maak.

## 4.3 HIPOTESES

In die lig van die literatuurstudie in hoofstuk 2 en 3, en die aannames wat in die vorige paragraaf gestel is, is dit moontlik om 'n aantal hipoteses te stel wat as vertrekpunt vir die empiriese ondersoek dien.

### 4.3.1 HIPOTESE 1 - VERSKIL IN GROEPDRUK TUSSEN SEUNS EN DOGTERS

Daar bestaan 'n beduidende verskil in die aard van groepdruk op seuns en dogters.

***Rasionaal***

Seuns streef na nouer bande met die portuurgroep en faktore soos die aanvaarding en ondersteuning vanuit die portuurgroep is vir hulle baie belangrik (vergelyk paragraaf 2.3.2). Dit blyk dat hulle tevrede is met 'n oppervlakkige vriendskap in vergelyking met dogters wat na sekuriteit, emosionele ondersteuning en sensitiwiteit in hulle portuurgroepverhoudings streef. Dit is vir dogters belangrik om in verhoudings met kleiner groepe betrokke te wees - een of twee vriendinne (vergelyk paragraaf 2.3.2). Seuns behoort dus oor die algemeen makliker deur die groep beïnvloed te word as dogters.

### 4.3.2 HIPOTESE 2 - VERSKIL IN GROEPDRUK TUSSEN VERSKILLENDE OUDERDOMME

Daar bestaan 'n beduidende verskil tussen die groepdruk van adolessente in verskillende ouderdomsgroepe.

***Rasionaal***

Uit die literatuur blyk dit dat vroeë adolessente méér beïnvloedbaar is as ander adolessente. Brown (1988:194) het bevind dat die verandering van skool (primêr na sekondêr) veral druk op die adolessent plaas om nuwe groepverhoudinge te stig. In gevalle waar die stig van nuwe groepverhoudings vir die adolessent problematies is, lei dit tot groepdruk.

By die laat-adolessent word die invloed van die groep minder. Volgens Eaton *et al* (1991:597) is die goedkeuring en aanvaarding deur die groep nie meer vir die laat-adolessent só belangrik nie en hoef hy daarom nie voortdurend 'n teenprestasie te lewer om deur die groep aanvaar te word nie. Hierdie adolessente ervaar gevolglik

minder druk.

### 4.3.3 HIPOTESE 3 - VERBAND TUSSEN GROEPDRUK EN AKADEMIESE PRESTASIE

Daar bestaan 'n beduidende verband tussen groepdruk en akademiese prestasie.

***Rasionaal***

Vir die meerderheid adolessente is goeie akademiese prestasie belangrik. Motivering om te presteer kom soms selfs uit die geledere van die groep. Clasen en Brown (1985:451) het egter bevind dat die portuurgroep dikwels daartoe aanleiding gee dat adolessente akademies doelbewus swakker as hul vermoëns presteer. Begaafde adolessente loop die gevaar om as die sogenaamde "brein-nerd" geëttiketteer te word. Hulle sal soms opsetlik swakker presteer ten einde deur die groep aanvaar te word. Veral swart leerlinge in die VSA word aan sowel verbale as fisiese aftakeling deur hul mede-swart leerlinge blootgestel indien hulle presteer. Goeie prestasie word deur die swart portuurgroep beskou as 'n poging van die individu om soos blankes te probeer wees (vergelyk paragraaf 2.3.3.2).

Sommige adolessente se leerprobleme en kognitiewe beperkings gee daartoe aanleiding dat hulle probleme ervaar om op sosiale gebied aanvaar te word (Axelrod 1982:612). Hierdie adolessente sal waarskynlik onder groepdruk verkeer om met eise van die groep te konformeer.

### 4.3.4 HIPOTESE 4 - VERBAND TUSSEN AANTAL KINDERS IN 'N GESIN EN GROEPDRUK

Daar bestaan 'n verband tussen die aantal kinders in die gesin en die mate van groepdruk waaraan hulle onderhewig is.

***Rasionaal***

Kinders in laer sosio-ekonomiese groepe is gewoonlik deel van groot gesinne. Hierdie kinders word in 'n hoër mate vroeër aan hul eie lot oorgelaat en beland vroeër in portuurgroepe/bendes wat 'n invloed op die gedrag van die adolessent uitoefen (vergelyk paragraaf 2.3.1).

### 4.3.5 HIPOTESE 5 - VERSKIL TUSSEN POSISIE IN DIE GESIN EN GROEPDRUK

Daar bestaan 'n beduidende verskil tussen die groepdruk wat kinders ervaar met betrekking tot die verskillende posisies wat hulle in gesinsverband beklee.

***Rasionaal***

Ouers is geneig om meer aandag te skenk aan hul eerste kinders in vergelyking met kinders wat later gebore word. Eerste kinders word meer beskermend groot en ervaar blootstelling aan groepdruk eers op 'n latere stadium. Kinders wat 'n laer posisie in die gesin beklee, word gouer blootgestel aan portuurgroepaktiwiteite weens die groter toegeeflikheid van hul ouers. Dit bring mee dat hulle moontlik in 'n groter mate aan portuurgroepdruk onderworpe kan wees (vergelyk paragraaf 2.3.1).

### 4.3.6 HIPOTESE 6 - VERSKIL IN GROEPDRUK VAN KINDERS IN VERSKILLENDE GESINSITUASIES

Daar is 'n beduidende verskil in die groepdruk van kinders in verskillende gesin-situasies.

***Rasionaal***

Adolessente uit enkelouergesinne en hersaamgestelde gesinne ervaar soms verhoudingsprobleme met hul ouers. Hierdie verhoudingsprobleme maak hulle meer aangewese op aanvaarding deur die portuurgroep. Dit op sigself maak hulle meer kwesbaar vir die gevolge van negatiewe groepdruk. Navorsing toon (vergelyk paragraaf 3.3.6.1) dat enkelouergesinne finansiële probleme ervaar. Dit het tot gevolg dat adolessente nie finansieel (klere, en so meer) kompeterend kan wees met hul

portuurgroep nie en mettertyd van die groep geïsoleer raak. Adolessente uit hierdie groep gesinne blyk meer kwesbaar te wees ten opsigte van groepdruk en sal maklik toegee net om meer aanvaarbaar te wees en isolasie te voorkom.

### 4.3.7 HIPOTESE 7 - VERSKIL IN GROEPDRUK VAN KINDERS WAT AAN BUITEMUURSE AKTIWITEITE DEELNEEM

Daar is 'n beduidende verskil in die groepdruk van kinders wat aan buitemuurse aktiwiteite deelneem en dié wat nié aan buitemuurse aktiwiteite deelneem nie.

***Rasionaal***

Adolessente wat byvoorbeeld op sportgebied uitblink is baie populêr en ander wil graag met hulle bevried wees. Hulle hoef dus minder toe te gee aan portuurgroepdruk ten einde sosiaal aanvaar te word.

### 4.3.8 HIPOTESE 8 - VERSKIL TUSSEN GROEPDRUK EN HETEROSEKSUELE VERHOUDINGS

Daar bestaan 'n beduidende verskil in die groepdruk van adolessente wat betrokke is in heteroseksuele verhoudings en dié wat nie in sodanige verhoudings betrokke is nie.

***Rasionaal***

Dit blyk uit paragraaf 3.3.6.4 dat sosialisering en status twee belangrike redes is waarom persone heteroseksuele verhoudings stig. Waar die betrokke verhoudings die goedkeuring van die groep wegdra, lei dit tot hoër status en 'n groter mate van aanvaarding deur portuurgroeplede. Hierdie adolessente is gevolglik minder aan groepdruk blootgestel.

### 4.3.9 HIPOTESE 9 - VERSKIL TUSSEN GROEPDRUK EN DEMERIETES

Daar bestaan 'n beduidende verskil tussen groepdruk en die aantal demerietes wat 'n adolessent ontvang het.

***Rasionaal***

Groepe waar akademiese onverskilligheid heers is meer geneig om demerietes te ontvang. Adolessente kan, in ruil vir aanvaarding deur die groep, swak akademiese gedrag openbaar. In teenstelling met dié doelbewuste pogings om demerietes te ontvang, is daar adolessente wat vanweë hul akademiese onvermoë demerietes ontvang. Sodanige leerlinge kan mettertyd deur die groep geïsoleer word en sal waarskynlik konformeer met die groep se eise in ruil vir aanvaarding.

### 4.3.10 Hipotese 10 - Verband tussen groepdruk en ouer-kindverhouding

Daar bestaan 'n beduidende verband tussen groepdruk en ouer-kindverhouding.

***Rasionaal***

Die kind maak hom al hoe meer los van sy ouers tydens adolessensie. Hierdie proses impliseer dat die portuurgroep se invloed mettertyd verhoog ten koste van adolessente se verhouding met hul ouers. Die adolessent se toenemende inskakeling by die portuurgroep beïnvloed die ken-, gesags- en vertrouensverhouding wat tussen hom en sy ouers bestaan. Die adolessent sal in baie gevalle die waardes van die ouerhuis verwerp en die waardes van die groep vooropstel. Hierdie waardes kan egter van só 'n aard wees dat dit die adolessent aanspoor tot delinkwente gedrag (vergelyk paragraaf 2.3.1).

Dit blyk ook dat adolessente wat hulself aan delinkwente gedrag skuldig maak deurgaans 'n swak verhouding met hul ouers het. Delinkwente adolessente (seuns en dogters) beleef hul vaders as streng, koud, afsydig en vol wantroue. Waar die adolessent-vaderverhouding gebrekkig is, verlaat adolessente hulle op die ondersteuning van hul moeders én die portuurgroep (vergelyk paragraaf 3.3.6.2). Sowel seuns as dogters wat 'n gebrekkige verhouding met hul moeders het, steun swaarder op hulp vanuit die portuurgroep (vergelyk paragraaf 3.3.6.2).

### 4.3.11 Hipotese 11 - Verband tussen groepdruk en selfbeeld

Daar bestaan 'n beduidende verband tussen groepdruk en selfbeeld.

***Rasionaal***

Sullivan (vergelyk paragraaf 2.3.4.5) het bevind dat intieme vriendskappe adolessente se gevoel van eiewaarde ondersteun. In aansluiting by bogenoemde beweer Berndt, Hawkins en Hoyle (1986:1284) dat adolessente wat in meer ondersteunende vriendskappe betrokke is, oor 'n meer stabiele selfbeeld beskik. Adolessente wat in vriendskappe betrokke is beskik noodwendig oor beter sosiale kwaliteite. Hulle word makliker deur die groep aanvaar en beskik normaalweg oor sosiale vaardighede en persoonlike karaktertrekke

wat netheid, opvoeding, aantreklikheid en vriendelikheid insluit. Adolessente wat deur die groep aanvaar word het gewoonlik 'n positiewe selfbeeld (Jarvinen & Nicholls 1996:437). Hieruit kan die afleiding gemaak word dat adolessente wat nie deur die groep aanvaar word nie (en aan groepeise toegee om aanvaarding te bewerkstellig) 'n lae selfbeeld het.

### 4.3.12 Hipotese 12 - Verband tussen groepdruk en waardes

Daar bestaan 'n beduidende verband tussen groepdruk en waardes.

***Rasionaal***

Die belangrikheid wat **adolessente** aan spesifieke waardes heg, kan 'n aanduiding gee van die groepdruk wat 'n betrokke adolessent ervaar. Die adolessent wat 'n hoë premie op **populariteit** plaas, sal heel waarskynlik onder groepdruk verkeer ter wille van aanvaarding en gewildheid. Dit blyk dat sommige adolessente, in hul strewe om populêr te wees, selfs delinkwente gedrag as 'n middel tot 'n doel beskou (vergelyk paragraaf 2.3.4.5). **Eerlikheid, hulpvaardigheid** en **verantwoordelikheid** is volgens Jarvinen en Nicholls (1996:437), waardes wat met groepdruk verband hou (vergelyk

ook paragraaf 2.3.4.1). Waar hierdie waardes vir adolessente belangrik is, is hulle minder beïnvloedbaar vir groepdruk. Dit blyk dat die adolessent wat by hegte en meer ondersteunende **vriendskappe** betrokke is, 'n hoër selfbeeldtelling toon en minder onder groepdruk swig. 'n Adolessent wat nie oor vriendskappe beskik nie, sal waarskynlik na 'n hoër mate van sosiale aanvaarding streef wat tot groepdruk kan lei (Jarvinen & Nicholls, 1996:437). Waardes wat betrekking het op die adolessent se selfagtingsbehoeftes soos **vryheid** en **onafhanklikheid** (vergelyk Maslow in paragraaf 3.3.3.4) kan ook die mate van groepdruk wat die adolessent ervaar, beïnvloed.

### 4.3.13 Hipotese 13 - Verskil tussen persoonlikheidseienskappe van adolessente wat hoë en lae groepdruk ervaar

Daar bestaan 'n beduidende verskil tussen sekere persoonlikheids-eienskappe van adolessente wat hoë groepdruk ervaar en dié wat lae groepdruk ervaar.

***Rasionaal***

Sekere persoonlikheidseienskappe laat adolessente verskillend reageer op portuurgroepdruk. 'n **Intelligente** adolessent sal die gevolge van sy optrede beter kan antisipeer as 'n **minder intelligente** adolessent. Hy sal intelligente besluite neem, akademies goed vaar en gevolglik deur die portuurgroep gerespekteer word. Die druk om toe te gee aan groepeise sal dus ook minder wees (vergelyk paragraaf 3.3.3.3). Adolessente wat lae groepdruk ervaar is **emosioneel stabiel** en beskik oor 'n goeie selfbeeld. Hulle is onder andere maklik aanpasbaar en lewenslustig (Louw 1990:438) en sal waarskynlik minder liggeraak wees as adolessente wat onder hoë groepdruk verkeer. 'n Adolessent wat **kalm** van geaardheid is beskik waarskynlik oor genoegsame selfvertroue, is gelykmatig, rustig en tevrede met sy omstandighede, selfgenoegsaam en sal onder lae groepdruk verkeer. **Angstige** adolessente is onder andere apaties, ongelukkig, rusteloos, onvergenoegd met hulself en groepafhanklik; hulle kan gevolglik onder groepdruk verkeer of daaraan toegee ten einde hul situasie te beredder (Wearne 1990:47).

### 4.3.14 Hipotese 14 - Verband tussen groepdruk en verhouding met maats

Daar bestaan 'n beduidende verband tussen groepdruk en verhouding met maats.

***Rasionaal***

Vir adolessente is vriendskappe die mees belangrike verhouding omdat 'n groot deel van elke dag in die geselskap van maats deurgebring word (Rice en Mulkeen 1995:353). Argyle (vergelyk paragraaf 3.3.6.3) het bevind dat adolessente maats kies wat deur hulle beskou word as die naaste aan hulle ideale self. Hulle kies gevolglik as beste vriende dié wat hulle admireer en dié waarmee hulle graag sou wou identifiseer. Vriendskappe wat buite die groep bestaan kan deur groepdruk ontmoedig word aangesien 'n derde party nie geduld word nie. Trouens die adolessent kan druk van die portuurgroep ervaar om sekere vriendskappe te beëindig.

### 4.3.15 Hipotese 15 - Die proporsie van die variansie wat groepdruk beïnvloed

Die proporsie variansie in groepdruk, wat gesamentlik deur verskeie veranderlikes verklaar word, is groter as die proporsie wat deur enige van die veranderlikes op sigself verklaar word.

***Rasionaal***

Dit blyk uit die literatuur dat groepdruk beïnvloed word deur 'n verskeidenheid faktore (vergelyk paragrawe 2.4.1; 2.4.2; 3.3.3.3 en 3.3.6.5). Aspekte soos die kognitiewe, sosiale en morele ontwikkeling van die adolessent sluit talle faktore in wat groepdruk kan beïnvloed. Daar kan aangeneem word dat veranderlikes met betrekking tot groepdruk gesamentlik 'n groter invloed sal uitoefen as een faktor alleen.

## 4.4 NAVORSINGSONTWERP

'n Bepaalde navorsingsontwerp is gekies om die gestelde hipoteses te toets. Die

ontwerp sluit die steekproef, meetinstrumente en navorsingsprosedure in.

### 4.4.1 STEEKPROEF

Daar is besluit om adolessente in alle grade op hoërskoolvlak as proefpersone te gebruik en wel om die volgende redes:

- Vroeë adolessente (10-14 jaar) middel-adolessente (15-17 jaar) en laat-adolessente (18-20 jaar) is betrek.

- Een van die probleemstellings van die ondersoek is om vas te stel of groepdruk 'n ontwikkelingstendens toon tussen graad 8 en 12.

Dit is moontlik dat kultuur- en taalverskille 'n invloed kan uitoefen op die ondersoek. Die doel van die ondersoek was egter nie om die effek van die genoemde veranderlikes te bepaal nie en is daarom ook nie nagevors nie. Slegs skole waar Afrikaans as onderrigmedium gebruik word, is betrek.

Geslagsverskille is wel ondersoek (vergelyk paragraaf 3.3.2 ). Seuns én dogters is om dié rede as proefpersone gebruik.

Daar is besluit om skole aan die Wesrand te betrek. Weens 'n verskeidenheid skoolaktiwiteite en ander praktiese probleme kon sekere skole nie aan die navorsingsprojek deelneem nie. Uit die beskikbare skole is daar toe op 'n ewekansige wyse 'n skool geïdentifiseer. In die skool is leerlinge op 'n ewekansige wyse gekies. Die getal leerlinge wat in elke graad deel van die steekproef was, word in tabel 4.1 aangedui.

**Tabel 4.1** **Getal proefpersone (geslag by graad)**

| GRAAD | SEUNS | DOGTERS | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| 8 | 75 | 66 | 141 |
| 9 | 41 | 50 | 91 |
| 10 | 35 | 43 | 78 |
| 11 | 61 | 53 | 114 |
| 12 | 22 | 16 | 38 |
| TOTAAL | 234 | 228 | 462 |

Die leerlinge is verteenwoordigend van woonbuurtes met 'n gemiddelde sosio-ekonomiese status.

Tabel 4.2 toon die ouderdomme van die proefpersone sowel as die graad waarin hulle hul bevind.

**Tabel 4.2** **Ouderdom by graad**

| Ouder-dom | Gr 8 | Gr 9 | Gr 10 | Gr 11 | Gr 12 | T |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 13 | 96 | 1 | | | | 97 |
| 14 | 41 | 65 | | | | 106 |
| 15 | 2 | 22 | 60 | | | 84 |
| 16 | | 3 | 17 | 81 | | 101 |
| 17 | | | 1 | 31 | 34 | 66 |
| 18 | | | | 4 | 4 | 8 |
| | 139 | 91 | 78 | 116 | 38 | 462 |

Die gemiddelde ouderdom van die proefpersone was 14,90 jaar met 'n standaardafwyking van 1.41.

## 4.4.2 MEETINSTRUMENTE

### 4.4.2.1 Inleiding

Ten einde adolessente wat groepdruk ervaar te identifiseer is 'n verskeidenheid vraelyste oorweeg maar geen geskikte meetinstrument vir groepdruk kon gevind word nie.

Pearl, Bryan en Herzog (1990:47) het 'n vraelys saamgestel vir adolessente wat handel oor groepdruk met betrekking tot delinkwente gedrag. Dié vraelys het scenario's geskets en die optrede van die proefpersone is aangeteken en later geëvalueer. Veranderlikes soos geslag, omgewing en ras se invloed op groepdruk is bepaal. Dié vraelys bepaal slegs die gewilligheid van leerlinge om betrokke te raak by delinkwente gedrag en is daarom van min waarde om adolessente wat druk moeilik hanteer te identifiseer. Die “Social Behaviour Questionnaire” (SBQ) is ook geraadpleeg maar dié vraelys lê slegs klem op leerlinge wat ontwrigtende gedrag openbaar.

Omdat eensaamheid kan meebring dat adolessente meer geredelik kan toegee aan die groep se eise, is die "Social Satisfaction Questionnaire" (gewysig deur Asher *et al*, 1984) se inhoud bestudeer. Dié toets is egter ontoereikend omdat daar nie pertinent na die moontlikheid van groepdruk verwys word nie. Die “Loneliness Questionnaire” van Asher *et al* (1984:1457) bepaal die gevoel van eensaamheid wat kinders ervaar. Ook hierdie toets maak glad nie melding van groepdruk nie. Die “Pupil Evaluation Inventary” (PET) is ook geraadpleeg maar fokus meer op gewildheid onder die groep alleen.

Genoemde toetse is almal in die VSA ontwikkel en is nie noodwendig versoenbaar met Suid-Afrikaanse omstandighede nie. Die PHSF vraelys (Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele verhoudingsvraelys) is bestudeer vir moontlike gebruik. Hierdie vraelys bestaan uit komponente wat die persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudings van onder andere hoërskoolleerlinge bepaal. Dié betrokke vraelys beskik egter nie oor

'n komponent wat groepdruk kan meet nie.

Weens die gebrek aan 'n toepaslike vraelys is 'n eie vraelys ontwikkel om groepdruk te meet.

### 4.4.2.2 Die ontwikkeling van items vir die vraelys wat groepdruk meet

#### *4.4.2.2.1 Groepdruk*

Daar is met die items wat in hierdie vraelys opgeneem is, eerstens gepoog om vas te stel in watter mate die adolessent op sy vriende aangewese is. Dit blyk uit paragraaf

3.3.1 dat die adolessent wat onder groepdruk verkeer 'n gebrek aan selfvertroue het en daarom voortdurend poog om die groep se goedkeuring te verkry (vergelyk item 1 - **"Ek is baie op my vriende aangewese"**). Die adolessent wat onder groepdruk verkeer kan ook sosiaal geïsoleerd voel. Dit plaas druk op die adolessent om só op te tree dat hy deur die portuurgroep aanvaar word. Item 13 **"Ek is bang my vriende sal my nie aanvaar nie"** toets die druk wat die adolessent in hierdie opsig ervaar. Verdere kenmerke van die adolessent wat onder groepdruk verkeer is sy onvermoë om te kommunikeer, akademiese swak prestasie, gebrekkige sosiale vaardighede en fisieke onaantreklikheid (vergelyk paragraaf 3.3.5.1).

Wenar (in paragraaf 2.4.3.3) beklemtoon dat, indien aanvaarding en status by die portuurgroep deur die adolessent verabsoluteer word, dit daartoe kan lei dat daar nie meer verantwoordelike keuses ten opsigte van vriende se versoeke gemaak kan word nie. Gevolglik is daar gepoog om vas te stel in watter mate die adolessent aan sy vriende se versoeke sal voldoen ten spyte daarvan dat sy eie verantwoordelike keuse in die proses negeer word. In dié verband is die onderstaande items in die vraelys ingesluit :

**19. Ek laat my dikwels deur my vriende voorsê wat ek moet doen**

**55. Ek word maklik deur vriende beïnvloed**

**69. Ek besef dikwels dat dit wat ek saam met my vriende doen verkeerd is, maar ek het nie die moed om "nee" te sê nie**

**84. Ek gee maklik toe aan my vriende se versoeke**

**107. As ek saam met vriende is, doen ek dinge sonder om eers goed daaroor na te dink.**

In hierdie toets moet 25 items deur die proefpersoon beantwoord deur 'n getal tussen 1 en 6 toe te ken in die blokkie wat langs die vraag aangebring is. Die skaal wat gebruik is, was soos volg :

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Dit is presies soos wat ek dit ervaar het | 6 | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | Dit is glad nie soos wat ek dit ervaar nie |

Indien die adolessent 'n positiewe komponent aandui, is 6 die maksimum punt wat hy kan ontvang. Die negatiewe ekstreem is 1. Dít impliseer dat 'n hoë telling hoë groepdruk reflekteer en 'n lae telling op 'n gebrek aan groepdruk dui.

Verskeie ander veranderlikes hou met groepdruk verband. Selfkonsep, relasie met maats, die ouer-kindverhouding (gesags-, ken- en vertrouensverhouding) is met behulp van 'n eie meetinstrument gemeet terwyl ander veranderlikes soos waardes en persoonlikheid, onderskeidelik met bestaande meetinstrumente van Budhal (1998:152) en die HSPV gemeet is. Intelligensie as veranderlike, is deur die ASAT bepaal.

#### *4.4.2.2.2 Selfkonsep*

'n Persoon met gebrekkige selfkonsep manifesteer in verskillende gedragstipes. Indien 'n adolessent se selfkonsep gemeet kan word, behoort dit ook meer lig op sy gedrag in 'n groep te werp. 'n Kort betroubare toets is ontwikkel om 'n selfkonseptelling te verkry ten einde die toetsbattery in die ondersoek nie té omvattend te maak nie. Om

items vir die toets te bekom is onder andere die volgende toetse geraadpleeg :

- Coopersmith Self-Esteem Inventories,
- Tennessee Self-Concept Scale,
- Piers-Harris Children's Self Concept Scale, en die
- Culture-Free Self-Esteem Inventories Scale.

Daar is spesifiek gefokus op die vrae soos :

- In watter mate is die adolessent onseker oor homself?
- Beskik hy oor selfvertroue?
- Is hy vir homself aanvaarbaar?

Volgens Erikson (1968:118) in paragraaf 3.3.4.2. worstel die adolessent met die vraag "Wie is ek?" Om hierop 'n antwoord te kan gee moet die adolessent homself ken. Adolessente is in die meeste gevalle onseker oor wie hulle werklik is, wat hulle wil wees, watter indruk hulle op ander wil maak en of hulle daartoe in staat is om besluite oor belangrike aangeleenthede te neem (vergelyk item 74* **"Ek twyfel soms oor wie en wat ek is"**. Die lae sosiale profiel wat die adolessent met 'n negatiewe selfbeeld handhaaf lei tot 'n gebrek aan selfvertroue (vergelyk paragraaf 3.3.4.4). Item 26 **"Ek het vertroue in myself"** toets die adolessent se selfvertroue of gebrek daaraan. Erikson (1974:87) meld dat 'n persoon wat produktief is, erkenning ontvang en uiteindelik ook 'n gevoel van bevoegdheid ontwikkel. Onvermoë om arbeidsaam te wees en sodoende iets tot stand te bring, lei tot 'n minderwaardigheidsgevoel en 'n gebrekkige selfkonsep waar die adolessent glo dat alles wat hy aanpak tot mislukking gedoem is. Dit word onder andere getoets deur item 8 **"Ek voel ek bereik iets met my lewe"** en item 49* **Ek voel dikwels dat ek niks goeds kan doen nie"**.

Min adolessente is met hul voorkoms, en al die fisiese verandering waaraan hulle liggame onderwerp word, tevrede. Adolessente kan 'n gebrekkige selfbeeld ontwikkel vanweë hul voorkoms en staan die gevaar om hulself sodanig sosiaal te onttrek dat hulle geïsoleer word (vergelyk paragraaf 3.3.2.1(b)). Die gebrek aan 'n selfbeeld plaas

onvergenoegdheid met hulself (Louw 1990:127). In hierdie verband is item 70 **"Ek is vir myself aanvaarbaar"** in die vraelys ingesluit.

Waar adolessente se frekwensie van interaksie met vriende hoog is, is hulle selfbeeld ook hoog (Larson en Richards 1991:284). Adolessente wat in hegte en meer ondersteunende vriendskappe betrokke is, beskik oor 'n meer stabiele selfbeeld (vergelyk paragraaf 2.3.4.5). Items 2* **"Ek voel dikwels onseker oor myself"**, en 62* **"Ek voel soms ek pas nêrens in nie"** toets die adolessent se selfkonsep en die aard van die beïnvloeding daarvan met betrekking tot sy onsekerheid oor homself en aanvaarding deur ander.

Adolessente wat reeds suksesse binne en buite skoolverband behaal het beskik volgens Rice (1992:249) waarskynlik ook oor 'n positiewe selfbeeld. Dit word onder andere getoets deur item 20 **"Ek voel trots op dit wat ek al in die lewe bereik het"**.

Die vraelys wat gebruik is om selfkonsep te meet bestaan uit 'n totaal van 25 items wat, soos in vraelys 1, beantwoord word deur 'n getal tussen 1 en 6 toe te ken. 'n Hoë telling impliseer 'n positiewe selfkonsep en 'n lae telling, 'n negatiewe selfkonsep. Vir die itemnommers wat met 'n asterisk gemerk is, is 'n omgekeerde skaal gebruik.

#### *4.4.2.2.3 Relasie met maats/ander mense*

Items vir hierdie vraelys is opgestel met die doel om vas te stel :

- in watter mate die adolessent se omgang met sy maats gemaklik is;
- hoe groot die adolessent se vriendekring is;
- in watter mate die adolessent dit verkies om alleen te wees.

Jarvinen en Nicholls (1996:437) is van mening dat gewilde adolessente oor interpersoonlike intelligensie (sosiale intelligensie) beskik. Dít dui op sosiale bevoegdheid om met mense in sosiale situasies te kan omgaan. 'n Gewilde adolessent

beskik gewoonlik ook oor 'n verskeidenheid ander kenmerke (aantreklikheid, reputasie, intelligensie en so meer) wat sy omgang met ander mense en maats vergemaklik, sy sosiale betrokkenheid verhoog en van hom 'n gewilde lid van die groep maak.

Voorbeelde van items in die vraelys wat fokus op die sosiale relasie tussen maats/ander mense en die adolessent is:

3 "Ek voel op my gemak tussen ander mense"

21 "Ek gesels maklik met ander mense - selfs vreemde mense"

39 "Ek is 'n joviale mens wat maklik met ander oor die weg kom"

92 "Dit is vir my aangenamer om dinge alleen te doen as in 'n groep"

Lackovic - Grgin en Dekovic (1990:839) wys daarop dat 'n adolessent se selfbeeld sy relasie met maats en ander mense beïnvloed. 'n Adolessent met 'n negatiewe selfbeeld handhaaf 'n lae sosiale profiel, word nie raakgesien as leier nie en neem ook nie deel aan klas of sosiale aktiwiteite nie. Hulle beskik gevolglik oor 'n klein vriendekring en ontwikkel dikwels gevoelens van eensaamheid en isolasie wat vererger word deur hulle swak kommunikasievermoë. Voorbeelde van items wat 'n swak relasie met maats/ ander mense meet is:

44* "Dit is vir my moeilik om vriende te maak"

64* "Ek het beslis minder vriende as die meeste ander mense"

51* "Ek voel dikwels alleen"

Adolessente wat nie vriende het nie, beskik nie oor geleenthede om hul sosiale behoeftes te bevredig nie. Geleenthede vir informele sosiale aksies vanuit portuurgroepgeledere ontbreek dus grootliks. Item 68* **"Ek het nie juis vriende na wie ek my kan wend nie"** is in die vraelys ingesluit om die mate waarin die adolessent op sy vriende kan staatmaak, te toets (vergelyk ook paragraaf 3.3.6.4)

Sommige adolessente vind dit moeilik om vriendskappe te sluit of om vriendskappe te behou. Argyle en Henderson (1984:234) voer as rede hiervoor aan dat adolessente

soms 'n gebrekkige idee het van wat vriendskap veronderstel is om te wees. Hulle besef nie dat dit nie noodwendig behels om altyd as 'n vriend aanvaar te word nie, maar ook dat dit lojaliteit, verbondenheid en besorgdheid oor ander vereis as voorwaarde om van vriendskappe 'n sukses te maak. Die adolessent se vermoë om vriendskappe aan te knoop en in stand te hou word onder andere getoets deur item 44 **"Dit is vir my moeilik om vriende te maak"** en Item 98 **"Ek doen my deel om vriendskappe aan die gang te hou"**.

In totaal bestaan die vraelys uit 25 items wat, soos in die vorige twee vraelyste, beantwoord word deur 'n getal tussen 1 en 6 toe te ken. Hoë tellings impliseer 'n goeie verhouding met maats en lae tellings verteenwoordig 'n swak verhouding met maats.

#### *4.4.2.2.4 Die ouer-kindverhouding*

Dié vraelys bestaan uit 3 afdelings wat die kinders se belewing van onderskeidelik die gesags- ken- en vertrouensverhouding met hul ouers meet. Landman, Roos en Liebenberg (1982:104) se beskouing met betrekking tot die genoemde verhoudings (pedagogiese verhoudingstrukture) is bestudeer en 15 items vir elke afdeling is aan die hand daarvan saamgestel.

#### *Afdeling (a) - Gesagsverhouding*

Items wat op hierdie afdeling betrekking het, poog om onder andere die volgende vas te stel:

- In watter mate ervaar die adolessent sy ouers se gesag as onbillik?
- Verduidelik sy ouers aan hom die reëls wat hulle neergelê het?

Ouers neig om hulle opvattings oor die opvoeding van adolessente, té min aan te pas. Dit lei daartoe dat adolessente van mening is dat hulle steeds behandel word soos in hul kinderdae. Hulle ervaar die reëls wat hul ouers neerlê as onbillik. Die wrywing wat

gevolglik ontstaan lei tot die sogenaamde generasiegaping. Volgens paragraaf 3.3.6.2 word adolessente dikwels as onverantwoordelik, moeilik om mee saam te lewe en as onvoorspelbaar beskou. Item 4* **"My ouers is dikwels onbillik"** en item 34 **"Reëls wat my ouers neerlê is vir my aanvaarbaar"** is voorbeelde van vrae in die vraelys wat die gesagsverhouding tussen die adolessent en sy ouers meet.

Adolessente se onwilligheid om met hul ouers te kommunikeer vergroot die gaping tussen hulle. Ondersoeke wat Heaven (1994:57) geloods het dui daarop dat probleme tussen ouers en adolessente ontstaan omdat daar gebrekkige kommunikasie met betrekking tot die interpretasie van reëls en waardes is. Items soos item 16 **"My ouers verduidelik die redes vir reëls wat hulle neerlê"** en item 40 **"My ouers verduidelik reëls en hoe ek moet optree tot in die fynste detail"** behoort in die vraelys 'n aanduiding te gee van die invloed wat kommunikasie oor reëls, op die gesagsverhouding het. Begrip en aanvaarding sowel as sensitiwiteit en wedersydse respek vir mekaar se opinies verbeter onderlinge verhoudings (Youniss & Ketterlinus 1987:265). Gevolglik behoort die wyse waarop ouers gestelde reëls toepas 'n bepalende invloed te hê op die gesagsverhouding wat tussen hulle en hul adolessente kinders bestaan. In dié verband is die volgende twee items voorbeelde:

45 "My ouers is buigsaam in hulle reëls"

52 "My ouers pas reëls konsekwent toe"

***Afdeling (b) - Kenverhouding***

Items wat vir dié afdeling van die vraelys ontwikkel is poog om vas te stel of daar 'n kenverhouding tussen die adolessent en sy ouers bestaan. Twee relevante vrae wat in dié afdeling beantwoord moet word is :

- In watter mate stel die adolessent se ouers in hom belang?
- Verstaan sy ouers hom?

Daar bestaan 'n behoefte by jong adolessente om hul emosionele gevoelens met hul ouers te bespreek. Die geslaagdheid van hierdie gesprekke word bepaal deur die mate van openheid wat tussen ouer en kind bestaan. In gesinne met 'n hoë vlak van kommunikasie kom groter kohesie, aanpasbaarheid en tevredenheid voor (Heaven 1994:57). Items 23 **"My ouers luister graag wanneer ek iets vertel wat vir my belangrik is"**, 88* **"Dis asof my ouers dikwels nie hoor wat ek vir hulle wil sê nie"** en 109 **"Ek bespreek baie dinge wat my raak met my ouers want ek weet hulle stel belang"** is voorbeelde van items wat betrekking het op onderlinge kommunikasie en wat in verband gebring kan word met die kenverhouding. Genoemde items reflekteer ook die emosionele betrokkenheid tussen ouer en kind met betrekking tot aanvaarding, empatie, ondersteuning en tevredenheid (Rice & Mulkeen 1995:339).

Adolessente is van mening dat hul ouers hulle nie verstaan nie en dat hulle oudmodiese standpunte handhaaf (vergelyk paragraaf 3.3.6.2). Volgens Landman (1982:48) is dit egter belangrik dat 'n ouer sy kind se andersheid begryp en respekteer. Voorbeelde van items wat in hierdie verband gestel is, is item 72 **"My ouers besef dat ek in ander tye grootword as waarin hulle grootgeword het"** sowel as item 35* **"Ek dink nie my ouers verstaan my werklik nie".**

In gevalle waar ouers onbetrokke en/of afwesig ten opsigte van hul kinders is of waar hulle nie genoeg erns maak met die psigiese behoeftes van hulle kinders nie, veroorsaak dit onsekerheid in die ouerhuis en lei die kenverhouding tussen kind en ouer daaronder. Voorbeelde van items in dié konteks is : Item 17 **"My ouers hou daarvan om ingelig te word oor wat by die skool aangaan"** en item 94* **Ek wonder dikwels of my ouers my ooit raaksien."**

***Afdeling (c) - Vertrouensverhouding***

Items wat vir hierdie afdeling van die Ouer-/kindverhouding vraelys ontwikkel is, poog om hoofsaaklik antwoorde te kry op twee aspekte:

- Vertrou die adolessent se ouers hom?
- Kan die adolessent sy ouers in vertroue neem?

Marcoen en Brumagne (1985:1025) het bevind dat ouers persone is na wie adolessente kinders hulle sal wend "om mee te praat" indien hulle ongelukkig of depressief voel. Die vertroue wat sodanige optrede impliseer word in die vraelys gemeet met onder andere items 6 **"Ek kan oor vertroulike dinge met my ouers gesels"**, 24 **"Ek kan my probleme met my ouers deel"** en 110 **"Ek kan my ouers in my vertroue neem."**

Die mate waartoe die ouer outonome optrede by die adolessent toelaat, hou verband met die vertroue wat die ouer in die kind het. Ouers wat nie daarvan oortuig is dat hulle kinders outonoom kan optree nie, sal nie hul kinders in die keuses wat hulle uitoefen kan vertrou nie. Hulle sal gevolglik minder geleentheid vir hul kinders skep om eie besluite te neem en onafhanklik op te tree (vergelyk paragraaf 2.3.1) Voorbeelde van items wat in die vraelys ingesluit is wat hierdie aspek meet is :

13* "My ouers vertrou my"
54 "My ouers vertrou die keuses wat ek uitoefen"
60* "My ouers is agterdogtig oor my doen en late"

Afdelings (a), (b) en (c) van die ouer-kindverhouding-vraelys bestaan elkeen uit 15 items (in totaal dus 45 items). In alle gevalle moes die vraelys beantwoord word deur 'n getal tussen 1 en 6 toe te ken. Hoë tellings impliseer 'n hoë vertrouensverhouding en lae tellings verteenwoordig 'n gebrekkige vertrouensverhouding. Vir die items wat met 'n asterisk gemerk is, het 'n omgekeerde skaal gegeld.

### 4.4.2.3 Die meting van ander veranderlikes

#### *4.4.2.3.1 Die Hoërskool Persoonlikheidsvraelys (Die "HSPV")*

Die HSPV is in die VSA ontwikkel deur Cattel en Beloff en is vir Suid-Afrika aangepas vir 12- tot 18-jariges. Die HSPV is 'n gestandardiseerde vraelys wat binne die bestek van een klasperiode individueel of groepsgewys toegepas kan word met die doel om 'n algemene skatting van die persoonlikheidsontwikkeling te verkry. Die HSPV meet veertien afsonderlike persoonlikheidsdimensies of -trekke en omvat nagenoeg die totale persoonlikheid. Met behulp van hierdie veertien tellings kan voorspellings gemaak word met betrekking tot skoolprestasie, beroepsgeskiktheid, die moontlike gevaar van jeugmisdadigheid, die aanwesigheid van leierseienskappe en so meer.

Die spesifieke vraelys is gekies omdat dit die mees algemene persoonlikheidsvraelys vir adolessente in Suid-Afrika is en omdat die betroubaarheid en geldigheid aan die vereistes voldoen.

#### *4.4.2.3.2 Intelligensie*

Die intelligensie-koëffisiënt (IK's) van die leerlinge is vanaf hul kumulatiewe verslagkaarte verkry. Die intelligensie-koëffisiënt op die verslagkaart is bekom deur die Algemene Skolastiese Aanlegtoets (ASAT) wat die leerlinge in gr 7 afgelê het. Die ASAT gee 'n meting van die algemene vlak van verstandelike vermoë van leerlinge. Die toets beskik oor 'n genormaliseerde standaardskaal met 'n gemiddelde van 100 en 'n standaardafwyking van 15. Daar bestaan 'n genormaliseerde stanege skaal vir elke sub-toets wat standaardtellings van 1 tot 9 aandui met 'n gemiddelde van 5 en 'n standaardafwyking van 1,96. Die toets bestaan uit drie verbale en drie nie-verbale subtoetse.

| **Verbale subtoetse** | **Nie-verbale toetse** |
|---|---|
| Woordanalogieë | Getalrye |
| Verbale redenering | Patroonvoltooiing |
| Woordpare | Figuuranalogieë |

Die toets lewer drie tellings: 'n verbale intelligensie-koëffisiënt, 'n nie-verbale intelligensie-koëffisiënt en 'n totale intelligensie-koëffisiënt. Vir die doeleindes van die vraelys is slegs die totale intelligensie-koëffisiënt in aanmerking geneem.

***4.4.2.3.3 Prestasie***

Die mees resente gemiddelde eksamenpunt (Julie) van elke proefpersoon is gebruik om prestasie te meet.

***4.4.2.3.4 Waardes met betrekking tot moraliteit***

Die "Scale of values" is ontwikkel deur Budhal (1998:152) en verwys na dít wat 'n persoon in sy lewe as belangrik beskou. Proefpersone moes reageer deur op 'n sespuntskaal aan te dui in watter mate hulle sekere waardes as belangrik of as glad nie belangrik ag nie. Hoë tellings reflekteer die belangrikheid wat die persoon aan 'n bepaalde waarde heg. Items op die waardeskaal was :

Geluk, gehoorsaamheid, verantwoordelikheid, eerlikheid, deursettingsvermoë, populariteit, hulpvaardigheid, vryheid, vriendskap, selfrespek, liefde, ambisie, kennis, bevoegdheid, vergewensgesindheid, onafhanklikheid, selfbeheersing, dapperheid, sekuriteit en vrede.

**4.4.2.4 Opsomming van die veranderlikes wat gemeet is**

'n Opsomming van die veranderlikes wat gemeet is sowel as die meetinstrumente wat gebruik is, word in tabel 4.3 weergegee:

**Tabel 4.3 Vraelyste**

**Vyf veranderlikes is elk met 'n afsonderlike vraelyste getoets**

| VERANDERLIKES | VRAELYS |
|---|---|
| 1 Groepdruk<br>2 Selfkonsep<br>3 Relasie met maats | 'n Eie vraelys is ontwikkel. |
| 4 Gesagsverhouding<br>Kenverhouding<br>Vertrouensverhouding | 'n Eie vraelys is ontwikkel. |
| 5 Waardes | Die vraelys van Budhal is gebruik om die belangrikheid van waardes te meet (onder andere: geluk, gehoorsaamheid, verantwoordelikheid, eerlikheid, populariteit, selfrespek, liefde, kennis, bevoegdheid, selfbeheersing en so meer.) |
| 6 Persoonlikheid | HSPV |

Benewens bogenoemde veranderlikes moes 'n aantal biografiese veranderlikes soos geslag, graad, ouderdom, gemiddelde persentasie, aantal kinders in die gesin, deelname aan buitemuurse aktiwiteite, heteroseksuele verhoudings, en demerietes ook vasgestel word.

### 4.4.2.5 Die struktuur van die vraelys

Alhoewel daar vyf afsonderlike vraelyste is, is die items in een vraelys geïntegreer. Dit is gedoen om te verseker dat die proefpersone nie 'n vermoede ontwikkel van wat gemeet word nie. Die itemnommers vir elke vraelys word in tabel 4.4 gegee

**Tabel 4.4 Itemnommers vir elke afdeling**

| Vraelys | Itemnommers |
|---|---|
| 1 Groepdruk | 1, 7*, 13, 19, 25, 31, 37, 42, 48, 50*, 55, 57*, 61, 66, 69, 73*, 76*, 82*, 84, 90, 95*, 97*, 99, 103, 107 |
| 2 Selfkonsep | 2*, 8, 14*, 20, 26, 32, 38*, 43, 49*, 62*, 67*, 70, 74*, 77*, 83*, 85*, 91*, 96, 100, 104* |
| 3 Relasie met maats/ ander mense | 3, 9, 15, 21, 27*, 33, 39, 44*, 51*, 56*, 63*, 68*, 71*, 75*, 78*, 86*, 92*, 98, 101, 108 |
| 4 Ouer-kindverhouding | |
| • Gesagsverhouding | 4*, 10*, 16, 22, 28*, 34, 40, 45, 52, 58*, 64, 79*, 87, 93*, 102 |
| (b) Kenverhouding | 5, 11, 17, 23, 29*, 35*, 46*, 53, 59, 72, 80, 88*, 94*, 105*, 109 |
| (c) Vertrouensverhouding | 6, 13*, 18, 24, 30, 36, 41, 47, 54, 60*, 65*, 81*, 89, 106, 110 |
| 5 Waardes | 111 - 130 |

* dui op 'n omgekeerde skaal.

#### 4.4.2.6 Skaal tot die vraelys

Elke item in die vraelys word deur die proefpersoon beantwoord deur getal tussen 1 en 6 toe te ken in die blokkie wat langs die vraag aangebring is. Die skaal wat gebruik is,

is soos volg:

Items 1 - 110:

| | | |
|---|---|---|
| Dit is presies soos wat ek dit ervaar | 6 5 4 3 2 1 | Dit is glad nie soos wat ek dit ervaar nie |

Items 111 - 130:

Proefpersone moes by hierdie items aan hulself 'n punt uit ses toeken na gelang van die belangrikheid wat hulle aan die betrokke waardes heg.

Indien die proefpersoon die positiewe komponent aandui, is die maksimum punt wat hy kan ontvang 'n 6. Die negatiewe ekstreem is 1. By sommige items is van 'n omgekeerde skaal gebruik gemaak wat in tabel 4.2 met 'n asterisk gemerk is.

Dit is moontlik om 'n totale telling vir die onderskeie vraelyste te verkry deur die respons van 'n proefpersoon op al die vrae in aanmerking te neem.

### 4.4.3 PROSEDURE WAT TYDENS DIE EMPIRIESE ONDERSOEK GEVOLG IS

Die aanvanklike vraelys is met 'n aantal kundiges bespreek om die inhoudsgeldigheid daarvan te beoordeel. Dit het daartoe gelei dat die bewoording van verskeie items verander is in 'n poging om te verseker dat die proefpersone die gedagte onderliggend aan die items korrek sal interpreteer.

Die vraelys is deur die proefpersone wat deur die steekproef geïdentifiseer is, tydens klasperiodes voltooi. Dit het meegebring dat die vraelys nie gelyktydig deur al die proefpersone voltooi is nie. Die moontlikheid bestaan dus dat proefpersone van een klas wat reeds die vraelys afgehandel het, dit met proefpersone van 'n ander klas kon bespreek het. Aangesien die vraelys nie 'n prestasietoets is nie, sal proefpersone se onderlinge bespreking van 'n item nie noodwendig 'n verbeterde telling teweegbring nie.

'n Onderlinge bespreking kon moontlik daartoe bygedra het dat 'n proefpersoon items se betekenisinhoud beter begryp en dat hy ook groter duidelikheid verkry oor sy eie posisie met betrekking tot bepaalde items.

Tydens die voltooiing van die vraelys is die instruksies hardop aan die proefpersone voorgelees. Daar is aan die proefpersone die geleentheid gegee om vrae te vra oor enige onduidelikhede wat vooraf of tydens die voltooiing van die vraelys kon ontstaan. Proefpersone is versoek om hul antwoorde op die vraelys aan te bring. Dié ingesamelde inligting is daarna vir rekenaargebruik gekodeer.

Die resultate wat verkry is, sal in die volgende hoofstuk bespreek word.

# HOOFSTUK 5

# RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK

## 5.1 INLEIDING

In hoofstuk vier is die metode van die empiriese ondersoek beskryf. Die doel van die ondersoek sentreer rondom die identifisering van adolessente wat groepdruk moeilik hanteer. Verskeie hipoteses wat verband hou met groepdruk is geformuleer. Vraelyste wat groepdruk, selfkonsep, relasies met maats en die ouer-kindverhouding (gesags-, ken- en vertrouensverhouding) meet, is ontwikkel. Die Algemene Skolastiese Aanlegtoets (ASAT) is gebruik vir die bepaling van die adolessent se intelligensie-koëffisiënt, die Hoërskool-persoonlikheidsvraelys (die HSPV) is afgeneem om 'n algemene skatting van die adolessent se persoonlikheidsontwikkeling te verkry en die Waarde-oordeleskaal ( Budhal 1998:152) is gebruik om die belangrikheid van sekere waardes te meet.

Ten einde sekere psigometriese eienskappe van die nuut ontwikkelde toetse te bekom en gestelde hipoteses te toets, is die vraelyste by 462 proefpersone (hoërskoolleerlinge) afgeneem. Persoonlike data van elke proefpersoon is verkry waaronder geslag, gemiddelde persentasie, status van ouerhuis, betrokkenheid by buitemuurse aktiwiteite, versuime/demerietes en 'n gemiddelde intelligensietelling.

Die ontwikkelde toetse is onderwerp aan 'n item-analise waarna die hipoteses getoets is. Die data wat ingesamel is, is verwerk volgens sekere statistiese tegnieke en die resultate wat verkry is word in hierdie hoofstuk bespreek.

## 5.2 ITEM-ANALISE VAN DIE VRAELYSTE

Vier vraelyste is nuut ontwikkel wat onderskeidelik groepdruk, selfkonsep, relasie met maats en verhouding met ouers (met betrekking tot die gesags-, ken- en vertrouensverhouding) meet.

Tydens die item-analise is daar gepoog om vas te stel of elke item in 'n vraelys 'n bydrae lewer tot die totaal van die betrokke vraelys. Vir dié doel word 'n item-totaal-korrelasie bereken. Indien hierdie korrelasie laag of negatief is, kan die weglating van die item oorweeg word.

'n Item-analise is vir elke vraelys afsonderlik gedoen. 'n Alphakoëffisiënt is vir elke vraelys bereken om 'n aanduiding van die betroubaarheid te kry. Die alphakoëffisiënt is in aanmerking geneem tydens die item-analise. Indien die weglating van 'n item die alphakoëffisiënt nie noemenswaardig verhoog nie, is die item behou. Weglating van 'n item is oorweeg indien dit die betroubaarheid van 'n vraelys aansienlik verhoog. Die items wat beduidend positief tot die totaal bydra en terselfdertyd 'n hoë betroubaarheid lewer, word behou as die items van die finale vraelys.

Tabel 5.1 tot 5.7 bevat die resultate van die item-analise.

**Tabel 5.1**

**ITEM-ANALISE VAN DIE VRAELYS WAT GROEPDRUK MEET**

| | |
|---|---|
| **GETAL PROEFPERSONE** | **452** |
| **GETAL ITEMS** | **25** |
| **BETROUBAARHEID (ALPHA)** | **0,826** |

| ITEM | ITEMTOTAAL-KORRELASIE | ALPHA AS ITEM WEGGELAAT WORD |
|---|---|---|
| 1 | 0,312 | 0,822 |
| 7 | 0,252 | 0,825 |
| 13 | 0,358 | 0,821 |
| 19 | 0,521 | 0,814 |
| 25 | 0,426 | 0,818 |
| 31 | 0,525 | 0,813 |
| 37 | 0,589 | 0,812 |
| 42 | 0,539 | 0,813 |
| 48 | 0,566 | 0,811 |
| 50 | 0,307 | 0,823 |
| 55 | 0,614 | 0,810 |
| 57 | 0,286 | 0,823 |
| 61 | 0,397 | 0,819 |
| 66 | 0,603 | 0,811 |
| 69 | 0,490 | 0,815 |
| 73 | 0,279 | 0,824 |
| 76 | -0,197 | 0,843 |
| 82 | 0,024 | 0,834 |
| 84 | 0,474 | 0,816 |
| 90 | 0,432 | 0,817 |
| 95 | -0,053 | 0,836 |
| 97 | 0,280 | 0,823 |
| 99 | 0,380 | 0,820 |
| 103 | 0,246 | 0,825 |
| 107 | 0,526 | 0,813 |

Uit tabel 5.1 blyk dit dat twee items negatief korreleer met die totaal van die vraelys, naamlik items 76 en 95. Item 82 korreleer laag met die totaal. By nadere ondersoek is daar leemtes by elk van die drie items geïdentifiseer wat moontlik daartoe kan bydra dat die items swak of selfs negatief met die totaal van die betrokke vraelys gekorreleer het. Gevolglik is daar besluit om hierdie drie items weg te laat uit die finale vraelys. Dit het veroorsaak dat die betroubaarheidskoëffisiënt van 0,826 na 0,863 verhoog het.

**Tabel 5.2**

**ITEM-ANALISE VAN DIE SELFKONSEPVRAELYS**

**GETAL PROEFPERSONE : 457**

**GETAL ITEMS : 20**

**BETROUBAARHEID (ALPHA) : 0,896**

| ITEM | ITEMTOTAAL-KORRELASIE | ALPHA AS ITEM WEGGELAAT WORD |
|---|---|---|
| 2 | 0,413 | 0,895 |
| 8 | 0,550 | 0,891 |
| 14 | 0,524 | 0,891 |
| 20 | 0,509 | 0,892 |
| 26 | 0,592 | 0,890 |
| 32 | 0,443 | 0,894 |
| 38 | 0,422 | 0,894 |
| 43 | 0,539 | 0,892 |
| 49 | 0,634 | 0,888 |
| 62 | 0,602 | 0,889 |
| 67 | 0,558 | 0,891 |
| 70 | 0,558 | 0,891 |
| 74 | 0,617 | 0,888 |
| 77 | 0,369 | 0,897 |
| 83 | 0,435 | 0,894 |
| 85 | 0,448 | 0,894 |
| 91 | 0,566 | 0,890 |
| 96 | 0,624 | 0,889 |
| 100 | 0,505 | 0,892 |
| 104 | 0,641 | 0,888 |

Geen item het negatief met die totale gekorreleer nie. Gevolglik is al die items behou.

**Tabel 5.3**

**ITEM-ANALISE VAN DIE VRAELYS "RELASIE MET MAATS"**

**GETAL PROEFPERSONE : 453**

**GETAL ITEMS : 20**

**BETROUBAARHEID (ALPHA) : 0,737**

| ITEM | ITEMTOTAAL-KORRELASIE | ALPHA AS ITEM WEGGELAAT WORD |
|---|---|---|
| 3 | 0,357 | 0,722 |
| 9 | 0,143 | 0,739 |
| 15 | 0,326 | 0,725 |
| 21 | -0,407 | 0,779 |
| 27 | 0,348 | 0,724 |
| 33 | 0,293 | 0,727 |
| 39 | 0,424 | 0,718 |
| 44 | 0,449 | 0,714 |
| 51 | 0,442 | 0,713 |
| 56 | 0,188 | 0,736 |
| 63 | 0,440 | 0,714 |
| 68 | 0,493 | 0,711 |
| 71 | 0,315 | 0,726 |
| 75 | 0,416 | 0,717 |
| 78 | 0,325 | 0,725 |
| 86 | 0,329 | 0,724 |
| 92 | 0,303 | 0,727 |
| 98 | 0,384 | 0,723 |
| 101 | 0,352 | 0,726 |
| 108 | 0,218 | 0,733 |

Tabel 5.3 toon dat item 21 negatief met die totaal korreleer en gevolglik is die item uit die finale vraelys gelaat. Die weglating het die betroubaarheidskoëffisiënt van 0,737 na 0,779 verhoog.

Met betrekking tot die ouer-kindverhoudingvraelys is drie afdelings onderskei naamlik gesag-, ken- en vertrouensverhouding. Op elke afdeling is 'n afsonderlike item-analise uitgevoer.

**Tabel 5.4**

**ITEM-ANALISE VAN DIE OUER-KINDVERHOUDINGVRAELYS (GESAGSVERHOUDING)**

**GETAL PROEFPERSONE : 455**

**GETAL ITEMS : 15**

**BETROUBAARHEID (ALPHA) : 0,670**

| ITEM | ITEMTOTAAL-KORRELASIE | ALPHA AS ITEM WEGGELAAT WORD |
|---|---|---|
| 4 | 0,408 | 0,672 |
| 10 | -0,190 | 0,731 |
| 16 | 0,402 | 0,674 |
| 22 | 0,521 | 0,659 |
| 28 | 0,393 | 0,673 |
| 34 | 0,541 | 0,661 |
| 40 | 0,215 | 0,697 |
| 45 | 0,078 | 0,712 |
| 52 | 0,094 | 0,710 |
| 58 | 0,356 | 0,679 |
| 64 | -0,016 | 0,725 |
| 79 | 0,484 | 0,662 |
| 87 | 0,350 | 0,680 |
| 93 | 0,491 | 0,659 |
| 102 | 0,538 | 0,663 |

Tabel 5.4 toon aan dat items 10 en 64 negatief met die totaal korreleer. Die twee items is gevolglik uit die finale vraelys gelaat. Dit het die gevolg gehad dat die betroubaarheidskoëffisiënt van 0,670 verhoog het na 0,755. Items 45 en 52 kan óók weggelaat word omdat dit laag met die totaal korreleer. Dit sou egter nie 'n noemenswaardige verhoging van die betroubaarheidskoëffisiënt tot gevolg gehad het nie en daarom is besluit om die items te behou.

**Tabel 5.5**

**ITEM-ANALISE VAN DIE OUER-KINDVERHOUDINGVRAELYS (KENVERHOUDING)**

**GETAL PROEFPERSONE : 459**

**GETAL ITEMS : 15**

**BETROUBAARHEID (ALPHA) : 0,884**

| ITEM | ITEMTOTAAL-KORRELASIE | ALPHA AS ITEM WEGGELAAT WORD |
|---|---|---|
| 5 | 0,498 | 0,879 |
| 11 | 0,532 | 0,877 |
| 17 | 0,409 | 0,881 |
| 23 | 0,713 | 0,871 |
| 29 | 0,536 | 0,877 |
| 35 | 0,655 | 0,871 |
| 46 | 0,663 | 0,871 |
| 53 | 0,568 | 0,876 |
| 59 | 0,503 | 0,879 |
| 72 | 0,400 | 0,884 |
| 80 | 0,495 | 0,879 |
| 88 | 0,582 | 0,875 |
| 94 | 0,581 | 0,875 |
| 105 | 0,444 | 0,882 |
| 109 | 0,664 | 0,871 |

Geen item het negatief met die totaal gekorreleer nie. Gevolglik is al die items in die finale vraelys behou.

**Tabel 5.6**

**ITEM-ANALISE VAN DIE OUER-KINDVERHOUDINGVRAELYS (VERTROUENSVERHOUDING)**

**GETAL PROEFPERSONE : 457**
**GETAL ITEMS : 15**
**BETROUBAARHEID (ALPHA) : 0,916**

| ITEM | ITEMTOTAAL-KORRELASIE | ALPHA AS ITEM WEGGELAAT WORD |
|---|---|---|
| 6 | 0,658 | 0,910 |
| 12 | 0,649 | 0,910 |
| 18 | 0,672 | 0,910 |
| 24 | 0,755 | 0,906 |
| 30 | 0,677 | 0,909 |
| 36 | 0,711 | 0,908 |
| 41 | 0,682 | 0,909 |
| 47 | 0,521 | 0,914 |
| 54 | 0,697 | 0,908 |
| 60 | 0,497 | 0,917 |
| 65 | 0,619 | 0,911 |
| 81 | 0,585 | 0,912 |
| 89 | 0,673 | 0,909 |
| 106 | 0,349 | 0,920 |
| 110 | 0,771 | 0,906 |

Geen item het negatief met die totaal gekorreleer nie. Gevolglik is al die items in die finale vraelys behou.

## 5.3 GELDIGHEID VAN DIE VRAELYSTE

Volgens Ary, Jacobs en Razavieh (1990:287) verwys die geldigheid van 'n vraelys na die mate waarin daar geslaag word om te meet dit wat dit veronderstel is om te meet.

'n Vraelys is geldig vir 'n spesifieke doel en dit is daarom noodsaaklik dat daar kennis gedra word van die situasie waarin 'n vraelys gebruik word. Ten einde uitsprake te maak oor die geldigheid van die vraelyste is daar in hierdie ondersoek hoofsaaklik gelet op konstrukgeldigheid en inhoudsgeldigheid.

Konstrukgeldigheid kan bepaal word deur onder andere die verband tussen konstrukte te ondersoek. Deur die korrelasie tussen groepdruk en selfbeeld, verhouding met maats, verhouding met ouers asook waardes te ondersoek, kan uitsprake gemaak word oor die konstrukgeldigheid van die vraelyste. Hierdie korrelasies word in hipoteses 11 (paragraaf 4.3.11), 14 (paragraaf 4.3.14), 10 (paragraaf 4.3.10) en 12 (paragraaf 4.3.12) getoets. In die bespreking van die hipoteses sal daar na afleidings oor die konstrukgeldigheid verwys word.

Met die opstel van die vraelyste is daar ook op inhoudsgeldigheid gelet. Inhoudsgeldigheid verwys na die mate waarin vraelyste die inhoud of veld dek wat getoets en gemeet wil word. Inhoudsgeldigheid kan nie statisties bepaal word nie, maar berus op die mening van die navorser en ander bevoegde persone (Mulder 1989:219).

Sover moontlik is items uit die literatuur afgelei soos in hoofstuk 4 verduidelik is (sien paragraaf 4.4.2.3).

### 5.3.1 GROEPDRUKVRAELYS

In hoofstuk 2 word die relevante inligting met betrekking tot adolessente wat groepdruk ervaar sistematies ontleed. Die meeste items in die toets het hul oorsprong in die literatuurstudie wat spesifiek handel oor portuurgroepdruk terwyl enkele vraelyste soos dié van Pearl *et al* (1990:47), wat handel oor adolessente wat groepdruk ervaar én adolessente se betrokkenheid by delinkwente gedrag, geraadpleeg is. Enkele items is aangepas en gebruik (Vergelyk hoofstuk 2.4).

### 5.3.2 SELFKONSEPVRAELYS

Dit blyk uit die literatuurstudie dat 'n verskeidenheid veranderlikes die selfkonsep van die adolessent beïnvloed. Die fisieke veranderinge wat hy ondergaan, die rypwordingsproses wat hy deurloop, sy persoonlikheidsontwikkeling, emosionele en sosiale ontwikkeling is relevante aspekte wat aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van vraelysitems. Die "Physical Attribute Questionnaire" van Thorton en Moore (1993:475) toets fisieke en sosiale aantreklikheid. Alhoewel dié vraelys nie 'n aanduiding gee dat fisieke en sosiale aantreklikheid op direkte 'n adolessent se selfkonsep beïnvloed nie, is van die items met enkele wysigings in die selfkonsepvraelys gebruik. Die "Psychological Wellbeing Scale" toon dieselfde gebreke. In hierdie geval meet ses items die emosionele stand van kinders. Omdat die individu se emosionele stand sy selfkonsep kan beïnvloed is toepaslike items met enkele wysigings in die selfkonseptoets opgeneem.

### 5.3.3 RELASIE-MET-MAATS-VRAELYS

Bestaande vraelyste wat verband hou met die adolessent se relasie met maats is geraadpleeg by die ontwikkeling van dié betrokke toets. Een hiervan is die "Pupil Evaluation Inventory". Dié vraelys plaas egter net klem op gewildheid onder die groep. Asher (1984:1457) se "Loneliness Questionnaire"-toets eensaamheid wat kinders ervaar. Beide toetse beskik oor bruikbare items wat met wysigings in die "Relasie-met-maats"-toets opgeneem is. Die literatuurstudie wat handel oor die sosiale ontwikkeling van die adolessent (vergelyk paragraaf 3.3.6) het ook as bron gedien vir 'n beduidende aantal toetsitems.

### 5.3.4 OUER-KINDVERHOUDING VRAELYS

Landman *et al* (1982:104) onderskei drie verhoudings tussen ouers en kinders naamlik die ken-, gesags-, en vertrouensverhouding. Die ouer-kindverhouding kan alleenlik geslaagd wees indien al drie verhoudings tot hulle reg kom.

#### 5.3.4.1 Gesagsverhouding

Ten einde te verseker dat die items van die gesagsverhouding vraelys inhoudsgeldig is, is Landman *et al* (1982:50) geraadpleeg. Items is na aanleiding van Landman se navorsing saamgestel om die adolessent se houding teenoor ouergesag te toets. Conger (1991:899) is geraadpleeg met betrekking tot ouerverhoudings in die handhaaf van gesag (vergelyk ook paragraaf 3.3.6.2). Conger gee ook aandag aan die kind se kritiese houding teenoor gesag terwyl Bandura (paragraaf 3.3.3.1) ouers as rolmodelle se houding teenoor gesag in verband bring met adolessente se gesagsaanvaarding. Die items vir die vraelys is gevolglik saamgestel uit 'n verskeidenheid bronne waarvan bogenoemdes die belangrikste is.

#### 5.3.4.2 Vertrouensverhouding

Die items van hierdie vraelys poog om te fokus op die vertrouensverhouding tussen ouer en kind. Volgens Landman *et al* (1982:44) kan die geborgenheid en gemoedsekerheid wat nodig is vir die daarstel van 'n vertrouensverhouding tussen ouer en kind net bewerkstellig word deur :

- onvoorwaardelike en onbevooroordeelde aanvaarding en
- eerbied vir sy waardigheid as mens.

Items is in die vraelys ingesluit wat bogenoemde voorwaardes toets. Omdat Rice & Mulkeen (1995:339) van mening is dat 'n vertrouensverhouding tussen ouer en kind alleenlik geskep kan word indien daar onderlinge begrip, aanvaarding, empatie, ondersteuning en tevredenheid ervaar word, is items in die vraelys ingesluit wat die adolessent en ouer se houding teenoor hierdie aspekte reflekteer. Volgens Collins (paragraaf 3.3.5.2) word die mate van openheid in ouer-kindverhoudings bevorder deur ondersteunende en beskermende ouers. Items uit die literatuur is in die vraelys ingesluit wat 'n aanduiding kan gee van die mate waarin die adolessent op sy ouers kan vertrou met betrekking tot hul ondersteuning en beskerming.

#### 5.3.4.3 Kenverhouding

Volgens Landman *et al* (1982:48) is dit belangrik dat 'n ouer, in sy kenverhouding, sy kind se andersheid begryp en respekteer. Youniss en Smollar (1988:303) beklemtoon hierdie aspek en wys daarop dat waar ouers in gebreke bly om hul houdings en gesindhede met betrekking tot hulle adolessente kinders aan te pas, dit aanleiding gee tot die ontstaan van die sogenaamde generasiegaping. (Vergelyk ook paragraaf 3.3.5.3) Omdat die kenrelasie impliseer dat ouers hulle kinders se voor- en afkeure moet begryp, is items ontwikkel wat hierdie aspekte van die kenrelasie by die adolessent meet.

## 5.4 BETROUBAARHEID VAN DIE ONDERSKEIE VRAELYSTE

Betroubaarheid verwys na die mate van konsekwentheid en/of akkuraatheid waarmee die meetinstrument meet (Ary *et al* 1990:268). Daar kan aanvaar word dat wanneer 'n konstruk soos groepdruk of selfkonsep gemeet word, daar 'n metingsfout aanwesig sal wees soos met alle metings van menslike eienskappe die geval is. Hierdie foutkomponent kan toegeskryf word aan toevallige, nie-tersaaklike faktore wat die meting van 'n konstruk beïnvloed. Gevolglik kan meting by een geleentheid van dié tydens 'n ander geleentheid verskil (Ary *et al* 1990:269-270). Die konsep van betroubaarheid het dus te make met die metingsfout wat tot gevolg het dat 'n proefpersoon se punte kan fluktueer. Hoe groter die metingsfout, hoe groter die fluktuasie en hoe laer die betroubaarheid van die vraelys (Mulder, 1989:211).

Omdat betroubaarheid na die mate van ooreenstemming tussen twee onafhanklike stelle puntetellings vir dieselfde proefpersone verwys, kan dit uitgedruk word as die korrelasie tussen twee stelle punte. Indien twee stelle puntetellings presies dieselfde is, impliseer dit dat daar geen metingsfout is nie (dit wil sê perfekte betroubaarheid). Perfekte betroubaarheid word soos volg uitgedruk : $r = 1{,}0$ (Ary *et al* 1990:273). Hoe nader die betroubaarheid van 'n vraelys aan 1 is, hoe kleiner is die variansie van die

werklike telling en dié van die waargenome telling. Wanneer 'n vraelys ontwikkel word, word daar gepoog om die betroubaarheid daarvan so na as moontlik aan 1 te kry.

Om betroubaarheid van die vier vraelyste te bereken, kan die onderskeie vraelyste weens praktiese oorwegings slegs een keer deur die proefpersone voltooi word. Gevolglik kan die toets-hertoets-metode om betroubaarheid te bereken nie gebruik word nie. Die ekwivalentetoets-metode kan ook nie gebruik word nie aangesien 'n geskikte ekwivalent van die vier vraelyste nie gevind kon word nie. Dit sou ook praktiese probleme teweegbring. Gevolglik is die betroubaarheid van die vraelyste bereken deur die "Cronbach Coefficient Alpha" (vergelyk tabel 5.1 - 5.6).

Die finale betroubaarheid van die onderskeie vraelyste is bereken nadat swak items weggelaat is (vergelyk itemontleding paragraaf 5.2). Die finale betroubaarheidskoëffisiënte verskyn in tabel 5.7.

**Tabel 5.7 FINALE BETROUBAARHEID**

| VRAELYS | | GETAL PROEF PERSONE | GETAL ITEMS VIR FINALE VRAELYS | BETROUBAAR-HEIDSKOËFFISIËNT |
|---|---|---|---|---|
| **Groepdruk** | | **452** | **22** | **0,863** |
| **Selfkonsep** | | **457** | **20** | **0,863** |
| **Relasie met maats/ander mense** | | **453** | **19** | **0,779** |
| **Ouer/kind** | **Gesagsverhouding** | **455** | **13** | **0,755** |
| | **Kenverhouding** | **455** | **15** | **0,884** |
| | **Vertrouensverhouding** | **455** | **15** | **0,916** |
| **Totale : Ouer-kindverhouding** | | **455** | **45** | **0,950** |

'n Vraelys word as betroubaar beskou indien die betroubaarheidskoëffisiënt hoër as 0,8 is (Mulder 1989:217). Dit blyk uit tabel 5.7 dat die betroubaarheidskoëffisiënt van die onderskeie vraelyste in die orde van 0,8 is. Die Groepdrukvraelys (die fokuspunt van die navorsing) toon byvoorbeeld 'n betroubaarheidskoëffisiënt van 0,863. Op grond van die betroubaarheidskoëffisiënte kan die vraelyste as betroubaar beskou word.

## 5.5 DIE BEPALING VAN NORME VIR DIE ONDERSKEIE VRAELYSTE

Norme is die objektiewe standaarde waarvolgens die telling wat 'n proefpersoon in 'n vraelys behaal, geïnterpreteer word. Om norme te bepaal, is staneges in die ondersoek ontwikkel (die naam "stanege" is 'n samevoeging van die woorde standaard en nege en dui daarop dat die standaardpunte in nege kategorieë ingedeel word) (Mulder 1989:206). Die staneges wat met bepaalde routellinggrense ooreenkom word in tabelle 5.8 tot 5.13 verskaf.

**Tabel 5.8 GROEPDRUK - ROUTELLINGGRENSE VAN STANEGES**

| STANEGE | ROUTELLINGGRENSE |
|---|---|
| 9 | 89+ |
| 8 | 83-88 |
| 7 | 75-82 |
| 6 | 66-74 |
| 5 | 57-65 |
| 4 | 49-56 |
| 3 | 41-48 |
| 2 | 33-40 |
| 1 | 22-32 |

**Tabel 5.9 SELFKONSEP : ROUTELLINGGRENSE VAN STANEGES**

| STANEGE | ROUTELLINGGRENSE |
|---|---|
| 9 | 116+ |
| 8 | 111-115 |
| 7 | 105-110 |
| 6 | 98-104 |
| 5 | 90-97 |
| 4 | 80-89 |
| 3 | 73-79 |
| 2 | 57-72 |
| 1 | 20-56 |

Tabel 5.10 RELASIE MET MAATS : ROUTELLINGGRENSE VAN STANEGES

| STANEGE | ROUTELLINGGRENSE |
|---|---|
| 9 | 106-112 |
| 8 | 102-105 |
| 7 | 96-101 |
| 6 | 91-95 |
| 5 | 85-90 |
| 4 | 77-84 |
| 3 | 72-76 |
| 2 | 66-71 |
| 1 | 19-65 |

Tabel 5.11 OUER-KINDGESAGSVERHOUDING : ROUTELLINGGRENSE VAN STANEGES

| STANEGE | ROUTELLINGGRENSE |
|---|---|
| 9 | 72-77 |
| 8 | 69-71 |
| 7 | 64-68 |
| 6 | 60-63 |
| 5 | 56-59 |
| 4 | 50-55 |
| 3 | 45-49 |
| 2 | 37-44 |
| 1 | 13-36 |

**Tabel 5.12 OUER-KINDKENVERHOUDING : ROUTELLINGGRENSE VAN STANEGES**

| STANEGE | ROUTELLINGGRENSE |
|---|---|
| 9 | 89-90 |
| 8 | 87-88 |
| 7 | 82-86 |
| 6 | 76-81 |
| 5 | 68-75 |
| 4 | 61-67 |
| 3 | 54-60 |
| 2 | 43-53 |
| 1 | 15-42 |

**Tabel 5.13 OUER-KINDVERTROUENSVERHOUDING : ROUTELLINGGRENSE VAN STANEGES**

| STANEGE | ROUTELLINGGRENSE |
|---|---|
| 9 | 90 |
| 8 | 88-89 |
| 7 | 85-87 |
| 6 | 79-84 |
| 5 | 72-78 |
| 4 | 64-71 |
| 3 | 54-63 |
| 2 | 41-53 |
| 1 | 15-40 |

Tabel 5.14 TOTALE OUER-KINDVERHOUDING

| STANEGE | ROUTELLINGGRENSE |
|---|---|
| 9 | 248-270 |
| 8 | 241-247 |
| 7 | 229-240 |
| 6 | 214-228 |
| 5 | 195-213 |
| 4 | 176-194 |
| 3 | 151-175 |
| 2 | 115-150 |
| 1 | 45-114 |

As algemene reël geld dit dat die onderste drie staneges (1, 2 en 3) as swak beskou word, die volgende drie staneges (4, 5 en 6) as matig en die boonste drie staneges (7, 8 en 9) as goed (Mulder, 1989:206). Deur die kategorieë op die verskillende vraelyste toe te pas, kan daar vasgestel word of 'n proefpersoon swak, matig of goed met die groep vergelyk ten opsigte van groepdruk, selfkonsep en so meer.

Die indeling van die tellings word in tabel 5.15 gegee.

Tabel 5.15 INDELING VAN DIE ROUPUNTE IN KATEGORIEË

| VRAELYS | SWAK | MATIG | GOED |
|---|---|---|---|
| Groepdruk | 22-48 | 49-74 | 75-89 |
| Selfkonsep | 20-79 | 80-104 | 105-116 |
| Relasie met maats | 19-76 | 77-95 | 96-112 |
| Ouer-Kindverhouding:(Totaal)<br>Gesagsverhouding | 45-175<br>13-49 | 176-228<br>50-63 | 229-270<br>64-77 |
| Kenverhouding | 15-60 | 61-81 | 82-90 |
| Vertrouensverhouding | 15-63 | 64-84 | 85-90 |

# 5.6 TOETSING VAN HIPOTESES

## 5.6.1 HIPOTESE 1

Na aanleiding van hipotese 1 in paragraaf 4.3.1 is die volgende nulhipotese gestel.

**Daar is geen beduidende verskil tussen die gemiddelde groepdruk wat seuns en dogters ervaar nie.**

Om hierdie nulhipotese te toets is die gemiddelde groepdruk van seuns en dogters bereken. Om te bepaal of die gemiddeldes beduidend verskil, is die t-toets gebruik. Die gemiddeldes, standaardafwyking en die waarde van die t-toets verskyn in tabel 5.16.

**Tabel 5.16 - Gemiddelde groepdruk wat seuns en dogters ervaar**

| GESLAG | N | $\bar{X}$ | S | t | P |
|---|---|---|---|---|---|
| SEUNS | 234 | 63,30 | 16,67 | 2,45 | p<0,01 |
| DOGTERS | 228 | 59,50 | 16,80 | | |

In die lig van die gegewens in tabel 5.15 kan die nulhipotese op die 1%-peil van beduidenheid verwerp word. Dít impliseer dat daar wel 'n beduidende verskil tussen die gemiddelde groepdruk van seuns en dogters is. Die gemiddeld van die seuns is 63,30 en die van die dogters 59,50 wat daarop dui dat seuns beduidend meer groepdruk as dogters ervaar.

Ten opsigte van geslag het Youniss en Smollar (1985:104) in hul navorsing bevind dat veertien- tot sestienjarige adolessente seuns en dogters nie dieselfde portuurgroepdruk ervaar nie, waarskynlik omdat hulle nie dieselfde premie plaas op portuurgroepaanvaarding nie. Dogters blyk tevrede te wees met een, twee of drie

maats waarmee noue vriendskapsbande gesluit word. Seuns fokus meer op die groep omdat ondersteuning en aanvaarding van die portuurgroep vir hulle belangrik is. Gevolglik kan die afleiding gemaak word dat vanweë die belangrikheid van portuurgroepaanvaarding vir die seuns, hulle daarom meer onder groepdruk sal verkeer ten einde guns van die groep te verseker.

Die resultate van hierdie ondersoek bevestig bogenoemde afleiding.

### 5.6.2 HIPOTESE 2

Na aanleiding van hipotese 2 in paragraaf 4.3.2 is die volgende nulhipotese gestel :

**Daar bestaan geen beduidende verskil tussen die gemiddelde groepdruk wat adolessente in verskillende grade ervaar nie.**

Om hierdie hipotese te toets is die gemiddelde groepdruk van adolessente in graad agt tot twaalf bereken. Om te bepaal of die gemiddeldes beduidend verskil, is die F-toets gebruik. Die gemiddeldes en die standaardafwyking verskyn in tabel 5.17

**Tabel 5.17 GROEPDRUK WAT ADOLESSENTE IN VERSKILLENDE GRADE ERVAAR**

| GRAAD | N | $\bar{X}$ | S |
|---|---|---|---|
| 8 | 141 | 68,33 | 14,89 |
| 9 | 91 | 62,65 | 16,46 |
| 10 | 78 | 60,24 | 18,86 |
| 11 | 114 | 56,51 | 15,48 |
| 12 | 38 | 50,05 | 12,66 |

**$F(4,457) = 14,43$; $p < 0,01$**

In die lig van die gegewens in tabel 5.17 kan die nulhipotese op die 1%-peil van beduidenheid verwerp word. Dit impliseer dat daar 'n beduidende verskil in die gemiddelde groepdruk van adolessente in die verskillende grade bestaan. Om te bepaal tussen watter grade daar beduidende verskille is, is t-toetse uitgevoer. Dié gegewens verskyn in tabel 5.18.

**Tabel 5.18 T-TOETS-ANALISE VAN DIE VERANDERLIKE GRAAD EN GROEPDRUK**

| GROEP | VERSKIL TUSSEN GEMIDDELDES | t-WAARDE | P |
|---|---|---|---|
| 8-9 | 5,678 | t<2,82 | p>0,05 |
| 8-10 | 8,083 | t>2,82 | p<0,05* |
| 8-11 | 11,817 | t>2,82 | p<0,05* |
| 8-12 | 18,274 | t>2,82 | p<0,05* |
| 9 - 10 | 2,405 | t<2,82 | p>0,05 |
| 9 - 11 | 6,140 | t<2,82 | p>0,05 |
| 9 - 12 | 12,596 | t>2,82 | p<0,05* |
| 10 - 11 | 3,735 | t<2,82 | p>0,05 |
| 10 - 12 | 10,191 | t>2,82 | p<0,05* |
| 11 - 12 | 6,456 | t<2,82 | p>0,05 |

*** dui op 'n beduidende verskil op die 5%-peil.**

Volgens tabel 5.18 blyk dit dat graad 8-leerlinge se gemiddelde groepdruk nie beduidend van dié van die graad 9-leerlinge verskil nie. Die graad 8-leerlinge se gemiddelde groepdruk van 68,33 verskil egter beduidend van grade 10 (60,24), 11 (56,51) en 12 (50,05). In elke geval is die gemiddelde groepdruk vir graad 8 hoër. Dit

impliseer dat graad 8-leerlinge méér groepdruk ervaar en dat groepdruk afneem van graad 10 tot 12 waar adolessente die minste groepdruk ervaar. Bevestiging vir die voorafgaande afleiding word ook verkry in die lig van die beduidende verskille tussen die gemiddeldes van grade 9 en 12 asook dié tussen grade 10 en 12. In beide gevalle is die gemiddelde groepdruk van graad 12 laer.

Dié bevindings word ondersteun deur die navorsing wat Wearne (1990:46) gedoen het met betrekking tot vrese vir die onbekende wat by adolessente voorkom. Die verandering van die primêre na die sekondêre skool met die gepaardgaande verwydering van die bekende kring klasmaats en die blootstelling aan 'n nuwe omgewing met 'n groot getal onbekende adolessente, oefen druk op die adolessent in graad agt uit om nuwe groepverhoudinge te stig. In die nuwe verhoudinge is dit vir hom belangrik om op goeie voet met die nuutgevormde groeplede te bly. Vrese vir die vreemde neem af wanneer die graad 8-adolessent besef dat dit ongegrond was - veral wanneer hy homself makliker begin handhaaf.

Muuss (1996:270) se teoretiese raamwerk ondersteun ook die bevindinge van hipotese 2. Hiervolgens verkeer adolessente in graad agt in die poëties-konvensionele stadium, wat impliseer dat hulle staatmaak op die opinie van ander (onder andere die portuurgroep). Graad 12-adolessente bevind hulle oorwegend in die geïndividualiseerde stadium. Kenmerkend van hierdie stadium is dat die individu sy eie oortuigings, waardes, houdings en lewenstyl handhaaf en ook verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. Gevolglik is die ouer adolessent minder beïnvloedbaar deur die groep.

Met betrekking tot die invloed van die groep en die verkryging van 'n eie identiteit is Eaton, Mitchell en Jolley(1991:567) van mening dat adolessente in hul laat adolessente jare nie meer afhanklik is van sosiale affiliasie nie. Dit dui daarop dat aanvaarding deur die groep nie meer vir die laat adolessent só belangrik is nie. Hy hoef gevolglik nie voortdurend onder groepdruk te swig om sosiaal aanvaar te word nie.

Urberg *et al* (1991:27) se navorsing dui daarop dat die druk waaonder adolessente verkeer om te begin rook toeneem in graad 9 en 10 met 'n duidelike afname daarna in graad 11 en 12. Navorsingsbevindinge oor drankgebruik van adolessente verskil egter met bogenoemde tendense (afname in groepdruk met toename in graad). Keefe (1992:50) is van mening dat adolessente in graad 11 méér druk ervaar om drank te gebruik as adolessente in graad 7.

Dit blyk uit hierdie navorsing dat adolessente oor die algemeen minder groepdruk ervaar namate hulle ouer word. Die uitsondering geld egter vir drankgebruik waar ouer adolessente onder toenemende druk verkeer om drank te gebruik. Daar moet in gedagte gehou word dat die gebruik van een gewoontevormende middel volgens Botvin (1986:369) dikwels tot die gebruik van meer van hierdie middels lei. Dit impliseer dan dat ouer adolessente wat sigarette en alkohol begin gebruik, onder groepdruk kan verkeer om voort te gaan met dagga, depressante en stimulante.

### 5.6.3 HIPOTESE 3

Na aanleiding van hipotese 3 in paragraaf 4.3.3, is die volgende nulhipotese gestel.

**Daar is geen beduidende verband tussen groepdruk en akademiese prestasie nie.**

Ten einde die hipotese te toets, is die Pearson-produkmomentkorrelasie bereken tussen groepdruk en akademiese prestasie. Die proefpersone se mees resente gemiddelde persentasie (Junie-eksamen) is gebruik. Tabel 5.19 toon die bevindinge wat verkry is.

**Tabel 5.19 VERBAND TUSSEN GROEPDRUK EN AKADEMIESE PRESTASIE**

| | AKADEMIESE PRESTASIE | p | N |
|---|---|---|---|
| **Groepdruk** | **r = -0,13** | ***p* <0,01** | **459** |

In die lig van bogenoemde gegewens kan die nulhipotese op die 1%-peil van beduidenheid verwerp word. Dit impliseer dat daar 'n beduidende, lae negatiewe korrelasie tussen groepdruk en akademiese prestasie bestaan. Daar bestaan dus nie 'n sterk verband tussen die twee veranderlikes nie maar dit wil voorkom asof hoë groepdruk tot 'n mate met lae akademiese prestasie gepaard gaan en omgekeerd.

Hierdie bevindings word ondersteun deur die literatuurstudie. Dit blyk dit dat adolessente wat kognitief vaardig is, ook op sosiale vlak suksesvolle portuurgroepverhoudinge handhaaf. Omdat hulle makliker deur die groep aanvaar word, impliseer dit minder groepdruk. Perlmutter, Crocker en Cordray (1983:24) wys daarop dat adolessente met leerprobleme dikwels ook probleme ervaar om op sosiale gebied aanvaar te word vanweë hul beperkte kognitiewe vaardighede. Hierdie adolessente kan ook makliker deur die portuurgroep gemanipuleer word (wat verhoogde groepdruk impliseer).

Navorsing deur Fordham en Ogbu (1986:177) (vergelyk paragraaf 2.3.3.2) het bevind dat sommige sosiale groeperings (swart skoliere in die VSA) druk op hulle mede-/ (swart) adolessente uitoefen om akademies swak te presteer. Gevolglik presteer dié adolessente doelbewus swakker (onder druk) ten einde guns by die portuurgroep te verseker.

### 5.6.4 HIPOTESE 4

Na aanleiding van hipotese 4 in paragraaf 4.3.4 is die volgende nulhipotese gestel.

**Daar bestaan geen verband tussen die aantal kinders in 'n gesin en groepdruk nie.**

Ten einde die hipotese te toets, is die Pearson-produkmomentkorrelasie tussen die aantal kinders in die gesin en groepdruk bereken. Die bevinding is: $r = 0{,}036$; $p > 0{,}05$ ($N = 462$). Die nulhipotese kan dus nie verwerp word nie. Dit impliseer dat daar geen verband tussen die aantal kinders in die gesin en groepdruk bestaan nie.

Uit die literatuur het dit geblyk dat groot gesinne normaalweg voorkom in laer sosio-ekonomiese bevolkingsgroepe. Omdat hierdie kinders in groot gesinne vroeër aan hulle eie lot oorgelaat word, kan die afleiding gemaak word dat hulle vroeër onder die invloed van die portuurgroep sal verkeer en daarom ook meer druk van die portuurgroep sal ervaar. Die bevindinge van die ondersoek verleen egter nie ondersteuning vir so 'n afleiding nie.

### 5.6.5 HIPOTESE 5

Vir hipotese 5 (paragraaf 4.3.4) is die volgende nulhipotese gestel :

**Daar bestaan geen beduidende verskil tussen die groepdruk wat kinders ervaar wat verskillende posisies in gesinsverband beklee nie.**

Om die nulhipotese te toets is die gemiddelde groepdruk telling van adolessente in verskillende posisies in gesinsverband bereken en met mekaar vergelyk. (Gesinsposisies wat onderskei is, is: jongste kind, middelste kind, oudste kind en enigste kind). Om te bepaal of die gemiddeldes beduidend verskil, is die F-toets gebruik. Die gemiddeldes en die standaardafwyking verskyn in tabel 5.20.

**Tabel 5.20 DIE VERSKIL IN GROEPDRUK WAT ADOLESSENTE ERVAAR WAT IN VERSKILLENDE POSISIES IN DIE GESIN IS**

| POSISIE IN GESIN | N | $\bar{X}$ | S |
|---|---|---|---|
| Jongste kind (1) | 157 | 59,975 | 15,557 |
| Middelste kind (2) | 92 | 61,978 | 16,721 |
| Oudste kind (3) | 192 | 62,313 | 16,786 |
| Enigste kind ( 4) | 21 | 61,714 | 25,421 |

$F(3,458) = 0,60$; $p > 0,05$

In die lig van die gegewens kan die nulhipotese nie verwerp word nie. Daar is dus nie 'n beduidende verskil tussen die gemiddelde groepdruk van adolessente in verskillende gesinsposisies nie.

'n Neiging by ouers bestaan om méér bemoeienis met hul eerste kinders te maak. Ouers is ook geneig om meer beskermend teenoor hierdie kinders te wees. Die afleiding kan gemaak word dat die groter bemoeienis en beskerming van die ouers tot minder blootstelling aan groepe en gevolglik minder groepdruk by die kind aanleiding sou gee. In teenstelling hiermee is ouers meer toegeeflik teenoor kinders wat 'n laer posisie in die gesin beklee. Gevolglik word die kinders gouer blootgestel aan portuurgroepaktiwiteite. Daar is vermoed dat hierdie kinders onder groter groepdruk sou verkeer vanweë die vroeëre blootstelling aan die portuurgroep. Dít kon egter nie aangetoon word nie (vergelyk paragraaf 2.3.1).

### 5.6.6 HIPOTESE 6

Die volgende nulhipotese is gestel na aanleiding van hipotese 6 in paragraaf 4.3.6.

**Daar is geen verskil in die groepdruk wat adolessente ervaar wat in verskillende gesinsituasies is nie.**

Om die nulhipotese te toets is die gemiddelde groepdruk van adolessente in verskillende gesinsituasies met mekaar vergelyk. Om te bepaal of die gemiddeldes beduidend verskil, is die F-toets gebruik. Die gemiddeldes en die standaardafwyking verskyn in tabel 5.21.

**Tabel 5.21 GROEPDRUK WAT ADOLESSENTE IN VERSKILLENDE GESINSITUASIES ERVAAR**

| GROEP | STATUS VAN OUERHUIS | N | $\bar{X}$ | S |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Eie vader en moeder | 363 | 60,377 | 16,607 |
| 2 | Eie vader en stiefmoeder | 16 | 66,313 | 16,934 |
| 3 | Stiefvader en eie moeder | 27 | 62,815 | 14,687 |
| 4 | Enkelouer (moeder) | 47 | 63,979 | 16,148 |
| 5 | Enkelouer (vader) | 6 | 83,000 | 27,979 |
| 6 | Pleegouers | 3 | 66,333 | 19,858 |

**$F(5,456) = 2,89; p<0,01$**

In die lig van die gegewens in tabel 5.21 kan die nulhipotese op die 1%-peil van beduidenheid verwerp word. Daar is dus 'n beduidende verskil in die gemiddelde groepdruk van adolessente in verskillende gesinsituasies. Om vas te stel waar die beduidende verskille is, is t-toetse uitgevoer. Dié gegewens verskyn in tabel 5.22.

**Tabel 5.22 t-TOETS-ANALISE VAN DIE VERANDERLIKES GROEPDRUK EN VERSKILLENDE GESINSITUASIES**

| GROEP | VERSKIL TUSSEN GEMIDDELDES | t-WAARDE | P |
|---|---|---|---|
| 5 - 6 | 16,667 | t<2,95 | p>0,05 |
| 5 - 2 | 16,668 | t<2,95 | p>0,05 |
| 5 - 4 | 19,021 | t<2,95 | p>0,05 |
| 5 - 3 | 20,185 | t<2,95 | p>0,05 |
| 5 - 1 | 22,623 | t>2,95 | p<0,05* |
| 6 - 2 | 0,021 | t<2,95 | p>0,05 |
| 6 - 4 | 2,355 | t<2,95 | p>0,05 |
| 6 - 3 | 3,519 | t<2,95 | p>0,05 |
| 6 - 1 | 5,956 | t<2,95 | p>0,05 |
| 2 - 4 | 2,334 | t<2,95 | p>0,05 |
| 2 - 3 | 3,498 | t<2,95 | p>0,05 |
| 2 - 1 | 5,935 | t<2,95 | p>0,05 |
| 4 - 2 | -2,334 | t<2,95 | p>0,05 |
| 4 - 3 | 1,164 | t<2,95 | p>0,05 |
| 4 - 1 | 3,601 | t<2,95 | p>0,05 |
| 3 - 1 | 2,437 | t<2,95 | p>0,05 |
| 1 - 2 | -5,935 | t<2,95 | p>0,05 |

*** Beduidende verskil op die 5% peil**

Volgens tabel 5.22 blyk dit dat adolessente in 'n gesinsituasie waar die vader 'n enkelouer is, 'n hoër as gemiddeld groepdruk ervaar as in al die ander gesinsituasies (veral in die geval van eie vader en eie moeder). Daar moet in gedagte gehou word dat daar slegs 6 adolessente was met vaders as enkelouers en dat dit die veralgemening van die bevindinge kan beïnvloed.

Nielsen (1987:363) beweer dat vaders oor die algemeen min empatie met hul kinders toon. Hul kommunikasie word deur die adolessent as gebrekkig ervaar en die persepsie bestaan by dié adolessente dat hul vaders nie veel belangstel in hul dag-tot-dag probleme nie. In die lig hiervan kan adolessente hulle tot die portuurgroep wend omdat affiliasie by die groep in 'n mate kan kompenseer vir 'n gebrekkige vader-verhouding. Gevolglik kan hierdie adolessente meer blootgestel wees vir portuurgroepdruk.

In die kontemporêre gesin waar vaders vanweë hulle beroepsverpligting grootliks afwesig is, word die tendens wat hierbo bespreek is, vererger. Die ouer-kind interaksie waaruit die ouer-kindverhouding ontwikkel word hoofsaaklik aan die moeder oorgelaat. In die geval van 'n enkelouergesin wat slegs uit die vader bestaan (en 'n moeder grotendeels afwesig is) kan dit gebeur dat die ouer-kindverhouding gebreke het aangesien die vader grotendeels afwesig is. Die verhouding met maats word dan vir die adolessent uiters belangrik; dit kan dan tot groepdruk aanleiding gee.

In die lig van die gemiddeldes in tabel 5.21 kan die afleiding gemaak word dat die hersaamgestelde gesin (eie vader en stiefmoeder, stiefvader en moeder) geen beduidende invloed uitoefen op die gemiddelde groepdruk wat kinders ervaar nie. Dieselfde geld vir gesinne waar die moeder as enkelouer figureer of waar die kind pleegouers het.

### 5.6.7 HIPOTESE 7

Na aanleiding van hipotese 7 in paragraaf 4.3.7 is die volgende nulhipotese gestel:

**Daar bestaan geen beduidende verskil in die groepdruk wat adolessente ervaar wat aan buitemuurse aktiwiteite deelneem en dié wat nie aan buitemuurse aktiwiteite deelneem nie.**

Om hierdie nulhipotese te toets is die gemiddelde groepdruk wat adolessente ervaar bereken en hul betrokkenheid by buitemuurse aktiwiteite bepaal. Om vas te stel of die gemiddeldes beduidend verskil, is die F-toets gebruik. Die gemiddeldes en die standaardafwyking verskyn in tabel 5.23.

**Tabel 5.23 GROEPDRUK WAT ADOLESSENTE ERVAAR WAT AAN BUITEMUURSE AKTIWITEITE DEELNEEM**

| GROEP | BETROKKENHEID BY BUITEMUURSE AKTIWITEITE | N | $\bar{X}$ | S |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Slegs sport | 169 | 64,627 | 16,128 |
| 2 | Slegs kultuur | 44 | 61,181 | 15,015 |
| 3 | Sport en Kultuur | 178 | 56,809 | 16,332 |
| 4 | Geen | 70 | 65,529 | 18,309 |

**$F(3,457) = 8,26; p<0,01$**

In die lig van die gegewens in tabel 5.23 kan die nulhipotese op die 1%-peil van beduidenheid verwerp word. Dit impliseer dat daar 'n beduidende verskil in die gemiddelde groepdruk van adolessente bestaan wat verskil ten opsigte van hulle buitemuurse aktiwiteite. Om te bepaal tussen watter betrokkenheidsvlakke daar beduidende verskille is, is t-toetse uitgevoer. Dié gegewens word weergegee in tabel 5.24.

**Tabel 5.24 GROEPDRUK WAT ADOLESSENTE ERVAAR EN HUL GRAAD VAN BUITEMUURSE BETROKKENHEID**

| GROEP | VERSKIL TUSSEN GEMIDDELDES | t-WAARDE | P |
|---|---|---|---|
| 4 - 1 | 0,901 | t<2,65 | p>0,05 |
| 4 - 2 | 4,347 | t<2,65 | p>0,05 |
| 4 - 3 | 8,720 | t>2,65 | p<0,05* |
| 1 - 2 | 3,445 | t<2,65 | p>0,05 |
| 1 - 3 | 7,818 | t>2,65 | p<0,05* |
| 2 - 3 | 4,373 | t<2,65 | p>0,05 |

* Beduidende verskil op die 5%-peil

Dit blyk dat daar 'n beduidende verskil bestaan tussen die gemiddelde groepdruk van adolessente wat aan sport en kultuur deelneem (groep 3) en dié wat aan geen buitemuurse aktiwiteite (groep 4) deelneem nie. Dit impliseer dat die groepdruk wat adolessente ervaar wat aan buitemuurse aktiwiteite (sport en kultuur) deelneem (groep 3), beduidend laer is as die groepdruk wat adolessente ervaar wat aan geen buitemuurse aktiwiteite (groep 4) deelneem nie.

Adolessente wat aan sport- en kulturele aktiwiteite deelneem blyk in 'n groter mate deur die groep aanvaar te word. Die stelling word ondersteun deur Snyder en MacKillop (1990:193) wat in hul navorsing aantoon dat daar (veral deur seuns in die VSA), 'n groter premie geplaas word op sportbetrokkenheid juis omdat dit populariteit verseker. Karweit (1983:131) dui aan dat deelname aan meer as een buitemuurse aktiwiteit essensieel is vir portuurgroepaanvaarding. Dit sal vir adolessente gevolglik nie nodig wees om doelbewuste pogings aan te wend om die groep se guns te wen nie. Dit sal daarom ook nie nodig wees om met die groep se eise te konformeer in ruil vir aanvaarding nie.

Geen beduidende verskil kan aangetoon word tussen die groepdruk van adolessente wat sport beoefen en dié wat aan geen buitemuurse aktiwiteite deelneem nie. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat daar binne sekere sportsoorte groepdruk aanwesig kan wees, veral in spansport soos rugby, krieket, netbal en hokkie wat terloops gewilde sportsoorte is. Wat egter opvallend is, is dat dié wat aan sport en kulturele aktiwiteite deelneem, die minste groepdruk ervaar. In alle waarskynlikheid is hierdie leerlinge baie veelsydig en populêr, wat die moontlikheid van groepdruk verminder.

### 5.6.8 HIPOTESE 8

Die volgende nulhipotese is gestel na aanleiding van hipotese 8 in paragraaf 4.3.8:

**Daar bestaan geen beduidende verskil in die groepdruk wat adolessente ervaar wat betrokke is in heteroseksuele verhoudings en die wat nie betrokke is in hierdie verhoudings nie.**

Om die nulhipotese te toets is die gemiddelde groepdruk van adolessente wat betrokke is in hetroseksuele verhoudings, met dié wat nie in sodanige verhoudings betrokke is nie, vergelyk (sien onderstaande tabel 5.25 vir die tipe verhoudings wat betrokke is). Om te bepaal of die gemiddeldes beduidend verskil, is die F-toets gebruik. Die gemiddeldes en die standaardafwyking word in onderstaande tabel aangedui :

**Tabel 5.25 GROEPDRUK VAN ADOLESSENTE IN VERSKILLENDE HETEROSEKSUELE VERHOUDINGS**

| GROEP | TIPE VERHOUDING | N | $\bar{X}$ | S |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Tans in verhouding betrokke | 125 | 61,96 | 16,62 |
| 2 | Nie tans in verhouding betrokke - wel voorheen | 241 | 61,18 | 16,80 |
| 3 | Nooit in verhouding betrokke | 95 | 61,59 | 17,27 |

In die lig van die gegewens in tabel 5.25 kan die nulhipotese nie verwerp word nie. Daar is dus nie 'n beduidende verskil in die gemiddelde groepdruk van adolessente in verskillende heteroseksuele verhoudings nie.

Dit blyk uit die literatuur (vergelyk paragraaf 3.3.6.4 en paragraaf 4.3.8) dat adolessente wat status by die portuugroep verkry het deur betrokkenheid in heteroseksuele verhoudings, minder blootgestel is aan groepdruk. Dié afleiding word nie deur navorsingsbevindinge van dié ondersoek bevestig nie aangesien daar nie 'n verskil aangedui is ten opsigte van adolessente wat in verhoudings betrokke is en dié wat nooit in verhoudings betrokke was nie.

### 5.6.9 HIPOTESE 9

Na aanleiding van hipotese 9 in paragraaf 4.3.9 is die volgende nulhipotese gestel:

**Daar bestaan nie 'n beduidende verskil tussen groepdruk en die aantal demerietes wat 'n adolessent ontvang nie.**

Om die nulhipotese te toets is die leerlinge in groepe ingedeel met betrekking tot die aantal demerietes wat hulle tot dusver ontvang het. Daar is gebruik gemaak van die volgende kategorieë: geen, een tot vier, vyf tot nege, tien tot veertien, vyftien en meer. Die gemiddelde groepdruk van adolessente in die verskillende kategorieë is met mekaar vergelyk. Om te bepaal of die gemiddeldes beduidend verskil, is die F-toets gebruik. Die gemiddeldes en die standaardafwykings verskyn in tabel 5.26.

**Tabel 5.26 GROEPDRUK WAT ADOLESSENTE ERVAAR EN VERSKILLENDE KATEGORIEË DEMERIETES**

| KATEGORIE DEMERIETES | N | $\bar{X}$ | S |
|---|---|---|---|
| Geen demerietes (Groep 1) | 90 | 56,97 | 15,65 |
| 1 - 4 demerietes (Groep 2) | 283 | 61,86 | 16,85 |
| 5 - 9 demerietes (Groep 3) | 61 | 63,87 | 17,43 |
| 10 - 14 demerietes (Groep 4) | 23 | 64,61 | 17,39 |
| 15+ demerietes (Groep 5) | 5 | 72,60 | 12,58 |

$F\ (4,\ 457) = 2{,}75;\ p > 0{,}05$

In die lig van die gegewens in tabel 5.26 kan die nulhipotese nie verwerp word nie. Dit impliseer dat daar nie 'n beduidende verskil in die gemiddelde groepdruk van adolessente in die verskillende demeriete kategorieë bestaan nie. Die afleiding kan gemaak word dat alhoewel sekere oortredings as gevolg van groepdruk kan voorkom, die frekwensie van die oortredings nie noodwending met groepdruk verband hou nie (vergelyk paragraaf 4.3.9)

### 5.6.10 HIPOTESE 10

Vir hipotese 10 (paragraaf 4.3.10) is die volgende nulhipotese gestel:

**Daar bestaan geen beduidende verband tussen groepdruk en die ouer-kindverhouding nie.**

Dié hipotese is gestel vir die totale ouer-kindverhouding sowel as vir die komponente gesagsverhouding, kenverhouding en vertrouensverhouding.

Ten einde die hipotese te toets is die Pearson-produkmomentkorrelasie tussen

groepdruk en die gesags-, ken- en vertrouensverhouding sowel as die totale ouer-kindverhouding bereken (vergelyk tabel 5.27).

**Tabel 5.27 VERBAND TUSSEN GROEPDRUK EN OUER-KINDVERHOUDING**

| VERANDERLIKE | r | P | N |
|---|---|---|---|
| Groepdruk/gesagsverhouding | -0,28 | $p<0{,}01$ | 462 |
| Groepdruk/kenverhouding | -0,31 | $p<0{,}01$ | 462 |
| Groepdruk/vertrouensverhouding | -0,26 | $p<0{,}01$ | 462 |
| Totale ouer-kindverhouding | -0,30 | $p<0{,}01$ | 462 |

In die lig van die gegewens in tabel 5.27 kan die nulhipotese op die 1%-peil van beduidenheid verwerp word. Dit impliseer dat daar wel 'n beduidende verband tussen die groepdruk van adolessente en die ouer-kindverhouding bestaan. Hierdie verband is negatief, wat impliseer dat hoe swakker die verhoudings daar uitsien, hoe hoër neig die groepdruk wat die adolessent ervaar.

Dit blyk uit die literatuur (Coleman & Hendry 1989:131) dat adolessente hul ouers se outoriteit as redelik en toepaslik beleef (vergelyk paragraaf 2.3.1). Wrywing tussen die adolessent en sy ouers wat ontstaan as gevolg van die generasiegaping, sommige reëls en die adolessent se onwilligheid om te kommunikeer, vertroebel die **gesagsverhouding** tussen die adolessent en sy ouers en dit kan tot 'n verwydering tussen die adolessent en sy ouers aanleiding gee. Dít lei daartoe dat die adolessent meer aangewese raak op die groep. Cooper, Grotevant en London (1983:82) wys egter in hul navorsing daarop dat veral vroeë adolessente nie ten volle losgemaak van hul ouers wil wees nie. Hulle toon wel 'n behoefte vir meer ruimte.

Adolessente wat van mening is dat hulle ouers hulle nie verstaan nie en dat hulle oudmodiese standaarde handhaaf, is meer geneig om hulself te verbind tot portuurgroepe as kompensasie vir die gebrekkige **kenverhoudings** wat tussen hulle en hulle ouers bestaan. Adolessente sal as gevolg van 'n swak kenverhouding met hul

ouers, toenemend aangewese raak op die groep vir ondersteuning. Hulle sal gevolglik ook in 'n groter mate deur groepdruk beïnvloed word. Waar daar 'n positiewe kenverhouding tussen die adolessent en sy ouers bestaan, is daar nie 'n groot behoefte om deur die portuurgroep aanvaar te word nie.

Die wyse waarop adolessente outonoom optree is 'n aanduiding van die mate van selfstandigheid wat hulle ouers hulle toelaat. **Vertroue** tussen adolessent en ouer word op dié wyse gestimuleer. Uit die literatuur blyk dit dat adolessente uit ontvanklike ouerhuise 'n meer "oop" verhouding met hul ouers toon. Ouers wat daarvan oortuig is dat hul kinders outonoom kan optree, sal meer toegewings maak en ook meer geleenthede vir besluitneming en onafhanklike optrede bied. Adolessente wat min geleentheid kry tot besluitneming, neig om minder advies van hul ouers te vra en betrek hul vriende meer by persoonlike aangeleenthede. Die groep se opinies en voorkeure word dus hoër geag en daarom doen die adolessent alles in sy vermoë om nie sy verhouding met die portuurgroep te laat vertroebel nie (vergelyk paragraaf 2.3.1). Dit verklaar moontlik die gegewens in tabel 5.27 wat daarop dui dat 'n gebrekkige vertrouensverhouding verband hou met groter groepdruk.

### 5.6.11 HIPOTESE 11

Na aanleiding van hipotese 11 in paragraaf 4.3.11 is die volgende nulhipotese gestel:

**Daar bestaan geen beduidende verband tussen groepdruk en selfbeeld nie.**

Om hierdie hipotese te toets is die groepdruk van adolessente bereken en in verband gebring met hul selfkonsep deur die Pearson-produkmomentkorrelasie te bereken. Tabel 5.28 toon die bevindinge wat verkry is.

**Tabel 5.28 VERBAND TUSSEN GROEPDRUK EN SELFBEELD**

| | SELFBEELD | p | N |
|---|---|---|---|
| Groepdruk | r = -0,60 | p < 0,01 | 462 |

In die lig van die gegewens in tabel 5.28 kan die nulhipotese op die 1%-peil van beduidenheid verwerp word. Dit impliseer dat daar wel 'n beduidende verband tussen die groepdruk van adolessente en hul selfbeeld bestaan. Hierdie verband is negatief. Gevolglik behoort adolessente wat hoë groepdruk ervaar 'n lae selfbeeldtelling te reflekteer terwyl adolessente wat lae groepdruk ervaar, 'n hoë selfbeeldtelling sal reflekteer.

Adolessente kan om verskillende redes 'n gebrek aan selfbeeld ervaar. Hurlock (1992:229) wys byvoorbeeld daarop dat adolessente met 'n gebrekkige selfbeeld vanweë hul voorkoms, die gevaar loop om hulself sodanig sosiaal te onttrek dat hulle geïsoleer word. Hieruit kan afgelei word dat isolasie uit die groep aanleiding gee tot 'n verhoogde behoefte om aanvaar te word. Gevolglik word daar makliker aan groepeise toegegee ten einde aanvaarding te verseker. Simmonds en Rosenberg (1975:229) se bevindinge stem ooreen met dié van hierdie ondersoek. Hulle het 'n beduidende positiewe korrelasie tussen selfbeeld en portuurgroepaanvaarding aangetoon. 'n Adolessent wat oor 'n hoë selfbeeld beskik is nie afhanklik van ander se goedkeuring en aanvaarding nie en verkeer gevolglik onder min groepdruk. 'n Onrealistiese hoë selfbeeld word egter soms as arrogant, superieur en taktloos deur die portuurgroep beleef. Dit is gevolglik vir die adolessent voordeliger om slegs oor 'n "gemiddeld hoë" selfbeeld te beskik.

### 5.6.12 HIPOTESE 12

Na aanleiding van hipotese 12 in paragraaf 4.3.12 is die volgende nulhipotese gestel:

**Daar bestaan geen beduidende verband tussen groepdruk en waardes nie**

Ten einde die nulhipotese te toets, is die Pearson-produkmomentkorrelasie tussen die verskillende waardes en groepdruk bereken. Die bevindinge word in tabel 5.29 aangedui :

**Tabel 5.29 DIE VERBAND TUSSEN GROEPDRUK EN WAARDE-OORDELE**

| ITEM NR. | GROEPDRUK EN WAARDE | r | p |
|---|---|---|---|
| 111 | Geluk | -0,04 | p>0,05 |
| 112 | Gehoorsaamheid | -0,04 | p>0,05 |
| 113 | Verantwoordelikheid | -0,18 | p<0,01* |
| 114 | Eerlikheid | -0,16 | p<0,01* |
| 115 | Deursettingsvermoë | -0,25 | p<0,01* |
| 116 | Populariteit | 0,24 | p<0,01* |
| 117 | Hulpvaardigheid | -0,08 | p>0,05 |
| 118 | Vryheid | -0,01 | p>0,05 |
| 119 | Vriendskap | 0,01 | p>0,05 |
| 120 | Selfrespek | -0,19 | p<0,01* |
| 121 | Liefde | -0,05 | p>0,05 |
| 122 | Ambisie | -0,20 | p<0,01* |
| 123 | Kennis | -0,12 | p<0,01* |
| 124 | Bevoegdheid | -0,11 | p<0,01* |
| 125 | Vergewingsgesindheid | -0,09 | p<0,05** |
| 126 | Onafhanklikheid | -0,12 | p<0,01* |
| 127 | Selfbeheersing | -0,21 | p<0,01* |
| 128 | Dapperheid | -0,07 | p>0,05 |
| 129 | Sekuriteit | -0,12 | p<0,01* |
| 130 | Vrede | -0,13 | p<0,01* |

* Beduidende verskil op die 1%-peil

** Beduidende verskil op die 5%-peil

In die geval van verantwoordelikheid as waarde kan die nulhipotese op die -% peil van betekenis verwerp word. Vir al die ander waardes blyk dit dat die nulhipotese op die 5%-vlak van beduidenheid verwerp word.

Die mees beduidende verband (r =-0,25) bestaan tussen groepdruk en deursettingsvermoë (item 115). Dit impliseer dat adolessente wat hoë groepdruk ervaar, deursettingsvermoë as waarde laag ag. Selfbeheersing (item 127) en ambisie (item 122) toon ook beduidende negatiewe korrelasies met betrekking tot groepdruk. Adolessente wat selfbeheersing as belangrik beskou, ervaar lae groepdruk. So ook sal 'n adolessent met ambisie min groepdruk ervaar.

Item 116 (populariteit) toon die grootste positiewe korrelasie (r =0,24). Hoë populariteit gaan dus met hoë groepdruk gepaard. Die afleiding word ondersteun in die literatuur deur Bukowski en Hoza (1989:15) wat van mening is dat die mens inherent daarna streef om gewild te wees. Gevolglik sal adolessente wat na gewildheid streef, hulle gedrag sodanig wysig (selfs deur delinkwente optrede) dat hulle van die groep se guns verseker is. Die adolessent wat populariteit as waarde baie belangrik ag sal deurlopend poog om die portuurgroep se goeie gesindheid te behou en sal daarom voortdurend onder groepdruk verkeer.

### 5.6.13 HIPOTESE 13

Na aanleiding van hipotese 13 in paragraaf 4.3.13 is die volgende nulhipotese gestel:

**Daar bestaan nie 'n beduidende verskil tussen persoonlikheidseienskappe van adolessente wat hoë groepdruk ervaar en dié wat lae groepdruk ervaar nie.**

Om hierdie nulhipotese te toets is die staneges van die groepdruk-vraelys as riglyn gebruik om die twee groepe te onderskei. Stanege 1-3 verteenwoordig adolessente wat onder lae groepdruk verkeer en Stanege 7-9 is verteenwoordigend van adolessente wat onder hoë groepdruk verkeer (vergelyk tabel 5.8). Om te bepaal of die betrokke adolessent se persoonlikhiedseienskappe beduidend verskil, het beide groepe die

HSPV voltooi. Elke groep se gemiddelde persoonlikheidstelling is bereken. Om te bepaal of die gemiddelde persoonlikheidseienskappe van die groepe beduidend verskil, is t-toetse gebruik. Die t-telling, die beduidenheidspeil en die gemiddeldes vir elke persoonlikheidsfaktor word in tabel 5.30 aangetoon.

In die lig van die gegewens in tabel 5.30 blyk dit dat daar wél 'n beduidende verskil is tussen sekere persoonlikheidseienskappe van adolessente wat hoë groepdruk ervaar en dié wat lae groepdruk ervaar. Vir faktore A, C, D, F, G H, O en Q4 kan die nulhipotese verwerp word op die 1%-peil van beduidenheid en in die geval van faktor I op die 5%-peil. Vir B E J $Q_2$ en $Q_3$ kan die nulhipotese nie verwerp word nie. Die vier faktore wat die grootste verskille aangetoon het is faktor H (skaam/ waaghalsig), faktor A (terughoudend/hartlik), faktor C (aantasbaar deur gevoelens emosioneel stabiel) en faktor O (kalm/bevreesd).

Die mees beduidende verskil tussen die persoonlikheidstellings van adolessente wat hoë en lae groepdruk ervaar kom voor by **faktor H (skaam/waaghalsig)**. Die adolessent wat lae groepdruk ervaar kan volgens die HSPV as waaghalsig tipeer word. "Waaghalsig" word verder omskryf as "sosiaal vrypostig, ongeïnhibeerd en spontaan". Volgens Eder en Kinney (1995:316) word die adolessent wat sosiale vaardighede bemeester het maklik deur die groep aanvaar. Adolessente wat deur hul groep aanvaar word beskik oor selfvertroue, 'n positiewe selfbeeld (Berndt, Hawkins & Hoyle 1986:1284) en goed ontwikkelde kommunikasievaardighede (Jarvinen & Nicholls 1996:437) wat hom in staat stel om op 'n spontane wyse, ongeïnhibeerd sosiaal te kan verkeer. Die adolessent wat hoë groepdruk ervaar is skaam (moontlik as gevolg van sy eie persepsie dat hy fisies nie aanvaarbaar is nie of dat hy gebrek aan sosiale vaardighede soos kommunikasie toon). Volgens Erikson (vergelyk paragraaf 3.3.3.2) is skaamte 'n gevoel van selfbewustheid wat kan lei tot die vermyding van ander mense en die algemene onttrekking uit groepe. Die gevolg hiervan is dat die adolessent later moeilik aanvaar word as lid van 'n portuurgroep en om aanvaarding te bewerkstellig, word toegegee aan portuurgroepeise.

## Tabel 5.30 DIE HSPV VIR ADOLESSENTE WAT HOË EN LAE GROEPDRUK ERVAAR

| Faktor | Persoonlikheidsfaktor | Groep-druk | N | $\bar{X}$ | Verskil tussen gemiddeldes | S | t | p |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | Terughoudend/Hartlik | Lae | 51 | 12,10 | | 3,28 | | |
| | | Hoë | 57 | 9,56 | 2,54 | 3,36 | 3,96 | p<0,01* |
| B | Minder en meer intelligent | Lae | 51 | 7,92 | | 1,83 | | |
| | | Hoë | 57 | 7,28 | 0,64 | 1,83 | 1,81 | p>0,05 |
| C | Aantasbaar deur gevoelens/ emosioneel stabiel | Lae | 51 | 12,57 | | 3,34 | | |
| | | Hoë | 57 | 10,32 | 2,25 | 3,23 | 3,56 | p<0,01* |
| D | Flegmaties/Prikkelbaar | Lae | 51 | 8,20 | | 3,69 | | |
| | | Hoë | 57 | 9,86 | 1,66 | 3,07 | 2,56 | p<0,01* |
| E | Gehoorsaam/Aanmatigend | Lae | 51 | 10,98 | | 3,13 | | |
| | | Hoë | 57 | 10,12 | 0,86 | 2,95 | 1,46 | p>0,05 |
| F | Sober/Onbesorgd | Lae | 51 | 12,63 | | 3,59 | | |
| | | Hoë | 57 | 10,81 | 1,82 | 2,96 | 2,89 | p<0,01* |
| G | Opportunisties/Pligsgetrou | Lae | 51 | 11,98 | | 3,60 | | |
| | | Hoë | 57 | 10,14 | 1,84 | 3,34 | 2,74 | p<0,01* |
| H | Skaam/Waaghalsig | Lae | 51 | 12,92 | | 3,64 | | |
| | | Hoë | 57 | 8,91 | 4,01 | 4,20 | 5,27 | p<0,01* |
| I | Ontoegeeflik/Teerhartig | Lae | 51 | 11,96 | | 4,02 | | |
| | | Hoë | 57 | 10,28 | 1,68 | 4,42 | 2,06 | p<0,05** |
| J | Lewenskragtig/Weifelagtig | Lae | 51 | 7,71 | | 2,69 | | |
| | | Hoë | 57 | 7,93 | 0,22 | 2,91 | 0,41 | p>0,05 |
| O | Kalm/Bevreesd | Lae | 51 | 8,47 | | 3,35 | | |
| | | Hoë | 57 | 10,40 | 1,93 | 3,59 | 2,88 | p<0,01* |
| Q2 | Groepafhanklik/Selfgenoeg-saam | Lae | 51 | 8,47 | | 2,80 | | |
| | | Hoë | 57 | 9,49 | 1,02 | 3,00 | 1,82 | p>0,05 |
| Q3 | Geneig tot ongedissiplineer-de selfkonflik/ Beheersd | Lae | 51 | 10,90 | | 2,99 | | |
| | | Hoë | 57 | 10,16 | 0,74 | 2,78 | 1,34 | p>0,05 |
| Q4 | Ontspanne/ Gespanne | Lae | 51 | 7,84 | | 3,18 | | |
| | | Hoë | 57 | 9,56 | 1,72 | 2,88 | 2,95 | p<0,01* |

* Beduidende verskil op die 1% peil

** Beduidende verskil op die 5% peil

In die geval van **faktor A (terughoudend/hartlik)** was daar ook 'n beduidende verskil. Lae-groepdruk-adolessente blyk meer na buite te lewe en bevind hulle meer in sosiale strukture. Hulle is hartlik (en daarom ook gewild by hul portuurgroep) sorgeloos en deelnemend (sosiaal betrokke) (vergelyk paragraaf 3.3.5.1). Die adolessente wat hoë groepdruk ervaar is teruggetrokke (vanweë hul swak selfbeeld), afsydig (vanweë hul gebrekkige sosiale vaardighede) krities en koel.

Daar is 'n beduidende verskil ten opsigte van **faktor C (aantasbaar deur gevoelens/ emosioneel stabiel)** tussen adolessente wat onderskeidelik hoë en lae groepdruk ervaar. Adolessente wat hoë groepdruk ervaar beskik oor minder egosterkte en voel minderwaardig. Só 'n persoon beskou homself volgens Erikson (1974:87) as gebrekkig toegerus om iets positiefs tot stand te bring en glo dat alles wat hy aanpak, bestem is om te misluk. Volgens Lackovic-Grgin en Dekovic (1990:839) sal persone met 'n lae selfbeeld baie fyngevoelig wees vir kritiek, verwerping en optrede van ander wat daarop dui dat hulle onbevoeg is. Hul gevoelens is maklik aantasbaar en hulle raak maklik ontstel. Daarteenoor is adolessente wat lae groepdruk ervaar emosioneel stabiel, hulle het 'n realistiese beskouing van die werklikheid, is kalm in hul optrede en beskik oor meer egosterkte.

By **faktor 0** van die HSPV is **"kalm en bevreesd"** die twee uiterste persoonlikheidsfaktore wat gemeet word. Dit blyk dat ook hier 'n beduidende verskil tussen die hoë- en lae groepdrukgroepe onderskei kan word. Adolessente wat lae groepdruk ervaar is meer kalm en minder bevrees. Adolessente wat hoë groepdruk ervaar is volgens Wearne (1990:43) blootgestel aan angs en vrees. Die vrese van adolessente kan volgens Wearne verband hou met onbevoegdheid, populariteit, persoonlike onvermoë en mislukkings op skool. Dit wil voorkom asof hierdie vrese verhoog wanneer aanvaarding deur die portuurgroep ter sprake kom. Dít kan tot moontlike isolasie uit die portuurgroep lei.

In die lig van die gegewens in tabel 5.30 is dit moontlik om nou 'n profiel van die adolessent wat onder groepdruk verkeer saam te stel. 'n Adolessent wat onder groepdruk verkeer kan oor 'n kombinasie van die volgende persoonlikheidseienskappe beskik:

- teruggetrokke, afsydig, krities en koel;
- aantasbaar deur gevoelens, emosioneel onstabiel;
- prikkelbaar, ongeduldig;
- opportunisties, ontwyk reëls;
- skaam;
- bevreesd, bekommerd, neerslagtig, onrustig;
- gespanne, aangedrewe, oorspanne en gefrustreerd.

### 5.6.14 HIPOTESE 14

Verband tussen groepdruk en maats:

Na aanleiding van hipotese 14 in paragraaf 4.3.14 is die volgende nulhipotese gestel:

**Daar bestaan nie 'n beduidende verband tussen groepdruk en verhouding met maats nie.**

Dié nulhipotese is getoets deur die Pearson-produkmomentkorrelasie tussen groepdruk en verhouding met maats te bereken. In tabel 5.31 word die resultate weergegee.

**Tabel 5.31 VERBAND TUSSEN GROEPDRUK EN MAATS**

| | MAATS | p | N |
|---|---|---|---|
| Groepdruk | r =-0,50 | p<0,01 | 462 |

In die lig van die gegewens in tabel 5.31 blyk dit dat daar wel 'n verband (negatief) tussen groepdruk en verhouding met maats bestaan. Gevolglik kan die nulhipotese op die 1%-peil van beduidenheid nie verwerp word.

Die afleiding kan gemaak word dat 'n swak verhouding met maats gepaard gaan met hoë groepdruk en dat 'n goeie verhouding met maats gepaard gaan met lae groepdruk. Uit die literatuur ondersteun Hurlock (1992:258) genoemde afleiding. 'n Adolessent wat oor sterk vriendskapsbande met maats beskik, vind in hul verhouding geborgenheid. Adolessente se verhouding met maats is vir hulle die mees belangrike verhouding omdat 'n groot deel van elke dag in die geselskap van maats deurgebring word (vergelyk paragraaf 3.3.5.3). 'n Gebrek aan vriendskappe beïnvloed onder andere die adolessent se sosiale status, sy gewildheid by die groep, sy selfvertroue en sy selfbeeld. Gevolglik sal 'n adolessent wat oor 'n swak verhouding met maats beskik voortdurend onder druk verkeer om ander adolessente se guns te wen.

### 5.6.15 HIPOTESE 15

Na aanleiding van hipotese 15 in paragraaf 4.3.15 is die volgende nulhipotese gestel:

**Die proporsie variansie in groepdruk, wat gesamentlik deur verskeie veranderlikes verklaar word, is groter as die proporsie wat deur enige van die veranderlikes op sigself verklaar word.**

Om hipotese 15 te toets (vergelyk paragraaf 4.3.15) is 'n stapsgewyse regressie-analise uitgevoer om vas te stel watter veranderlikes die grootste proporsie van die variansie in groepdruk verklaar.

Groepdruk is gebruik as die afhanklike veranderlike en as onafhanklike veranderlikes is dié veranderlikes gebruik wat op sigself 'n beduidende verband met groepdruk getoon het. Die veranderlikes is geslag, ouderdom, buitemuurse aktiwiteite, selfbeeld, verhouding met maats, ouer-kindverhouding (gesags -ken- en vertrouensverhouding), deursettingsvermoë (V115), populariteit (V116) en selfbeheersing (V127).

**Tabel 5.32 PROPORSIE VAN DIE VARIANSIE IN GROEPDRUK AS VERANDERLIKE DEUR ONAFHANKLIKE VERANDERLIKES**

| Stap | Veranderlike | $R^2$ | F | df | p |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Selfbeeld | 0,360 | 257,57 | 1,457 | p<0,01 |
| 2 | Ouderdom | 0,421 | 165,84 | 2,456 | p<0,01 |
| 3 | Populariteit | 0,446 | 122,58 | 3,455 | p<0,01 |
| 4 | Verhouding met maats | 0,466 | 99,34 | 4,454 | p<0,01 |
| 5 | Deursettingsvermoë | 0,471 | 80,76 | 5,453 | p<0,01 |
| 6 | Geslag | 0,474 | 68,06 | 6,452 | p<0,01 |
| 7 | Selfbeheersing | 0,475 | 58,40 | 7,451 | p<0,01 |
| 8 | Vertrouensverhouding | 0,476 | 51,17 | 8,450 | p<0,01 |

Die eerste veranderlike wat in die regressie-analise opgeneem is, is selfbeeld. Selfbeeld verklaar die grootste proporsie van die variansie in groepdruk naamlik 36%. $R^2$ is beduidend met F (1,457) = 257,57; p < 0,01.

Die volgende veranderlike wat in die regressie-analise opgeneem is, was ouderdom. Saam met selfbeeld verklaar ouderdom 42% van die variansie in groepdruk. Ouderdom verklaar met ander woorde 6% meer van die variansie in groepdruk wat nie alreeds deur selfbeeld verklaar word nie. Die $R^2$ van 0,421 is beduidend met F(2,456) = 165,84; p<0,01.

Die insluiting van populariteit veroorsaak 'n verandering in $R^2$ vanaf 0,421 na 0,446, wat impliseer dat 44,6% van die variansie in groepdruk verklaar kan word deur selfbeeld, ouderdom en populariteit gesamentlik. Die $R^2$ van 0,446 is beduidend met $F(3,455) = 122,58; p<0,01$.

Die insluiting van "verhouding met maats" as veranderlike veroorsaak 'n verandering in $R^2$ vanaf 0,446 na 0,466. Dit impliseer dat 46,6% van die variansie in groepdruk gesamentlik verklaar kan word deur selfbeeld, ouderdom, populariteit en verhouding met maats. Die $R^2$ van 0,466 is beduidend met $F(4,454) = 99,34; p<0,01$.

Die oorblywende 4 onafhanklike veranderlikes (deursettingsvermoë, geslag, selfbeheersing en vertrouensverhouding) verklaar gesamentlik 1% meer van die variansie in groepdruk wat nie deur die eerste 4 veranderlikes verklaar word nie. Die $R^2$ het van 0,466 na 0,476 (47,6%) verander met die insluiting van bogenoemde veranderlikes (vergelyk tabel 5.32).

Uit die regressie kan afgelei word dat selfbeeld, ouderdom, populariteit en verhouding met maats die vernaamste veranderlike is wat met groepdruk verband hou en ongeveer 46% van die variansie in groepdruk verklaar.

## 5.7 SAMEVATTING VAN DIE RESULTATE

Vyf vraelyste is gebruik. Die vraelys oor groepdruk het uit 25 items bestaan en die vraelyste oor selfkonsep in relasie met maats uit 20 items elk. Die vraelys oor die ouer-kindverhouding het uit 3 afdelings bestaan met 15 items in elke afdeling. Die waarde-oordele vraelys het uit 20 items bestaan. In totaal was daar dus 130 items.

- 'n Itemontleding is per vraelys gedoen. Alle items wat 'n negatiewe bydrae tot die totaal gelewer het, is weggelaat.

- Die geldigheid van die vraelyste het op inhoudsgeldigheid en kontrukgeldigheid berus.

- Die betroubaarheidskoëffisiënt is bepaal deur die Cronbach Coefficient Alpha.

- Norme vir die vraelyste is verkry deur routellings wat in die ondersoek verkry is, na staneges te verwerk.

- Die volgende gevolgtrekkings kan gemaak word nadat hipoteses getoets is:

  - Daar is 'n verskil in die groepdruk wat seuns en dogters ervaar. Seuns ervaar beduidend meer groepdruk as dogters.

  - Daar bestaan 'n beduidende verskil in die groepdruk wat adolessente in verskillende grade ervaar. Graad 8 adolessente se groepdruk verskil beduidend van grade 10, 11 en 12. Graad 8 adolessente ervaar méér groepdruk terwyl daar 'n beduidende afname in groepdruk vanaf graad 10 tot 12 is.

  - Daar is 'n lae negatiewe verband tussen groepdruk en akademiese prestasie. Hoë groepdruk gaan gepaard met lae akademiese prestasie.

  - Daar bestaan geen beduidende verband tussen die aantal kinders in 'n gesin en groepdruk nie.

  - Daar bestaan geen beduidende verband tussen die groepdruk van kinders wat verskillende posisies in gesinsverband beklee nie.

- Daar bestaan 'n beduidende verskil in die groepdruk van adolessente in verskillende gesinsituasies. Hersaamgestelde gesinne (eie vader en stiefmoeder, stiefvader en eie moeder) sowel as waar die moeder as enkelouer figureer of waar die kind pleegouers het, het geen beduidende invloed op groepdruk gehad nie. Adolessente in enkelouergesinne (slegs vader) het 'n aansienlike hoër gemiddeld met betrekking tot groepdruk getoon as al bogenoemde gesinsituasies.

- Daar bestaan 'n beduidende verskil in die groepdruk van adolessente wat aan buitemuurse aktiwiteite deelneem en dié wat nie aan buitemuurse aktiwiteite deelneem nie. Adolessente wat aan sport en kultuur aktiwiteite deelneem, verkeer onder die minste groepdruk.

- Daar bestaan geen beduidende verskil in die groepdruk van adolessente wat betrokke is in heteroseksuele verhoudings en die wat nie betrokke is in hierdie verhoudings nie.

- Daar bestaan geen beduidende verskil tussen groepdruk en die aantal demerietes wat adolessente ontvang nie. Adolessente wat baie demerietes ontvang is geneig om hoër groepdruk te ervaar.

- Daar bestaan 'n beduidende verband tussen groepdruk en die ouer-kindverhouding. Hoë groepdruk gaan gepaard met 'n swak ouer-kindverhouding.

- Daar bestaan 'n beduidende verband tussen groepdruk en selfbeeld. Hierdie verband is negatief en impliseer dat hoë groepdruk met 'n lae selfbeeldtelling gepaard gaan.

- Daar is 'n beduidende verband tussen groepdruk en waarde-oordele. Dié negatiewe korrelasie impliseer dat hoë groepdruk byvoorbeeld met lae vlakke van verantwoordelikheid, eerlikheid, selfrespek en so meer gepaard gaan. Populariteit was die enigste aspek wat 'n beduidende positiewe korrelasie met groepdruk getoon het.

- Daar bestaan 'n beduidende verskil tussen sekere persoonlikheidseienskap- van adolessente wat hoë groepdruk ervaar en dié wat lae groepdruk ervaar.

- Daar bestaan 'n beduidende negatiewe verband tussen groepdruk en maats. 'n Goeie verhouding met maats gaan met lae groepdruk gepaard.

- Selfbeeld, ouderdom, populariteit en verhouding met maats verklaar gesamentlik 46% van die variansie in groepdruk en kan om dié rede as vernaamste veranderlikes beskou word wat met groepdruk verband hou.

# HOOFSTUK 6

# OPVOEDKUNDIGE IMPLIKASIES VAN DIE NAVORSING EN AANBEVELINGS

## 6.1 INLEIDING

In hoofstuk 1 is daarop gewys dat groepdruk 'n belemmerende invloed op die adolessente se volwassewording kan uitoefen, asook dat adolessente dit skynbaar nie kan verhelp om aan groepdruk toe te gee nie. Die stelling is gemaak dat adolessente nie van groepe weerhou kan word nie en dat hulle eerder toegerus moet word om groepdruk te hanteer. Dit is slegs moontlik om adolessente te help as meer inligting oor hulle beskikbaar is. 'n Eerste stap is 'n objektiewe identifisering van die adolessent wat onder groepdruk verkeer. Die vernaamste doel van die ondersoek was dus die identifisering van adolessente wat groepdruk moeilik hanteer.

'n Literatuurstudie is onderneem om vas te stel watter veranderlikes 'n bydrae lewer tot die groepdruk wat adolessente ervaar. Van die faktore wat geïdentifiseer is, is sosiale vaardigheid (sosiale verhoudings, populariteit en vertrouensverhouding met ouers), emosionele welstand, kognitiewe vaardigheid, fisieke rypwording en aantreklikheid, selfbeeld, persoonlikheidsontwikkeling, morele en religieuse waardes, ouderdom en geslag.

'n Vraelys is ontwikkel wat groepdruk meet. Daarna is 'n empiriese ondersoek uitgevoer om die belangrikste faktore wat groepdruk beïnvloed te identifiseer. 'n Regressie-analise het aangetoon dat die volgende veranderlikes die grootste proporsie van die variansie in groepdruk verklaar: selfbeeld, ouderdom, populariteit, verhouding

met maats, deursettingsvermoë, geslag, selfbeheersing en vertrouensverhouding met ouers. Aangesien hierdie faktore as die belangrikste faktore by groepdruk geïdentifiseer is, sal die opvoedkundige implikasies van die ondersoek hoofsaaklik op dié faktore fokus.

## 6.2 DIE OPVOEDKUNDIGE IMPLIKASIES VAN DIE FAKTORE WAT VERANTWOORDELIK IS VIR DIE GROOTSTE PROPORSIE VAN DIE VARIANSIE IN GROEPDRUK ONDER ADOLESSENTE

### 6.2.1 SELFBEELD

Uit die literatuurstudie blyk dit dat die selfbeeld van die adolessent onder andere beïnvloed word deur die mate van aanvaarding deur die portuurgroep. Waar adolessente se frekwensie van interaksie met vriende hoog is, is hulle selfbeeld ook beter. Gevolglik beskik hulle oor beter sosiale kwaliteite en word hulle makliker deur die groep aanvaar. 'n Adolessent met 'n goed gevormde selfbeeld sal groepdruk beter kan hanteer aangesien hy oor voldoende selfvertroue beskik en dit nie vir hom nodig is om voortdurend die guns van die portuurgroep te wen nie.

In die lig van Erikson se teorie (vergelyk paragraaf 3.3.4.2) wat handel oor identiteit en identiteitsdiffusie, soek die adolessent 'n antwoord op die vraag "wie is ek?" 'n Bevredigende antwoord hierop is kompleks van aard maar nogtans 'n voorvereiste vir volwassenheid. Die adolessent is nog onseker oor wie hy werklik is, wat hy wil wees, watter indruk hy op ander wil maak en of hy in staat is om besluite oor belangrike aangeleenthede te kan neem. Dit is daarom belangrik dat onderwysers en ouers sal poog om identiteitsvorming en 'n positiewe selfbeeld by die adolessent te ontwikkel. In dié proses sal aandag aan maniere gegee moet word om groepdruk beter te hanteer.

Die volgende riglyne kan in gedagte gehou word om 'n positiewe selfbeeld by adolessente te ontwikkel :

- Verseker die adolessent dat hy iewers tuishoort en dat hy aanvaar word. Die adolessent wat deurgaans daarvan bewus is dat hy aanvaar word en dat mense (ouers, maats en onderwysers) vir hom omgee, sal ook vir homself meer aanvaarbaar wees. Dit is belangrik dat die adolessent besef dat hy reeds aanvaar word en dat hy nie aan die eise van 'n groep hoef te voldoen om aanvaar te word nie.

- Verseker die adolessent dat hy waarde het en iets beteken. 'n Adolessent wat die gevoel kry dat hy iets werd is, voel goed oor homself. Deur voortdurend in hom belang te stel, uit te vra na sy doen en late, hom te raadpleeg en selfs menings en gevoelens met hom te deel, kan sy eiewaarde ontwikkel word. Goeie gesonde kommunikasie is 'n belangrike aspek om by adolessente 'n gevoel van eiewaarde te skep en te stimuleer (Barnard 1985:6). Hierdie gevoel van waarde kan aan die adolessent oorgedra word deur ouers en onderwysers wat byvoorbeeld luister na sy mening en hom aanmoedig om te sê hoe hy voel en dink.

- Verseker die adolessent dat hy bekwaam en vaardig is. Die adolessent sal nie ervaar dat hy bekwaam is wanneer hy nie geleentheid gegun word om self dinge te doen en te presteer nie. Prestasie is 'n natuurlike manier om selfbeeld te verbeter. Realistiese eise deur ouers en onderwysers sal die adolessent laat goed voel oor sy prestasies en 'n positiewe selfbeeld stimuleer. Onrealistiese verwagtings van ouers kan daartoe lei dat adolessente hulle na die portuurgroep wend. Ouerdruk word dan vervang met portuurgroepdruk.

- Bevorder selfvertroue. Adolessente met genoegsame selfvertroue gesels maklik en is sosiaal méér aanvaarbaar as die swygsame, onseker adolessent. Omdat adolessente met selfvertroue seker is van hulself, is hulle minder op die groep aangewese vir goedkeuring en daarom ook minder beïnvloedbaar.

- Wees minder krities (veral oor akademiese prestasies). Ouers en onderwysers moet daarteen waak om voortdurend ontevrede te wees met die adolessent se prestasies. Waak teen voortdurende kritiek en vermaninge om beter te doen en pas verwagtings sodanig aan dat dit realisties en bereikbaar is vir die adolessent. Oormatige beklemtoning van akademiese prestasie op skool word deur De Witt (1979:61) uitgesonder as een van die hoofoorsake vir selfbeeldprobleme by adolessente.

- Waak teen vergelyking met ander. Dit gebeur soms dat ouers en onderwysers kinders met broers of susters, kennisse in ander huisgesinne of klasmaats vergelyk. Die bewuswording van die tekortkominge kan aanleiding gee tot 'n minderwaardigheidsgevoel wat weer aanleiding tot groepdruk kan gee aangesien 'n persoon wat homself as minderwaardig ervaar, moeilik standpunt teenoor ander inneem. Só 'n persoon sal eerder konformeer om aanvaarding te bewerkstellig.

- Moedig adolessente aan om hulself te handhaaf. Ouers en onderwysers moet daarteen waak om begeertes, behoeftes en gevoelens van die adolessent in so 'n mate te onderdruk dat hy nooit die geleentheid kry om sy saak te stel en homself te handhaaf nie. Om altyd die minste te wees veroorsaak dat die adolessent homself ook as die minste en slegste beleef - ook in die portuurgroep. Ouers en onderwysers is daaraan skuldig dat hulle dikwels nie kinders se standpunte duld nie. Kinders kry as gevolg hiervan nie kans om standpunt in te neem nie, en die groep se standpunt word makliker op hulle afgedwing. Die adolessent moet tot die besef gebring word dat hy hom nie moet laat manipuleer of misbruik nie. Dit is sy reg om begeertes, behoeftes, standpunte en gevoelens uit te spreek alhoewel hy steeds ander se gevoelens en sienings respekteer. Die adolessent moet tot die besef gebring word dat hy nie altyd ander tevrede hoef te stel nie. Hy hoef nie altyd met ander saam te stem en in die proses sy eie identiteit te verloor nie. Die adolessent het die reg om homself te wees.

### 6.2.2 OUDERDOM

Uit die literatuurstudie en empiriese ondersoek blyk dit dat groepdruk verskillend beleef word deur die verskillende ouderdomsgroepe. Ouer adolessente ervaar meer druk van die groep om by seks en drankgebruik betrokke te wees. Tog blyk dit dat ouer adolessente meer volwasse is in hul optrede (vergelyk paragraaf 2.4.2).

Krohn *et al* (1985:455) wys daarop dat onvolwassenheid groepdruk kan veroorsaak. Hy grond sy stelling op navorsing wat daarop dui dat sosiale druk deur die portuurgroep, wat aanleiding gee tot anti-sosiale gedrag, veral na die negende graad begin afneem. Eaton *et al* (1991:597) wys daarop dat goedkeuring en aanvaarding deur die groep nie meer vir die laat adolessent (± 18 jaar) só belangrik is dat hy voortdurend 'n teenprestasie moet lewer om deur die groep aanvaar te word nie.

Ouers en onderwysers moet kennis neem van die optredes van die adolessente van verskillende ouderdomme omdat dit hul sosiale optrede beïnvloed.

In hierdie studie blyk dit duidelik dat die groepdruk van graad 8 leerlinge (14-jariges) beduidend hoër is as dié van alle ander grade (vergelyk paragraaf 5.6.2). Die oorgang van die primêre na die sekondêre skool is waarskynlik die hoofoorsaak vir groepdruk en gaan gepaard met vrees vir die onbekende. Die bekende kring klasmaats word verruil vir 'n groot getal onbekende adolessente wat deel is van sy nuwe klassituasie én skoolomgewing. Om vinnig deel te wees van nuwe groepe vind oormatige konformering plaas wat groepdruk tot gevolg kan hê.

Die volgende riglyne kan deur ouers en onderwysers gebruik word om graad 8-leerlinge te ondersteun ten einde dit vir hulle moontlik te maak om groepdruk die hoof te bied :

- Volledige voorligting moet aan graad 8-leerlinge reeds op die eerste skooldag van die nuwe jaar gegee word deur die Beroepsvoorligter en/of Graadvoog. Aspekte wat spesifiek aandag behoort te geniet is:

- algemene reëls en regulasies;
- inligting met betrekking tot hul oriënteringsfase en wat van hulle verwag word;
- bekendstelling aan hul voog- en vakpersoneel;
- knelpunte wat voorgangers beleef het met betrekking tot groepvorming kan uitgelig word;
- strafstelsel en die praktiese uitvoering daarvan;
- geleentheid vir vrae van enige aard moet toegelaat word sodat soveel moontlik onduidelikhede vroegtydig opgeklaar word.

- 'n Algemene gesprek rondom waardes, norme, houdings, eie oortuigings en eie opinie met betrekking tot hul inskakeling in die skoolgemeenskap is imperatief omdat dit hulle meer weerbaar behoort te maak teen groepdruk en groepinvloede.

- Volledige voorligting en vroeë waarskuwing ten opsigte van delikwente aktiwiteite wat in die skool ervaar word, behoort gedoen te word. Leerlinge behoort byvoorbeeld kennis te dra dat toetse vir die gebruik van dwelms gereeld gedoen word. (Hierdie wete kan moontlik deur adolessente as "verskoning" gebruik word by die groep wat druk uitoefen om dwelms te gebruik).

- Graad 8-leerlinge (14 jariges) behoort onderwerp te word aan 'n toetsbattery soos in hierdie studie gebruik is met die doel om hul kwesbaarheid vir groepdruk te meet. Die vroeë identifisering van sodanige leerlinge kan voorkomende optrede in werking stel.

- Alle graad 8-leerlinge behoort deel te hê aan 'n persoonontwikkelingskamp/ seminaar wat ten minste oor 'n naweek strek. Groepwerk en besprekings met betrekking tot houdings, waardes en norme, groepdruk, persoons-, emosionele en sosiale ontwikkeling behoort onder andere aandag te geniet.

### 6.2.3 POPULARITEIT

Kinders se populariteit word bepaal deur die mate waarin hulle deur die groep aanvaar word. Seuns se populariteit hou sterk verband met hul sportprestasies. Ander faktore wat by seuns en dogters populariteit beïnvloed is aantreklikheid, reputasie, sosiale deelname, kommunikasievermoë, sosio-ekonomiese status, akademiese sukses en leierskap (vergelyk paragraaf 3.3.4). Die adolessent wat ten alle koste populêr wil wees sal in 'n hoë mate onder portuurgroepdruk verkeer omdat hy glo dat toegewings met betrekking tot die groep se eise vir hom populariteit waarborg.

Die volgende riglyne kan van waarde te wees vir ouers en onderwysers om populariteit by hul kinders in die regte perspektief te plaas.

- Adolessente wat van mening is dat hulle fisies onaantreklik is ervaar gevoelens van minderwaardigheid en toon as gevolg daarvan 'n gebrek aan selfvertroue wat toenemend tot sosiale onttrekking kan lei. Om sosiale isolasie te oorkom, kan adolessente oormatig konformeer en gevolglik hul kwesbaarheid vir groepdruk verhoog. Ouers en onderwysers moet dit by adolessente tuisbring dat fisieke aantreklikheid nie 'n voorvereiste vir populariteit is nie. Daar moet eerder gelet word op persoonlike versorging, algemene netheid en kleredrag aangesien dit kan meebring dat 'n adolessent beter oor homself voel.

- Instede daarvan om gewildheid deur konformiteit te bereik moet karaktereienskappe soos vriendelikheid, opregtheid, geloofwaardigheid, bedagsaamheid en respek eerder ontwikkel word. Dié eienskappe wek vertroue en toegeneëndheid, trek ander mense aan en verseker populariteit. Ouers en onderwysers behoort voortdurend deur gesprekke en voorlewing adolessente van hierdie eienskappe bewus te maak.

- Die adolessent wat goed kan kommunikeer se populariteit sal toeneem sonder

dat hy noodwendig aan groepdruk hoef toe te gee. Onderwysers en ouers kan die adolessent leiding gee in die kuns van gesprekvoering. Adolessente wat met vreemdes in gesprek tree kan byvoorbeeld begin deur eers 'n paar onpersoonlike vrae te vra wat behoort te help om 'n mate van gemak in die gesprek te bewerkstellig. Daarna toets die betrokkenis mekaar uit om vas te stel of hulle nie iets in gemeen het nie. Omstrede onderwerpe moet aanvanklik vermy word en gesprekke moet ook nie intiem of familiêr van aard wees nie. Lyftaal as kommunikasiemiddel kan ook bespreek word (Shaw 1979:16).

In die proses waar kommunikasievaardighede deur ouers en onderwysers vir die kind aangeleer word kan publikasies in dié verband, of die dienste van 'n kommunikasiekundige, ook gebruik word.

- Omdat akademiese sukses 'n bydrae kan lewer tot populariteit, is dit belangrik dat die ouer en onderwyser die swak of onderpresteerder in so 'n mate sal ondersteun dat hy volgens potensiaal presteer. In dié proses kan van 'n verskeidenheid professionele en ander dienste gebruik gemaak word byvoorbeeld die skool se voorligter, studiehulpsentrums, remediërende onderrig, taallaboratoriums en 'n leesvaardigheidsprogram.

### 6.2.4 VERHOUDING MET MAATS

Dit blyk uit die literatuurstudie en empiriese ondersoek dat die vriendskapsverhouding die mees belangrike verhouding is waarin die adolessent hom bevind omdat 'n groot deel van elke dag in die geselskap van maats deurgebring word (Rice en Mulkeen 1995:53). Parker en Asher (1993:611) wys daarop dat populariteit en vriendskappe nie noodwendig verwant is nie en grond sy stelling daarop dat sommige gewilde adolessente in sy navorsing nie oor onderlinge vriendskappe beskik nie. 'n Gebrekkige verhouding met maats plaas die adolessent onder groepdruk omdat hy in sy strewe na sosiale aanvaarding, bereid is om te konformeer tot groepeise.

Ouers en onderwysers kan 'n bydrae lewer om 'n positiewe verhouding tussen adolessente en maats te verseker deur die onderstaande riglyne in gedagte te hou.

- Sommige adolessente vind dit skykbaar moeilik om vriendskappe te sluit en/of om vriendskappe te behou. Die rede hiervoor is waarskynlik dat hulle oor 'n gebrekkige idee beskik oor hoe vriendskap veronderstel is om te wees. Vriendskap behels nie noodwendig om altyd as 'n vriend aanvaar te word nie, maar vereis ook lojaliteit, verbondenheid en besorgdheid oor ander. Ouers kan deur gesprekke met hul kinders, en onderwysers deur persoonsontwikkelings-periodes, die vereistes en implikasies vir vriendskappe aan kinders oordra. Aspekte wat aandag behoort te geniet is onder andere lojaliteit, (hegte vriende vereis groter lojaliteit en beskikbaarheid vir mekaar as wat gewone lede van die portuurgroep vereis) verbondenheid, besorgdheid, emosionele ondersteuning en vertroue (die ervaring van 'n vriend wat in vertroue geneem kan word, stimuleer gevoelens van wedersydse vertroue, aanvaarding en begrip).

- Adolessente kan vriendskapsbande met maats vestig en verstewig met die hulp van ouers en onderwysers. Ouers en onderwysers kan leiding aan die adolessent gee met betrekking tot die rol wat hy in 'n vriendskap behoort te vertolk. Die volgende riglyne vir vriendskappe kan vir die adolessent van hulp wees:

    - Toon belangstelling in die ander party; weet van die voor- en afkeure van potensiële vriende en maak 'n punt daarvan om dit te onthou.

    - Wees 'n aandagtige luisteraar.

    - Gee voorkeur aan mede-adolessente se belange.

    - Laat mede-adolessente altyd belangrik voel - wees eerlik in die proses.

- Ouers kan adolessente se vriendskappe met maats reeds gedurende die laerskooljare beïnvloed deur geleenthede vir hul kinders te skep om verhoudings met spesifieke maats te verstewig. Hierdie vriendskappe kan deur die ouers op subtiele wyse gemanipuleer word deur goedkeuring en ondersteuning te verleen. Dit is belangrik dat die individu beleef dat hy deel is van 'n klub, groep of portuurgroep want dit bevorder 'n gevoel van insluiting. Groepe en klubs verskaf ook geleenthede om nuwe maats te maak.

### 6.2.5 DEURSETTINGSVERMOË EN SELFBEHEERSING

Deursettingsvermoë en selfbeheersing is van die vernaamste waardes wat met groepdruk verband hou. Omdat adolessente veral in graad 8 (as veertienjariges) groepdruk ervaar, sou dit sinvol wees om reeds gedurende hul primêreskooljare aandag te gee aan aspekte soos deursettingsvermoë en selfbeheersing as waardes. Dit behoort kinders meer weerbaar te maak teen groepdruk wat veral gedurende graad 8 voorkom.

Deursettingsvermoë impliseer volharding, byvoorbeeld die vermoë om by 'n sinvolle besluit te hou ten spyte van teenkanting. 'n Persoon wat oor deursettingsvermoë beskik is doelgerig in die lewe; hy weet waarheen hy op pad is; hy weet wat hy wil doen en fladder nie doelloos of rigtingloos rond nie. So 'n persoon is 'n moedige persoon wat nie maklik tou opgooi nie en streef sy eie oogmerke gemotiveerd na. Hy is 'n staatmaker wat vertroue inboesem en uit wie daar geesteskrag straal. Die volgende riglyne kan aan ouers en onderwysers gegee word om die adolessent te ondersteun met betrekking tot deursettingsvermoë as deug:

- Die taalonderwysers kan "deursettingsvermoë" as tema vir 'n week uitsonder deur leerlinge daaroor te laat debateer, 'n opstel skryf of individueel mondeling te evalueer nadat hulle hulself oor dié onderwerp voorberei het. Debattering in gekontroleerde omstandighede gee aan die adolessent die geleentheid om sy

opinie oor 'n aangeleentheid te lug, al verskil dit van die algemene houding van die groep. Sinvolle debattering kan die moontlike negatiewe groephouding indirek aanspreek.

- Adolessente behoort leiding te ontvang met betrekking tot beginselvastheid as deug. Hul deursettingsvermoë word in die praktyk getoets wanneer adolessente hulle in situasies bevind waar hulle moet kies tussen die prysgawe van 'n beginsel/oortuiging (wat andersins negatief deur die groep ervaar sal word) of die prysgee daarvan ten einde guns by die groep te verseker.

- Die adolessent wat, ongeag die groep se mening, 'n standpunt kan inneem én daarin volhard, behoort erkenning en waardering van ouers en onderwysers te ontvang.

- Die beginsel van deursettingsvermoë kan versterk word deur die adolessent attent te maak op gevalle (byvoorbeeld uit die Bybel) waar beginsels einduit nie onderhandelbaar was nie. 'n Toepaslike film kan ook, ter illustrasie van die beginsel, gebruik word.

Met betrekking tot selfbeheersing is dit belangrik dat die kind deur die ouer en onderwyser tot die besef gebring moet word dat die mens vry is om oor sy eie lot te beslis en daarom 'n selfbeslissende wese is. Drifte, drange, begeertes en gedagtes is deel van die mens, maar hy is self in beheer daarvan. Die volgende riglyne behoort ouers en onderwysers te help om selfbeheersing by kinders in die regte perspektief te plaas.

- Adolessente behoort aangemoedig te word om aan buitemuurse aktiwiteite (waaronder sport) deel te neem omdat dit 'n terrein is waar selfbeheersing in 'n hoë mate ontwikkel en geslyp kan word. Selfbeheersing op die tennisbaan of op die krieketveld kan byvoorbeeld daartoe lei dat 'n persoon doelbewus anders optree as wat sy onmiddellike reaksie sou wees op grond van 'n swak hou of 'n

verkeerde opsie. Deelname aan 'n kontaksport soos rugby, kan situasies bied waar provokasie deur, of aggressiewe gedrag van die opponent, selfbeheersing beproef.

- Adolessente kan deur ouers en onderwysers attent gemaak word op voorvalle in die media van instinktiewe of impulsiewe gedrag (byvoorbeeld padwoede onder motorbestuurders). Adolessente moet voorts daarop gewys word dat selfbeheersing die vermoë impliseer om korrek op te tree al kook jy van binne, om jou irritasies te verbloem, om frustrasie te verduur of om onuitstaanbare mense steeds beleefd te bly behandel.

- Selfdissipline kan aan adolessente tasbaar geïllustreer word deur hul ouers se voorlewing. Wat raak 'n ouer kwyt wanneer 'n onbedagsame motoris skielik voor sy motor stop of inswaai? Wat sê die ouer vir die kind wat 'n toets druip? Wat sê die ouer wanneer emosies krisisse raak? 'n Ouer wat ongeduldig en impulsief reageer kan nie daarop aanspraak maak dat hy kalmte en geduld by sy kind gekweek het nie.

- Adolessente moet voorligting ontvang van sowel ouers as onderwysers. Die adolessent moet veral tot die besef gebring word dat selfbeheersing sy verantwoordelikheid is en dat hy as jongmens voortdurend deur ander (portuurgroep, maats) in situasies wat selfbeheersing van hom vereis gedwing sal word. Selfbeheersing impliseer goedgesindheid; regverdigheid; voorspelbaarheid; konsekwentheid; bestendigheid; die gewilligheid om enduit na 'n ander se opinie te luister; om iemand 'n kans te gee en nóg 'n kans en eie innerlike kalmte (Maartens 1994:102).

### 6.2.6 GESLAG

Seuns en dogters ervaar nie in dieselfde mate portuurgroepdruk nie. Die literatuurstudie wat in hierdie navorsing onderneem is asook die empiriese navorsing dui aan dat seuns beduidend meer portuurgroepdruk as dogters ervaar. Dit is moontlik die gevolg vanweë die verskillende premies wat seuns en dogters op

portuurgroepaanvaarding plaas. Seuns is tevrede met oppervlakkige vriendskappe in die groter groep terwyl dit vir dogters belangrik is om 'n paar hegte vriendskappe te hê of om in kleiner groepe, wat sekuriteit en emosionele ondersteuning bied, opgeneem te word (vergelyk paragraaf 2.3.2).

Dit wil voorkom asof die "eise" wat op sosiale gebied aan adolessente seuns gestel word aansienlik feller is as dit waaraan dogters blootgestel is. Seuns moet op meer terreine die portuurgroep tevrede stel en verkeer daarom onder groter druk. Riglyne aan ouers en onderwysers om seuns minder beïnvloedbaar vir groepdruk te maak, behels die volgende :

- Adolessente seuns se sosialisering is van so aard dat hulle nie graag intimiteit met hul maats wys nie en is daarom skynbaar tevrede met oppervlakkige verhoudings. Tourville en Bowen (1994:267) se navorsing toon dat adolessente seuns meer kwesbaar is vir verhoudingsisolasie en die gebrek aan sosiale ondersteuning van hul vriende. Waar groepdruk ter sprake is moet verhoudings met intieme vriende aangemoedig word. Meer intieme verhoudings met maats sal seuns groter geborgenheid en sekuriteit bied en gevolglik ook aanleiding gee tot verminderde groepdruk. Ouers en onderwysers moet seuns hiertoe aanmoedig.

- Adolessente moet bewus gemaak word van die gevare en gevolge van delikwente aktiwiteite sodat hulle in 'n groepdruksituasie meer realisties die gevolge van hul optrede kan antisipeer en op grond daarvan groepdruk kan weerstaan (Pearl *et al* 1990:43).

- Seuns deel in 'n mindere mate hul emosionele gevoelens met hul ouers (en portuurgroepe) as dogters. Die tradisionele manlike optrede veroorsaak volgens Rice (1992:429) dat seuns in 'n mindere mate emosies met ander bespreek. Ouers en onderwysers behoort dus meer moeite te doen om vertrouensverhouding met seuns te vestig. 'n Gebrek aan so 'n vertrouensverhouding met ouers en onderwysers sal meebring dat seuns swaarder op die portuurgroep leun vir emosionele ondersteuning. Dít kan tot verhoogde groepdruk aanleiding gee.

### 6.2.7 VERTROUENSVERHOUDING MET OUERS

Die vertrouensverhouding tussen ouer en kind hou (volgens die literatuurstudie én die empiriese ondersoek) verband met die groepdruk wat adolessente ervaar. Adolessente wat gebrekkige vertrouensverhoudings met hul ouers het wend hulle as alternatief tot die portuurgroep. Indien hulle nie deur hulle ouers vertrou word nie, soek hulle die vertroue by die portuurgroep en is hulle bereid om te konformeer ten einde vertroue en aanvaarding te verkry.

Ten einde die vertrouensverhouding tussen adolessente en hul ouers in perspektief te plaas moet daar in gedagte gehou word dat adolessensie 'n stadium is waartydens die adolessent hom stelselmatig van die ouers losmaak en nader beweeg aan die portuurgroep. In hierdie proses begin die portuurgroep in elk geval van die ouer se rolle oorneem ongeag die aard van hul vertrouensverhouding.

Ouers, as volwassenes wat oor meer lewenservaring, begrip en insig beskik as hul adolessente kinders, behoort die inisiatief te neem en doelbewuste pogings aan te wend om die vertrouensverhouding in stand te hou en te stimuleer. Die volgende riglyne kan vir ouers van nut wees :

- Ouers behoort hul kinders onvoorwaardelik en onbevooroordeeld te aanvaar. 'n Kind wat voortdurend deur sy ouers gekritiseer word kan vanweë dié gebrek aan aanvaarding moontlik nie die vrymoedigheid hê om hom na sy ouers te wend vir hulp en ondersteuning nie. In hierdie geval word die portuurgroep die ideale plaasvervanger.

- Die ouer moet aan sy kind eerbied as mens betoon wat byvoorbeeld impliseer dat hy nie straf of verkleinering in die teenwoordigheid van maats moet ervaar nie. Die gevolg hiervan is dat dit nie vir die adolessent, vanweë sy verleentheid, later nodig sal wees om guns by die groep te soek nie. Dit is belangrik dat sy groep moet sien dat hy met waardigheid deur sy ouers behandel word.

- Ouers moet hul kinders se andersoortige standpunte en redenasies aanvaar en respekteer. In hierdie geval moet ouers bereid wees om te verander én oop te wees vir vernuwing (of ten minste 'n soepel houding inneem) sonder om norme en waardes in te boet. Ouers behoort doelbewus te poog om meer van die huidige tienerneigings met betrekking tot modes, musieksmaak en so meer, te wete te kom. Dit behels erkenning van hulle kinders se andersheid met betrekking tot kulturele waardes. Ouers moet ook kennis neem dat die generasiegaping 'n werklikheid is en dat hierdie "opvoedingsvakuum" se bestaan natuurlik en onvermydelik is. Matelose geduld en takt is hier nodig om die vertrouensverhouding in stand te hou.

- Ouers moet besef dat enige stadium van emosionele emansipasie 'n tydelike kloof in die vertrouensverhouding tussen ouer en kind bring. Beide partye moet egter bedag daarop wees dat dit nie ongesonde afmetings aanneem nie.

- Ouers moet besef dat hul adolessente kinders wat 'n gesonde vertrouensverhouding met hulle handhaaf, waarskynlik ook identifiseer met die waardes en lewens- en wêreldbeskouing wat hulle as ouers handhaaf.

- Ouers moet besef dat verhoudingstigting slegs moontlik is indien hulle betrokke is by hulle kinders. Afwesige ouers bemoeilik verhoudingstigting en vertroebel die vertrouensverhouding.

- Ouers moet daarteen waak om altyd van hul kinders te verwag om verstandig op te tree (as adolessente is hulle nog steeds onvolwasse). Genoemde eise veroorsaak onnodige wrywing en bemoeilik die vestiging van 'n vertrouensverhouding.

## 6.3 EVALUERING VAN DIE ONDERSOEK

In die formele probleemstelling is die probleem van die ondersoek soos volg gestel:

- Wat is die belangrikste veranderlikes wat verband hou met groepdruk wat tydens die identifisering van sodanige adolessente in gedagte gehou moet word?
- Watter veranderlikes kan as die vernaamste beskou word?
- Is daar 'n ontwikkelingstendens met betrekking tot groepdruk gedurende die sekondêre skoolstadium teenwoordig?
- Watter tipe meetinstrument kan gebruik word om adolessente wat onder groepdruk verkeer, vroegtydig en objektief te identifiseer?

Na aanleiding van die eerste probleemstelling het 'n leemte bestaan met betrekking tot 'n meetinstrument wat gebruik kan word om adolessente wat onder groepdruk verkeer, vroegtydig en objektief te identifiseer. Die leemte is aangespreek deur 'n betroubare toets te ontwerp wat spesifiek aangewend kan word om adolessente, wat groepdruk moeilik hanteer, te identifiseer. Die toets wat ontwerp is kan maklik in die klassituasie afgeneem word en verskaf op objektiewe wyse aan die onderwyser inligting met betrekking tot die adolessent wat probleme ervaar om groepdruk die hoof te bied.

Met betrekking tot die tweede probleemstelling was daar nie duidelikheid oor watter veranderlikes met groepdruk verband hou nie. Dit het identifikasie bemoeilik. Die onderhawige ondersoek dui aan dat die volgende veranderlikes groepdruk by adolessente beïnvloed: selfbeeld, ouderdom, verhouding met maats, morele waardes, persoonlikheid, geslag en verhouding met ouers, posisie in gesin en buitemuurse betrokkenheid.

Benewens die identifisering van veranderlikes wat verband hou met groepdruk, het die derde probleem van die ondersoek gehandel oor wat as die vernaamste veranderlikes beskou kan word. In hierdie verband is bevind dat vier veranderlikes as die vernaamstes uitgesonder kan word : selfbeeld, ouderdom, populariteit en verhouding met maats.

Laastens het die vraag bestaan of daar 'n ontwikkelingstendens met betrekking tot groepdruk gedurende die sekondêre skoolstadium teenwoordig is. Die onderhawige ondersoek het aangetoon dat ouer adolessente meer volwasse is in hulle optrede én oor die algemeen minder groepdruk ervaar. Die groepdruk wat graad 8-leerlinge ervaar is beduidend hoër as die groepdruk van alle ander leerlinge.

Met die verfynde inligting wat deur die empiriese ondersoek verkry is, kon spesifieke riglyne voorsien word wat ouers en onderwysers kan aanwend om adolessente minder kwesbaar vir groepdruk te maak.

## 6.4 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

- Weens praktiese redes is daar in die ondersoek slegs van Afrikaanssprekende adolessente in skole aan die Wesrand gebruik gemaak. 'n Verdere ondersoek kan poog om vas te stel of adolessente in ander taalgroepe, op 'n andersoortige wyse deur groepdruk beïnvloed word.

- Leerlinge wat in die ondersoek gebruik is, is verteenwoordigend van woonbuurtes met 'n gemiddelde sosio-ekonomiese status. Indien die ondersoek herhaal word in woonbuurtes met 'n lae- en hoë-sosio-ekonomiese status, kan bepaal word of groepdruk by adolessente, met verskillende sosio-ekonomiese agtergronde, verskil.

- In die onderhawige ondersoek is adolessente in 'n stedelike gebied betrek. 'n Soortgelyke ondersoek kan gedoen word om vas te stel hoe groepdruk by adolessente van kleiner dorpe op die platteland verskil met die van adolessente in stedelike gebeide.

- Die beskikbare vraelys maak eksperimentele werk rondom groepdruk moontlik. 'n Program kan deur adolessente deurloop word wat beter hantering van groepdruk ten doel het. Die nuutontwikkelde toets kan as 'n voortoets aangewend word waarna adolessente 'n program volg en kan dan weer as natoets gebruik word. Sodoende kan die verandering gemonitor word.

# BRONNELYS

Ajzen, I. & Fishbein, M. 1970. The prediction of behavior from attitudinal and normative variables. *Journal of Experimental Social Psychology*, 6: 466-487.

Aloise-Young, P., Graham, J.W. & Hansen, W.B. 1994. Peer influence on smoking initiation during early adolescence: a comparison of group members and group outsiders. *Journal of Applied Psychology*, 2: 279-284.

Argyle, M. & Henderson, M. 1984. The risks of friendship. *Journal of Social and Personal Relationships*, 1: 234-240.

Argyle, M & Henderson, M 1985. *The anatomy of relationships.* London: Heyneman.

Argyle, M. 1985. Social behavior problems and social skills training in adolescence. In: *Children's peer relations: issues in assessment and intervention.* Schneider, B.H. (ed.). New York: Springer-Verlag.

Ary, D.A., Jacobs, L.C. & Razavieh, A. 1990. *Introduction to research in education.* New York: Hartcourt Brace Publishers.

Asher, S.R., Hymel, S. & Renshaw, P.D. 1984. Loneliness in children. *Child Development,* 55: 1456-1464.

Asher, S.R., & Parker, J.G. 1989. Significance of peer relationship problems in childhood. In: *Social competence in developmental perspective,* Schneider, G. (ed.). Boston: Kluwer.

Axelrod, L. 1982. Social perception in learning disabled adolescents. *Journal of Learning Disabilities,* 15: 610-613.

Balk, D.E. 1995. *Adolescent development. Early life through late adolescence.* California: Brooks/Cole.

Barnard, A. 1985. *Jy en jou selfbeeld.* Pretoria: Daan Retief Uitgewers.

Baumrind, D. 1987. A developmental perspective on adolescent risk taking in contemporary America. In: *Adolescent social behavior and health.* Irwin, L.E. (ed.). San Francisco: Jossey Bass.

Baumrind, D. 1991 Effective parenting during the early adolescent transition. In: *Family Transitions.* Cowan, P.A. & Heatherington, E.M. (eds). New York: Erlbaum.

Bellafoire, L.A. & Salend, S.J. 1983. Modifying inappropriate behavior through a peer confrontation system. *Behavior Disorders,* 8: 274 -279.

Benthin, A., Slovic, P. & Seversen, H. 1993. A psychometric study of adolescent risk perception. *Journal of Adolescence,* 16: 153-168.

Berndt, T.J., Hawkins, J.A. & Hoyle, S.G. 1986. Changes in friendship during a school year: effects on children's and adolescents' impressions of friendship and sharing with friends. *Child Development,* 57: 1284-1297.

Berndt, T.J., Laychak, A.E. & Park, K. 1990. Friends' influence on adolescents' academic achievement motivation: An experimental study. *Journal of Educational Psychology,* 82: 664-670.

Berndt, T.J. & Millar, K.E. 1990. Expectancies, values, and achievement in junior high school. *Journal of Educational Psychology,* 82: 319-326.

Berndt, T.J. & Savin-Williams, R.C. 1993. Peer relations and friendships. In: *Handbook of clinical research and practice with adolescents.* Tolan, B. & Cohler, B. (eds.). New York: Wiley.

Berscheid, E. & Walster, E. 1983. *Interpersonal attraction.* Reading, MA: Addison-Wesley.

Bester, G. 1985. Identiteitsvorming en die meting daarvan by Wiskundeleerlinge (ongepubliseerde DEd - proefskrif). Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Bhavnagri, N. & Parke, R.D. 1985. Parents as facilitators of pre-school peer interaction. Paper presented at the biennial meeting of the Society for Research in Child Development, Toronto.

Biglan, A., Wendler, C. & Wirt, R. 1990. Social and behavioral factors associated with high risk sexual behavior among adolescents. *Journal of Behavioral Medicine*, 13: 245-261.

Bishop, J.A. & Inderbitzen, H.M. 1995. Peer acceptance and friendship: an investigation of their relation to self-esteem. *Journal of Early Adolescence*, 15: 476-489.

Blyth, D.A. & Foster-Clark, F.S. 1987. Gender differences in perceived intimacy with different members of adolescents' social networks. *Sex Roles*, 17: 689-719.

Botvin, G.J. 1986. Substance abuse prevention research: Recent developments and future directions. *Journal of School Health*, 56: 369-374.

Braddock, J., Crain, R. & McPartland, J. 1984. A long-term view of school desegregation: Some resent studies of graduates as adults, *Phi Delta Kappan*, 75: 259-264.

Brook, J.S. & Cohen, P. 1992. A developmental perspective on drug use and delinquency. In: *Facts, frameworks, and forecasts: Advances in criminological theory*. McCord, J. (ed.). London: Transaction.

Brown, B.B. 1988. The role of peer groups in adolescents' adjustment to secondary school. In: *Peer relationships in child development*. Berndt, T.J., & Ladd, G.W. (eds). New York: John Wiley Sons.

Brown, B.B. & Clasen, D.R. 1986. Development changes in adolescents' conception of peer groups. Paper presented at the biennial meeting of the Society for Research in Adolescence, March, 1986. Madison, Wi.

Brown, B., Clasen, D. & Eicher, S. 1986. Perceptions of peer pressure, peer conformity dispositions, and self reported behavior among adolescents. *Developmental Psychology*, 22: 521-530.

Brown, B.B., Eicher, S.A. & Petrie, S. 1986. The importance of peer group ("crowd") affiliation in adolescence. *Journal of Adolescence,* 9: 73-96.

Brown, B.B. & Lohr, M.J. 1987. Peer group affiliation and adolescent self-esteem: an integration of ego-identity and symbolic interaction theories. *Journal of Personality and Social Psychology*, 52: 47-55.

Brown, B.B., Lohr, M.J. & McClenahan, E.L. 1986. Early adolescents' perceptions of peer pressure. *Journal of Early Adolescence,* 6: 139-154.

Brown, B.B. & Steinberg, L. 1989 Skirting the brain-nerd connection: How bright students save face among peers. *National Center of Effective Secondary Schools*, 4: 2-9.

Brown, B.B. & Steinberg, L. 1990. Academic achievement and social acceptance. *The Education Digest*, 55: 57-60.

Brownfield, D. & Thompson, K. 1991. Attachment to peers and delinquent behavior. *Canadian Journal of Criminology*, 33: 45-60.

Budhal, R.S. 1998. The socially isolated child at school (ongepubliseerde DEd - proefskrif). Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Bukowski, W.M., & Hoza, B. 1989. Popularity and friendship: Issues in theory, measurement, and outcome. In: *Peer Relations in Child Development*. Berndt, T.J. & Ladd, G.W. (eds). New York: Wiley.

Burger, B. 1987. Groepsdruk by die jeug - die moontlike rol van sedelesse op skoolvlak. *Die Unie,* 1: 23-28.

Burnside, M.A., Baer, P.E. & McLaughlin R.J. 1986. Alcohol use by adolescents in disrupted families. *Alcoholism: Clinical and Experimental Research,* 10: 274-278.

Campbell, J.G. 1992. Kids don't have to go along with the crowd. *Learning,* 20: 74-76.

Cauce, A.M., Felner, R.D. & Primavera, J. 1982. Social support in high risk adolescents: structural components and adaptive impact. *American Journal of Community Psychology,* 10: 417-428.

Chassin, L., Presson, C.C. & Sherman, S.J. 1986. Changes in peer and parent influence during adolescence: longitudinal versus crossection perspectives on smoking initiation. *Developmental Psychology,* 3: 327-334.

Chassin, L., Pillow, D.R. & Curren, P.L. 1993. Relation of parental alcoholism to early adolescent substance use: a test of three mediating mechanisms. *Journal of Abnormal Psychology,* 102: 3-19.

Chess, S., Thomas, A. & Cameron, M. 1976. Sexual attitudes and behavior patterns in a middle-class adolescent population. *American Journal of Orthopsychiatry,* 46: 503-510.

Cilliers, J.L. le R. 1978. *The influence of peer groups (with special reference to groups in the high school).* Durban: South African Association for the Advancement of Education.

Claes, M. & Simard, R. 1992. Friendship characteristics of delinquent adolescents. *International Journal of Adolescence and Youth,* 3: 287-301.

Clark, M.L. 1991. Social identity, peer relations and academic competence of African-American adolescents. *Education and urban society,* 241: 41-52.

Clarke-Lempers, D.S., Lempers, J.D. & Ho, C. 1991. Early, middle and late adolescents. Perceptions of their relationships with significant others. *Journal of Adolescent Research*, 6: 296-315.

Clasen, D.R. 1992. Changing peer stereotypes of high achieving adolescents. *NASSAP Bulletin,* April: 95-102.

Clasen, D.R. & Brown, B.B. 1985. The multi-dimensionality of peer pressure in adolescence. *Journal of Youth and Adolescence*, 14: 451-468.

Coie, J.D., Dodge, K.A. & Kupersmidt, J.B. 1990. Peer group behavior and social status. In: *Peer rejection in childhood.* Asher, S.R. & Coie, J.D. (eds.), Cambridge: Cambridge University Press.

Coleman, J.C. 1980. Friendship and the peer group in adolescence. In: *Handbook of Adolescent Psychology*. Adelson, J. (ed.). New York: Wiley.

Coleman, J.S. & Hendry, L. 1989. *The nature of adolescence.* Londen: Routledge.

Collins, W.A. 1990. Parent-child relationships in transition to adolescence: continuity and change in interaction, affect, and cognition. In: *From childhood to adolescence: a transitional period?* Montemayor, R., Adams, G.R. & Gullota, T.G. (eds). Newbury Park, CA: Sage.

Conger, J. 1991. *Adolescence and youth*. 4th edition. New York: Harper-Collins.

Connor, M.J. 1994. Peer relations and peer pressure. *Educational Psychology in Practice*, 9: 207-215.

Cooper, C.R., Grotevant, H.D. & London, S.M. 1983. Individuality and connectedness in the family as a context for adolescent identity formation and role-taking skill. In: *Adolescent development in the family*. Grotevant, H.D. & Cooper, C.R. (eds). San Francisco: Jossey-Bass.

Crick, N.R. & Ladd, J.W. 1990. Children's perceptions of the outcomes of social strategies: do the ends justify being mean? *Developmental Psychology,* 26: 612-620.

Crockett, L.J. & Petersen, A.C. 1987. Pubertal status and psychosocial development: Findings from the early adolescent study. In: *Biological and social interactions in early adolescence: a life-span perspective.* Lerner, R.M. & Roch, T.T. (eds). Erlbaum NJ: Hillsdale.

Cusick, P. 1973. *Inside high school.* New York: Holt, Rinehart and Winston.

Dacey, J.S. 1986. *Adolescents today.* Glenview: Scott, Foresman and Company.

Davis, G.L. 1986. Spiritual direction: a model for adolescent catechesis. *Religious Education*, 81: 268-282.

De Witt, T. 1979. *Jy en jou kind.* Johannesburg: Perskor.

Dielman, T.E., Shape, J.T. & Butchart, A.T. 1990. Peer, family and interpersonal predictors of adolescent alcohol use and misuse. Paper presented at the 3rd Biennial Meetings of the Society for research on Adolescence, Atlanta.

Dishion, T. 1990. The family ecology of boys' peer relations in middle childhood. *Child Development,* 61: 874-892.

Dornbusch, S.M., Carlsmith, J.M., Bushwall, S.J., Ritter, P.L., & Leiderman, H. 1985. Single parents, extended households, and the control of adolescents. *Child Development*, 56: 326-341.

Dupre, D., Millar, N. & Gold, N. 1995. Initiation and progression of alcohol, marijuana, and cocaine use among adolescent abusers. *American Journal on Addictions*, 4: 367-387.

Duvenhage, S.C.W. 1973. Opvoeding, norme en jeugverset: 'n ontleding van die feitelike jeugsituasie. Referaat gelewer tydens die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 27-29 Junie 1973 te Durban.

Eaton, Y.M., Mitchell, M.L. & Jolley, J.M. 1991. Gender differences in the development of relationships during late adolescence. *Adolescence,* 26: 567-599.

Eder, D. 1985. The cycle of popularity: interpersonal relations among female adolescents. *Sociology of Education*, 58: 154-165.

Eder, C. & Kinney, D.A. 1995. The effect of middle school extracurricular activities on adolescents' popularity and peer status. *Youth and Society*, 26: 298-324.

Eder, D. & Parker, S. 1987. The cultural production and reproduction of gender. The effect of extracurricular activities on peer group culture. *Sociology of Education*, 60: 200-213.

Epstein, J.L. 1983. The influence of friends on achievement and affective outcomes. In: *Friends in school.* Epstein, J.L. & Karweit N.L. (eds). New York: Academic Press.

Erikson, E.H. 1968. *Identity and the life circle.* New York: International Universities Press.

Erikson, E.H. 1974. *Identity, youth and crisis*. London: Faber & Faber.

Eshel, Y. & Kurman, J. 1990. Ethnic equity and asymmetry in peer acceptance. *Journal of Social Psychology*, 130: 713-723.

Evans, R.I. 1982. Smoking deterrence: prospects, concerns. Paper presented at American Psychological Association Meetings (August 1982), Washington, DC.

Evans, C. & Eder, D. 1993. "No exit". Processes of social isolation in the middle school. *Journal of Contemporary Ethnography*, 22: 139-170.

Fasick, F.A. 1984. Parents, peers, youth culture and autonomy in adolescence. *Adolescence,* 19: 143-157.

Feldman, J. & Wentzel, K. 1990. Relationship between parenting styles, Self-restraint and peer relations in early adolescence. *Journal of Early Adolescence,* 10: 439-454.

Flawell, J.H. 1985. *Cognitive development.* Englewood Cliffs, NJ: Prentice- Hall.

Flay, B., Hu, F.B. & Siddiqui, O. 1983. Cigarette smoking: why young people do it and ways of preventing it. In: McGrath, P. & Firestone, P. (eds). *Pediatric and adolescent behavioral medicine,* New York: Academic Press.

Fordham, S. 1988. Racelessness as a factor in black students' school success: pragmatic strategy or pyrrhic victory? *Harvard Educational Review,* 58: 54- 84.

Fordham, S. & Ogbu, J.U. 1986. Black students' school success: Coping with the burden of acting white. *Urban Review,* 18: 176-206.

Fox, L.H. 1981. Sex differences: Implications for program planning for the academically gifted. In: Stanley, J.C. (ed.) *The gifted and the creative: A fifty-year perspective.* Baltimore: John Hopkins University Press.

French, D. 1988. Heterogeneity of peer rejected boys. *Child Development,* 59: 976-958.

Friedman, L., Lichtenstein, E. & Biglan, A. 1985. Smoking onset among teens: an empirical analysis of initial situations. *Addictive Behaviors,* 10: 1-13.

Fuligni, A.J. & Eccles, J.S. 1993. Perceived parent-child relationships and early adolescents' orientation toward peers. *Development Psychology,* 29: 622-632.

Fuhrmann, B.S. 1986. *Adolescence, adolescents*. Boston: Little, Brown and Company.

Gable, R.A., Arllen, N.L. & Hendrickson, J.M. 1994. Use of students with emotional/behavioral disorders as behavior change agents. *Education and Treatment of Children*, 17: 267-276.

Gavin, L.A. & Furman, W. 1996. Adolescent girls' relationships with mothers and best friends. *Child Development*, 67: 375-386.

Graham, C., Barker, R. & Wapner, S. 1985. Prior interracial experience and black student transition into predominantly white colleges. *Journal of Personality and Social Psychology*, 47: 1146-1154.

Greenwood, C.R., Dinwiddie, G. & Terry, B. 1984. Teacher versus peer mediated instruction: An eco-behavioral analysis of achievement outcomes. *Journal of Applied Behavior Analysis*, 17: 521-538.

Gresham, F.M. & Reschley, D.J. 1986. Social skills deficits and low peer acceptance of mainstreamed learning disabled children. *Learning Disability Quarterly*, 9: 23-32.

Grotevant, H.D. & Cooper, C.R. 1983. *Adolescent development in the family: New directions for child development*. San Francisco: Jossey-Bass.

Grotevant, H.D. & Cooper, C.R. 1986. Individuation in family relationships: a perspective on individual differences in the development of identity and role-taking skill in adolescence. *Human Development*, 29: 82-100.

Harter, S. 1982. The perceived competence scale for children. *Child Development*, 53: 87-97.

Hartup, W.W. 1983. The peer system. In: *Carmichael's manual of child psychology*. Hetherington, E.M. (ed.). New York: Wiley.

Hartup, W.W. 1989. Social relationships and other developmental significance. *American Psychologist,* 44: 120-126.

Heaven, P.C.L 1994. *Contemporary adolescence: a social psychological approach.* Hamshire: MacMillan.

Helmreich, R. & Stapp, J. 1974. Short forms of Texas social behavior inventory: an objective measure of self-esteem. *Bulletin of Psychometric Society,* 4: 1-5.

Holland, J. 1985. *Making vocational choices.* Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

Hu, F.B., Flay, B.R., Hedeker, D. & Siddequi, O. 1995. The influences of friends' and parental smoking on adolescent smoking behavior: The effects of time and prior smoking. *Journal of Applied Social Psychology,* 25: 2018-2047.

Hughes, F.P. & Noppe, L.D. 1991. *Human development across the life span.* Columbus, OH: Merriel.

Hunter, F.T. 1984. Socializing procedures in parent-child and friendship relations during adolescence. *Developmental Psychology,* 20: 1092-1099.

Hurlock, E.B. 1973. *Adolescent development.* 4th edition. New York: McGraw-Hill.

Hurlock, E.B. 1992. *Developmental psychology. a life-span approach.* New Delhi: McGraw-Hill.

Hymel, S. & Franke, S. 1985. Children's peer relations: Assessing self perceptions. In: *Issues in assessment and intervention.* Schneider, B.H (ed.). New York: Springer-Verlag.

Jarvinen, D.W. & Nicholls, J.G. 1996. Adolescents' social goals, beliefs about the causes of social success and satisfaction in peer relations. *Developmental Psychology,* 32: 435-441.

Jessor, R. 1984. Adolescent development and behavioral health. In: *Behavioral health: a handbook of health enhancement and disease prevention*. Matarazzo, J.D. (ed.). New York: Wiley.

Jessor, R. & Jessor, S.L. 1975. Adolescent development and the onset of drinking. *Journal of Studies on Alcohol*, 36: 27-51.

Johnston, L.D., O'Malley, P.M. & Bachman, J.G. 1989. *Drug use, drinking, and smoking: National survey results from high school, college, and young adult populations, 1975-1988.* Washington, DC: National Institute on Drug Abuse.

Kandel, D.B., Raveis, V.H. & Davies, M. 1991. Suicidal ideation in adolescence: depression, substance use and other risk factors. Special issue: The emergence of depressive symptoms during adolescence. *Journal of Youth and Adolescence*, 20: 289-309.

Kane, M.J. 1988. The female athletic role as a status determinant within the social systems of high school adolescents. *Adolescence*, 23: 253-264.

Karweit, N. 1983. Extracurricular activities and friendships. In: *Friends in school: patterns of selection and influence in secondary schools*. Epstein, J.L. & Karweit, N. (eds). New York: Academic Press.

Keefe, K. 1992. Perceptions of normative social pressure and attitudes toward alcohol use: changes during adolescence. *Journal of Studies on Alcohol*, 1: 47-54.

Kelly, G.A. 1955. *The psychology of personal constructs: a theory of personality*. New York: Norton.

Kohlberg, L. 1969. Stage and sequence: the cognitive-developmental approach to socialization. In: *Handbook of socialization theory and research*. Goslin, D.A. (ed.). Chicago, IL: Rand McNally.

Kon, I.S. 1981. Adolescent friendship: some unanswered questions for future research. In: *Personal relationships in disorder*. Duck, S. & Gilmour, R. (eds). London: Academic Press.

Krantz, M. 1987. Physical attractiveness and popularity: a predictive study. *Psychological Reports*, 60: 723-726.

Krohn, M., Skinner, W., Massey, J. & Akers, R. 1985. Social learning theory and adolescent cigarette smoking: a longitudinal study. *Social problems*, 5: 455-473.

Krüger, R.A., Oosthuizen, M. & Maarschalk, R. 1981. *Studeer en presteer.* Johannesburg: Perskor.

Kurdek, L.A., Fine, M.A. & Sinclair, R.J. 1995. School adjustment in sixth graders: parenting transitions, family climate and peer norms effects. *Child Development,* 66: 434-450.

Lackovic-Grgin, K. & Dekovic, M. 1990. Contribution of significant others to adolescents' self esteem. *Adolescence,* 25: 839-846.

Landman, W.A., Roos, S.G. & Liebenberg, B.A. 1982. *Opvoedkunde vir beginners.* Stellenbosch: Universiteitsuitgewers.

Larson, R. & Richards, M.H. 1991. Daily companionship in late childhood and early adolescence: changing developmental contexts. *Child Development*, 62: 284-300.

Lau, R.R., Quadrel, M.J. & Hartman, K.A. 1990. Development and change of young adults' preventive health beliefs and behavior: Influence from parents and peers. *Journal of Health and Social Behavior*, 31: 240- 259.

Louw, D.A. 1990. *Inleiding tot die psigologie.* Isando: Lexicon Uitgewers.

Maartens, M. 1994. *Die nes wat ons bou.* Kaapstad: Lux Verbi.

MacDonald, K.B. & Parke, R.D. 1984. Bridging the gap: parent-child play interaction and peer interactive competence. *Child Development*, 55: 1265-1277.

Maddi, S.R. 1980. *Personality theories: a comparative analysis.* Homewood: Dorsey Press.

Malmquist, M.D. 1985. *Handbook of adolescence.* New York: Jason Aronson.

Marcoen, A. & Brumagne, M. 1985. Loneliness among children and adolescents. *Developmental Psychology*, 21: 1025-1031.

Marcus, R.F. 1996. The friendships of delinquents. *Adolescence,* 31: 145-158.

Mathur, S. & Rutherford, R.B. 1991. Peer-mediated interventions promoting social skills of children and youth with behavioral disorders. *Education and Treatment of Children*, 14: 227-242.

McIntosh, R., Vaughn, S, & Zaragoza, N, 1991. A review of social interventions for students with learning disabilities. *Journal of Learning Disabilities*, 24: 451-458.

McConville, B.J. & Bruce, R.T. 1985. Depressive illness in children and adolescents: a review of current concepts. *Canadian Journal of Psychiatry*, 30: 119-129.

Megargee, E.L., Parker, G.V.C. & Levine, R.V. 1971. Relationship of familial and social factors to socialization in middle-class college students. *Journal of Abnormal Psychology*, 77: 76-89.

Meichenbaum, D., Bream, L.A. & Cohen, J.S. 1984. A cognitive-behavioral perspective of child psychopathology: Implications for assessment and training. In: *Childhood disorders: behavioral-developmental approaches*. McMahon, R.J. & Peters, R.D. (eds). New York: Brunner/Mazel.

Möller, A.T. 1996. *Perspektiewe oor persoonlikheid.* Johannesburg: Heinemann.

Moracco, J.C. & Camilleri, J. 1983. A study of fears in elementary school children. *Elementary School Children and Counselling,* 18: 82-87.

Morelock, J. 1980. Sex differences in susceptibility to social influence. *Sex Roles,* 6: 539-548.

Morgan, M. & Grube, J. 1991. Closeness and peer group influence. *British Journal of Social Psychology,* 30: 159-169.

Mulder, J.C. 1989. *Statistiese tegnieke in opvoedkunde.* Pretoria: Haum.

Mussen, P.H., Conger, J.J., Kagan, J. & Geiwitz, J.L. 1979. *Psychological development: a life-span approach.* New York: Harper & Row.

Mussen, P.H., Conger, J.J. & Kagan, J. 1990. *Child development and Personality.* 7th edition. New York: Harper & Row.

Muuss, R.E. 1996. *Theories of adolescence.* 6th edition. New York: McGraw-Hill.

Naginey, J.L. & Swisher, J.D. 1990. To whom would adolescents turn with drug problems? Implications for school professionals. *High School Journal,* 2: 80-85.

Newcomb, M.D. & Bentler, P.M. 1983. Substance use and ethnicity. Differential impact of peer and adult models. *The Journal of Psychology,* 120: 83-95.

Newcomb, M.D. & Bentler, P.M. 1989. Substance use and abuse among children and teenagers. *American Psychologist,* 44: 242-248.

Newcomb, M.D., Brady, J.E. & Hartup, W.W. 1979. Friendship and incentive condition as determinants of children's task-orientated social behavior. *Child Development,* 50: 878-881.

Nielsen, L. 1987. *Adolescent psychology - a contemporary view.* New York: Holt, Rinehart & Winston.

Nordberg, R.B. 1971. Developing the idea of God in children. *Religious Education*, 66: 376-379.

Norem-Hebeisen, A., Johnson, D.W. & Anderson, D. 1984. Prediction and concomitants of change in drug use patters among teenagers. *Journal of Social Psychology*, 124: 43-50.

O'Donnel, W.J. 1979. Affectional patterns of adolescents. *Adolescence*, 14: 680-686.

Ogbu, J. 1988. Cultural diversity and human development. In: *New directions in child development: black children in poverty.* Slaughter, D. (ed.). San Francisco: Jossey-Bass.

Parker, J.G. & Asher, S.R. 1987. Peer relations and later peer adjustment: are low-accepted children at risk? *Psychological Bulletin*, 102: 357-389.

Parker, J.G. & Asher, S.R. 1993. Friendship and friendship quality in middle childhood: links with peer group acceptance and loneliness. *Developmental Psychology*, 29: 611-621.

Patchen, M. 1982. *Black-white contact in schools: its social and academic effects.* West Lafayette: Purdue University Press.

Pearl, R., Bryan, T. & Herzog, A. 1990. Resisting or acquiescing to peer pressure to engage in misconduct: adolescent's expectations of probable consequences. *Journal of Youth and Adolescence*, 19: 43-55.

Perlmutter, B., Crocker, J. & Cordray, P. 1983. Sociometric status and related personality characteristics of mainstream learning disabled adolescents. *Learning Disabled Quarterly*, 6: 20-30.

Pombeni, M.L., Kichler, E. & Palmonri, A. 1990. Identification with peers as a strategy to muddle through the troubles of the adolescent years. *Journal of Adolescence*, 13: 351-369.

Pruitt, B.E., Kingery, P.M. & Mirzaee, E. 1991. Peer influence and drug use among adolescents in rural areas. *Journal of Drug Education*, 21: 1-11

Quay, H.C. & Werry, J.S. 1979. *Psychopathological disorders of childhood.* 2nd edition. New York: Wiley.

Raniseski, J.M. & Sigelman, C.K. 1992. Conformity, peer pressure, and adolescent receptivity to treatment for substance abuse: a research note. *Journal of Drug Education*, 22: 185-194.

Reckless, W. 1961. A new theory of delinquency and crime. *Federal Probation*, 25: 42-46.

Reid, D. 1989. A path analytic examination of differential social control theory. *Journal of Drug Education*, 19: 139-156.

Reis, H.T., Wheeler, V.A. & Spiegel, N. 1982. Physical attractiveness in social interaction: why does appearance affect social experience? *Journal of Personality,* 43: 979-996.

Rice, F.P. 1992. *The adolescent - development, relationships, and culture.* Boston: Allyn & Bacon.

Rice, K.G. & Mulkeen, P. 1995. Relationships with parent and peers: a longitudinal study of adolescent intimacy. *Journal of Adolescent Research*, 10: 338-340.

Rosenberg, E. 1989. Kids, clothes and peer pressure. *PTA - Today,* 15: 17-19.

Rosenberg, F. & Simmons, R.G. 1975. Sex differences in the self-concept in adolescence. *Sex Roles*, 1: 147-159.

Rowlinson, R.T. & Felner, R.D. 1988. Major life events, hassles, and adaptation in adolescence. Confounding in conceptualization and measurement of life stress and adjustment revisited. *Journal of Personality and Social Psychology*, 55: 432-444.

Sadker, M. & Sadker, D. 1994. *Failing at fairness: how America's schools cheat girls*. New York: Charles Scribner's Sons.

Sawicki, D. & Schaeffer, B. 1979. An affirmative approach to the LD/JD link. *Juvenile Family Court Journal*, 30: 11-16.

Schneider, B.H., Rubin, K.H. & Ledingham, J.E. 1985. *Children's peer relations: issues in assessment and intervention*. New York: Springer-Verlag.

Schonert-Reichl, K.A. 1994. Peer relationships, social behavior, and the development of moral reasoning during pre- and early adolescence. *Moral Education Forum*, 19: 21-32.

Shaw, P.M. 1979. *Is jy skaam?* Pretoria: Daan Retief Uitgewers.

Shaw, W.J. 1983. Delinquency and criminal behavior. In: *Handbook of clinical child psychology*. Walker, C.E. & Roberts, M.C. New York: Wiley.

Shelton, C.M. 1983. *Adolescent spirituality. pastoral ministry for high school and college youth*. Chicago: Loyola University Press.

Shure, M.B. & Spivack, G. 1980. Interpersonal problem solving as a mediator of behavioral adjustment in preschool and kindergarten children. *Journal of Applied Developmental Psychology*, 1: 29-44.

Simmons, R.G., Blyth, D.A. & McKinney, K.L. 1983. The social and psychological effects of puberty on white females. In: *Girls at puberty: biological and social perspectives*. Brooks-Gunn, J. & Petersen, A. (eds). New York: Plenum.

Simmons, R.G., Blyth, D.A. & Van Cleave, E.F. 1979. Entry into early adolescence: the impact of school structure, puberty, and early dating on self-esteem. *American Sociological Review*, 44: 948-967.

Simmons, R.G. & Rosenberg, F. 1975. Sex, sex roles, and self image. *Journal of Youth and Adolescence*, 4: 229-258.

Simons, R., Whitbeck, L.B. & Conger, R.L. 1991. Parenting factors, social skills, and value commitments as precursors to school failure, involvement with deviant peers and delinquent behavior. *Journal of Youth and Adolescence*, 20: 645-664.

Snyder, E. E. & MacKillop, A. 1990. A analysis of jocks and other subgroups within the high school status structure. In: *Psychology and sociology of sport: current selected research - vol 2*. Vander Velden, L. & Humphrey, J.E. (eds). New York: AMS Press.

Spence, S.H. 1987. The relationship between social-cognitive skills and peer sociometric status. *British Journal of Developmental Psychology*, 5: 347-352.

Sprinthall, N.A. & Collins, W.A. 1995. *Adolescent psychology: a developmental view.* 3rd edition. New York: McGraw-Hill.

Steinberg, L. 1987. Single parents, step parents, and susceptibility of adolescents to antisocial peer pressure. *Child Development,* 58: 269-275.

Steinberg, L. 1989. *Adolescence.* 2nd edition. New York: Knopf.

Steinberg, L. & Silverberg, S.B. 1986. The vicissitudes of autonomy in early adolescence. *Child Development,* 57: 841-851.

Sugai, G. & Chanter, C. 1989. The effects of training students with learning and behavior disorders to modify the behavior of their peers. *Education and Treatment of Children*, 12: 134-151.

Sullivan, H.S. 1953. *The interpersonal theory of psychiatry*. New York: Norton.

Thornton, B. & Moore, S. 1993. Physical attractiveness contrast effect: Implications for self-esteem and evaluations of social self. *Personality and Social Psychology Bulletin*, 4: 475-482.

Tourville, J.N. & Bowen, G.L. 1994. The quality of the parent-child relationship and adolescents' willingness to turn to same sexed peers for help in times of distress. *Journal of Social Behavior and Personality*, 9: 259-269.

Urberg, K., Cheng, C. & Shyu, S. 1991. Grade changes in peer influence on adolescent cigarette smokers. *Addictive Behaviors*, 16: 21-28.

Urberg, K. & Shyu, S. 1990. Peer influence in adolescent cigarette smoking. *Addictive Behaviors*, 15: 247-255.

Vaughn, S.R., McIntosh, R., Schumm, J.S. & Spencer-Rowe, J. 1993. Social status, peer acceptance and reciprocal friendships revisited. *Learning Disabilities Research and Practice*, 2: 82-88.

Vaughn, S.R., McIntosh, R. & Spencer-Rowe, J. 1991. Peer rejection is a stubborn thing: increasing peer acceptance of rejected students with learning disabilities. *Learning Disabilities Research and Practice*, 6: 83-88.

Vorrath, H. & Brendtro, L. 1974. *Positive peer culture*. Chicago: Adline.

Waldron, I., Lye, D. & Brandon, A. 1991. Gender differences in teenage smoking. *Woman and Health*, 17: 65-90.

Wearne, D. 1990. Early identification and treatment of relationship fears in adolescence. *Guidance and Councelling*, 5: 43-55.

Wenar, C. 1990. *Developmental psychopathology from infancy through adolescence*. New York: McGraw-Hill.

Wentzel, K.R. & Erdley, C.A. 1993. Strategies for making friends: Relations to social behavior and peer acceptance in early adolescence. *Developmental Psychology*, 5: 819-826.

White, K.M., Speisman, J.C. & Costas, D. 1983. Young adolescents and their parents. Individuation to mutuality. In: *Adolescent developmental in the family*. Grotevant, H.D. & Cooper, C.R. (eds). San Francisco: Jossey-Bass.

Willis, P. 1977. *Learning to labor.* New York: Columbia University Press.

Youniss, J. & Ketterlinus, R.D. 1987. Communication and connectedness in mother- and father adolescent relationships. *Journal of Youth and Adolescence*, 16: 265-280.

Youniss, J. & Smollar, J. 1985. *Adolescent relationships with mothers, fathers and friends.* Chicago: University of Chicago Press.

Youniss, J. & Smollar, J. 1988. Adolescents' interpersonal relation – ships in social context. In: Berndt, T.J. & Ladd, G.W. *Peer relationships in child development.* New York: John Wiley & Sons.

# AANHANGSEL A

# PERSOONLIKE VRAELYS VIR HOËRSKOOLLEERLINGE

**Lees asseblief eers die volgende instruksies:**

1. **Die onderstaande vraelys wat jy gaan beantwoord is nie 'n toets nie maar bloot 'n inligtingstuk. Daar is dus nie 'n regte of verkeerde antwoord nie.**

2. **Met hierdie vraelys word daar gepoog om vas te stel hoe hoërskoolleerlinge in en oor sekere situasies dink. Antwoord asseblief soos wat jy oor jouself dink. Beantwoord die vrae eerlik en nie soos ander verwag jy behoort te antwoord nie.**

3. **Die inligting word deur 'n rekenaar verwerk en vir navorsing gebruik. Jou antwoorde is dus vertroulik - niemand sien dit nie.**

# AFDELING A

Voorsien die volgende inligting deur slegs die toepaslike nommer in die betrokke blokkie in te vul: (Slegs een nommer per blokkie)

VAN: ..........................................................................................................

VOORLETTERS: ........................................

1. GESLAG

   Seun 1

   Dogter 2

   [ ] k1

2. OUDERDOM

   Meld ouderdom (in jare) in die spasie voorsien

   [ ] k2 [ ] k3

3. IN WATTER GRAAD IS JY TANS?

   08

   09

   10

   11

   12

   [ ] k4 [ ] k5

4. WAT WAS JOU GEMIDDELDE PERSENTASIE OP JOU LAASTE RAPPORT?

   [ ] k6 [ ] k7

5. HOEVEEL KINDERS IS IN JULLE GESIN?

   [ ] k8

6. WAT IS JOU POSISIE IN DIE GESIN?

| | |
|---|---|
| Jongste kind | 1 |
| Middelste kind | 2 |
| Oudste kind | 3 |
| Enigste kind | 4 |

k9

7. STATUS VAN OUERHUIS

| | |
|---|---|
| Eie vader en moeder | 1 |
| Eie vader en stiefmoeder | 2 |
| Stiefvader en eie moeder | 3 |
| Enkelouer (moeder) | 4 |
| Enkelouer (vader) | 5 |
| Pleegouers | 6 |

k10

8 DEELNAME AAN BUITEMUURSE AKTIWITEITE

| | |
|---|---|
| Slegs sport | 1 |
| Slegs kultuur | 2 |
| Sport en kultuur | 3 |
| Geen | 4 |

k11

9 VERHOUDINGSLEWE

| | |
|---|---|
| Ek beskik tans oor 'n vaste vriend/meisie | 1 |
| Ek is nie tans in 'n vaste verhouding betrokke nie maar het al vas uitgegaan | 2 |
| Ek was nog nooit in 'n vaste verhouding betrokke nie | 3 |

k12

10. VERSUIME/DEMERIETES

Hoeveel versuime het jy sover vanjaar ontvang?

| | |
|---|---|
| Geen | 1 |
| Een tot vier | 2 |
| Vyf tot nege | 3 |
| Tien tot veertien | 4 |
| Vyftien en meer | 5 |

k13

11. VADER SE BEROEP

| | |
|---|---|
| Ambagsman/vakman | 1 |
| Klerikaal | 2 |
| Sakebestuur | 3 |
| Professioneel (Onderwyser, Regter, Dokter, ens.) | 4 |
| Tegnikus (rekenaartegnikus, ens) | 5 |
| Eie onderneming | 6 |
| Werkloos | 7 |
| Ander | 8 |

k14

12. MOEDER SE BEROEP

| | |
|---|---|
| Ambagsman | 1 |
| Klerikaal/Sekretarieel | 2 |
| Sakebestuur | 3 |
| Professioneel (Onderwyser, Dokter, Verpleegster, ens) | 4 |
| Tegnikus (Rekenaartegnikus, ens) | 5 |
| Eie onderneming | 6 |
| Werkloos | 7 |
| Tuisteskepper | 8 |
| Ander | 9 |

☐ k15

# AFDELING B

**INSTRUKSIES**

**Beantwoord die volgende vrae deur aan jouself 'n getal tussen 1 en 6 toe te ken. Skryf hierdie getal in die blokkie langs die vraag.**

| Dit is presies soos wat ek dit ervaar | 6 5 4 3 2 1 | Dit is glad nie soos wat ek dit ervaar nie |
|---|---|---|

**Onthou dit is soos wat jy oor jouself dink en nie hoe ander jou beoordeel nie.**

1. Ek is baie op my vriende aangewese ☐ k16

2. Ek voel dikwels onseker oor myself ☐ k17

3. Ek voel op my gemak tussen mense ☐ k18

4. My ouers is dikwels onbillik ☐ k19

5. My ouers stel belang in my doen en late ☐ k20

6. Ek kan oor vertroulike dinge met my ouers gesels ☐ k21

7. Ek verkies om my eie besluite te neem al sou dit impliseer dat ek nie deel van die groep is nie ☐ k22

| Dit is presies soos wat ek dit ervaar | 6 | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | Dit is glad nie soos wat ek dit ervaar nie |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

8. Ek voel ek bereik iets met my lewe — k23
9. Ek wantrou nie ander mense nie — k24
10. My ouers vereis absolute gehoorsaamheid — k25
11. My ouers gee my voldoende ondersteuning in my skoolwerk — k26
12. My ouers vertrou my — k27
13. Ek is dikwels bang dat my vriende my nie sal aanvaar nie — k28
14. Ek is die meeste van die tyd teleurgesteld in myself — k29
15 Ek help graag mense wat hulp nodig het — k30
16. My ouers verduidelik die reëls wat hulle neerlê — k31
17. My ouers hou daarvan om ingelig te word oor wat by die skool aangaan — k32
18. Ek kan op my ouers staatmaak as ek hulp nodig het — k33
19. Ek laat my dikwels deur my vriende voorsê wat om te doen — k34
20. Ek voel trots op dit wat ek al in die lewe bereik het — k35

| Dit is presies soos wat ek dit ervaar | 6 5 4 3 2 1 | Dit is glad nie soos wat ek dit ervaar nie |
|---|---|---|

21. Ek gesels maklik met ander mense - selfs vreemde mense ☐ k36

22. My ouers laat my toe om ook my opinie te gee voordat reëls neergelê word ☐ k37

23. My ouers luister graag wanneer ek iets wil vertel wat vir my belangrik is ☐ k38

24. Ek kan van my probleme met my ouers deel ☐ k39

25. Ek het al baie keer in die moeilikheid beland omdat ek my vriende se voorstelle gevolg het ☐ k40

26. Ek het vertroue in myself ☐ k41

27. Ek het nie vriende in die lewe nodig nie ☐ k42

28. Ek bots dikwels met my ouers oor reëls en voorwaardes wat hulle vir my gedrag stel ☐ k43

29. My ouers verwag dinge van my waaraan ek nie kan voldoen nie ☐ k44

30. My ouers het begrip vir my gevoelens ☐ k45

31. Ek verander dikwels van besluit as ek sien my vriende hou nie daarvan nie ☐ k46

32. Ek het my lewe onder beheer - ek weet waarheen ek oppad is ☐ k47

33. Ek is iemand wat graag na ander uitreik ☐ k48

| Dit is presies soos wat ek dit ervaar | 6 5 4 3 2 1 | Dit is glad nie soos wat ek dit ervaar nie | |
|---|---|---|---|

34. Reëls wat my ouers neerlê is vir my aanvaarbaar — k49

35. Ek dink nie my ouers verstaan my werklik nie — k50

36. My ouers is eerlik en opreg teenoor my — k51

37. Ek doen dikwels dinge wat ander leerlinge my voorsê om te doen — k52

38. Ek doen my soms voor wat ek nie werklik is nie — k53

39. Ek is 'n joviale mens wat maklik met ander oor die weg kom — k54

40. My ouers verduidelik reëls en hoe ek moet optree tot in die fynste besonderhede — k55

41. My ouers aanvaar my soos ek is — k56

42. As ek in 'n groep is, gebeur dit meestal dat ander die besluite neem — k57

43. Ek het hoop vir myself in die lewe — k58

44. Dit is vir my moeilik om vriende te maak — k59

45. My ouers is buigsaam in hulle reëls — k60

46. My ouers is onnodig krities teenoor my — k61

47. Ek is tevrede en dankbaar vir die ouers wat ek het — k62

| Dit is presies soos wat ek dit ervaar | 6 5 4 3 2 1 | Dit is glad nie soos wat ek dit ervaar nie |
|---|---|---|

48. Ek is dikwels besluiteloos want ek is bang ander hou nie van die besluite wat ek neem nie ☐ k63

49. Ek voel dikwels dat ek niks goeds kan doen nie ☐ k64

50. Ek kan my standpunt teenoor ander handhaaf ☐ k65

51. Ek voel dikwels alleen ☐ k66

52. My ouers pas reëls konsekwent toe ☐ k67

53. My ouers ken my vermoëns en beperkings ☐ k68

54. My ouers vertrou die keuses wat ek uitoefen ☐ k69

55. Ek word maklik deur vriende beïnvloed ☐ k70

56. Ek is baie krities teenoor ander mense ☐ k71

57. My vriende weet ek bly by besluite wat ek neem ☐ k72

58. Ek is by die huis nooit seker wat ek mag en wat ek nie mag doen nie ☐ k73

59. My ouers gee erkenning aan my as ek presteer ☐ k74

60. My ouers is agterdogtig oor my doen en late ☐ k75

61. Ek is eerder 'n volgeling as 'n leier ☐ k76

| **Dit is presies soos wat ek dit ervaar** | **6 5 4 3 2 1** | **Dit is glad nie soos wat ek dit ervaar nie** |
|---|---|---|

62. Ek voel soms ek pas nêrens in nie [ ] k77

63. Ek het beslis minder vriende as die meeste ander mense [ ] k78

64. Ek het geleenthede om besluite te neem, maar my ouers het die laaste sê [ ] k79

65. My ouers glo nie wat ek hulle vertel nie - al is dit die waarheid [ ] k80

66. Omdat ekself onseker voel, doen ek wat die meeste ander doen [ ] k1

67. Die meeste dinge wat ek aanpak misluk [ ] k2

68. Ek het nie juis vriende na wie ek my kan wend nie [ ] k3

69. Ek besef dikwels dat dit wat ek saam met my vriende doen verkeerd is, maar ek het nie die moed om nee te sê nie [ ] k4

70. Ek is vir myself aanvaarbaar [ ] k5

71. My sosiale verhoudings is oppervlakkig [ ] k6

72. My ouers besef dat ek in ander tye grootword as waarin hulle groot geword het [ ] k7

73. Ek word nie maklik deur vriende mislei nie [ ] k8

74. Ek twyfel dikwels oor wie en wat ek is [ ] k9

| Dit is presies soos wat ek dit ervaar | 6 5 4 3 2 1 | Dit is glad nie soos wat ek dit ervaar nie |
|---|---|---|

75. Ander mense laat my minderwaardig voel ☐ k10

76. My koppigheid veroorsaak dat ek nie deel van 'n kliek is nie ☐ k11

77. Ek het nie genoeg selfvertroue om vrae in 'n klas te vra nie ☐ k12

78. Ek is liggeraak en word maklik kwaad vir ander mense ☐ k13

79. Ek bekommer my nie juis oor my ouers se standpunte nie - ek doen meestal wat ek wil ☐ k14

80. My ouers ken my voor- en afkeure ☐ k15

81. Ek steek baie dinge vir my ouers weg ☐ k16

82. Ek sal mense teenstaan al weet ek dat dit die einde van hul vriendskappe kan beteken ☐ k17

83. Ek is skaam oor my foute en tekortkominge ☐ k18

84. Ek gee maklik toe aan my vriende se versoeke ☐ k19

85. Ek sou baie dinge van myself wou verander as ek kon ☐ k20

86. Voor ek my kan kry sê ek goed vir mense wat hulle seermaak ☐ k21

87. My ouers laat my toe om van hulle te verskil ☐ k22

88. Dit is asof my ouers dikwels nie hoor wat ek vir hulle wil sê nie ☐ k23

| Dit is presies soos wat ek dit ervaar | 6 5 4 3 2 1 | Dit is glad nie soos wat ek dit ervaar nie |
|---|---|---|

89. My ouers laat my veilig en op my gemak voel [ ] k24

90. Dit wil vir my voorkom dat ek my vriende meer nodig het as hulle vir my [ ] k25

91. Ek is bang om myself te wees [ ] k26

92. Dit is vir my aangenamer om dinge alleen te doen as in 'n groep [ ] k27

93. My ouers straf my dikwels sonder om eers na 'n verduideliking te luister [ ] k28

94. Ek wonder dikwels of my ouers my ooit raaksien [ ] k29

95. Ek steur my nie veel aan my vriende se opinies nie [ ] k30

96. My lewe is vir my sinvol [ ] k31

97. Ek kan my man in die lewe staan [ ] k32

98. Ek doen my deel om vriendskappe aan die lewe te hou [ ] k33

99. Ek is nie sterk genoeg om my keuses uit te oefen nie [ ] k34

100. Ek kan struikelblokke oorkom want ek glo in myself [ ] k35

101. Ek aanvaar my vriende soos wat hulle is [ ] k36

102. Ek respekteer my ouers se opinies en reëls [ ] k37

| Dit is presies soos wat ek dit ervaar | 6 5 4 3 2 1 | Dit is glad nie soos wat ek dit ervaar nie |
|---|---|---|

103. Ek skaar my gewoonlik by die meerderheid ☐ k38

104. Ek is geneig om myself af te kraak ☐ k39

105. As ek my ouers beter geken het, sou ons beter oor die weg gekom het ☐ k40

106. As ek iets verkeerd gedoen het, erken ek dit teenoor my ouers ☐ k41

107. As ek saam met vriende is, doen ek dinge sonder om eers goed daaroor na te dink ☐ k42

108. Ek kan vir ander gee sonder om iets terug te verwag ☐ k43

109. Ek bespreek baie dinge met my ouers want ek weet hulle stel belang ☐ k44

110. Ek kan my ouers in my vertroue neem ☐ k45

Ken aan jouself 'n punt uit ses toe. **Hoe belangrik beskou jy die onderstaande waardes?**

| Baie belangrik | 6 5 4 3 2 1 | Glad nie belangrik nie |
|---|---|---|

111. Geluk ☐ k46

112. Gehoorsaamheid ☐ k47

113. Verantwoordelikheid ☐ k48

114. Eerlikheid ☐ k49

| Baie belangrik | 6 5 4 3 2 1 | Glad nie belangrik nie | |
|---|---|---|---|
| 115. | Deursettingsvermoë | | k50 |
| 116. | Populariteit (gewildheid) | | k51 |
| 117. | Hulpvaardigheid | | k52 |
| 118. | Vryheid | | k53 |
| 119. | Vriendskap | | k54 |
| 120. | Selfrespek | | k55 |
| 121. | Liefde | | k56 |
| 122. | Ambisie (doelgerigtheid) | | k57 |
| 123. | Kennis | | k58 |
| 124. | Bevoegdheid | | k59 |
| 125. | Vergewingsgesindheid | | k60 |
| 126. | Onafhanklikheid | | k61 |
| 127. | Selfbeheersing | | k62 |
| 128. | Dapperheid | | k63 |

| Dit is presies soos wat ek dit ervaar | 6 5 4 3 2 1 | Dit is glad nie soos wat ek dit ervaar nie |
|---|---|---|

129. Sekuriteit [ ] k64

130. Vrede (harmonie) [ ] k65

---

**SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK**

[ ][ ][ ] k66 - k68

A B C D E F — k69 - k80

G H I J O Q2 Q3 Q4 — k1 - k16

k17 - k28

k29 - k40

Z [ ][ ][ ] k41 - k43

k44 - k55